Regsgeleerheid	94
Lettere en Wysbegeerte	108
Natuurwetenskappe	171
Opvoedkunde	202
Ekonomiese Wetenskappe	247
Landbou	268
Eregraduandi	313
Suksesse in finale eksamens aan Fort Hare: 1975	314



University of Fort Hare
Together in Excellence

JANUARIE

Sa	1	Openbare Vakansie: Nuwejaarsdag
So	2	
M	3	
Di	4	
W	5	
Do	6	
V	7	
Sa	8	
So	9	
M	10	Koshuise heropen Lesings begin vir voorafgereelde nagraadse kursusse
Di	11	
W	12	
Do	13	
V	14	
Sa	15	
So	16	
M	17	Akademie personeel meld aan vir diens
Di	18	Eksamens begin
W	19	
Do	20	
V	21	
Sa	22	
So	23	
M	24	
Di	25	
W	26	
Do	27	
V	28	
Sa	29	Eksamens eindig
So	30	
M	31	Instandhoudingskomitee



University of Fort Hare
Together in Excellence

FEBRUARIE

Di	1	
W	2	
Do	3	
V	4	Geboue-Uitbreidingskomitee Koshuise gesluit behalwe vir vooraf gereëldes nagraadse studente
Sa	5	
So	6	
M	7	Professorale komitee
Di	8	
W	9	Finansiële komitee met Dekane (Besparings)
Do	10	
V	11	
Sa	12	
So	13	
M	14	
Di	15	
W	16	
Do	17	Laaste dag vir indiening van eksamenpunte by Fakulteit-sekretariaat
V	18	
Sa	19	
So	20	
M	21	Eerstejaarstudente meld aan by koshuise Oriëntasie Kursus vir Akademiese Personeel
Di	22	Oriëntasielesings
W	23	Oriëntasielesings
Do	24	Aanlegtoetse: Eerstejaarstudente Beheerraad van die Instituut vir Landbou-ontwikkelingsnavorsing
V	25	Fakulteite: (1) Uitsluiting van studente op akademiese grond (2) Eksamenuitslae (3) Aanstelling van Nagraadse-assistente Aanlegtoetse: Eerstejaarstudente
Sa	26	
So	27	
M	28	Registrasie van eerstejaarstudente Senior studente meld aan by koshuise



University of Fort Hare

Together in Excellence

MAART

Di	1	Registrasie van Senior Studente
W	2	Registrasie van Senior Studente
Do	3	Registrasie van Senior Studente
V	4	Publikasiekomitee Laaste dag vir die indiening van aansoeke om verlof: 1978: by die Registrateur
Sa	5	
So	6	
M	7	Eerste dag van eerste semester: lesings begin
Di	8	Koshuiskomitee
W	9	
Do	10	Komitee vir Universiteitsonderrig—Vasgestelde punt vir die sakelys: Begroting
V	11	Adviserende Biblioteekkomitee Uitvoerende Komitee van die Senaat: slegs dringende Raadsaangeleenthede
Sa	12	
So	13	
M	14	*Fakulteite Regsgeleerdheid, Natuurwetenskappe en Ekonomiese Wetenskappe
Di	15	*Fakulteite Teologie, Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde en Landbou Finansiële Komitee
W	16	
Do	17	Uitvoerende komitee van die Raad
F	18	Laaste dag vir laat registrasie Laaste dag vir veranderinge in kurrikula
Sa	19	
So	20	
M	21	Sub-komitee vir Tuine en Gronde
Di	22	
W	23	Sportdag
Do	24	
V	25	
Sa	26	
So	27	
M	28	Professorale Komitee
Di	29	Uitvoerende Komitee van die Senaat: Vasgestelde punte vir die sakelys: (1) Aansoeke om verlof: 1978 (2) Finale lys van graduandi
W	30	
Do	31	Navorsings- en Kapitale toerustingskomitee

*Vasgestelde punte vir die sakelys:

- (1) Studente aangeleenthede
- (2) Voorleggings: Skepping van nuwe poste en hergradering van bestaande poste: 1978
- (3) Voorleggings t.o.v. nuwe departemente en kursusse: 1978
- (4) Benoeming van besoekende dosente
- (5) Departementele lys van Eksaminatore vir die eerste semester eksamens (slegs Fakulteit Landbou)

APRIL

V	1	Instandhoudingskomitee Laaste dag van eerste kwartaal
Sa	2	
So	3	
M	4	
Di	5	
W	6	
Dc	7	
V	8	Openbare Vakansie: Goeie Vrydag
Sa	9	
So	10	
M	11	Openbare Vakansie: Paasmaandag
Di	12	
W	13	Eerste dag van tweede kwartaal
Do	14	
V	15	
Sa	16	
So	17	
M	18	
Di	19	Senaat
W	20	University of Fort Hare <i>Together in Excellence</i>
Do	21	Beurskomitee
V	22	Akademie drag moet deur doserende personeel gedra word
Sa	23	Gradeplegtigheid
So	24	
M	25	
Di	26	Beheerraad van die Instituut vir Landbou-ontwikkelingsnavorsing
W	27	
Do	28	*Fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Landbou
V	29	Finansiële Komitee
Sa	30	



*Vasgestelde punte vir die sakelys

- (1) Departementele lyste van Eksaminatore en Moderators
- (2) Wysiging van graadreëls en leerplanne
- (3) Plaasvervangers vir personeel
- (4) Opgawe van studenteregistrasie vir die huidige jaar volgens graad/diploma, jaar van studie en geslag.

MEI

So	1	
M	2	*Fakulteite Regsgeleerdheid en Natuurwetenskappe
Di	3	*Fakulteite Teologie, Lettere en Wysbegeerte en Opvoedkunde
W	4	
Do	5	Adviserende Raad Fakulteit Landbou: Laaste dag vir afstuur van konsep eksamenvraestelle aan Eksterne Eksaminatore
V	6	Sub-komitee vir Tuine en Gronde
Sa	7	
So	8	
M	9	Beheerkomitee van die Wetenskapwerkwinkel Adviserende Biblioteekkomitee
Di	10	Raad
W	11	
Do	12	Beheerkomitee van die Rekenaarsentrum
V	13	Raad van opname
Sa	14	
So	15	
M	16	Adviesraad van die Instituut vir Landbou-Ontwikkelingsnavorsing
Di	17	Uitvoerende Komitee van die Senaat
W	18	
Do	19	Openbare Vakansie: Hemelvaartsdag
V	20	
Sa	21	
So	22	
M	23	Koshuiskomitee Laaste dag vir indiening van departementele begrotings by Dekane
Di	24	
W	25	
Do	26	Geboue-Uitbreidingskomitee
V	27	Navorsings- en Kapitale toerustingskomitee Vasgestelde punt vir die sakelys: Begroting 1978/79
Sa	28	
So	29	
M	30	Universiteit Gesluit—Geen Lesings nie
Di	31	Openbare Vakansie: Republiekdag



University of Fort Hare
Together in Excellence

*Vasgestelde punte vir die sakelys

- (1) Departementele lyste van Eksaminatore en Moderators
- (2) Wysiging van graadreëls en leerplanne
- (3) Plaasvervangers vir personeel
- (4) Opgawe van studenteregistrasie vir die huidige jaar volgens graad/diploma, jaar van studie en geslag.

JUNIE

W	1	Fakulteit Landbou: Laaste dag vir indiening van eksamenvraestelle en eerste semester punte by die Registrateur
Do	2	Vergrote Senaat
V	3	Xhosa Woordeboekkomitee Laaste dag vir indiening van konsep eksamenvraestelle by Fakulteitstiksters
Sa	4	
So	5	
M	6	Instandhoudingskomitee
Di	7	Fakulteit Landbou: Eksamens begin
W	8	Eerstejaarstudente: Laaste dag vir indiening van Matrikulasiesertifikate by die Registrateur
Do	9	Beurskomitee
V	10	
Sa	11	
So	12	
M	13	Komitee vir Universiteitsonderrig
Di	14	Laaste dag vir indiening van tweedejaar syfers
W	15	
Do	16	Adviserende Raad
V	17	Fakulteit Landbou: eksamens eindig Laaste dag van tweede kwartaal
Sa	18	
So	19	
M	20	
Di	21	Raad
W	22	
Do	23	
V	24	
Sa	25	
So	26	
M	27	
Di	28	
W	29	
Do	30	



University of Fort Hare
Together in Excellence

JULIE

V	1	
Sa	2	
So	3	
M	4	
Di	5	
W	6	
Do	7	
V	8	
Sa	9	
So	10	
M	11	
Di	12	
W	13	
Do	14	
V	15	
Sa	16	
So	17	
M	18	Eerste dag van tweede semester Fakulteit Landbou: Vasgestelde punt vir die sakelys: Eksamenuitslae
Di	19	Fakulteit Landbou: Registrasie van studente
W	20	
Do	21	Uitvoerende Komitee van die Senaat: Vasgestelde punt vir die sakelys: Fakulteit Landbou: Eksamenuitslae
V	22	Publikasiekomitee Finansiële Komitee
Sa	23	
So	24	
M	25	*Fakulteite Regsgeleerdheid en Natuurwetenskappe Laaste dag vir afstuur van konsep eksamenvraestelle aan Eksterne Eksaminatore uitgesonderd Fakulteit Landbou
Di	26	*Fakulteite Teologie, Lettere en Wysbegeerte en Opvoedkunde
W	27	Laaste dag vir indiening van voorstelle vir Eredoktorsgrade by die Registrateur
Do	28	*Fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Landbou
V	29	Beheerraad van die Instituut vir Landbou-ontwikkelingsnavorsing Sub-komitee vir Tuine en Gronde
Sa	30	
So	31	



University of Fort Hare
Together in Excellence

*Vasgestelde punte vir die sakelys

- (1) Voorlegging t.o.v. bevordering van personeel: 1978 (Hoofde van Fakulteitsdepartemente)
- (2) Vorderingsverslae: Magister en Doktorsale Kandidate

AUGUSTUS

M	1	
Di	2	Beheerkomitee van die Rekenaarsentrum
W	3	
Do	4	Adviserende Biblioteekkomitee
V	5	Koshuiskomitee
Sa	6	
So	7	
M	8	
Di	9	Uitvoerende Komitee van die Senaat
W	10	
Do	11	Komitee vir Universiteitsonderrig
V	12	Geboue-Uitbreidingskomitee
Sa	13	
So	14	
M	15	Fakulteit Landbou: Laaste dag vir afstuur van konsep eksamenvraestelle aan eksterne eksaminatore
Di	16	
W	17	
Do	18	Navorsings- en Kapitale toerustingskomitee: Vasgestelde punt vir die sakelys: Registrasie van projekte en vorderingsverslae
V	19	Finnansiële Komitee
Sa	20	
So	21	
M	22	
Di	23	Senaat
W	24	
Do	25	Beurskomitee
V	26	
Sa	27	
So	28	
M	29	Instandhoudingskomitee
Di	30	
W	31	



University of Fort Hare
Together in Excellence

SEPTEMBER

Do	1	
V	2	
Sa	3	
So	4	
M	5	Openbare Vakansie: Setlaarsdag
Di	6	
W	7	Laaste dag vir indiening van eksamenvraestelle by Registrateur uitsonderd Fakulteit Landbou
Do	8	Adviserende Raad
V	9	
Sa	10	
So	11	
M	12	
Di	13	
W	14	Fakulteit Landbou: Laaste dag vir indiening van eksamenvraestelle by Registrateur
Do	15	
V	16	Raad
Sa	17	
So	18	
M	19	
Di	20	Adviserende Biblioteekkomitee
W	21	
Do	22	Fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Landbou
V	23	
Sa	24	
So	25	
M	26	Fakulteite Regsgeleerdheid en Natuurwetenskappe
Di	27	Fakulteite Teologie, Lettere en Wysbegeerte en Opvoedkunde
W	28	
Do	29	
V	30	Laaste dag vir indiening van jaarsyfers by Registrateur



University of Fort Hare
Together in Excellence

OKTOBER

Sa	1	
So	2	
M	3	Publikasiekomitee
Di	4	Sub-komitee vir tuine en gronde
W	5	
Do	6	Beheerraad van die Instituut vir Landbou-Ontwikkelingsnavorsing
V	7	
Sa	8	
So	9	
M	10	Openbare Vakansie: Krugerdag
Di	11	Uitvoerende Komitee van die Senaat
W	12	
Do	13	Komitee vir Universiteitsonderrig
V	14	Lesings eindig Geboue-Uitbreidingskomitee
Sa	15	
So	16	
M	17	
Di	18	Navorsings- en Kapitale toerustingskomitee
W	19	
Do	20	Eksamens begin
V	21	
Sa	22	
So	23	
M	24	
Di	25	Senaat
W	26	
Do	27	
V	28	
Sa	29	
So	30	
M	31	Instandhoudingskomitee



University of Fort Hare
Together in Excellence

NOVEMBER

Di	1	
W	2	
Do	3	Raad van opname
V	4	Finansiële Komitee
Sa	5	
So	6	
M	7	Koshuiskomitee
Di	8	Beheerkomitee van die Wetenskapwerkswinkel
W	9	
Do	10	Adviserende Raad
V	11	
Sa	12	Eksamens eindig
So	13	
M	14	
Di	15	
W	16	
Do	17	Raad
V	18	
Sa	19	
So	20	
M	21	Laaste dag vir indiening van eksamenpunte by Fakulteit-sekretariaat
Di	22	Beurskomitee <i>Together in Excellence</i>
W	23	
Do	24	Laaste dag vir afstuur van konseppraestelle vir aanvullende eksamens aan eksterne eksaminatore
V	25	
Sa	26	
So	27	
M	28	Fakulteite: Vasgestelde punte vir sakelys: (1) Uitsetting van studente om akademiese redes (2) Eksamenuitslae (3) Aanstelling van nagraadse assistente
Di	29	
W	30	Laaste dag vir aansoeke om toelating: 1978



University of Fort Hare
Together in Excellence

DESEMBER

Do	1	
V	2	
Sa	3	
So	4	
M	5	Instandhoudingskomitee
Di	6	
W	7	
Do	8	Uitvoerende Komitee van die Senaat: Eksamenuitslae
V	9	Laaste dag van tweede semester
Sa	10	
So	11	
M	12	
Di	13	
W	14	
Do	15	
V	16	Openbare Vakansie: Geloftedag
Sa	17	
So	18	
M	19	
Di	20	
W	21	
Do	22	
V	23	
Sa	24	
So	25	Kersdag
M	26	Openbare Vakansie: Gesinsdag
Di	27	Openbare Vakansie
W	28	
Do	29	
V	30	Laaste dag vir aansoeke om beurse en lenings: 1978
Sa	31	



University of Fort Hare
Together in Excellence

Administratiewe kantore sluit: 23 Desember tot 2 Januarie 1978 ingesluit.

DIE UNIVERSITEIT VAN FORT HARE SUID AFRIKA

1. Stigting en geskiedenis

Die opening van Fort Hare Universiteitskollege op 8 Februarie 1916, het die kroon geplaas op die lang volgehoue sendingpoging op Bantoe-onderwysgebied deur die United Free Church of Scotland. Reeds in 1878 het Dr. James Stewart van Lovedale die noodsaaklikheid ingesien vir die skepping van 'n inrigting met Christelike inslag vir onderrig op universiteitsvlak.

As gevolg van vertoë deur Dr. Stewart het die Inter-koloniale Naturellesakekommissie, 1905, waarvan Sir Godfrey Lagden president was, aanbeveel: „Dat 'n sentrale Bantoe-kollege of soortgelyke inrigting gestig word en ondersteun word deur die verskillende State, vir die opleiding van Naturelle-onderwysers en om geleentheid vir hoër onderwys te skep vir Bantoe-studente.”

'n Waarborgfonds is in 1907 gestig met 'n Uitvoerende Raad onder voorsitterskap van Eerw. James Henderson, M.A., Prinsipaal van Lovedale. 'n Skenking van R20 000 is aan hierdie fonds gedoen deur die Algemene Raad vir die Transkei-Gebiede. Die United Free Church of Scotland het 'n perseel te Fort Hare aangebied as deel van 'n bydrae van R10 000 en bydraes is gemaak of belowe.

Gedurende November 1914 is 'n konstitusie vir die Kollege finaal goedgekeur en is 'n beheerraad vir die Kollege in die lewe geroep wat sy eerste vergadering gedurende Januarie 1915 gehou het. Die perseel wat deur die United Free Church of Scotland te Fort Hare aangebied is, is aanvaar en met die belofte van 'n jaarlikse bydrae van die Regering is die Kollege op 8 Februarie 1916 deur Generaal Louis Botha, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, geopen.

Dr. A. Kerr was die prinsipaal van die Kollege sedert sy stigting in 1916 en het in hierdie hoedanigheid gedien tot sy aftrede in 1948. Die uitbreiding en groei van die Kollege onder prinsipaal Kerr is 'n paslike huldeblyk aan 'n leeftyd van onbaatsugtige en toegewyde diens in 'n taak wat hy as die doelstelling en strewes van sy lewe aanvaar het.

Professor C. P. Dent wat gedurende 1922 by die personeel aangesluit het, was prinsipaal vanaf Maart 1949. Hy het as gevolg van swak gesondheid aan die einde van 1955 afgetree na 33 jaar van toegewyde diens aan die Kollege.

Sedert 1955 is die prinsipaalspos nie permanent gevul nie, dog tydelike aanstellings is van tyd tot tyd gedoen. Professor H. R. Burrows wat kort tevore uit die leerstoel in Ekonomie van die Universiteit van Natal afgetree het, het vanaf die begin van 1958 tot aan die einde van 1959 as prinsipaal ageer waarna die Kollege oorgeplaas is na die Departement van Bantoe-onderwys en Prof. J. J. Ross as Rektor aangestel is.

Nadat Prof. Ross afgetree het, is Prof. J. M. de Wet aangestel as Rektor vanaf 1 Julie 1968.

Soos te begrype, het Fort Hare as 'n Kollege 'n baie klein en tentatiewe begin gehad. Daar is op twee vlakke by die kollege begin. Terwyl 'n paar studente vir universiteitstoegang voorberei is, moes die meerderheid die gebreke in hulle na-primêre studies aanvul of studeer vir Handels-en Landboudiplomas. Daar was twee voltydse personeellede; lesings is gegee in 'n nederige geboutjie wat as „tuiste” sou dien vir die eerste vyf jaar.

Gedurende 1918 het die Unie-Regering R21 600 voorgeskiet om die middelste gedeelte van die Hoofgebou op te rig wat, volgens 'n eenparig besluit van die beheerraad met die naam van Dr. Stewart verbind sou word. Ten spyte van oorlogsomstandighede is die oprigting van die eerste permanente gebou van die Kollege toe verseker. Gedurende dieselfde jaar het die Wesleyan Methodist Church of South Africa, wat sedert die aanvang van die skema daarin belanggestel het, besluit om dadelik voort te gaan met die oprigting van 'n koshuis om studente wat lede van die Kerk was, te huisves en om gebruik te maak van geleenthede deur die beheerraad daargestel vir die teologiese opleiding van hulle Bantoeopredikante aan Fort Hare.

Gedurende 1919 het die Administrasie van Basoetoland begin met 'n jaarlikse skenking van R600 as bydrae tot die fondse van die Kollege en ook 'n verteenwoordiger gestuur om te dien op die beheerraad van die Kollege. Die eerste gedeelte van Stewart Hall is gedurende 1920 voltooi en vir onderrig beskikbaar gestel. Dit is formeel deur Sy Edele die Minister van Onderwys, F. S. Malan, op 8 Januarie 1921 geopen. 'n Wesleyaanse koshuis en woning vir 'n koshuisvader is dieselfde jaar voltooi en 'n koshuisvader op die personeel aangestel terwyl die „Church of the Province” 'n woonhuis gehuur het as tydelike koshuis en die koshuisvader ook 'n lid van die Kollegepersoneel geword het.

Die kollege is ingelyf as 'n Inrigting vir Hoëronderrig deur die Onderwyswet van 1923. Studente is voorberei vir die grade van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n federale universiteit wat 'n aantal konstituerende kolleges bevat het—Kaapstad, Stellenbosch en Witwatersrand was reeds onafhanklike universiteite. Fort Hare was nie een van die kolleges nie en sy studente is as eksternestudente geregistreer. Die universiteit het egter later aan Fort Hare sekere van die voorregte van die konstituerende kolleges toegestaan.

Vyf personeellede van Fort Hare is aangestel as bykomende lede van die Fakulteitsrade van die Senaat van die Universiteit waardeur hulle kon deelneem aan die opstel van regulasies, leerplanne en studiekursusse. Verder is aan professore en lektore van die Kollege die funksie van interne eksaminatore opgedra. Aan studente is onder meer die voorregte van interne studente verleen en Fort Hare is erken as goedgekeurde inrigting vir opleiding vir die Universiteitsonderwysdiploma. Alhoewel die Kollege sedert 1924 die dubbele rol van sekondêre skool en Universiteitskollege moes speel, was hy teen 1937 in staat om homself by die Hoëronderrigprogram te bepaal.

Beginnende in 1921 is geboue opgerig vir : Lettere, Wysbegeerte en Natuurwetenskappe ; 'n biblioteek vernoem na 'n groot liberalis van Johannesburg, Howard Pim, en die F.S. Malan Antropologiese Museum tesame met 'n vergadersaal, eetsaal, drie koshuise vir mans, een vir vroue—almal ontwerp volgens 'n meesterplan van die Departement van Publieke Werke en almal so gebou dat uitbreiding en aanbou moontlik is. Daar is tans sewentig personeelwoningen. Alhoewel aansienlike bydraes deur donateurs gelewer is, is die vernaamste geldelike steun, afgesien van Regeringshulp, deur die drie kerke wat saamgewerk het, gebied. Hierbenewens het die Y.M.C.A. van die Verenigde State en Kanada 'n Christelike Unie-saal voorsien.

Ten einde landbou-opleiding te bevorder, is daar gedurende 1926 'n bykomende plaas van 1 250 akker asook melkbeeste aangekoop. Die Kollege se plaasgrond is aldus uitgebrei tot ongeveer 1 600 akker.

Gedurende 1934 het die Kamer van Mynwese 'n bedrag van R150 000 geskenk vir mediese onderrig en dit is vir daardie doel aan die Kollege oorhandig deur die Minister

van Onderwys. Gedurende dieselfde jaar is aparte departemente van Plantkunde en Fisika ingestel wat 'n B.Sc.-kursus moontlik gemaak het. Gedurende Maart 1936 het sy Edele, Senator F. S. Malan, die hoeksteen gelê vir 'n natuurwetenskapgebou vir Skeikunde, Fisika en Medisyne. Dit is Livingstone Hall genoem en deur Sy Edele J. H. Hofmeyr, M.A., LL.D., op 24 Maart 1937 geopen.

Op 8 November 1940 is die Welsh vleuel van Stewart Hall wat die Biologie-laboratoria en-lesingkamers bevat het, deur Senator W. T. Welsh geopen. Die Transkei het R2,000 bygedra tot die oprigtingskoste uit erkenning vir Senator Welsh se dienste as Hoofmagistraat gedurende 1920-1933. Op 5 April 1941 is die vrouekoshuis (Elukhanyisweni) geopen deur mev. M. Ballinger, M.A., L.V.

Henderson Hall wat die Howard Pim-Biblioteek en die F. S. Malan-Museum bevat het, is op 28 Maart 1942 deur Eerw. A. W. Wilkie, D.D., C.B.E., geopen. Lt.-kol. James Donaldson, D.S.O., stigter van die Bantoe-Welsyntrust en donateur van ongeveer R400 000 aan Bantoe-ontwikkeling, het op 20 September 1946 die hoeksteen van die Donaldson-vleuel van Stewart Hall gelê en aldus die oorspronklike onderriggebou van die Kollege voltooi.

Gedurende die jare 1947 en 1948 is die Presbiteriaanse, Metodiste en Anglikaanse koshuise uitgebrei om huisvesting aan meer as 300 manstudente te verleen. 'n Eetsaal en bykomende slaapkamers by die vrouekoshuis is gedurende 1949 voltooi. Tog is uitbreiding gedurende die jare 1937 tot 1951 vertraag deur die afwesigheid van personeel op oorlogsdienste en as gevolg van 'n tekort aan geld. Teen 1950 het die studentental egter gegroei van 139 tot 382.

Toe dit duidelik geword het dat sommige van die konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika uiteindelik sou moes uitbrei tot onafhanklike universiteite, het die Regering 'n Kommissie aangestel om verslag te doen oor die toekomstige struktuur van hoër onderwys in Suid-Afrika. Die Kommissie het aanbeveel dat die bestaande konstituerende kolleges, met die uitsondering van die Hugenote-Universiteitskollege, die status van onafhanklike universiteite verleen moes word en dat Fort Hare geaffilieer moes word by een van die onafhanklike universiteite. Gedurende Maart 1951 het Fort Hare aangesluit by sy naaste vriend en buurman, Rhodes-universiteit, honderd kilometer hiervandaan. Hierdie verhouding was vir Fort Hare baie waardevol aangesien dit die versekering ingehou het dat Fort Hare se studente ook verder aan dieselfde akademiese vereistes as blanke sou moes voldoen.

2. Oorpasing van Fort Hare Universiteitskollege na die Departement van Bantoe-onderwys

Ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 168, 1959 (*Staatskoerant* van 21 Augustus 1959, bladsy 12) uitgereik kragtens subartikel (2) van die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare 1959 (Wet No. 64 van 1959), is die instandhouding en bestuur van en beheer oor die Universiteitskollege Fort Hare oorgedra aan die Minister van Bantoe-onderwys vanaf 1 Januarie 1960.

Die oordrag van die Kollege aan die Departement van Bantoe-onderwys het geskied as 'n noodsaaklike stap in die uitvoering van die Regering se beleid om meer toereikende en doeltreffende universiteitsopleiding aan die Bantoe te voorsien deur die stigting van aparte universiteitskolleges vir die verskillende etniese groepe en om die beperkings en anomalieë, wat gespruit het uit die stelsel van sogenaamde „ope” universiteite, te verwyder.

Die Universiteitskollege Fort Hare spits hom meer bepaald toe op die Xhosa-sprekende Bantoe-groep. Die Universiteitskolleges by Turfloop (Noord-Transvaal) en Ngoye (Zoeloeland) maak onderskeidelik voorsiening vir die Sotho- en Zoeloesprekende groepe. Vir Kleurling-studente is voorsiening gemaak by die Universiteitskollege van Wes-Kaapland te Bellville (Kaap) en daar is ook 'n universiteitskollege in Natal gestig vir Indiër-studente.

Die Wet het bepaal dat die Universiteit van Suid-Afrika as eksaminerende liggaam sou optree in alle vakke waarvoor die leerplanne van daardie universiteit voorsiening maak. Wat die bepaling van kursusse en die afneem van eksamens betref, was daar die nouste samewerking tussen die Universiteitskollege en die Universiteit van Suid-Afrika.

By al die Fakulteite en Departemente wat sedert 1960 in die lewe geroep is, is daar ook nou 'n Departement Landmeetkunde en 'n Fakulteit van Landbou vanaf 1966 ingestel.

Gedurende 1962/63 is 'n begin gemaak met 'n omvattende program vir uitbreiding van geboue. Geboue wat sedertdien voltooi is sluit in 'n nuwe administratiewe blok, die uitbreiding van Stewart Hall om bykomende personeelkantore daar te stel, die uitbreiding van Livingstone Hall vir die voorsiening van bykomende laboratoria en klaskamers om die Natuurwetenskaplike departemente bevredigend te huisves en 'n nuwe afsonderlike biblioteekgebou. Geboue vir die fakulteit van Landbou is ook voltooi asook die uitbreiding by Iona koshuis.

Die inskrywings sedert 1960, dit is sedert oornam, was soos volg (die syfers is die amptelike syfers soos op die eerste Dinsdag van Junie):

	Mans	Vrouens	Totaal
1960	308	52	360
1965	245	72	317
1970	470	143	613
1975	883	437	1320
1976	1110	541	1651

Die daling in die aantal inskrywings gedurende die eerste paar jaar is natuurlik verwag as gevolg van die stigting van twee ander Universiteitskolleges vir die Bantoe, en die Universiteitskollege vir Kleurlinge te Bellville en vir die Indiërs te Durban. Voor die oorpasing sou die studente wat nou by die nuwe Universiteitskolleges ingeskryf is, normaalweg te Fort Hare ingeskryf het. Die laagwatermerk is in 1963 bereik. Sedertdien was daar 'n aansienlike styging in getalle as gevolg van die feit dat die aantal Xhosa-sprekende studente wat in die hoër skole vir registrasie gekwalifiseer het, baie vinnig vermeerder het. Alles dui daarop dat die aansienlike styging in die aantal inskrywings gedurende die volgende jare gehandhaaf, en selfs oorskrei sal word.

Dit volg dat die program vir die uitbreiding van geboue en akademiese fasiliteite aansienlik versnel sal moet word. In die verband het die Departement van Bantoe-onderwys reeds 'n Beplanningskomitee ingestel sodat vooruit, en op 'n langtermyn-grondslag, beplan kan word vir die nodige uitbreiding.

3. Universiteit van Fort Hare

Ooreenkomstig Goewermentskennisgewing R. 680 (Staatskoerant van 30 April 1969) het die Wet op die Universiteit van Fort Hare (Wet No. 40, 1969) universiteitstatus verleen aan die Universiteitskollege van Fort Hare en word voorsiening gemaak vir die bestuur en beheer van die sake van die Universiteit, vir die reëling van sy werksaamhede en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Vanaf 1 Januarie 1970 is die Universiteitskollege 'n Universiteit met die naam Universiteit van Fort Hare. Die eerste Kanselier van die Universiteit, Dr. P. E. Rousseau is ingehuldig tydens die 1970 gradeplegtigheid en onafhanklikheidsfunksie gehou op 30 Mei 1970. Kragdens die Wet is die Rektor ampshalwe die Vise-Kanselier, en die Rektor, Prof. J. M. de Wet, het dus die eerste Vise-Kanselier van die selfstandige Universiteit geword.

Die wet lê neer dat die Universiteit die Xhosa-volkseenheid bedien.

Die hoë standaard van die grade van die Universiteit word beskerm deur die aanstelling, as bykomende Senaatslede, van professore van ander universiteite vir solank as wat nodig geag mag word sowel as deur 'n stelsel van eksterne eksaminatore en/of moderatore.

Fort Hare sal dus in die toekomst in staat wees om beide die inhoud van sy leerplanne en die metode van aanbieding meer effektief en meer toereikend aan te pas by die behoeftes van die bevolkingsgroep wat dit bedien sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die hoë standaarde van universiteitsopleiding.

Die sewentiger jare het 'n nuwe tydvak van ontwikkeling ingelei waartydens die studentetal in die eerste helfte van die dekadere verdubbel het, naamlik van 613 in 1970 na 1 320 in 1975.

Gedurende hierdie tyd is die volgende geboue voltooi, te wete vir die Fakulteite Landbou, Ekonomiese Wetenskappe, Regte, die Department van Chemie en 'n lesingsaal-kompleks asook 'n paar byvoegings tot mans- en dameskoshuise. Gedurende 1976 is daar 'n begin gemaak met 'n uitgebreide padbou en kampusverfraaiingsprogram.

Die Universiteit het die bevoegdheid verkry om lenings aan te gaan en geboue op kontrak deur buite-instansies te laat oprig aangesien die Department van Bantoe-Onderwys se bouspan nie kon byhou met die tempo van uitbreiding nie. Die nuwe departemente wat tot stand gekom het, was Musiek, Skone Kunste en Toegepaste Informatika, terwyl belangrike wysigings aangebring is vir die opleiding van onderwysers.

Met die snelle groei het dit duidelik geword dat die beskikbare ruimte vir uitbreiding vir die Universiteit te klein word en dat addisionele grond gesoek moes word. Na 'n deeglike ondersoek van die verskillende moontlikhede is daar besluit om die Teologiese Seminarie te nader i.v.m. die aankoop van hul eiendom. Die onderhandelings het stadig voortgesloer totdat die Minister die eiendom aan die einde van 1974 onteien het. Hierdie stap het onmiddellik die Oos-Kampus aan die Universiteit beskikbaar gestel wat dadelik betrek kon word vir die huisvesting van studente en swart personelede. 'n Ander stuk grond met die naam Napier Park is ook oorgedra aan die Universiteit wat die plaasgedeelte heelwat vergroot.

Die N.G. Kerk se Opleidingsentrum vir Swart leraars by Umtata, Decoligny, het 'n ooreenkoms met die Universiteit gesluit waarvolgens Fort Hare grade aan hulle studente sal toeken indien daar aan sekere vereistes voldoen word.

Vanaf 1975 is vyf swart lede op die Raad aan die Universiteit benoem. Vanaf 1976 is 'n tak van die Universiteit op Umtata begin, wat die begin van 'n selfstandige Universiteit Transkei is vanaf 1 Januarie 1977 in terme van wetgewing wat aangeneem is deur die parlement van Transkei, Professor B. de V. van der Merwe is aangestel om as hoof op te tree met die benoeming van Rektor se verteenwoordiger. Kursusse in 12 dissiplines sal eers op 'n na-uurse basis vir deelydse en voltydse studente aangebied word, wat sal lei tot die verkryging van 'n B.A.-graad. Die instelling van verdere kursusse word alreeds oorweeg.

Deur middel van 'n ruim bydrae deur die Massey Ferguson (S.A.) Stigting gedurende 1976 is 'n leerstoel in Landbou-ingenieurswese ingestel.

Die stigting van die Landbou Ontwikkelings-Navorsingsinstituut is deur die Departement goedgekeur en sal na verwagting in 1977 met sy werksaamhede begin.

DIE UNIVERSITEIT VAN FORT HARE BIBLIOTEEK

Die biblioteek is gestig in 1916 en het in 1918, 450 bande bevat. Studente het as bibliotekaris opgetree en in 1922 is 'n biblioteekkomitee ingestel. In die vroeë dertigerjare was daar tye dat die biblioteek sonder 'n bibliotekaris moes klaarkom.

In 1934 is die biblioteek vernoem na mnr. Howard Pim, 'n rekenmeester van Johannesburg en lid van die Kollegeeraad, wat die grootste deel van sy privaattiblioteek (2 000 bande) aan Fort Hare bemaak het. Die biblioteek het baie te danke aan milde skenkings deur die publiek en privaattliggame. Die biblioteek is nog steeds dank verskuldig aan baie skenkers en aan die uitgewers van Afrikaans- sowel as Engels-medium koerante vir hulle vrygewigheid.

Die biblioteek bevat 'n waardevolle Africana-versameling bekend as die Howard Pim-versameling van Africana.

In 1935 is die eerste voltydse bibliotekaris aangestel; die eerste ten volle gekwalifiseerde bibliotekaris is aangestel in 1944. In 1958 word die bibliotekaris 'n volle lid van die Senaat en word die bibliotekkomitee vervang deur 'n adviserende bibliotekkomitee.

Op 1 Januarie 1977 het die boekevoorraad ± 100 000 bande beloop.

University of Fort Hare
Together in Excellence
F. S. MALAN MUSEUM

Die F. S. Malan Museum word gehuisves op die tweede verdieping van die Henderson gebou en beslaan presies 4,250 vk. vt. vloer-ruimte. Die museum is in 1941 opgerig as 'n etnologiese museum vir navorsing en wel in die Departement Antropologie. Die doel daarvan was om navorsers van buite 'n geleentheid te bied om daar navorsing te doen. Dit moes egter ook 'n wyer belangstelling lok by groepe skoolkinders en ander belangstellendes.


Sedert die stigting van die museum het dit reeds 10 000 stukke vir uitstalling versamel. Die grootste gedeelte daarvan is verkry deur twee skenkings in 1962. Die eerste skenking was van die Departement Bantoe-Onderwys, wat die uitstalling van die Uniefees gelykop verdeel het onder die Universiteitskolleges van die Republiek. Die tweede skenking is ontvang van Mev. M. E. Kirkwood van Johannesburg. Die skenking wat Mev. Kirkwood gemaak het bestaan uit 7 000 stukke en staan bekend as die „Estelle Hamilton-Welsh Versameling.”

Hierdie merkwaardige versameling is deur Mev. Gordon Emslie en haar dogter Mev. Estelle Hamilton-Welsh byeen gebring. Die versameling is na laasgenoemde vernoem. Dit is oor 'n periode van baie jare versamel en die versameling het 'n aanvang geneem in die jaar 1880. Slegs artikels wat werklik deur die Bantoe gedra en gebruik is, is versamel sodat die versameling vry is van stukke wat vir kommersiële doeleindes vervaardig is. Die versameling is inderdaad uniek en verteenwoordig die einde van 'n tydperk in die materiële kultuur van die Bantoe. Al die stukke is onder die ou tradisionele omstandighede vervaardig, 'n toestand wat hom nooit weer sal voordoen nie. Die versameling sluit in groot groepe Fingo, Xhosa, Mpondo, Zoeloe, Thembu en Ndebele kraalwerk; tradisionele en outentieke uitrustings en kleredrag van die Mpondo, Thembu en Fingo.

Dit sluit o.a. ook 'n *Abakhwetha* kostuum in, sowel as verskeie stelle kostuums van waar-sêers en toordokters. 'n Uitstekende versameling magiese amulette en medisyne van verskeie stamme is 'n besondere aspek van die versameling. Wapens wat insluit spiese, strydbyle, ens. is goed verteenwoordig. Die versameling bevat ook 'n verteenwoordigende aantal artikels uit die alledaagse gebruiksluwe van verskeie stamme waarvan veral gras- en houtwerk prominent is. Hierdie versameling, wat ook stukke van buite-Suidelike Afrika insluit, is op die Rykskou te Johannesburg in 1936 en op die Glasgow-Skou in 1937 uitgestal.

Die museum is vir baie jare deur 'n Ere-Kurator in die persoon van Professor A. J. D. Meiring, bygestaan deur Mnr. G. I. M. Mzamane, behartig. 'n Voltydse kurator, Mnr. V. Z. Gitywa, is sedert die middel van 1959 aangestel wat in samewerking met 'n Assistent-Kurator en 'n Museumkomitee die museum behartig.

Sedert 1965 is 'n Galery vir Hedendaagse Bantoe-kuns (A. J. D. Meiring kunsgalery) by die museum gevoeg. Die galery bevat 'n goeie versameling van hedendaagse Bantoe-kuns wat werke insluit van kunstenaars soos G. M. M. Pemba, Michael Zondi, Eric Ngcobo, Cyprian Shilakoe, Azaria Mbatwa, Gladys Mgadlandlu, Dumile Matsoso ens. Uitstallings van hedendaagse Bantoe-kuns word jaarliks in die galery gehou, insluitende een-man-uitstallings. Die galery is belangrik vir die bevordering van Bantoe-kuns en Bantoe-kunstenaars.



XHOSAWOORDEBOEK PROJEK

Together in Excellence

Dr. Albert Kropf se *Kafir-English Dictionary* was, sedert sy eerste verskyning in 1899, beskou as die enigste standaardwerk in sy soort in Xhosa. Die tweede uitgawe, voorberei vir die pers deur eerwaarde Robert Godfrey M.A., is in 1915 gepubliseer. Toe dit uitverkoop was in die laat twintiger- of vroeë dertigerjare, is eerw. Dr. Godfrey versoek om die woordeboek te hersien en te herskryf in die *Nuwe Ortografie* van 1934. Maar voor dit gedruk kon word in die vyftigerjare is die ortografie by hernuwing aangepas om te word wat nou bekendstaan as die *Standaard Xhosa-ortografie* waarin die drie eksotiese nie-Romeinse simbole van die Nuwe Ortografie uitgelaat is. As gevolg van hierdie verandering in die ortografie kon Godfrey se werk nie gepubliseer word nie.

Aangesien die behoefte aan 'n standaard Xhosawoordeboek dringend gevoel is deur studente van die taal, het Prof. J. A. Louw van die Universiteit van Suid-Afrika, in oorleg met die Xhosataalkommissie van die Departement van Bantoe-onderwys, die Lovedale-pers oorreed om Godfrey se werk te laat herskryf indiestandaard ortografie en dit te publiseer. Twee pogings is aangewend om dit te laat doen maar dit het onuitvoerbaar geblyk te wees, totdat, in 1966, die Rektor van die Universiteitskollege Fort Hare besluit het dat Fort Hare die aangewese plek was vir die samestelling van 'n nuwe Xhosawoordeboek en dat die verklarings in beide Afrikaans en Engels gedoen moes word—'n onderneming wat sedertdien uitgebrei is om verklarings ook in Xhosa in te sluit, waardeur dit 'n ten volle drietalige woordeboek geword het, die eerste in sy soort in enige Bantoe-taal in Suid-Afrika. Met die goedkeuring van die Minister van Nasionale Onderwys, het die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) 'n jaarlikse toekenning van R6 000 beskikbaar gestel vir die Projek (vermeerder tot R8 000 in 1972, R9 000 in 1974 en R11 000 in 1975).

Die Universiteit van Fort Hare het onderneem om die salaris van die Direkteur te betaal, terwyl die Regering van die Transkei aangebied het om to R10 000 per jaar by

te dra vir die salarisse van drie assistent-redakteurs. Die toekenning is nou verhoog na 'n maksimum van R12 000 per jaar. Na die onlangse verhoging in salarisse, is hierdie bedrag onvoldoende om die salarisse van die drie redakteurs te betaal, maar die Raad van die Universiteit van Fort Hare het onderneem om een van die drie poste te finansier. Die Ciskeise Regering dra R4 500 per jaar by.

Die Direkteur het in Junie 1967 alleen begin om die woordeboek saam te stel. Die huidige personeel bestaan uit die Direkteur, twee Xhosa redakteurs, 'n redakteur vir Afrikaans, 'n navorsingsassistent, 'n klerklike assistent en 'n tikster.

Die projek word namens die Raad van Fort Hare deur 'n Xhosawoordeboekkomitee beheer waarop die volgende liggame verteenwoordig is: die Universiteit van Fort Hare, die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Kaapstad, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Transkeise regering, die Ciskeise regering en Lovedale pers. Dit is 'n geïntegreerde eenheid van die Universiteit van Fort Hare en wanneer die woordeboek voltooi is, sal die organisasie aanhou om te funksioneer soos die Raad van die Universiteit mag besluit.



University of Fort Hare
Together in Excellence

REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE TOELATING EN REGISTRASIE VAN STUDENTE

I. TOELATING

1. In hierdie regulasies beteken „toelating” goedkeuring vir aanmelding tot registrasie as student by die Universiteit, afgesien daarvan of die voornemende student voorheen as student by die Universiteit geregistreer was of nie.

2. Aansoek om toelating moet deur die pos op 'n voorgeskrewe vorm, en nie persoonlik nie, gedoen word.

3. Die aansoekvorme moet volledig ingevul word en voor 'n Kommissaris van Ede onderteken word deur die voornemende student en sy ouer of voog. Die voltooide vorm moet aan die Registrateur gestuur word sodat dit hom bereik voor of op die datum op die vorm aangedui.

4. Elke aansoek om toelating moet vergesel gaan van die volgende:—

- (i) Met betrekking tot nuwe studente, 'n getuigskrif van goeie gedrag deur 'n leraar, Bantoesakekommissaris of landdros of skoolhoof van laaste skool bygewoon.
- (ii) 'n Mediese sertifikaat van gesondheid op die voorgeskrewe vorm.
- (iii) in die geval van 'n voornemende student wat vir die eerste keer wil registreer, indien 'n sertifikaat nog nie uitgereik is nie, een of ander vorm van bewys dat hy voldoen aan die nodige voorvereistes vir die kursus of kursusse waarvoor hy wil inskryf.

5. Geen voornemende student mag hom by die Universiteit aanmeld vir registrasie nie, tensy hy skriftelik deur die Registrateur in kennis gestel is dat hy toegelaat is.

6. Toelating soos hierbo omskryf, lê geen verpligting op die Universiteit om 'n voornemende student te registreer nie. Alvorens 'n kandidaat as student geregistreer kan word, moet hy ook voldoen aan die vereistes vir registrasie.

II. REGISTRASIE

Geen appllkant word as student geregistreer nie, tensy hy tot tevredenheid van die Registrateur voldoen aan elkeen van die volgende vereistes:—

- (1) Elke voornemende student moet hom op die voorgeskrewe datum en tyd aanmeld vir registrasie by die kantoor wat vir die doel aangewys word. Geen kandidaat word toegelaat om hom na die laaste datum en tyd wat bepaal is vir registrasie aan te meld nie, tensy die skriftelike toestemming van die Rektor vir sodanige registrasie verkry is en 'n bykomende laat-inskrywingsgeld van R6 betaal is.
- (2) By aanmelding vir registrasie moet die skriftelike toestemming om aan te meld vir registrasie verstrekkend word (sien I, 5 hierbo).
- (3) Elke kandidaat vir registrasie moet die voorgeskrewe registrasievorm invul en onderteken. Deur ondertekening van die registrasievorm verbind 'n kandidaat hom om al die reëls en regulasies van die Universiteit, insluitende dié van die koshuis waar hy mag inwoon, stiptelik te eerbiedig; hy onderneem ook om by die koshuis in te woon waaraan hy toegewys mag word.

- (4) Die rekening van elke student aan wie 'n beurs, lening of ander toelae toegeken is, sal gekrediteer word met die bedrag van sodanige beurs, lening of toelae nadat die nodige vorms voltooi is.
Indien beurse en/of lenings aan 'n student toegeken, twee derdes of meer van die voorgeskrewe gelde beloop, moet die verskuldigde bedrag tydens registrasie betaal word.
- (5) Elke voornemende student moet 'n goedkeuring van sy voorgename kursusse, onderteken deur die Dekaan van die betrokke Fakulteit, by die Registrateur indien. By die kies van kursusse moet die rooster geraadpleeg word ten einde botsings te voorkom.
- (6) Geen kandidaat word as student geregistreer nie, tensy hy as inwonende student by een van die koshuise toegelaat word, behalwe as hy skriftelik deur die Rektor vrygestel is van sodanige inwoning.
- (7) Die registrasie van eerstejaarstudente is onderworpe aan die opskortende voorwaarde dat elke sodanige student voor of op 30 Mei van die jaar waarin hy vir die eerste maal ingeskryf word, sy matrikulasiesertifikaat, of die vrystelling daarvan, of enige ander kwalifikasie wat as toelatingsvereiste tot 'n besondere studie voorgeskryf word, aan die Registrateur voorlê vir aantekening.
- (8) Indien dit, na die mening van die Minister nie in die belang van die inrigting is dat 'n kandidaat wat hom vir registrasie aanmeld, as student geregistreer moet word nie, kan hy verhoor om sodanige kandidaat te laat registreer, selfs al voldoen sodanige kandidaat aan al die ander vereistes vir registrasie.
- (9) By registrasie ontvang elke ingeskrewe student 'n registrasiekaart wat as bewys dien dat hy aldus as student geregistreer is.
- (10) Niemand wat nie as student geregistreer is nie, mag sonder toestemming van die Rektor lesings bywoon, 'n koshuis of eetsaal of enige voorregte hoegenaamd wat deur die inrigting aangebied word, gebruik nie.

DIE PROSEDURE BY VERANDERING VAN KURSUS

- (1) Geen student sal toegelaat word om van kursus te verander na die datum wat in die rooster bepaal is nie.
- (2) Indien 'n student van kursus wil verander, moet 'n vorm vir die „verandering van kursusse” van die Studenteregistrasiekantoor verkry word.

Die verandering van kursus moet deur die Dekaan van die Fakulteit goedgekeur word en die Dekaan sal daarna die vorm aan die Studenteregistrasiekantoor terug besorg.

STUDENTETUG

Artikel 24(1) van Wet 40 van 1969 lui:

'n Student van die Universiteit is onderworpe aan die tugbepalings wat by statuut, of by reëls deur die raad uitgevaardig, voorgeskryf word.

Paragrawe 43 en 44 van die Statuut, soos by Goewermentskennisgewing R.2001 van 5 November 1971 gepubliseer, lui soos volg:

Algemene toesig en beheer

43. (1) Die algemene toesig en beheer oor tug van studente berus by die Raad wat sy bevoegdhe na goeëdunke kan delegeer ooreenkomstig reëls deur hom uitgevaardig.
- (2) Die reëls moet voorsiening maak vir—
- 'n omskrywing van wangedrag waardeur 'n student hom aan tugmaatreëls kan blootstel;
 - skriftelike kennis aan 'n student van die aard van 'n aanklag of aanklagte teen hom;
 - die reg van 'n aangeklaagde student om hom te verweer; en
 - die straf of strawwe wat by skuldigbevinding opgelê kan word.
- (3) Die reëls kan voorsiening maak vir appèl by die Raad teen die bevinding van die Studentetugkomitee of slegs teen die straf of strawwe wat deur hom opgelê is.

Studentetugkomitee

44. Daar is 'n Studentetugkomitee waarvan die ledetal, samestelling by 'n bepaalde ondersoek, bevoegdhe en prosedure voorgeskryf word in die reëls in paragraaf 43 bedoel.

REÛLS VIR STUDENTE

Die reëls vir studente word aan die begin van elke akademiese jaar, gedurende die registrasie tydperk, aan studente uitgegee.

Enige student wat nie 'n eksemplaar ontvang nie, behoort een by die Studenteregistrasiebeampte te kry.

Elke student moet homself op hoogte bring van die reëls.

Wanneer 'n Student 'n Koshuis moet verlaat

(1) Indien 'n student wat in 'n koshuis inwoon en vanweë swak akademiese vordering gedurende 'n jaar nie tot die eksamen toegelaat word nie, moet hy na afsluiting van die lesings die koshuis verlaat.

(2) 'n Student wat in 'n koshuis inwoon, moet die koshuis nie later nie as drie dae na afloop van sy eksamens verlaat.

GELDE BETAALBAAR AAN DIE UNIVERSITEIT**KOS EN INWONING**

(1) 'n Voltydse student betaal aan die Universiteit twee honderd en vyftig rand (R250) per jaar vir kos en inwoning, indien dit van hom vereis word om in 'n koshuis van die Universiteit in te woon.

(2) 'n Geleentheidstudent betaal aan die Universiteit een rand en veertig sent (R1-40) per dag of gedeelte van 'n dag tot 'n maksimum van vyf en veertig rand (R45) per maand indien hy in 'n koshuis van die Universiteit inwoon.

(3) 'n Toevallige besoeker betaal aan die Universiteit een rand en veertig sent (R1-40) per dag of gedeelte van 'n dag indien hy in 'n koshuis inwoon, of sewentig sent (70c) per maaltyd, na gelang van die geval.

(4) 'n Voltydse of deelydse student betaal aan die Universiteit veertig sent (40c) per dag vir 'n kamer gedurende periodes wanneer die koshuise en/of eetsaal amptelik gesluit is en geen voedsel voorsien word nie.

Studente wat aanvullingseksamens skryf, nagraadse studente en alle studente wat vroeër rapporteer as die datum in die rooster aangedui, moet vooraf reëlings tref met die Rekenmeester. Bykomstige losiesgelde is vooruitbetaalbaar.

REGISTRASIEGELD

- (1) 'n Student betaal *twaaif rand* (R12) per jaar registrasiegeld.
 (2) 'n Bykomende bedrag van *ses rand* (R6) is betaalbaar ten opsigte van 'n laat inskrywing.

SAAMGESTELDE KLASGELDE

(Insluitende eksamen-, laboratorium- en biblioteekgelde).

1. Voorgraads.

- (i) *Fakulteit Opvoedkunde*
 Alle B-grade en Diplomas Eerste jaar soos vir betrokke graadkursus
 Daaropvolgende jare R175
- (ii) *Fakulteite: Lettere, Ekonomiese Wetenskappe, Regte en Teologie*
 B.A. (M.W.) en Diploma (M.W.) R210
 Alle ander B-grade en diplomas R195
- (iii) *Fakulteite Natuurwetenskappe en Landbou,*
 Alle B-grade en Diplomas R210

2. Nagraads

- (i) *Fakulteite Opvoedkunde, Lettere, Ekonomiese Wetenskappe, Regte en Teologie*
 LL.B. en Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap R135
 U.O.D. R135
 Alle B-grade en Diplomas R145
 Magister R115
 Doktor R155
- (ii) *Fakulteite Natuurwetenskappe en Landbou*
 Alle B-grade en Diplomas R165
 Magister R135
 Doktor R165

ANDER GELDE**Spesiale, Siekte- of Aanvullingsksamens en Plaaslike Gelde**

1. (a) Die gelde vir 'n spesiale, siekte- of aanvullings-eksamen is *vyftien rand* (R15) per kursus.
 (b) Die gelde vir mediese hulp, sport en ontspanning beloop *twaaif rand* (R12) per jaar.

Vrywaringsdeposito

2. 'n Deposito van *vyftig rand* (R50) is deur alle studente betaalbaar en is slegs terugbetaalbaar na die sluitingsdatum vir registrasie in die jaar wat volg op die jaar waarin die student die Universiteit finaal verlaat het. Skade wat gedurende die jaar deur 'n student berokken word, moet onmiddellik vergoed word sodat die deposito konstant bly.

Herindiening van 'n Verhandeling

3. Die gelde vir die herindiening van 'n verhandeling vir 'n Magistergraad is *vyftig rand* (R50) en vir 'n doktorsgraad *negentig rand* (R90).

Voorlopige Verklarings

4. Die gelde vir 'n voorlopige verklaring ten opsigte van 'n voltooide graad, diploma, of sertifikaat is *een rand* (R1).

Gesertifiseerde Verklaring

5. 'n Gesertifiseerde verklaring ten opsigte van kursusse geslaag vir 'n graad, diploma of sertifikaat is op aanvraag en teen betaling van *een rand* (R1) verkrygbaar.

Duplikate van Diplomas en Sertifikate

6. 'n Duplikaat van 'n diploma of sertifikaat wat deur die Universiteit self toegeken word, word nie uitgereik nie, maar 'n gesertifiseerde verklaring met die wapen van die Universiteit en die naam en datum van die diploma of sertifikaat daarop is op aanvraag en teen betaling van *drie rand* (R3) verkrygbaar.

Spesiale Studente

7. 'n Student wat 'n studiekursus volg waarvoor geen graad, diploma of sertifikaat toegeken word nie betaal benewens die registrasiegeld *vyf en dertig rand* (R35) per kursus per jaar.

Promosie-, Vrystellings- en Statusgelde

8. Promosie-, vrystellings- en statusgelde is soos volg:

Promosie	: in Praesentia:	Geen
	: in Absentia:	R10.00
Vrystelling:		R3 per kursus
Status	:	R9

Buitelandse Studente

9. 'n Bykomende heffing van R120 is betaalbaar.

University of Port Hare
Together in Excellence

ALGEMENE BEPALINGS

Aanspreeklikheid van Studente

1. 'n Student is ten volle aanspreeklik vir alle gelde wat ingevolge hierdie regulasies deur hom betaalbaar is.

Wanneer Gelde Betaal Moet Word

2. (1) Die registrasiegeld en vrywaringsdeposito is betaalbaar tydens registrasie.

(2) Gelde vir kos en inwoning, saamgestelde klasgelde en plaaslike gelde is betaalbaar op die dag van inskrywing, maar dit kan in drie gelyke paaieimente soos volg betaal word:

Eerste paaieiment: Met of voor inskrywing.

Tweede paaieiment: Voor of op die eerste dag van Mei.

Derde paaieiment: Voor of op die eerste dag van Augustus.

L.W.—Bedrae tot 'n student se krediet sal alleenlik op die derde Vrydag van elke maand terugbetaal word. Terugbetalings sal egter nie gedoen word nie tensy die jaar se geld ten volle betaal is.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2), is die klas- en eksamengelde van 'n student in een van die volgende studiekursusse gedurende die eerste jaar van studie betaalbaar:—

(a) B.Ed.-graad.

(b) Honneursgraad.

(c) Magistergraad.

(d) Doktorsgraad.

(4) Alle ander gelde, bo en behalwe die gelde genoem in subregulasies (1) en (2), is betaalbaar op die wyse en tye wat die Raad van die Universiteit bepaal.

Wanbetaling

3. In die geval van 'n student wat versuim om die gelde waarvoor hy aanspreeklik is op die datums te betaal soos in hierdie regulasies voorgeskryf is, kan die Raad sodanige student—

- (i) van 'n koshuis uitsluit; of
- (ii) van lesings uitsluit; of
- (iii) van beide lesings en koshuis uitsluit; of
- (iv) toelating tot eksamens weier.

Kwytskelding van Losies- en Ander Gelde

4. (1) In die geval van 'n student wat in 'n koshuis inwoon en wat weens siekte of om enige ander rede wat die Raad goedkeur, verhinder word om sy studies in die betrokke studiejaar te voltooi en die koshuis voor 1 Oktober verlaat, kan die Raad, op aanbeveling van die rektor die geld betaalbaar vir kos en inwoning verminder op die basis van twee honderd en vyftig rand (R250) minus een rand en veertig sent (R1.40) vir elke dag wat die student in sodanige koshuis ingewoon het.

(2) Die registrasiegeld en plaaslike gelde word onder geen omstandighede terugbetaal nie.

(3) Indien 'n student gedurende 'n studiejaar sy studies om die een of ander rede wat vir die Raad aanneemlik is, staak en die universiteit verlaat, kan 'n gedeelte van die gelde wat reeds deur hom aan die Universiteit betaal is [uitgesonderd gelde waarvoor in subregulasie (2) voorsiening gemaak word], aan hom terugbetaal word op 'n basis wat deur die Sekretaris van Bantoe-onderwys na oorlegpleging met die Tesourie goedgekeur is: Met dien verstande dat die Universiteit skriftelik in kennis gestel word van die kansellasie van sy registrasie asook die rede daarvoor.

BETALING VAN GELDE

Alle gelde wat betaal word deur of ten behoeve van 'n student, word gekrediteer tot sy gelderekening totdat gelde verskuldig vir die jaar ten volle vereffen is. Totdat gelde vir die jaar ten volle vereffen is, word geen terugbetaling gemaak ten opsigte van bedrae betaal wat meer is as voorgeskrewe paaiemente nie.

Voorbeeld van hoe beurse of lenings verreken word :

Gelde betaalbaar deur student vir die jaar (Min. R12 Registrasiegeld en R50 Vrywaringsdeposito)			R455
Streeksowerheid	R130		
Universiteitsbeurs	R130		R260
Totale bedrag deur student betaalbaar			R195

Die bedrag R195 is op die bepaalde datums betaalbaar in paaiemente van R65.

Let Wel.—Beurstoekennings word teen die gelde verskuldig vir die volle jaar verreken.

Wat Staats- of Universiteitslenings betref moet studente daarop let dat sodanige lenings beskikbaar gestel word eers nadat die leningssooreenkoms voltooi is. Geen krediet word dus ten opsigte van die lening gegee voordat die leningssooreenkoms nie behoorlik en ten volle voltooi is nie. Studente word dus gewaarsku dat dit in hulle eie belang is om minstens R225 vir die eerste paaiement met hulle saam te bring anders loop hulle gevaar om aangesê te word om die universiteit te verlaat.

Selfs indien die gelde vir die eerste paaiement ten volle vereffen is, is dit nogtans die plig van elke student aan wie 'n Staats- of Universiteitslening toegestaan is, om die nodige vorms onmiddellik van die Rekenmeester te verkry sodra hy kennis ontvang van die toekenning en om toe te sien dat dit behoorlik voltooi en by die kantoor ingehandig word sodat hy krediet vir die lening kan bekom.

Studente wat beurse ontvang het, moet *skriftelik bewys van die toekenning* aan die rekeningafdeling voorlê. Die bedrag van sulke beurse sal andersins buite rekening gelaat word by die bepaling van paaiemente.

Studente en ouers of voogde word *verwag om hulleself op hoogte te stel wat gelde betaalbaar betref*. Die Universiteit onderneem nie om in hierdie verband rekenings uit te stuur nie.

Alle gelde behalwe sakgeld en geld vir boeke moet direk aan die Registrateur gestuur word. Sakgeld en geld vir boeke moet aan die student gestuur word.

Studente moet onder geen omstandighede gelde wat vir hulle privaat gebruik bedoel is by die Universiteit deponeer nie. 'n Bank of Posspaarbankrekening moet vir die doel gebruik word.

Die Universiteit kan geen student toelaat om aan te bly indien hy arriveer sonder geld of die vereiste dokumente nie, of indien sy gelde nie stiptelik en ten volle betaal word nie.

FINANSIËLE HULP AAN STUDENTE

Algemene inligting rakende Beurse en lenings.

Die amptelike Beurskomitee van die Universiteit beheer 'n groot aantal beurse en lenings en ken jaarliks 'n groot aantal aan belowende studente toe. Hierdie gelde word van die Staat, privaat firmas en persone ontvang. (Sien lys op bladsye 15, 16, 17 en 18).

Die volgende is van belang:

- (i) Aansoeke vir 'n beurs of lening moet op die vorm „Aansoekvorm vir beurs, lening of skenking toegeken deur die Universiteit” ingedien word. (Wit papier vir eerstejaarstudente (nuwe) en groen papier vir (senior) tweede-, derde- of vierdejaarstudente). Hierdie vorms is van die Studenteregistrasiekantoor verkrybaar.
- (ii) 'n Aansoek vir 'n beurs of lening moet in 'n *aparte koewert* soos volg geadresseer word:
Die Sekretaris,
Beurskomitee,
Universiteit van Fort Hare,
Privaatsak 314,
ALICE,
5700
- (iii) *Die sluitingsdatum is 31 Desember.* (Alle aansoeke moet hierdie kantoor voor hierdie datum bereik).

- (iv) Laat aansoeke sal slegs in buitengewone omstandighede oorweeg word.
- (v) Aansoeke vir beurse of lenings *moet jaarliks henu word*, aangesien toekennings slegs vir een jaar gemaak word.
- (vi) Beurse en lenings word slegs toegeken aan studente wat tot die Universiteit toegelaat is en goeie uitslae in die vorige eksamen behaal het. (E en D simbole word nie as goed beskou nie). Studente wat hul eksamen gedruip het sal geen toekenning kry nie.
- (vii) Studente sal ongeveer teen die middel van Februarie in kennis gestel word aangaande die uitslag van hul aansoek.
- (viii) Aangesien beurse en lenings gewoonlik *nie die volle koste vir een jaar dek nie*, moet studente self 'n deel van die geld vind.
- (ix) Die Beurskomitee kan enige *toekenning hersien* of 'n ander liggaam aanraai om dit te doen indien 'n student meer geld ontvang het as wat nodig geag word.
- (x) Studente moet daarop let dat hulle (nie die skenker van 'n beurs of lening) verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van gelde indien hulle gedurende die jaar die Universiteit verlaat sonder om kwytskelding van die Raad te verkry.

Voorwaardes Verbonde aan Studielening

2. (1) 'n Student aan wie 'n studielening toegeken word, gaan 'n studieleningsooreenkoms met die Raad aan op 'n vorm wat deur die Sekretaris van Bantoe-onderwys goedgekeur is. Indien die studieleningsooreenkoms nie binne 'n redelike tydperk deur beide die student en 'n borg voltooi word nie, kan die lening deur die Raad teruggetrek word.

(2) Die rekening van 'n leninghouer word jaarliks met die toegekende paaiement van die lening gekrediteer.

(3) Geen gelde is direk aan 'n leninghouer betaalbaar nie.

(4) Indien 'n leninghouer—

(a) sy studies staak; of

(b) in gebreke bly om klasse gereeld by te woon, hom nie met ywer en pligsgetrouheid op sy studies toelê nie, of nie bevredigende vordering maak nie, of druip; of

(c) sonder redes wat vir die Raad aanneemlik is, nie die studiekursus binne die bepaalde tydperk voltooi nie; of

(d) skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding; of

(e) geskors word uit die Universiteit om watter rede ook al; of

(f) om watter rede ook al nie die studiekursus voltooi nie,

het die Raad die reg om die studieleningsooreenkoms te beëindig, en in dié geval is alle gelde wat ingevolge die studieleningsooreenkoms deur die leninghouer verskuldig is, onmiddellik opeisbaar tesame met rente teen 6 persent per jaar bereken vanaf datum van beëindiging van die studieleningsooreenkoms.

(5) 'n Studielening is, behoudens die bepalinge van die Wet, terugbetaalbaar aan die Raad van die Universiteit op 1 April van die jaar wat volg op die jaar waarin die studiekursus voltooi is: Met dien verstande dat die Raad kan goedkeur dat die studielening oor 'n langer tydperk in paaiemente van minstens *tien rand* (R10) per maand terugbetaal word, en in dié geval word rente teen 6 persent per jaar gehef vanaf die datum waarop die studielening terugbetaalbaar is.

(6) Sodra die leninghouer, na voltooiing van sy studiekursus, 'n betrekking

aanvaar, moet hy die Raad onverwyld in kennis stel van die naam en adres van sy werkgewer.

(7) Die leninghouer moet, na voltooiing van sy studiekursus die Raad onmiddellik in kennis stel van veranderings ten opsigte van—

- (a) sy woon- en werkadres;
- (b) sy borg se adres;
- (c) sy werkgewer se naam en adres.

(8) Die bepalinge van subregulasies (6) en (7) is ook van toepassing op 'n leninghouer wie se leningsooreenkoms kragtens subregulasie (4) deur die Raad beëindig is.

(9) Die leninghouer moet sy werkgewer magtig om die bedrag wat ingevolge die studieleningsooreenkoms aan die Raad verskuldig is, tesame met enige rente daarop in maandelikse paaielemente van minstens *tien rand* (R10) per maand te verhaal uit enige salaris wat aan hom betaalbaar is en aan die Raad oor te betaal.

(10) Ondanks andersluidende bepalinge in hierdie regulasies, is 'n lening rentevry solank die leninghouer, met of sonder 'n studielening, voltyds aan 'n universiteit studeer, en gedurende sodanige tydperk is die lening nie terugbetaalbaar nie.

Uitstel van Beëindiging van Studieleningsooreenkoms

3. Ondanks andersluidende bepalinge in hierdie regulasies, kan die Raad die beëindiging van 'n studieleningsooreenkoms uitstel indien 'n leninghouer—

- (a) in enige studiejaar drup of in sy finale jaar slaag maar nie ten volle kwalifiseer vir die toekenning van 'n graad, diploma of sertifikaat nie, en sodanige leninghouer op eie koste in die daaropvolgende jaar die betrokke studiejaar of die ontbrekende kursusse of vakke aan die Universiteit herhaal;
- (b) sy studies weens finansiële moeilikhede onderbreek en gaan werk met die doel om te spaar sodat hy na die Universiteit kan terugkeer as voltydse student: Met dien verstande dat—
 - (i) die leninghouer vooraf goedkeuring van die Raad vir sodanige onderbreking verkry;
 - (ii) sodanige onderbreking nie langer as 2 jaar is nie; en
 - (iii) die Raad die reg het om die studieleningsooreenkoms met terugwerkende krag te beëindig met ingang van die datum waarop die studies aanvanklik onderbreek is, indien die leninghouer in gebreke bly om sy studies aan die Universiteit voort te sit;
- (c) sy studies weens siekte of om die een of ander rede wat vir die Raad aanneemlik is, onderbreek en hy van voorneme is om na sodanige onderbreking na die Universiteit terug te keer as voltydse student om sy studies voort te sit: Met dien verstande dat—
 - (i) die leninghouer, in die geval van siekte, so gou as moontlik 'n geneeskundige sertifikaat, uitgereik deur 'n geregistreerde geneesheer, aan die Raad moet voorlê;
 - (ii) die leninghouer, in die geval van ander redes, vooraf goedkeuring van die Raad vir sodanige onderbreking moet verkry;
 - (iii) sodanige onderbreking nie langer as 2 jaar is nie; en
 - (iv) die Raad die reg het om die studieleningsooreenkoms met terugwerkende krag te beëindig met ingang van die datum waarop die studies aanvanklik onderbreek is, indien die leninghouer in gebreke bly om sy studies aan die Universiteit voort te sit.

Verstelling van Borg

4. Indien 'n leninghouer gedurende sy studies of na voltooiing daarvan, maar voordat die lening terugbetaal is, sterf of geestelik versteurd raak, of andersins liggaamlik ongeskik word om sy verpligtinge ingevolge die studieleningsooreenkoms na te kom en die skuld nie uit die boedel van sodanige leninghouer, of op sodanige leninghouer self verhaal kan word nie, kan die Raad die borg van sy kontraktuele verpligting onthef.

Rekenings en Rekords

5. (1) Die Raad moet sodanige rekenings en rekords hou as wat noodsaaklik is vir die behoorlike uitoefening van beheer oor toekennings, uitbetalings en invorderings van studielenings.

(2) Die Sekretaris van Bantoe-onderwys kan te eniger tyd gelas dat die Raad die rekenings en rekords in subregulasie (1) genoem aan hom of aan 'n beampte deur hom aangewys, vir inspeksie voorlê.

Afskrywing van Studielening

6. Geen oninvorderbare lenings mag sonder die goedkeuring van die Sekretaris afgeskryf word nie.

BEURSE EN LENINGS

Die bostaande kan in drie hoofgroepe verdeel word :

- A. Toekennings wat deur die Beurskomitee van die Universiteit gemaak word.
- B. Toekennings wat deur ander liggame onafhanklik van die Universiteit gemaak word.
- C. Toekennings vir studies in die medisyne.

Alle toekennings is onderhewig aan goeie gedrag en bevredigende vordering. Die Universiteit kan enige toekenning hersien of 'n ander liggaam aanraai om dit te doen indien dit beskou word dat die toekennings wat deur enige student bekom is meer is as wat hy nodig het.

Groep A:

1. Staatstudielenings:

B.A. en B.Sc. Maksimum R150 p.j.

U.O.D. „ R200 p.j.

S.O.D. „ R200 p.j.

Ander Diplomakursusse. Toekennings van nie meer as R100 p.j.

Staatsbeurslenings van R200 per jaar aan studente wat onderwys kursusse wil volg sal toegeken word op 'n nie-terugbetaalbare basis op voorwaarde dat:

(a) Die voorgeskrewe aantal onderwyskursusse gevolg word.

(b) Die student, na verkryging van 'n graad, onderneem om vir die Departement van Bantoe-Onderwys te werk vir 'n tydperk nie minder as die tyd wat die beurs toegeken was nie.

2. B.P. Suidelike Afrika (Edms.). Beurse aan behoeftige studente.

3. Die Bantoe Beleggings Korporasie van Suid-Afrika (Bpk.) voorsien beurse van R350 p.j. elk vir studente in Handel en Administrasie en van R450 p.j. elk vir studente in Landbou. Suksesvolle kandidate moet onderneem om gedurende vakansies vir die Korporasie, 'n Staatsdepartement, of 'n Gebiedsowerheid te werk en moet na aflegging van die kursus vir diens by 'n goedgekeurde instelling aanmeld.

4. Berkshire Beurs. Een beurs van R300 per jaar. Voorkeur word gegee aan die kinders van werknemers.
5. Burroughs Machines Beurs—R300 per jaar aan 'n behoeftege manlike Bantoe wat die B.Sc. kursus volg. 'n Matrikulant van die Orlando Hoërskool sal voorkeur ontvang.
6. Caltex beurse. Agt beurse van R250 per jaar.
7. Fidelity Bank and Trust Company Limited stel jaarliks 'n beurs van R300 beskikbaar aan 'n jong man verkieslik van die Port Elizabeth omgewing.
8. General Motors S.A. Beperk stel jaarliks R3 000 beskikbaar vir beurse.
9. Misstof Vereniging van Suid-Afrika. Jaarlikse toekennung van R400 per jaar vir landboukundige doeleindes.
10. Ford Motor Maatskappy van S.A.
11. Die J. H. Hofmeyr Beursfonds (gestig onder die testament van wyle mev. D. O. Hofmeyr) skenk twee beurse van R400 elk geldig vir drie jaar aan voorgraadse manlike studente van 23 jaar of jonger van Fort Hare.
12. Homes Trust Lewens-beurse van R400 per jaar is beskikbaar aan manlike studente wat vir B.A. of B.Comm. studeer.
13. Hoover S.A. (Edms.) Bpk.
14. Johnson & Johnson beurse van R400 elk.
15. Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerheid. Twee beurse van R200 per jaar geldig vir drie jaar aan Landbou-studente.
16. Massey Ferguson (Suid-Afrika) Stigting vir Gevorderde Opleiding en Navorsing voorsien jaarliks 'n bedrag van R1000 vir beurse aan studente in die Fakulteit Landbou.
17. Nasionale beurs- en leningsfonds voorsien 'n groot aantal beurse.
18. Natal Bouvereniging, skenk R200 per jaar vir toekennung aan 'n verdienstelike student.
19. Norton Maatskappy van Isando stel R300 jaarliks beskikbaar as beurse.
20. Reckitt en Colman Dettol beurse.
21. Robert Niven Trust—R4 000 per jaar aan behoeftege studente soos aanbeveel deur die Universiteit.
22. SAICCOR Beperk stel jaarliks 'n beurs van R250 beskikbaar vir Chemie studente.
23. Sales House beurstoekennings. Drie beurse van R500 elk aan voorgraadse studente in die Fakulteite van Natuurwetenskappe of Ekonomiese Wetenskappe.
24. Shatterprufe Safety Glass Maatskappy Beurs van R400 per jaar.
25. Shell Beurse. 'n Bedrag van R1 000 word jaarliks beskikbaar gestel vir belovende studente.
26. Uniefeesbeurse: beurse van R100 elk vir twee jaar word toegestaan deur die Departement van Bantoe-Onderwys vir nagraadse studie.
27. Wilson-Rowntree (Edms.) Bpk. R300 per jaar vir 'n behoeftege student wat Personeelbestuur volg.
28. Yskor beurse. Yskor voorsien vyf toekennings van R160 per jaar elk geldig vir drie jaar aan voorgraadse studente. Daar is geen verpligting om later vir die Korporasie te werk nie.

Groep B.

Toekennings word deur die ondergenoemde liggame gemaak onafhanklik van die Universiteit. 'n Volledige lys kan nie gegee word nie en liggame kom by of onttrek hulleself as donateurs somtyds sonder om die Universiteit daarvan in kennis te stel.

1. Die Adams Kollege Educational Trust, Posbus 1849, Durban, 4000 maak toekennings en gee lenings van verskillende bedrae aan gekeurde studente.

2. Die Dr. Alexander Kerr Beursfonds stel jaarliks 4 beurse van R50 elk as boektoekennings beskikbaar aan studente wat verkieslik lede van die Presbiteriaanse kerk van Suid-Afrika is. Navrae en aansoeke moet gerig word aan Professor J. T. Davidson, Gagastraat, Alice, 5700.

3. Bantoe Mynbou Korporasie, Posbus 2642, Pretoria, 0001. Beurse aan studente met Geologie as hoofvak.

4. Barlow Rand Beurs, Posbus 4862, Johannesburg, 2000. Een of twee beurse van R200.

5. De Beers-groep Beurse: beskikbaar aan matrikulante om vir grade te studeer in die rigtings Handel/Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap, Geologie of Mynbou-geologie en suiwer Natuurwetenskap. 'n Beurs word slegs in laasgenoemde rigting toegeken indien die Natuurwetenskapgraad opgevolg word met 'n graad in Ingenieurswese. Die beurs dek klas- en losiesgelde en bestaan ook uit 'n kontant toelae van R500 per jaar. Dit is hernubaar elke jaar. Suksesvolle kandidate moet die maatskappy vir twee jaar dien na voltooiing van die graad. Aansoekvorms is beskikbaar van:

Die Algemene Sekretaris
De Beers Consolidated Mines Ltd.
Posbus 616
Kimberley 8300

Sluitingsdatum is 31 Oktober.

6. Fedchem, Posbus 61897, Marshalltown, 2107. Drie beurse van R1250-00 elk aan verdienstelike nagraadse studente in Chemie of verwante rigtings.

7. Federale Mynbou/General Mining-Beurse:

'n Aantal beurse is beskikbaar vir enige studierigting. Die beurse behels die betaling van klas- en losiesgelde, plus 'n verdere R200 vir boeke, ens. Beurshouers hoef nie na voltooiing van hul studies in diens van die Groep te tree nie.

Doen aansoek voor 31 Augusts by:

Die Sekretaris: Beursfonds, General Mining and Finance Korporasie Beperk, Posbus 61820, Marshalltown, 2107.

8. Guy Sutton Memorial Beurs vir studente wat Meganiese Ingenieurswese of Chemie volg. Aansoeke moet by die Registrateur ingedien word voor of op 30 September elke jaar.

9. Die Grace Morkel-beurs van R100 per jaar aan 'n verdienstelike blinde of swaksierende student van enige ras, geloof of geslag, ten einde hom/haar in staat te stel om tersiêre onderwys te ontvang. Aansoeke moet gerig word aan die Direkteur, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, Posbus 1343, Pretoria, 0001.

10. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R.G.N.) skenk beurse sowel as ad hoc toekennings vir nagraadse navorsing.

11. Die Tuisland Regerings maak verskillende toekennings.

12. Johnnies Beurskema: Kategorie B.

Aan Voorgraadse studente in B.Sc. (Ing.), Myngeologie en B.Sc. (Geologie). Die beurse dek klas en losies-gelde en behels ook 'n kontant toelae van R350. Hernubaar elke

jaar onderhewig aan bevredigende vordering. Aansoekvorms is verkrybaar by: Groep Personeelbestuurder, Posbus 590, Johannesburg 2000. Sluitingsdatum is 15 Januarie.

13. Toekennings word gemaak deur 'n aantal Munisipaliteite, o.a. Pretoria, Port Elizabeth, Oos-Londen, ens. Hierdie toekennings is gewoonlik bereken om al die gelde te dek. Studente wat woonagtig is in munisipale gebiede word aangeraai om by hulle plaaslike owerhede vas te stel of enige beurse beskikbaar is.

14. Sekere Lionsklubs skenk beurse en studente moet by die plaaslike Sekretaris navraag doen.

15. M.S.D. Beurse. Vir die laaste drie jare van studie vir 'n graad in Akkerbou, Medisyne, Aptekerswese of Veeartsenykunde. Die bedrag dek klas-, koshuisgelde en boeke. Sluitingsdatum is 31 Augustus.

Doen aansoek by: Die Voorsitter, M.S.D. Keuringskomitee, Posbus 7748, Johannesburg, 2000.

16. Die Sir Ernest Oppenheimer Gedenkfonds, Posbus 61587, Marshalltown, 2107, maak verskillende toekennings van soms soveel as R300 volgens verdienste in individuele gevalle.

17. Pitco Bpk., Posbus 617, Johannesburg, 2000 maak verskillende toekennings.

18. Die Fosfaat-ontwikkelingskorporasie "FOSKOR", Posbus 1, Phalaborwa, 1390, skenk lenings van tot R180 elk aan studente wat in die Natuurwetenskappe of Sosiale Wetenskappe studeer.

19. Rhodes-Studiebeurse word vir drie jaar studie aan die Universiteit van Oxford toegeken. Verdere besonderhede is verkrygbaar van die Algemene Sekretaris van die Rhodes-studiebeurse in Suid-Afrika: Mnr. R. S. Welsh, Q.C., Posbus 41468, Craighall, 2024, Transvaal.

20. Rotariërklubs skenk soms ook beurse en studente moet by die plaaslike Sekretaris navraag doen.

21. Rand Bursary Fund, Posbus 60, Orlando, 1804 skenk verskillende beurse.

22. Die St. Leger Beurstrust is daargestel deur die testament van oorlede Robert Arthur St. Leger.

Kandidate moet aan die volgende vereistes voldoen:—

- (a) Suid-Afrikaanse burger wees;
- (b) nie ouer as 25 jaar wees nie;
- (c) 'n student wees wat in Kaapland gematrikuleer of gegradueer het;
- (d) ongetroud wees;
- (e) 'n Christen wees;
- (f) tweetalig wees.

Verdere besonderhede en aansoekvorms is beskikbaar van Syfrets Trust, Posbus 206, Kaapstad. 8000.

23. Die skool vir Blindes. Toekennings tot 'n maksimum van R500 vir nagraadse navorsing rakende enige aspek van blindheid. Doen aansoek by: Die Hoof, Skool vir Blindes, Adderleystraat 20, Worcester, 6850.

'n Kort opsomming van die beoogde studie en 'n aanbeveling van die studieleier moet ook ingedien word.

Sluitingsdatum: 15 Oktober.

24. Twee studiefondsbeurse van R200 elk (Oom Lokomotief en Everite).

Beskikbaar aan nagraadse studente in die Afrikaanse taal en letterkunde. Rig aansoeke aan: Die Direkteur, N.A.L.N., Posbus 517, Bloemfontein 9300.

25. Die Suid-Afrikaanse Instituut van Rasse-aangeleenthede administreer fondse wat van verskeie bronne afkomstig is en ken beurse aan studente toe. (Toekennings word gewoonlik beperk tot die bedrag van die gelde wat jaarliks betaalbaar is.) Rig u aansoek aan: Die Sekretaris, Beursafdeling, S.A.I.R.A., Posbus 97, Johannesburg. 2000.

26. Die Suid-Afrikaanse vervaardigers en agente van sportgoedere. Beurs vir klas- en losiesgelde. Doen aansoek by:

Die Sekretaris, SASGAM Komitee, Posbus 3332, Johannesburg 2000. Sluitingsdatum: 31 Oktober.

27. Transvaal United African Teachers' Association—beurse aan studente wat die B.A. of B.Sc. kursusse volg en onderwysers wil word. Sluitingsdatum is 28 Augustus. Aansoekvorms en verdere besonderhede is verkrygbaar van—Die President, Posbus 132, Bergvlei, 2012.

28. Die Union of Jewish Women of Southern Africa, Posbus 3622, Johannesburg, 2000 bied die Toni Saphra-Beurs (van tot R12,750 per jaar) aan 'n damestudent ongeag ras, kleur of geloof, wat alreeds 'n geskikte graad of professionele kwalifikasie behaal het—“Wie se voorgestelde studierigting haar meer geskik sal maak om een of ander vorm van maatskaplike diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer”. Aansoeke sluit jaarliks op 1 Desember.

29. Die United Tobacco Mpy. (Suid) Bpk., skenk vrybeurse van R200 per jaar vir drie jaar aan 'n voorgraadse student wat in die Transkei woonagting is.

30. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (W.N.N.R.) skenk waardevolle toekennings vir navorsing tot soveel as R500 per jaar en hiervoor kompeteer nagraadse studente.

31. Die Winifred Wilson Beursfonds: om die studie van die Engelse taal en letterkunde in die Republiek van Suid-Afrika aan te moedig. Aansoeke moet op die voorgeskrewe aansoekvorms geskied en moet voor 15 Desember van elke jaar die Sekretaris van “The Colonial Orphan Chamber and Trust Fund”, Posbus 142, Kaapstad 8000, bereik. Elke aansoek moet ondersteun word deur 'n verslag deur 'n Professor in Engels van die Universiteit waar die aplikant studeer.

Groep C.

'n Beperkte bedrag is beskikbaar vir Mediese Studies deur studente wat aan die vereistes vir die eerste-jaar kursus voldoen het aan Fort Hare en daarna 'n goedgekeurde Mediese Skool in Suid-Afrika bywoon. Lenings word gemaak uit rente van skenkinge in die volgende Fondse :—

- (1) Die Greenslade Medical Fund.
- (2) Die W. A. Russell Medical Fund.
- (3) Die W. P. Schreiner Medical Fund vir vroue.
- (4) Die Rev. W. Girdwood Medical Fund

BIBLIOTEKREGULASIES

Woordbepalings.

1. In hierdie Regulasies, tensy die verband anders aandui, beteken:
 - (a) „boek”, enige publikasie in kodexvorm, met inbegrip van vlugskrifte maar met uitsluiting van tydskrifte;
 - (b) „lener”, ’n personeellid, student of buitelener, wie deur die Universiteitsbibliotekaris geregistreer is as ’n persoon wat publikasies van die Biblioteek mag leen, onderworpe aan die bepalinge van hierdie Regulasies;
 - (c) „toonbank”, enige van die uitgiftetoonbanke in die Biblioteek, tensy anders aangedui;
 - (d) „buitelener”, ’n lener wat nie ’n student of ’n personeellid is nie maar wat deur die Universiteitsbibliotekaris as ’n lener soos bepaal in hierdie regulasies geregistreer is;
 - (e) „Biblioteek”, die Biblioteek van die Universiteit van Fort Hare met inbegrip van sy takbiblioteek;
 - (f) „publikasie”, enige boek, tydskrif, geskrif, drukwerk, vlugskrif of soortgelyke saak;
 - (g) „personeel”, die akademiese administratiewe en biblioteekpersoneel van die Universiteit van Fort Hare;
 - (h) „student”, ’n geregistreerde student van die Universiteit van Fort Hare, wat behoorlik as ’n lener deur die Universiteitsbibliotekaris geregistreer is;
 - (i) „Universiteitsbibliotekaris”, die Universiteitsbibliotekaris van die Universiteit van Fort Hare of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger;
 - (j) „gebruiker”, enige persoon wat toegelaat is tot die gebruik van die Biblioteek.

2. Enige gebruiker of lener wat hom teenstrydig met die bepalinge van hierdie Regulasies gedra, kan van die gebruik van, en die toegang tot die Biblioteek deur die Universiteitsbibliotekaris geskors word vir ’n tydperk van nie meer as vyf dae nie. Indien die Universiteitsbibliotekaris van mening is dat die oortreding van sodanige ernstige aard is dat dit ’n skorsing van meer as vyf dae regverdig, moet hy ’n sodanige oortreding onmiddellik aan die Rektor van die Universiteit per brief rapporteer en hy mag ’n sodanige gebruiker of lener slegs weer tot die gebruik van die Biblioteek toelaat op ’n sodanige datum as die Rektor, per skriftelike kennisgewing aan die Universiteitsbibliotekaris, mag besluit.

Gebruik van die Biblioteek.

3. Studente, personele en buitleners is toegelaat tot die gebruik van die Biblioteek en mag publikasies leen op sodanige voorwaardes as wat deur hierdie Regulasies bepaal word: Met dien verstande dat die Universiteitsbibliotekaris, na sy oordeel, ander persone tot die gebruik van die biblioteek kan toelaat.

4. Geen gebruiker mag enige oorjas, boeksak, handsak, of enige sodanige sak of tas in die Biblioteek inbring nie, maar moet dit in die plek laat wat met ’n kennisgewing daartoe aangewys is.

5. (a) Geen gebruiker mag enige publikasie wat nie aan die biblioteek behoort inbring nie, of enige publikasie wat wel aan die Biblioteek behoort, wat op sy naam uitgegee is, daar inbring nie: Met dien verstande, dat 'n lener wel 'n sodanige aan hom uitgeleende boek in die Biblioteek mag inbring met die doel om dit terug te besorg, en hy moet dit aan die toonbank afgee sodra hy die Biblioteek betree.
 - (b) Studente mag aantekeningboeke in die Biblioteek inbring en moet dit by betreding van die biblioteek aan die beampte by die hooftoonbank ter ondersoek aanbied.
 - (c) Alle publikasies en/of aantekeningboeke wat deur die gebruiker uit die biblioteek geneem word moet aan die toonbankbeampte vir ondersoek aangebied word as die Biblioteek verlaat word.
 - (d) Publikasies wat nie in die biblioteek ingebring mag word nie kan in die plek deur Regulasie 4 bedoel bewaar word.
 - (e) Geen gebruiker mag in enige publikasie wat aan die Biblioteek behoort skryf, daar merke in maak of dit beskadig nie.
6. Geen boeke wat gemerk is „In die Library only”, of boeke wat by die toonbank onder direkte beheer gehou word, mag uit die Biblioteek uitgeneem word nie, en sodanige boeke moet in die Biblioteek geraadpleeg word op sodanige voorwaardes as die Universiteitsbibliotekaris mag bepaal, en moet, na gebruik, aan die toonbank teruggee word.
 7. Geen gebruiker mag in die biblioteek sy stem verhef tot meer as fluistering, of enige lawaai of verstoring veroorsaak, of rook, eet of drink, of mag in die publieke afdelings enige gesprek voer nie.
 8. (a) Tien minute voor sluitingstyd van elke Biblioteekperiode, sal 'n klokke gelui word om aan te dui dat die gebruiker hom moet voorberei om die Biblioteek te verlaat.
 - (b) Vyf minute voor elke sluitingstyd sal 'n klokke gelui word om aan te dui dat gebruikers die Biblioteek moet verlaat.
 - (c) Enige gebruiker wat hom na sodanige sluitingstyd nog in die Biblioteek bevind, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Regulasies.
 9. 'n Gebruiker wat 'n boek of tydskrif van die rak gehaal het vir raadpleging in die Biblioteek, mag sodanige boek of tydskrif nie terugsit op die rak nie, maar moet dit op die tafel waar die gebruiker is, laat lê.

Leensakkies.

10. (a) Studente wat publikasies van die Biblioteek wil leen moet, aan die begin van elke akademiese jaar, nadat hulle as studente geregistreer is, by die hooftoonbank as lesers registreer.
- (b) Voorgraadse studente en buiteleners is geregtig op vyf leensakkies elk.
- (c) Nagraadse studente is geregtig op ses leensakkies elk.
- (d) Elke leensakkie gee die lener op wie se naam dit uitgereik is, die reg om een boek te leen, vir 'n tydperk van hoogstens twee weke. Sodanige boeke mag gelyktydig geleen word.
- (e) Die lening van 'n publikasie kan verleng word vir 'n verdere tydperk soos bepaal deur die Universiteitsbibliotekaris.

- (f) 'n Leensakkie mag nie uitgeleen word, of van iemand geleen word, of op enige manier deur iemand op wie se naam dit nie uitgereik is, gebruik word nie.
- (g) Indien enige student of buitelener 'n leensakkie, wat op sy naam uitgereik is verloor, kan die Universiteit 'n duplikaat leensakkie uitreik teen betaling deur sodanige student of buitelener van die bedrag van 25 sent: Met dien verstande dat 'n sodanige uitreiking die verlore leensakkie kanselleer, en enige student wat 'n sodanig gekanselleerde leensakkie probeer gebruik, is skuldig aan oortreding van hierdie Regulasies. Verder met dien verstande dat niemand daardeur van enige aanspreeklikheid wat mag ontstaan of ontstaan het as gevolg van enige gebruik van die verlore leensakkie, onthef is: verder met dien verstande, dat iemand wat 'n boek leen of probeer leen teen enige leensakkie wat nie op sy naam uitgereik is nie, hom skuldig maak aan 'n oortreding van hierdie Regulasies.

Buiteleners.

11. (a) Persone wat nóg studente nóg personeellede is, kan volgens diskresie van die Universiteitsbibliotekaris as buiteleners toegelaat word en moet dan as sodanig geregistreer word by vertoning van 'n kwitansie van die Rekenmeester wat lui dat 'n deposito van R2 betaal is. Sodanige deposito sal terugbetaal word by vertoning aan die Rekenmeester van 'n kennisgewing van die Universiteitsbibliotekaris, wat aandui dat die registrasie van die buitelener gekanselleer is dat daar geen boeke uitstaande is nie en dat alle leensakkies teruggegee is.
- (b) 'n Boek sal aan 'n buitelener uitgeleen word slegs indien dit nie op die tydstip in aanvraag is nie.
12. Personeellede mag publikasies van die Biblioteek leen, onderworpe aan die bepalings van hierdie Regulasies, en op die volgende voorwaardes:—
- (a) Dat sodanige publikasies aan die Biblioteek terug gegee moet word binne 'n redelike tyd nadat dit deur die Universiteitsbibliotekaris herroep is: Met dien verstande, dat 'n publikasie nie teruggedoen sal word voordat 'n personeellid dit vir minstens 14 dae gehad het nie.
- (b) Die bepalings van hierdie Regulasie prejuseer nie die bepalings van Regulasies 13-19 nie.

Leners in die algemeen.

13. Die Universiteitsbibliotekaris mag enige publikasie wat van die Biblioteek geleen is op enige tyd herroep vir doeleindes van inwendige biblioteekor-ganisasie.
14. Geen lener mag enige publikasie wat van die Biblioteek geleen is aan enige-mand uitleen nie.
15. 'n Lener is aanspreeklik vir enige verlies of beskadiging ten opsigte van enige publikasie wat op sy naam uitgereik is.
16. Enige lener kan versoek dat 'n publikasie wat aan iemand uitgeleen is, vir hom gereserveer sal word, en hy moet daarvan in kennis gestel word sodra die pub-likasie beskikbaar is.
17. Geen lener mag 'n publikasie van die biblioteek verwyder voordat die uit-reiking daarvan deur die Universiteitsbibliotekaris geregistreer is nie.

18. Geen uitreiking van boeke mag geskied gedurende 'n tydperk wat tien minute voor die einde van 'n biblioteekperiode begin nie.
19. (a) Alle publikasies aan leners uitgeleen moet teruggegee word voor die einde van elke Akademiese Semester.
- (b) Enige lener, wat nie aan die einde van die Akademiese Semester enige publikasies wat hy van die Biblioteek geleen het, terug besorg nie, is onderhewig aan 'n boete van R1 per nie-terugbesorgde publikasie, afgesien daarvan of die publikasie later terugbesorg word of nie.
- (c) Indien 'n lener nie 'n publikasie terugbesorg nadat hy onderhewig geword het aan die boete van R1 nie, is hy bowendien aanspreeklik vir die vervangingskoste van die publikasie.
- (d) Enige sodanige lener word, solank hy nie aan die bepalings van hierdie Regulasie voldoen het nie en nadat die boete betaalbaar geword het, geskors van alle gebruik van die Biblioteek, tot hy dit gedoen het.
20. Geen lener mag in enige publikasie wat hy van die Biblioteek geëien het, skryf, of enige merke daarin maak of dit op enige manier beskadig nie en enigiemand wat 'n publikasie aan die Biblioteek terug besorg wat op enige manier beskadig is, is verantwoordelik vir sodanige skade, tensy daarvan 'n aantekening gemaak is op die betrokke leenkaart ten tyde van die uitreiking.

Agterstallige publikasies.

21. 'n Publikasie wat van die Biblioteek geleen is, is agterstallig nadat die leenperiode soos bepaal deur hierdie Regulasies, verstryk het, of as 'n redelike tyd verloop het nadat die boek opgeveer is deur die Universiteitsbibliotekaris.
22. Die boete vir 'n agterstallige publikasie is 5 sent per dag of gedeelte daarvan, onderworpe aan 'n maksimum van R2 per boekdeel. Nadat sodanige maksimum bereik is, is die bepalings van Regulasie 19(d) van toepassing.

Tydskrifte.

23. (a) Tydskrifte mag nie aan leners uitgeleen word nie: Met dien verstande, dat nie meer as vyf volumes ingebinde tydskrifte tegelyk aan personeellede of nagraadse studente uitgeleen mag word nie, vir 'n tydperk van nie meer as twee weke nie.
- (b) Lopende nommers van tydskrifte word in die tydskrifteleessaal uitgestal totdat hulle deur 'n volgende nommer vervang word.
- (c) Gebruikers mag nie tydskrifte van die tydskrifteleessaal verwyder of leen nie, en moet die tydskrifteleessaal uitsluitlik vir die raadpleging van tydskrifte gebruik.
- (d) Hoofde van Departemente mag egter lopende nommers van Gelyste Tydskrifte (voorgestelde plasing op die Lys moet voorgelê word aan die Adviserende Biblioteekkomitee) leen by vertoon van die betrokke kennisgewingstrokie, deur die Universiteitsbibliotekaris uitgereik ten opsigte van elke nommer, aan die tydskriftetoonbank, vir 'n periode van nie meer as drie dae nie.
- (e) Geen gebruiker het toegang tot die tydskrifbewaarploaas nie. Vir enige tydskrif moet die gebruiker by die tydskriftetoonbank aansoek doen, om dit in die tydskrifteleessaal te gebruik, en hy mag sodanige tydskrif nie daaruit verwyder nie, tensy hierdie Regulasies elders daarvoor voorsiening

maak. Die Universiteitsbibliotekaris kan egter na sy oordeel personeellede of nagraadse studente tot die tydskriftebewaarpplaas toelaat.

Inter-Biblioteeklenings.


24. (a) Inter-biblioteekleendienste is beskikbaar vir personeel en nagraadse studente.
- (b) Enige gebruiker wat nalaat om op of voor die vervaldatum enige publikasie wat deur die Biblioteek deur middel van die Interbiblioteekleendiens geleen is, terug te besorg, moet van alle leenvoorregte geskors word tot tyd en wyl hy sodanige publikasie terugbesorg het.
- (c) Indien die gebruik van enige publikasie of ander materiaal op enige wyse deur hierdie Regulasies beperk word, moet sodanige beperking 'n voorwaarde wees vir 'n lening aan 'n biblioteek wat dit van hierdie Biblioteek deur die Inter-biblioteekleendiens leen, en omgekeerd.
- (d) Indien aansoek gedoen word vir 'n tydskrifartikel deur die Inter-biblioteekdiens, en die Biblioteek wat daarom versoek is voorsien hierdie Biblioteek met 'n fotoafdruk van die artikel, moet die aansoeker vir die koste van sodanige fotoafdruk, waarvan hy die eienaar word, betaal.

Spesiale Materiaal.

25. Manuskripte, mikrofilms, mikrokaarte en mikrofiches is slegs vir gebruik in die Biblioteek beskikbaar en mag nie uit die Biblioteek verwyder word nie.

Africanabiblioteek.

26. Publikasies in die Africanabiblioteek mag nie uitgeleen word nie. Sodanige publikasies mag nie uit die Africanabiblioteek verwyder word nie, maar moet daar geraadpleeg word.



University of Port Harcourt
Together in Excellence

AKADEMIESE DRAG

Die akademiese drag van ampsdraers van die Universiteit is soos volg:

1. KANSELIER.

Toga. Swart sy met goudkleurige sy sierbelegsels aan weerskante voor en 'n vierkantige goudkleurige sykraag agter. Die kraag en die sierbelegsels is met swart fluweellint en breë goudgalon omgeboor. Die onderkant van die toga sowel as albei die lang geslote moue is met breë goudgalon omgeboor. Die moue is versier met stroke goudgalon, goue klossies en 'n lang vertikale strook goudgalon. Die mou-opening is met goudgalon omgeboor en aan die bokant van elke mou is daar 'n strook goue borduurwerk. Daar is 'n slip aan die agterkant van die toga om beweging te vergemaklik, wat ook met goudgalon omgeboor is.

Mus. Swart fluweelmus met 'n goue klossie en omboorsel van goudgalon. (Patroon van die Universiteit Rhodes.)

2. VISE-KANSELIER/REKTOR.

Toga Dieselfde as die van die Kanselier, maar met silwergalon in plaas van goudgalon omgeboor.

Mus. Swart fluweelmus met 'n silwer klossie en silwergalon omboorsel. *University of Fort Hare Together in Excellence*

3. VOORSITTER VAN DIE RAAD.

Toga. Swart sy met sierbelegsels van dieselfde materiaal en 'n omboorsel van goudgalon 25 mm. breed reg rondom die skouerstuk voor sowel as agter. Die moue is vierkantig en van dieselfde patroon as die wat deur Presbiteriaanse predikante gedra word (d.w.s. hulle is oop by die voorarmnaat) en is van swart sy met 'n voering van goudkleurige sy.

Mus. Swart fluweelmus met 'n swart klossie en 'n omboorsel van goudgalon.

4. RAADSLEDE.

Toga. Swart vulstof van die patroon vir ongegradeerdes met twee lusse van goue koord (150 mm.) en twee goue knope aan albei kante van die skouerstuk voor. Geen Hoofbedeksel.

5. VOORSITTEER VAN DIE ADVISERENDE RAAD.

Toga. Soos vir die Voorsitter van die Raad, maar die moue is met papawerrooi uitgevoer. (No. 97)

Mus. Soos vir die Voorsitter van die Raad, maar die omboorsel en klossie is papawerrooi.

6. LEDE VAN DIE ADVISERENDE RAAD.

Toga. Soos vir lede van die Raad, maar die lusse en knope is papawerrooi (of so na daaraan as moontlik.)
Geen Hoofbedeksel.

7. REGISTRATEUR.

Toga. Swart koordsy met 'n sierbelegsel 100 mm. breed van swart fluweel voor sowel as om die kraag omgeboor met goudgalon 25 mm. breed. Lang gepunte moue in goue koord gevat, en die wapen van die universiteit.

Mus. Swart fluweelmus met goue klossie.

8. ANDER ADMINISTRATIEWE BEAMPTES.

Toga. By Gradeplegtighede dra ander Administratiewe Beamptes, indien hulle nie gegradueerdes is nie, togas van swart vulstof van die patroon vir ongegradueerdes.

9. GEGRADUEERDES.

Doktor.

Toga. Deeldrag — Magistertoga met die skouerstuk heeltemal omgeboor met goue koord en met 'n goue koord en knoop aan die agterkant van die skouerstuk.

Voldrag — die patroon van die Oxfordse Doktor, met swart sy aan weerskante voor met daarop goudkleurige sypaneel 150 mm. breed en 'n sierbelegsel van 25 mm. in die kenmerkende kleur van die graad. Moue uitgevoer met goudkleurige sy.

Graadband. Volpatroon — D.Litt. et Phil., D.Theol., LL.D., D.Ed., D.Comm., D.Sc. (Landmeetkunde), D.Phil. (M.W.), D.Bibl., D.Sc., D.Admin., D.Sc. (Agric.):
Sy van die kenmerkende kleur van die graad, met goudkleurige sy uitgevoer en omgeboor met verstrengelde swart en goue koord. Die graadkleure is:—

D.Litt. et Phil.	Lasuurblou	(148)
D.Theol.	Pers	(179)
LL.D.	Donkerskarlaken	(186)
D.Ed.	Dowwe pienk	(157)
D.Comm.	Roesbruin	(58)
D.Sc. (Landmeetkunde)	Kanongrys	(42)
D.Phil. (M.W.)	Ysvoëlblou	(164)
D.Bibl.	Ligblou.	(84)
D.Sc.	Silwergrys	(153)
D.Admin.	Beige-pienk	(18)
D.Sc. (Agric.)	Smaraggroen	(213)

Mus. Deeldrag — soos vir Magisters.

Voldrag — Swart fluweelmus met goue klossie.

Magister.

Toga. Patroon van die Oxford M.A., swart vulstof of sy met 'n klein goue knoop en horisontale goue koord op die skouerstuk aan weerskante voor.

Graadband. Volpatroon, swart sy met goudkleurige sy uitgevoer en met, aan die binnekant van die kap, 'n sierbelegsel 75 mm. breed in die kenmerkende kleur van die ooreenstemmende Baccalaureusgraad.

Mus. Soos vir die Baccalaureus.

Honneurs Baccalaureus.

Toga en mus soos vir Baccalaureusgrade.

Graadband. Die graadband vir die ooreenstemmende Baccalaureusgraad, met die toevoeging aan die binnekant bo van goue koord 6 mm. breed.

B.Ed., LL.B.

Toga en mus soos vir B.A.

Graadband. Eenvoudige patroon, swart sy met goud uitgevoer, en aan die binnekant omgeboor met 75 mm. en aan die buitekant met 12 mm. sy van die kenmerkende kleur van die graad, nl.:

B.Ed.	Dowwe pienk	(157)
LL.B.	Donkerskarlaken	(186)

B.A., B.A., (M.W.), B.Bibl., B.Jur., B.Proc., B.Theol., B.Agric., B.Sc., B.Comm., B.Admin., B.Sc. (Landmeetkunde)

Toga. Swart vulstof met gepunte moue wat van die skouer tot die pols oop is, by die pols in 'n klein goue koord en twee knope gevat.

Graadband.

Eenvoudige patroon, swart sy met aan die binnekant bo 'n sierbelegsel 100 mm. breed van goudkleurige sy, wat aan die binnekant omgeboor is met 25 mm. en aan die buitekant met 12 mm. sy van die kenmerkende kleur van die graad, nl.:

B.A.	Lasuurblou	(148)
B.Bibl.	Ligblou	(84)
B.Jur.	Donkerskarlaken	(186)
B.Proc.	Soos vir B.Jur. met 'n bykomende silwer koord 5 mm. wyd aan die buitekant.	
B.Theol.	Pers	(179)
B.Agric.	Appelgroen	(22)
B.Sc.	Silwergrys	(153)
B.Comm.	Roesbruin	(58)
B.Admin.	Beige-pienk	(18)
B.A. (M.W.)	Ysvoëlblou	(164)
B.Sc. (Landmeetkunde)	Kanongrys	(42)

Mus. Swart kledestofmus met 'n klossie van gemengde swart en goue drade.

B.Sc. (Agric.)

Toga en mus soos vir B.A.

Graadband. Soos vir B.Agric., maar omgeboor met 50 mm. smaraggroen (213) sy aan die binnekant en 12 mm. aan die buitekant.

KANSELIER

(1977-1984)

P. E. ROUSSEAU, DVD, M.Sc. (Stell.), D.Sc. (h.c.) (O.V.S. en Stell.), F.I.Chem.E.

WISE-KANSELIER EN REKTOR

Prof. J. M. DE WET, M.Sc. (S.A.), B.Sc.Ing. (Witwatersrand), D.I.C., Ph.D. (Lond.)

WISE-REKTOR

Prof. A. COETZEE, Cand. Theo. (Stell.), M.A. (S.A.), D.Litt. (O.V.S.)



Die Rektor (ampshalwe)
Die Vise-Rektor (ampshalwe)
Deur die Staatspresident benoem

University of Fort Hare
 Together in Excellence

Professor J. M. DE WET

Professor A. COETZEE

Dr. C. H. BADENHORST

Mnr. J. M. CHRISTOPHER

Mnr. R. CINGO

Professor J. J. GERBER (*Voorsitter*)

Dr. C. W. MBETE

Dr. G. DE V. MORRISON, L.V.

Sy Edele Regter G. G. A. MUNNIK

Mnr. D. M. NTUSI

Mnr. P. M. SOBAHLE

Mnr. K. B. TABATA

Professor A. A. THERON

Professor B. DE V. VAN DER MERWE

Professor J. A. VAN EEDEN

Professor G. VAN N. VILJOEN

Mnr. G. J. VAN ZYL

Mnr. H. NABE

Professor G. J. J. VAN RENSBURG

Mnr. I. P. VAN ONSELEN of sy gemagtigde
verteenwoordiger Mnr R. J. RAATHMnr. G. J. ROUSSEAU of sy gemagtigde verteen-
woordiger

Mnr. M. P. POTELWA

Mnr. N. G. SCHEEPERS

*Deur die Senaat gekies**Die Sekretaris van Bantoe-Administrasie
en -Ontwikkeling (ampshalwe)**Die Sekretaris van Bantoe-Onderwys
(ampshalwe)**Die Sekretaris van Onderwys
Transkeise Regering (ampshalwe)**Die Sekretaris van Onderwys
Ciskeise Regering (ampshalwe)**Die Registrateur is ampshalwe Sekretaris van die Raad*

DIE ADVISERENDE RAAD (1974-1977)

Mnr. H. BUBU
Mnr. H. M. CANCA
Mnr. A. DUNJWA
Mnr. S. S. GUZANA
Eerw. G. B. MOLEFE
Mnr. S. MVAMBO
Mnr. H. NABE

Mnr. M. T. NKUNGU
Mnr. D. M. NTUSI (*Voorsitter*)
Mnr. I. SANGOTSHA
Professor J. R. SERETLO
Mnr. H. T. YIBA
Mnr. J. D. ZEKA

KOMITEES VAN DIE RAAD (1974-1977)

Uitvoerende Komitee

Professor J. M. DE WET
Professor J. J. GERBER
Mnr. G. J. ROUSSEAU
Professor A. COETZEE
Professor A. A. THERON

Tugkomitee

Die Rektor
Die Vise-Rektor
Raadsvertegenwoordiger
Adviserende Raadsvertegenwoordiger
Senaatsvertegenwoordigers

Professor J. M. DE WET
Professor A. COETZEE
Moet aangestel word
Mnr. S. MVAMBO
Moet aangestel word
Professor J. B. THOM

Koshuisvaders

Beda
Iona
Wesley
Elukhanyisweni
Oos-kampus
Elitheni

Mnr. O. H. D. MAKUNGA
Mnr. E. MAKHANYA
Mnr. L. M. MBADI
Eerw. N. KATIYA
Mnr. J. W. MAKHENE
Mnr. C. H. T. LALENDLE

Koshuiskomitee


Die Rektor
Die Vise-Rektor
Personeellede

Professor J. M. DE WET
Professor A. COETZEE
Professor M. A. HOUGH
Professor E. H. GRAVEN
Professor J. M. ELS

Koshuisvaders

Beda
Iona
Wesley
Elukhanyisweni
Oos-kampus
Elitheni
Assistent Koshuismoeder vir Elitheni
Spsenier

Mnr. O. H. D. MAKUNGA
Mnr. E. MAKHANYA
Mnr. L. M. MBADI
Eerw. N. KATIYA
Mnr. J. W. MAKHENE
Mnr. C. H. T. LALENDLE
Mev. L. N. MOLAMU
Mnr. P. J. W. POTTAS



University of Fort Hare
Together in Excellence

Finansiële Komitee

Die Rektor
 Die Vise-Rektor
 Die Voorsitter van die Raad
 Twee Senaatsverteenvoordigers in die Raad

Professor J. M. DE WET
 Professor A. COETZEE
 Professor J. J. GEBBER

Adviserend

Die Registrateur
 Assistent Registrateur (Finansies)

Mnr. H. NABE
 Professor G. J. J. VAN RENSBURG

Mnr. H. VAN HUYSTEEN
 Mnr. D. J. JACOBS

Instandhoudingskomitee

Die Rektor
 Die Vise-Rektor
 Een Senaatsverteenvoordiger in die Raad
 Twee lede van die akademiese personeel deur die Raad aangewys

Professor J. M. DE WET
 Professor A. COETZEE

Professor G. J. J. VAN RENSBURG

Die Registrateur
 Die Waarnemende Assistent-Registrateur (Administratief)

Professor J. B. THOM
 Professor S. LINDE
 Mnr. H. VAN HUYSTEEN

Tegniese Superintendent

Mnr. H. P. DE GOEDE

Mnr. A. FRENCH

Xhosa Woordeboekkomitee

Rektor, Fort Hare
 Die Vise-Rektor, Fort Hare
 Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
 Die Voorsitter van die Raad
 Universiteit van Kaapstad
 Universiteit van Suid-Afrika
 Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
 Lovedale Pers
 Transkei Regering
 Ciskei Regering
 Direkteur, Xhosa Woordeboek Projek
 Raadsverteenvoordiger

Professor J. M. DE WET
 Professor A. COETZEE

Dr. P. M. ROBERTSE
 Professor J. J. GERBER
 Professor E. O. J. WESTPHAL
 Professor J. A. LOUW
 Professor A. COETZEE
 Die Bestuurder
 Mnr. D. M. NTUSI
 Mnr. S. QABA
 Professor H. W. PAHL
 Mnr. H. NABE

Xhosa Woordeboek Uitvoerende Komitee

Professor J. M. DE WET
 Professor A. COETZEE
 Professor H. W. PAHL
 Verteenvoordiger van Lovedale Pers

Uitvoerende Sportkomitee

Die Rektor
 Voorsitter
 Ondervoorsitter
 Addisionele lid
 Personeellid deur Raad aangestel
 Drie verteenwoordigers van studente sportklubs (1977)
 Die Sport- en Ontspanningsbeampte is samphalwe Sekretaris

Professor J. M. DE WET
 Professor A. COETZEE (1974-76)
 Professor J. R. SERETLO (1974-76)
 Professor E. W. GIESEKKE (1974-76)
 Mnr. H. NABE (1974-76)

Vakant

**GESAMENTLIKE KOMITEES VAN DIE RAAD EN SENAAAT
(1974-1977)**

Beurskomitee

Die Rektor	Professor J. M. DE WET
Die Vise-Rektor	Professor A. COETZEE
Raadsverteenvoordiger	Professor G. J. J. VAN RENSBURG
Die Studentedekaan (<i>ampshalwe</i>)	Mnr. H. NABE
Fakulteitsverteenvoordigers:	
Teologie	Ds. G. THOM
Regte	Mnr. G. S. WOOD
Lettere en Wysbegeerte	Professor J. M. ELS
Natuurwetenskappe	Professor S. LINDE
Opvoedkunde	Professor J. A. T. WENTZEL
Ekonomiese Wetenskappe	Mnr. E. BEGEMANN
Landbou	Mnr. S. J. DE SWARDT
Gekoöpteerde Lid	Mnr. E. M. MAKHANYA

Geboue-uitbreidingskomitee

Die Rektor	Professor J. M. DE WET
Die Vise-Rektor	Professor A. COETZEE
Raadsverteenvoordiger	Professor G. J. J. VAN RENSBURG
Senaatsverteenvoordigers	Moet aangestel word
	Moet aangestel word
	Professor J. B. THOM



University of Port Harcourt
Together in Excellence

Assessorlede

Verteenvoordigers van die
Departement van Bantoe Onderwys

Mnr. G. J. ROUSSEAU
Mnr. G. EHLERS
Mnr. D. MARSHALL
Mnr. H. VAN HUYSTEEN
Mnr. A. FRENCH

Die Registrateur
'Tegniese Superintendent

Eregradekomitee

Die Rektor	Professor J. M. DE WET (<i>Voorsitter</i>)
Die Vise-Rektor	Professor A. Coetzee
Die Voorsitter van die Raad	Professor J. J. GERBER
Twee Raadslede:	Sy Edele G. G. A. MUNNIK
	Mnr. R. CINGO
Twee Adviesraadslede	Mnr. M. T. NKUNGU
	Mnr. H. T. YIBA
Drie Senaatslede	Professor P. A. DUMINY
	Professor J. R. SERETLO
	Moet aangestel word

Beheerkomitee van die Rekenaarsentrum

Die Rektor	Professor J. M. DE WET (<i>Voorsitter</i>)
Die Vise-Rektor	Professor A. COETZEE
Die Registrateur	Mnr. H. VAN HUYSTEEN
Raadsverteenvoordiger	Professor G. J. J. VAN RENSBURG
Senaatsverteenvoordiger	Professor K. N. GREGGOR
Bestuurder van die Rekenaarsentrum	Mnr. M. SAINSBURY

DIE SENAAAT

Die Rektor, Professor J. M. DE WET (*Voorsitter*)Die Vise-Rektor, Professor A. COETZEE (*Vise-Voorsitter*)

Professor E. BATSON
 Professor D. L. BROWN
 Professor C. G. COETZEE
 Professor E. J. DE JAGER
 Professor B. H. DOWNING
 Professor P. A. DUMINY
 Professor J. P. A. DU PREEZ
 Professor L. EEKHOUT
 Professor M. C. EKSTEEN
 Professor J. M. ELS
 Professor E. W. GIESSEKKE
 Professor E. H. GRAVEN
 Professor K. N. GREGGOR
 Professor G. GRUBER
 Professor F. HECHT
(b) die subminimum wat vir enige bepaalde deel van die eksamen voorgeskryf is, behaal.

G.13. 'n Besitter van 'n diploma of sertifikaat, of 'n besitter van 'n graad, wat slegs een kursus moet voltooi om as kandidaat vir 'n graad, respektiewelik nog 'n graad, te kwalifiseer, kan hom, met vergunning van die Senaat, vir eksamen aanmeld, hetsy gedurende 'n gewone eksamenperiode of 'n hereksamenperiode: Met dien verstande dat toestemming om hom gedurende 'n hereksamenperiode aan te meld slegs onder buitengewone omstandighede verleen sal word.

Vrystellings.

G.14. (1) Die Senaat kan, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat hy mag neerleë, vrystelling aan 'n student verleen ten opsigte van 'n kursus wat hy vir 'n ander graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit voltooi het: Met dien verstande dat sodanige student nie tot 'n baccalaureusgraad toegelaat sal word nie tensy—

(a) hy goedgekeurde kursusse vir so 'n graad bygewoon het, soos volg:—

(i) vir die graad Baccalaureus Educationis, minstens gedurende die finale akademiese jaar;

(ii) vir die graad Baccalaureus Legum, minstens die finale twee akademiese jare;

(iii) vir enige ander baccalaureusgraad, minstens die helfte van die totale aantal kursusse voorgeskryf vir die graad;

(b) hy sodanige eksamens geslaag het as wat die Senaat mag voorskryf; en

(c) hy in alle ander opsigte aan die vereistes vir die graad voldoen.

(2) Ondanks die bepalings van subparagraaf (1) mag 'n student nie 'n vak as hoof- of belangrikste vak vir 'n graad kies wat hy as hoofvak vir 'n ander graad geneem het nie.

Erkenning.

G.15. (1) Behoudens andersluidende bepalings ontvang 'n student erkenning vir elke kursus wat hy voltooi: Met dien verstande dat die reëls vir 'n graad mag neerlê dat 'n student nie tot die tweede of latere studiejaar in 'n bepaalde vak, of enige vak hoegenaamd, mag voortgaan nie, alvorens hy die minimum aantal vakke wat vir die doel voorgeskryf word, voltooi het.

(2) 'n Student ontvang nie erkenning vir die finale kursus van 'n vak wat in die reëls vir 'n graad as 'n hoofvak omskryf word nie, tensy hy hom by die eerste poging gelyktydig vir eksamen in die finale kursusse van twee sulke vakke aanmeld nie: Met dien verstande dat hy erkenning ontvang vir die finale kursus van een hoofvak as hy dit by die eerste poging of daarna voltooi.

Kursusse vir nie-graaddoeleindes (NGD) bygewoon.

G.16. (1) Die Senaat kan 'n persoon, hetsy 'n gematrikuleerde of andersins, toelaat om as geleentheidstudent vir 'n kursus of kursusse in te skryf anders dan as kandidaat vir 'n graad, en onderhewig aan die voorwaardes wat hy voorgeskryf het of mag voorskryf.

(2) Die Senaat kan 'n student wat vir 'n graad ingeskryf is, toelaat om vir 'n kursus of kursusse in te skryf anders dan as deel van sy leergang, en bykomend daaraan, onderhewig aan die voorwaardes wat hy voorgeskryf het of mag voorskryf.

(3) Behoudens die bepalings van paragraaf G.14. kan die Senaat aan 'n student erkenning vir graaddoeleindes verleen ten opsigte van een of meer kursusse wat hy ingevolge die bepalings van subparagraaf (1) of (2) of albei voltooi het, onderhewig aan die voorwaardes wat hy voorgeskryf het of mag voorskryf: Met dien verstande dat sodanige erkenning nie verleen word nie tensy, gedurende alle toepaslike tydperke—

- (a) hy behoorlik gekwalifiseerd was om vir die betrokke graad in te skryf; en
- (b) sodanige kursus deel van 'n goedgekeurde leergang vir die graad kon gewees het.

C. ALGEMENE REËLS VIR HONNEURS-BACCALAUREUSGRADE

G.17. Niemand word as kandidaat vir 'n honneurs-baccalaureusgraad toegelaat nie tensy hy—

- (a) tot 'n baccalaureusgraad van die Universiteit toegelaat is; of
- (b) 'n gegradueerde is van 'n ander universiteitsinrigting of van 'n universiteit buite die Republiek en tot die status van baccalaureus aan die Universiteit toegelaat is; of
- (c) aan 'n ander universiteitsinrigting of aan 'n universiteit buite die Republiek of aan 'n ander instelling wat deur die Senaat as gelykstaande met die Universiteit beskou word, geslaag het in eksamens wat na die oordeel van die Senaat gelykwaardig is met, of hoër is as, die eksamens wat voorgeskryf word vir 'n baccalaureusgraad van die Universiteit.

G.18. Iemand wat as kandidaat vir 'n honneursgraad toegelaat wil word, moet skriftelik by die Registrateur aansoek doen met vermelding van sy kwalifikasies en van die departement waarin hy wil studeer.

G.19. Behoudens sy algemene bevoegdheid om 'n applikant toe te laat of andersins, kan die Senaat vereis dat sy bekwaamheid ten opsigte van die onderwerp van sy voorgenome studierigting getoets word indien hy of—

- (a) die kwalifikasie waarop sy aansoek gegrond word, aan 'n ander universiteit of inrigting behaal het; of
- (b) 'n gegradueerde van die Universiteit is en nie die vak as 'n hoofvak in sy voorgaande leergang ingesluit het nie.

Duur van kursus.

G.20. Die honneurskursus strek oor minstens een akademiese jaar voltydse studie, maar indien deur die reëls in 'n besondere fakulteit toegelaat, kan 'n kandidaat, met verlof van die hoof van die betrokke departement, die kursus in twee dele, elk waarvan oor een akademiese jaar strek, bywoon en voltooi.

Byvake.

G.21. Die Senaat kan vereis dat 'n kandidaat gespesifiseerde byvake bo en behalwe die honneurskursus bywoon, en kan ook vereis dat hy sulke kursusse by eksamen voltooi alvorens hy hom vir enige gespesifiseerde gedeelte van die honneurseksamen aanmeld.

Toetse in vreemde tale.

G.22. Die Senaat kan vereis dat 'n kandidaat in 'n toets in 'n goedgekeurde moderne vreemde taal slaag.

Eksamen.

G.23. (1) Die honneurseksamen bestaan uit—

- (a) minstens vier en hoogstens ses vraestelle met inbegrip van mondelinge en praktiese vraestelle: Met dien verstande dat die aantal mondelinge vraestelle nie dié wat die reëls vir die graad bepaal mag oorskry nie;
- (b) die eksamen wat benodig word om die in paragraaf G.21 voorgeskrewe byvake indien enige, te voltooi; en
- (c) sodanige toets in 'n vreemde taal, indien enige, wat kragtens paragraaf G.22 vereis word.

(2) Die eksamen vind plaas—

- (a) in die geval van 'n honneurskursus wat as 'n geheel geneem word: na afloop van die kursus; of
 - (b) in die geval van 'n honneurskursus wat in twee dele geneem word: soos deur die Senaat bepaal, mits elke deel, sover doenlik, deur ongeveer die helfte van die vraestelle gedek word.
- (3) Om in die honneurseksamen te slaag, moet 'n kandidaat die volgende behaal:
- (a) 'n groot totaal van minstens 50% van die punte in al die vraestelle genoem in subparagraaf (1) (a);
 - (b) sodanige subminimum as wat die Senaat vir enige vraestel mag voorskryf; en
 - (c) die slaagpunt in elke ander eksamen of toets genoem in subparagraaf (1).

Hereksamen.

G.24. (1) Behalwe met vergunning van die Senaat mag 'n kandidaat hom nie meer as twee maal vir eksamen in dieselfde departement aanmeld nie.

(2) As 'n kandidaat in 'n eksamen of toets genoem in paragraaf 23(1)(b) of (c) druip, maar die standaard wat die Senaat vir die doel voorskryf, behaal, kan hy hom na afloop van sodanige tydperk as wat die Senaat vir die doel neerlê vir hereksamen daarin aanmeld.

Onderskeiding.

G.25. Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat in die eksamen die standaard wat in die reëls vir die betrokke honneurs graad neergelê word, behaal.

D. ALGEMENE REËLS VIR MAGISTERGRADE*Toelating.*

- G.26. Niemand word as kandidaat vir 'n magistergraad toegelaat nie, tensy hy—
- (a) tot 'n honneurs-baccalaureusgraad van die Universiteit toegelaat is; of
 - (b) tot 'n nagraadse baccalaureusgraad van die Universiteit toegelaat is; of
 - (c) in besit is van 'n nagraadse diploma, soos voorgeskryf deur die reëls van enige fakulteit.
 - (d) 'n gegradueerde is van 'n ander universiteitsinrigting of van 'n universiteit buite die Republiek en tot die status van 'n houër van een van die in (a) of (b) hierbo bedoelde kwalifikasies toegelaat is; of
 - (e) aan 'n ander universiteitsinrigting of aan 'n universiteit buite die Republiek of aan 'n ander instelling wat deur die Senaat as gelykstaande met die Universiteit beskou word, geslaag het in eksamens wat na die oordeel van die Senaat gelykwaardig is met, of hoër is as 'n ander eksamens wat voorgeskryf word vir een van die in (a) of (b) hierbo bedoelde kwalifikasies.

G.27. Iemand wat as 'n kandidaat vir 'n magistergraad toegelaat wil word, moet skriftelik by die Registrateur aansoek doen met vermelding van sy kwalifikasies en, waar toepaslik, die titel van sy voorgenoemde verhandeling en 'n kort uiteensetting van sy navorsingsmetodes.

G.28. Behoudens sy algemene bevoegdheid om 'n applikant toe te laat of andersins, kan die Senaat vereis dat 'n applikant se bekwaamheid t.o.v. sy studierigting getoets word.

Minimum inskrywingstydperk.

G.29. 'n Kandidaat moet oor 'n tydperk van minstens een akademiese jaar, gevorderde studie of navorsing of albei onderneem onder toesig van 'n studieleier wat die Senaat benoem.

Vorderingsvereistes en voorsiening vir kanselliasie.

G.30. Die Senaat kan te eniger tyd die inskrywing van 'n kandidaat wat na sy mening nie bevredigende vordering met sy studies maak nie, kanselleer.

G.31. Indien 'n kandidaat sy studies nie binne 'n tydperk van vyf jaar sedert sy inskrywing voltooi nie, kan die Senaat weier om sy inskrywing te hernieu of kan hy dit hernieu onderhewig aan die voorwaardes wat hy na goëddunke mag neerlê.

Eksamen.

G.32. 'n Kandidaat moet òf—

- (a) 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp indien; òf
- (b) hom aanmeld vir 'n eksamen wat uit minstens twee skriftelike vraestelle bestaan; òf
- (c) 'n verhandeling indien en hom daarbenewens aanmeld vir 'n skriftelike of mondelinge eksamen soos deur die Senaat bepaal op aanbeveling van die betrokke Fakulteitsraad.

Hereksamen.

G.33. Behalwe met vergunning van die Senaat mag 'n kandidaat hom nie meer as twee maal vir eksamen aanmeld nie.

Verhandeling.

G.34. 'n Kandidaat wat die graad by 'n bepaalde gradeplegtigheid wil ontvang, moet die Registrateur nie later nie as twee weke voor die laaste Fakulteitsvergadering van die vorige jaar in kennis stel van sy voorneme om sy verhandeling in te dien, en moet dit nie later nie as 31 Desember van daardie jaar of, met spesiale toestemming van die departementshoof, nie later nie as 31 Januarie indien: Met dien verstande dat hierdie nie geld as 'n waarborg deur die Universiteit dat die verhandeling betyds vir die komende gradeplegtigheid geëksamineer sal word nie.

G.35. 'n Kandidaat mag nie 'n verhandeling indien nie, tensy dit vergesel word van 'n skriftelike verklaring deur sy studieleier waarin toestemming om die verhandeling in te dien, verleen word, Om so 'n verklaring uit te reik, verbind die studieleier hom nie om die toekenning van die graad aan te beveel nie.

G.36. Vir die doel van eksaminering dien 'n kandidaat drie eksemplare van sy verhandeling in. Nadat die verhandeling goedgekeur is, en voordat die graad toegeken word, dien hy nog sewe eksemplare in, tensy spesiale verlof om 'n kleiner aantal in te dien, verleen is.

G.37. (1) 'n Verhandeling moet in dubbelspasiëring getik en behoorlik ingebind wees, tansy vrystelling van hierdie vereiste verleen word.

(2) Die titelblad van 'n verhandeling moet soos volg daar uitsien:

1. (die volle titel van die verhandeling).....
2. deur (die volle naam van die kandidaat).....
3. ingedien ter vervulling/gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Magister.....in die Fakulteit.....van die Universiteit van Fort Hare.
4. datum van indiening.

G.38. (1) Geen verhandeling word aangeneem nie indien dit voorheen vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is, maar materiaal uit bestaande publikasies mag in die verhandeling ingesluit word mits die regmatige erkenning daarvoor gegee word.

(2) 'n Kandidaat moet saam met sy verhandeling 'n eksemplaar indien van elke verhandeling deur hom vir 'n ander graad aangebied, hetsy dit aanvaar is of nie.

G.39. 'n Verhandeling word nie goedgekeur nie tensy dit bewys lewer van die kandidaat se kennis van navorsingsmetodes en-tegnieke. Die taal moet suiwer wees en die tegniese afwerking bevredigend.

Onderskeiding.

G.40. 'n Magistergraad kan met onderskeiding toegeken word aan 'n kandidaat wat volgens die oordeel van die Senaat die vereiste standaard behaal het.

Publikasie.

G.41. Indien 'n gedeelte van die voorgelegde verhandeling op die datum van indiening nie tot bevrediging van die Universiteit gepubliseer word of is nie, het die Universiteit die reg om die werk in sy geheel of gedeeltelik vir navorsingsdoeleindes te reproduseer. Die Universiteit kan van hierdie reg afstand doen, mits die kandidaat bevredigende reëlings tref om die werk te publiseer.

E. ALGEMENE REËLS VIR DOKTORSGRADE

Toelating.

G.42. Behalwe waar die reëls in 'n besondere fakulteit dit anders vereis, sal 'n persoon nie as kandidaat vir 'n doktorsgraad toegelaat word tensy hy—

- (a) tot 'n magistergraad van die Universiteit toegelaat is; of
- (b) 'n gegraadueerde is van enige ander universiteitsinrigting of van 'n universiteit buite die Republiek en tot die status van magister aan die Universiteit toegelaat is; of
- (c) aan 'n ander universiteitsinrigting of aan 'n universiteit buite die Republiek, of aan 'n ander instelling wat deur die Senaat as gelykstaande met die Universiteit beskou word, geslaag het in eksamens wat na die oordeel van die Senaat gelykwaardig is met, of hoër is as, die eksamens wat voorgeskryf word vir die magistergraad van die Universiteit.

G.43. Iemand wat as 'n kandidaat vir 'n doktorsgraad toegelaat wil word, moet skriftelik by die Registrateur aansoek doen met vermelding van sy kwalifikasies, en in die geval van 'n aansoek, ingevolge klousule (a) van paragraaf G.45, die titel van sy voorge-
 nomme proefskrif en 'n kort uiteensetting van sy navorsingsmetodes.

G.44. Behoudens sy algemene bevoegdheid om 'n applikant toe te laat of andersins, kan die Senaat vereis dat 'n applikant se bekwaamheid ten opsigte van sy studierigting getoets word.

Wyse waarop 'n graad mag verkry word.

G.45. Die graad mag verkry word of—

- (a) deur middel van navorsing op 'n goedgekeurde onderwerp onder leiding van 'n promotor wat deur die Senaat benoem is; of
- (b) op grond van verdienstelike publikasies mits dit in die betrokke fakulteitsreëls bepaal word.

Voorstening vir kansellasië.

G.46. Die Senaat mag te eniger tyd die inskrywing van 'n kandidaat wat na sy mening nie bevredigende vordering met sy studies maak nie, kanselleer.

Eksamen.

G.47. (1) 'n Kandidaat wat ingevolge die bepalings van klousule (a) van paragraaf G.45, toelating verkry het, moet 'n proefskrif oor die goedgekeurde onderwerp indien en, indien die Fakulteitsreëls dit voorskryf of die eksamenkommissie dit verlang, 'n mondelinge eksamen aflê oor die onderwerp van die proefskrif of die betrokke vak as geheel.

(2) 'n Kandidaat, wat ingevolge die bepalings van klousule (b) van paragraaf G.45 toelating verkry het, moet sy publikasies vir eksamen voorlê in wêlke geval die vereistes vir die voorlegging van 'n proefskrif *mutatis mutandis* van toepassing is.

G.48. (1) Geen kandidaat mag 'n proefskrif indien nie tensy sy promotor die Senaat in kennis gestel het dat hy 'n bevredigende kennis van die vak as geheel besit.

(2) Die Senaat mag 'n program van studie voorskryf wat die kandidaat moet bywoon en by eksamen voltooi voordat hy sy proefskrif mag indien.

Hereksamen.

G.49. Behalwe met vergunning van die Senaat mag geen kandidaat hom meer as twee maal vir die eksamen aanmeld nie.

Proefskrif.

G.50. 'n Kandidaat wat die graad by 'n bepaalde gradeplegtigheid wil ontvang, moet die Registrateur nie later nie as twee weke voor die laaste Fakulteitsvergadering van die vorige jaar in kennis stel van sy voorneme om sy proefskrif in te dien, en moet dit nie later nie as 31 Desember van daardie jaar of, met spesiale toestemming van die departementshoof, nie later nie as 31 Januarie indien: Met dien verstande dat hierdie nie geld as 'n waarborg deur die Universiteit dat die proefskrif betyds vir die komende gradeplegtigheid geëksamineer sal word nie.

G.51. Vir die doel van eksaminering dien 'n kandidaat drie eksemplare van sy proefskrif in. Nadat die proefskrif goedgekeur is, en voordat die graad toegeken word, dien hy nog sewe eksemplare in, tensy spesiale verlof om 'n kleiner aantal in te dien, verleen is.

G.52. By voorlegging moet die proefskrif vergesel wees van 'n verklaring deur die kandidaat oor die mate waarin dit, in opset sowel as uitvoering, die kandidaat se eie werk is.

G.53. (1) 'n Proefskrif moet in dubbelspasiëring getik en behoorlik ingebind wees, tensy vrystelling van hierdie vereiste verleen word.

(2) Die titelblad van 'n proefskrif moet die volgende besonderhede bevat.

1. (die volle van die proefskrif).....
2. deur (die volle naam van die kandidaat)
3. voorgelê ter vervulling/gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Doktor van.....in die Fakulteit van.....van die Universiteit van Fort Hare.
4. Promotor..... *Together in Excellence*
5. Datum van indiening.....

G.54. (1) Geen proefskrif word aangeneem nie indien dit voorheen vir 'n graad aan 'n anderuniversiteit ingedien is, maar materiaal uit bestaande publikasies mag in die proefskrif ingesluit word, mits die regmatige erkenning daarvoor gegee word.

(2) 'n Kandidaat moet saam met sy proefskrif 'n eksemplaar indien van elke proefskrif of verhandeling voorheen deur hom vir t ander graad aangebied, hetsy dit aanvaar is of nie.

G.55. 'n Proefskrif word nie goedgekeur nie tensy dit bewys lewer van oorspronklike werk deur die kandidaat gedoen en 'n besliste bydrae tot die kennis van en insig in die vak is.

Publikasie.

G.56. Indien 'n gedeelte van die voorgelegde proefskrif op die datum van indiening nie tot bevrediging van die Universiteit gepubliseer word nie, het die Universiteit die reg om die werk in sy geheel of gedeeltelik vir navorsingsdoeleindes te reproduseer. Die Universiteit kan van hierdie reg afstand doen, mits die kandidaat bevredigende reëlings tref om die werk te publiseer.

F. ALGEMENE REËLS VIR DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

G.57. Die algemene reëls vir alle grade en die reëls vir 'n baccalaureusgraad is *mutatis mutandis* van toepassing op alle diplomas en sertifikate deur die Universiteit toegeken: Met dien verstande dat reëls wat betrekking het op matrikulasie as 'n voorvereiste vir toelating, nie van toepassing is op diplomas en sertifikate wat nie matrikulasie vereis nie.

Fakulteit Teologie

Grade en Diplomas

- Th.1. (1) Die volgende grade word in die Fakulteit toegken:
 Baccalaureus Theologiae.....B.Theol.
 Honneurs-Baccalaureus Theologiae.....B.Theol. (Hons.)
 Magister Theologiae.....M. Theol.
 Doctor Theologiae.....D.Theol.
- (2) Die volgende voorgraadse diploma word in die Fakulteit toegeken:
 Diploma in Teologie.

Die fakulteitsreëls wat hierop volg moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die regulasies en die algemene reëls gelees word.



Die Graad Baccalaureus Theologiae

Leergang

Th.2. (1) Die leergang strek oor drie of vier jaar voltydse studie en behels die volgende kursusse:

- (a) Ou en Nuwe Testament I, II en III (Verpligte hoofvak).
 (b) Sistematiese Teologie I, II en III (Tweede hoofvak).
 en

Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I en II.

of

(c) Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I, II en III
 (Tweede hoofvak)

en

Sistematiese Teologie I en II

- (d) Wysbegeerte van die Godsdienst en Vergelykende Godsdienst I
 (e) Grieks I B
 (f) Pastorale Teologie I
 (g) Hebreeus I

(2) Daarbenewens moet 'n student Grieks IA voltooi, tensy aan hom vrystelling daarvan verleen word deur die Hoof van die Departement Grieks.

Drie jaar leergang

Th.3. (1) Die volgende kursusse word vir die eerste studiejaar van die drie jaar leergang aanbeveel:

- (i) Ou en Nuwe Testament I
 (ii) Die eerste kursus van die tweede hoofvak.
 (iii) en (iv) Twee ander kursusse gekies uit die lys in subparagraaf Th.2(1).

(2) 'n Student sal nie tot enige van die voorgeskrewe kursusse vir die tweede studiejaar toegelaat word nie voordat hy minstens twee van die kursusse waarna in subparagraaf (1) verwys word, voltooi het.

Th.4. Die volgende kursusse word vir die tweede studiejaar van die drie jaar leergang aanbeveel:

- (i) Ou en Nuwe Testament II
- (ii) Die tweede kursus van die tweede hoofvak.
- (iii), (iv) en (v) Drie ander kursusse gekies uit die lys in subparagraaf Th.2.(1).

Th.5. Die volgende kursusse word vir die derde studiejaar van die drie jaar leergang aanbeveel:


- (i) Ou en Nuwe Testament III
- (ii) Die derde kursus van die tweede hoofvak
- (iii) Die oorblywende vak wat nog nie uit die lys in Subparagraaf Th.2.(1) geneem is nie.

Vier jaar leergang

Th.6. (1) Die volgende kursusse word vir die eerste studiejaar van die vier jaar leergang aanbeveel:

- (i) Hebreeus I
- (ii) Wysbegerte van die Godsdiens en Vergelykende Godsdiens I
- (iii) Grieks IA.

(2) 'n Student sal nie tot enige van die voorgeskrewe kursusse vir die tweede studiejaar toegelaat word nie voordat hy minstens twee van die kursusse waarna in subparagraaf (1) verwys word voltooi het.



University of Fort Hare
Excellence

Th.7. Die volgende kursusse word vir die tweede studiejaar van die vier jaar leergang aanbeveel:

- (i) Ou en Nuwe Testament I
- (ii) Die eerste kursus van die tweede hoofvak.
- (iii) en (iv) Twee ander kursusse gekies uit die lys in subparagraaf Th.2.(1).

Th.8. Die volgende kursusse word vir die derde studiejaar van die vier jaar leergang aanbeveel:

- (i) Ou en Nuwe Testament II
- (ii) Die tweede kursus van die tweede hoofvak.
- (iii) Een ander kursus gekies uit die lys in subparagraaf Th.2.(1).

Th.9. Die volgende kursusse word vir die vierde studiejaar van die vier jaar leergang aanbeveel:

- (i) Ou en Nuwe Testament III
- (ii) Die derde kursus van die tweede hoofvak.
- (iii) Die oorblywende vak wat nog nie uit die lys in subparagraaf Th.2.(1) geneem is nie.

Th. 10.(1) Om 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die vereistes soos nergelê in die algemene reëls vir die baccalaureusgraad en 'n subminimum van minstens 35% in elke vraestel behaal.

(2) Die jaarpunt en eksamenpunt sal in gelykstaande verhoudings gekombineer word.

Aanvullende eksamens

Th.11. 1. 'n Student in sy eerste studiejaar word toegelaat tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus waarin hy gedruip het, mits hy die volgende behaal het:


- (a) 'n jaarpunt van minstens 50%;
- (b) minstens 40% van die punte vir die eksamen;
- (c) die slaagsyfer in minstens twee ander kursusse tydens dieselfde eksamen.

2. 'n Student in sy tweede studiejaar word toegelaat tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus waarin hy gedruip het, mits hy die volgende behaal het:

- (a) 'n jaarpunt van minstens 50%;
- (b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en die eksamen gesamentlik;
- (c) die slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen.

3. 'n Student in sy derde studiejaar word toegelaat tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus waarin hy gedruip het—

- (a) in die finale kursus van 'n hoofvak, mits hy die volgende behaal:—
 - (i) 'n jaarpunt van minstens 50%;
 - (ii) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en eksamen gesamentlik en ook die finale kursus van sy ander hoofvak voltooi het.
- (b) in een ander kursus, mits dit die laaste oorblywende vereiste vir sy graad is.



Onderskeiding

Th.12. 'n Student slaag met onderskeiding indien hy 'n eksamenpunt van minstens 75% in die derde kursus van die betrokke vak behaal.

Die Graad Honneurs Baccalaureus Theologiae

Toelating

Th.13. (1) 'n Persoon kwalifiseer nie as kandidaat vir die graad Baccalaureus Theologiae Honneurs nie tensy hy:

- (a) toegelaat is tot die B.Theol.-graad of die status van Baccalaureus Theologiae aan die Universiteit; of
- (b) toegelaat is tot die B.A.-graad aan die Universiteit met Bybelkunde en Sistematiese Teologie as hoof vakke; of
- (c) toegelaat is tot die status van Baccalaureus Artium aan die Universiteit op grond van sy besit van die graad Baccalaureus Artium van 'n ander universiteit met Bybelkunde en Sistematiese Teologie as hoofvakke; of
- (d) ingevolge paragraaf G.17 (c) van die algemene reëls vir die graad Honneurs-Baccalaureus Artium kwalifiseer.

(2) 'n Persoon in besit van sodanige B.A.-graad word nie as kandidaat vir die graad toegelaat nie tensy—

- (a) hy voldoen aan die taalvereistes vir die graad Baccalaureus Theologiae;
- (b) hy erkenning verkry het vir Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I, Pastorale Teologie I en Wysbegeerte van die Godsdienst en Vergelykende Godsdienst I.

(c) hy 'n aanvullende toets in die voorvereistes vir die betrokke hoofrigting aflê, indien die betrokke departementshoof dit nodig ag.

Duur van kursus

Th.14. Die honneurskursus strek oor minstens twee akademiese jare voltydse studie.

Die honneurskursus

Th.15. (1) Die graad word in een van die volgende hoofrigtings toegeken:

- (i) Ou Testament.
- (ii) Nuwe Testament.
- (iii) Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap
- (iv) Sistematiese Teologie.

(2) Benewens die vak wat as hoofrigting vir honneurs gekies is, moet 'n kandidaat ook die volgende byvakke voltooi :

(a) Kursusse in—

- (i) Pastorale Teologie
- (ii) en (iii) die twee vakke in subparagraaf (1) wat nie vir honneurs as hoofrigting gekies is nie.

(b) die volgende vakke wat die Fakulteit 'Lettere en Wysbegeerte aanbied, tensy vrystelling daarvoor verleen is op grond van reeds voltooide kursusse:

- (i) Hebreeus II, vir die neem van Ou Testamentiese studie.
- (ii) Grieks II, vir die neem van Nuwe Testamentiese studie.

- (iii) Latyn spesiaal
of
Duits spesiaal
of
Hebreeus II
of
Grieks II

Vir die neem van Sistematiese Teologie.

- (iv) Latyn spesiaal
of
Duits spesiaal

Vir die neem van Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap.

(3) 'n Kandidaat in besit van die B.A.-graad met Bybelkunde en Sistematiese Teologie as hoofvakke, moet Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap II gedurende die eerste jaar van die honneurskursus neem.

Eksamen

Th.16. (1) Die eksamen bestaan uit:—

- (a) vyf of ses vraestelle van drie uur elk in die vak wat ingevolge paragraaf Th.15 (1) as hoofrigting vir honneurs gekies is;
- (b) een vraestel van drie uur in elk van die drie byvakke wat ingevolge paragraaf Th. 15 (2) voorgeskryf is.

(2) Hoogstens drie van die vraestelle mag met 'n mondelinge eksamen vervang word.

Th.17. Die Senaat mag vereis dat 'n student al die vraestelle in een eksamen aflê, of dat hy sommige vraestelle aan die einde van die eerste akademiese jaar en die res aan die einde van die tweede akademiese jaar aflê.

Onderskeiding

Th.18. Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n gemiddeld van 75% vir enige vyf vraestelle behaal het.

Die Graad Magister Theologiae

Vir besonderhede aangaande kwalifikasie vir inskrywing, duur van kursus en verhandeling, raadpleeg die Statuut en die algemene reëls vir die magistergraad.

Vakvereistes

Th.19. (1) Die graad kan toegeken word in die vak waarin die kandidaat sy honneursgraad afgelê het.

(2) Bykomend tot die vak wat die kandidaat gekies het, moet hy die volgende voltooi:

- (a) Vir Ou Testamentiese Studie: Hebreeus III of Aramees I of Ugarities I of Akkadies I of Moderne Hebreeus;
- (b) vir Nuwe Testamentiese Studie: Grieks III of Aramees I of Kopties I.
- (c) vir Sistematiese Teologie: Latyn I of Duits I of Grieks II;
- (d) vir Kerkgeskiedenis: Latyn I of Duits I of Latyn spesiaal en Grieks II of Duits spesiaal en Grieks II.
- (e) vir Sendingwetenskap: Duits spesiaal en 'n lees kennis van Nederlands.

Eksamen

Th.20. 'n Kandidaat moet 'n eksamen van vier geskrewe vraestelle van drie uur elk aflê en ook 'n verhandeling wat as vyfde vraestel gemerk sal word, voorlê.

Onderskeiding

Th.21. Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n gemiddeld van 75% vir sy eksamen en sy verhandeling behaal het.

Die Graad Doctor Theologiae

Raadpleeg die Statuut en algemene reëls vir die doktorsgraad.

Diploma in Teologie

Toelating

Th.22. 'n Persoon mag nie as student inskryf nie tensy:

- (a) hy in besit is van die Skooleindsertifikaat (nie laer nie as S2) van die Gesamentlike Matrikulasieraad of 'n sertifikaat wat die Senaat as gelykstaande daarvan erken, of
- (b) Die Senaat oortuig is dat hy op grond van sy volwassenheid bekwaam is om die kursus by te woon.

Duur van leergang.

Th.23. Die kursus strek oor drie of vier jaar voltydse studie.

Samestelling van leergang.

- Th.24. (1) Die leergang behels die volgende kursusse:
 Ou en Nuwe Testament I, II, III.
 Sistematiese Teologie I, II.
 Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I, II.
 of Sistematiese Teologie III of
 Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap III.
 Wysbegeerte van die Godsdienst en Vergelykende Godsdienst I.
 Grieks I, of Hebreeus I, of Sosiale Antropologie I, of
 Sielkunde I, of Xhosa I.
- (2) 'n Student mag nie meer as vyf kursusse in enige akademiese jaar neem nie.



Vraestel 1: Taal.

- (a) Beginsels van die Hebreeuse grammatika (skrif, klankleer, aksente, naamvalle van die voornaamwoord, sterk selfstandige naamwoord, onreëlmatige selfstandige naamwoord, lidwoorde, telwoorde tot 100 en sterk werkwoorde met werkwoordelike byvoegsels)
- (b) Eenvoudige vertalings uit en in Hebreeus.

Vraestel 2: Agtergrond.

- (Studente, wat Bybelkunde I geslaag het, is vrygestel van vraestel 2).
- (a) 'n Oorsig van Bybelse Oudheidkunde.
- (b) Israëlitiese geskiedenis en die antieke Nabye Oosterse agtergrond daarvan vanaf die begin tot op die verwoesting van die Eerste Tempel.
- (c) Oorsig van Bybelse Aardrykskunde.

Kursus II

(Twee vraestelle)

Vraestel 1: Taal en teks.

- (a) Beginsels van die Hebreeuse grammatika (swak werkwoorde en selfstandige naamwoorde daarvan afgelei, vergelykings, lidwoorde) met vertalings uit en in Hebreeus.
- (b) Beginsels van Hebreeuse sinsleer, met toepaslike oefeninge.
- (c) Taalkundige studie van ses hoofstukke uit die historiese, ses hoofstukke uit die profetiese en ses hoofstukke uit die wysheidsliteratuur van die Ou Testament met oefeninge in teks kritiek.

Vraestel 2: Agtergrond.

- (Studente, wat Bybelkunde II geslaag het, is vrygestel van vraestel 2)
- (a) Die aard van die Hebreeuse taal en denke.
- (b) Die geskiedenis van die Jode vanaf die verwoesting van die Eerste Tempel tot die verwoesting van die Tweede Tempel.

Kursus III

(Twee vraestelle)

Vraestel 1: Taal.

(a) Kenmerke van die Hebreuse taalkunde en 'n inleiding tot die Semitiese taalwetenskap.

(b) 'n Studie van Qumran dokumente.

Vraestel 2: Aramees I of Ugarities I of Kopties I of Akkadies I of Moderne Hebreus.

(a) Inleidende grammatika en oorsig van die Letterkunde van een van bogenoemde tale.

(b) Vertaling van voorbereide en onvoorbereide tekste in Engels of Afrikaans.

(Kandidate wat een van bogenoemde bykomstige tale op 'n eenjarige basis neem, skryf slegs vraestel twee).

GRIEKS

Sien Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

OU EN NUWE TESTAMENT

(Vir B.Theol.)

Kursus I

Vraestel 1: Ou Testament

(a) Algemene inleiding tot die bestudering van die Ou Testament (Teks en Kanon).

(b) Taak, geskiedenis en metode van Ou Testamentiese inleiding.

(c) Spesiale inleiding tot die Ou Testamentiese Letterkunde I (Pentateuch en vroeë profete).

Vraestel 2: Nuwe Testament

(a) Algemene Inleiding tot die bestudering van die Nuwe Testament (Teks en kanon in die algemeen).

(b) Die Nuwe Testamentiese boodskap in breë trekke.

(c) Spesiale inleiding tot die Nuwe Testamentiese literatuur, deel I (Evangelies en Handeling).

Kursus II

Vraestel 1 Ou Testament

(a) Die Profetiese beweging.

(b) Spesiale inleiding tot die Ou Testamentiese letterkunde II: Die profete voor eksiliese en na eksiliese.

(c) Inleiding tot die letterkundige vorms en tipes van die Ou Testament.

(d) Ou Testamentiese Teologie (Deel I).

Vraestel 2: Nuwe Testament

(a) Die Nuwe Testamentiese Apostel.

(b) Spesiale inleiding tot die Nuwe Testamentiese literatuur, deel II (Die Pauliniese Briewe).

(c) Inleiding tot die letterkundige vorms en tipes van die Nuwe Testament.

(d) Nuwe Testamentiese Teologie, deel I.

Kursus III**Vraestel 1: Ou Testament**

- (a) Tydperk na die Ballingskap: Gees, Apokaliptiek.
- (b) Inleiding tot die Ou Testamentiese letterkunde III.
- (c) Ou Testamentiese teologie (Deel II).
- (d) Die Geskiedenis van die Godsdien van Israel.

Vraestel 2: Nuwe Testament

- (a) Paulus en sy onlangse interpreteerders.
- (b) Inleiding tot die Nuwe Testamentiese literatuur, deel III, (Hebreërs tot Openbaring).
- (c) Nuwe Testamentiese Teologie, deel II.
- (d) Inleiding tot die Nuwe Testamentiese Etiek.

Vraestel 3: Skrifverklaring**Afdeling A: Ou Testament**

- (a) Beginsels van die Ou Testamentiese Hermeneutiek.
- (b) Voorbeelde van die beginsels van tekskritiek geneem uit Biblia Hebraica.
- (c) Oefeninge in die verklaring van die Ou Testament met die Hebreeuse Teks as grondslag.

Afdeling B: Nuwe Testament

- (a) Die beginsels van Nuwe Testamentiese hermeneutiek.
- (b) Die Beginsels van Nuwe Testamentiese tekskritiek.
- (c) Oefeninge in die verklaring van die Nuwe Testament met die Griekse teks as grondslag.



University of Port Harcourt
Together in Excellence

SISTEMATIESE TEOLOGIE**Kursus I****Inleiding**

1. Algemene inleiding tot die studie van Sistematiese Teologie.
 - (a) Teologie: toepaslikheid, posisie, noodsaaklikheid en taak, bronne, aard, en norm. Die teoloog se benadering tot die teologiese taak.
 - (b) Teologie: Verhouding tot wysbegeerte, wetenskap, geskiedenis, taal.
2. Inleiding tot die basiese Christelike leer, volgens die model van die Apostoliese Geloofsbelijdenis.
3. Inleiding tot die Christelike etiek.

Die Leer van die Openbaring

Die begrip openbaring; openbaring as die Woord van God; algemene openbaring; kennis en sekerheid; die Heilige Skrif.

Kursus II**Vraestel 1****Die leer van God.**

1. Die Triniteitsleer.
2. Die werklikheid en Volkomenheid van die lewende God. Kennis van God.
3. Die grondslag van die teologiese etiek: die gebod en die aanspraak van God.

Vraestel 2

Skeppingsleer

1. God en die skepping; die goddelike voorsienigheid en heerskappy.
2. Die Christelike begrip van die mens.
3. Die etiek van menslike verhoudings; genade en vryheid in die etiek.

Kursus III

Vraestel 1

Soteriologie

1. Die Persoon en Werk van Jesus Christus: die Vleeswording, en die versoeningsleer.
2. Die Christelike begrip van die mens as sondaar.
3. Uitverkiesing en predestinasie: die genade en soewereiniteit van God.

Vraestel 2

Pneumatologie en Ekklesiologie

1. Die Persoon en Werk van die Heilige Gees: geloof en wedergeboorte.
2. Die nuwe lewe in Christus: heiligmaking en dissipelskap.
3. Die Christelike samelewing: die wese en aard, aanbidding, bediening, en sending van die Kerk.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Vraestel 3

Eskatologie

1. Die eskatologiese perspektief en Christelike hoop: verskillende verklarings.
2. Die koningryk van God as die sin en doel van die geskiedenis: kosmiese en individuele bestemmings.
3. Die wederkoms van Christus en die laaste dinge.

KERKGESKIEDENIS EN SENDINGWETENSAP

Kursus I

Die eerste ses eeue: die uitbreiding van die kerk, belangrikste kerkvaders, teologiese ontwikkeling, Konsilies en belydenisskrifte.

Kursus II

Vraestel 1

Middeleeuse Kerkgeskiedenis.

Vraestel 2

Die Tydperk van die Hervorming (1517-1648): Belangrike hervormers, die hervorming in Duitsland, Switserland en Engeland, die teologie van die hervormers, die Teen Hervorming, kerklike belydenisskrifte uit die tydperk.

Kursus III**Vraestel 1**

Die tydperk 1648-1914: Belangrike teologiese strominge, die groot sending eeu.

Vraestel 2

- (a) Die Kerkgeskiedenis van Afrika met besondere verwysing na Suid-Afrika.
- (b) Inleiding tot die Missiologie.

Vraestel 3

- (a) Die Kerk en Kerkgeskiedenis.
- (b) Moderne Kerkgeskiedenis.
- (c) Die Ekumeniese beweging.

PASTORALE TEOLOGIE

(Een vraestel)

- (A) Grondslag en doelstelling by die beoefening deur die Nuwe-Testamentiese Kerk van: Homiletiek, Kategetiek, Liturgiek, Poimeniek, Kubernetiek en Diakoniek.
- (B) Die strewe om die bevindings van die bogenoemde ondersoek (A.) van toepassing te maak op die omstandighede van die jong Kerke in Afrika.

VERGELYKENDE GODSDIENS EN WYSBEGEERTE VAN DIE GODSDIENS

University of Fort Hare
Kursus I
Together in Excellence
 (Een Vraestel)

Afdeling. A.**Vergelykende Godsdien.**

1. Inleiding tot die geskiedenis en grondbeginsels van Animisme, die tradisionele godsdienste van Afrika, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, Judaïsme, Shintoïsme, Konfusianisme.

2. Die Christendom en Vergelykende Godsdien.

Afdeling. B.**Wysbegeerte van die Godsdien.**

Inleiding tot sommige basiese probleme in die wysbegeerte van die Godsdien:

Die begrip godsdien; godsdienstige kennis, skeptisisme en agnostisisme; metafisiese sisteme; die idee van God (insluitend die tradisionele argumente vir die bestaan van God); God en die Wêreld (insluitend die idee van voorsienigheid); vrywil en determinisme; godsdien en etiek; onsterflikheid.

HONS. B.THEOL.**I: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL. MET HOOFRIGTING OU TESTAMENT****Vraestel 1**

(a) 'n Oorsig van Oudheidkunde en geskiedenis van die Ou Nabye Ooste, belangrik vir die lewe en instellings van Ou Israel.

(b) 'n Studie van die tussen-Testamentiese tydperk en sy kulturele, letterkundige en ideologiese agtergrond.

(c) Voorbeelde van die beginsels van tekskritiek geneem uit die Biblia Hebraica

Vraestel 2

Eksegetiese studie (insluitend grammaties-historiese en teologiese gegewens) van ongeveer 15 voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Ou Testament (met gebruikmaking van die Hebreeuse teks).

Vraestel 3

'n Geskiedkundige en kritiese bestudering van die toonaangewende skole van die Ou-Testamentiese verklaring.

Vraestel 4

Teologie van die Ou Testament met besondere verwysing na God, die mens, die offerstelsel, die Messiaanse Hoop.

Vraestel 5

Ou Testament—Nuwe Testament Tussenverhouding:

(a) die belangrikheid van die Ou Testament vir die verstaan van die Christus gebeure in die Nuwe Testament.

(b) die verskille tussen die opvattinge van die Ou-Testamentiese Kanon in die Sinagoge en die Kerk.

(c) Die aard van Paulus se teologiese kritiek op die Ou Testament.

Vraestel 6

(a) Eksegetiese studie (insluitend grammaties-historiese en teologiese gegewens) van ongeveer ses voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Nuwe Testament (met gebruikmaking van die Griekse teks).

(b) Die eenheid en die verskeidenheid van die openbaring van God in die Nuwe Testament.

**II: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL.
MET HOOFRIGTING NUWE TESTAMENT**

Vraestel 1

(a) Kultuurhistoriese en religieuse agtergrond van die Nuwe Testamentiese tyd.

(b) Oorsig van die tussen-Testamentiese tydvak.

(c) Voorbeelde van die beginsels van tekskritiek geneem uit die Griekse Nuwe Testament.

Vraestel 2

Eksegetiese studie (insluitend grammaties-historiese en teologiese gegewens) van ongeveer 20 voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Nuwe Testament (met gebruikmaking van Griekse teks).

Vraestel 3

'n Geskiedkundige en kritiese bestudering van die toonaangewende skole van Nuwe-Testamentiese verklaring.

Vraestel 4

Die eenheid en die verskeidenheid van die openbaring van God in die Nuwe Testament.

Vraestel 5

(a) Die verwantskap tussen die Nuwe en die Ou Testament.

(b) Die konsep van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon.

(c) Die Ou Testament en die Messiaanse bewussyn van Jesus.

Vraestel 6

(a) Eksegetiese studie (insluitende grammaties-histories en teologiese gegewens) van ongeveer 6 voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Ou Testament (met gebruikmaking van die Hebreuse teks).

(b) Teologie van die Ou Testament met besondere verwysing na God, die mens, die offerstelsel, die Messiaanse Hoop.

**III: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL.
MET HOOFFRIGTING SISTEMATIESE TEOLOGIE**

Vraestel 1

(a) Die aard en metode van die dogmatiek met inagneming van hedendaagse probleme en die problematiek van teologiese stelling in Afrika.

(b) 'n Oorsig van die ontwikkeling van die teologie vanaf die 18e eeu tot die 20e eeu met kennisname van die werke van bv. Rousseau, Kant, Hegel en die Hegeliaanse skool, Schleiermacher, Ritschl, Coleridge, Maurice, Newman, Feuerbach, Kierkegaard en Troeltsch.

Vraestel 2

(a) Die moontlikheid, aard, en geskiedenis van die Christelike apologetiek.

(b) Kommunikering van die Evangelie vandag met inagneming van die moderne wetenskap, filosofieë, sosiale bewegings, en bestaande wêreld godsdienste, met veral besondere klem op Afrika. *Together in Excellence*

Vraestel 3

Die Christelike etiek. 'n Oorsig van die etiese sisteme, Christelik en nie-Christelik. Moderne opvattinge van die mens met uitvloeiende etiese teorieë. Probleme in die verhoudinge tussen die teologie, die geloof, en die etiek. Etiese besinning in die moderne gemeenskap: die internasionale veld, die nasionale, nywerheids, en ekonomiese sferes, asook die gesins en persoonlike problematiek.

Vraestel 4

'n Diepte studie van 'n afsonderlike Christelike leer. (In plaas van 'n geskrewe eksamen mag 'n seminaar van ongeveer 10 000 woorde ingedien word.)

Vraestel 5

'n Studie van of twee teoloë of twee kern teologiese vrae teen hul agtergrond uit die vroeë, middeleeuse, of Reformatoriese tydperke.

Vraestel 6

'n Kritiese studie van een of twee onlangse of huidige teoloë of teologiese groeperings.

Let wel: In die bestudering van bogenoemde sal deurgaans aandag gegee word aan: die Bybelse fundering, die algemeen Christelike belydenisse, en die latere denominasionele geloofsbellydenisse waar hul van toepassing is, asook die gebruik van oorspronklike bronne waar nodig.

IV: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL.

MET HOOFFRIGTING KERKGESKIEDENIS EN SENDINGWETENSKAP

Vraestel 1

- (a) Die ontwikkeling en metodes van Kerklike geskiedskrywing.
- (b) Bestudering van 'n belangrike tydvak van leerstellige ontwikkeling.

Vraestel 2

'n Spesiale studie in Kerkgeskiedenis en die geskiedenis van Leerstellinge vanuit die oorspronklike bronne wat deur een van die volgende tydvakke behandel word:

- (a) die vroeë tydvak tot op Gregorius I
of
- (b) die Middeleeue
of
- (c) die Hervorming of die Teen-Hervorming
of
- (d) Na-Hervormings tydvak.

Vraestel 3

Die Geskiedenis van die Sending: Een van die volgende onderwerpe:

- (a) Kerstening van die Germaanse stamme
of
- (b) Sendingondernemings in die Middeleeue
of
- (c) Kerstening van Afrika suid van die Sahara
of
- (d) Wêreldsending van die Kerk in die 20ste eeu.

Vraestel 4

Bestudering van die lewe en die werk van:

- (a) 'n Kerkvader.
- (b) Een van die Hervormers.

Vraestel 5

n Bestudering van die volgende Konsilies:

- (a) Trente
- (b) Eerste en Tweede Vatikaanse Konsilie.

Vraestel 6

Teorie van die Sending :

1. Die Christelike boodskap in 'n nie-Christelike wêreld.
2. Sending en Kerk.
3. Sending en die „Oikumene”.

V: HONS.B.THEOL. LEERPLAN VIR PASTORALE TEOLOGIE (BYVAK)

(Een vraestel)

- (a) Geskiedenis en betekenis van die vak Pastorale Teologie.
- (b) Pastorale Sielkunde met besondere verwysing na die jong kerke in Afrika.


Fakulteit Regsgeleerdheid

Grade en Sertifikate in Regsgeleerdheid

L1. Die volgende grade word uitgereik:

- (1) Baccalaureus Juris.....B.Jur.
- (2) Baccalaureus ProcurationisB.Proc.
- (3) Baccalaureus Legum.....LL.B.
- (4) Magister LegumLL.M.
- (5) Doctor LegumLL.D.

L2. Die volgende voorgraadse sertifikaat word verleen:
Staatsdienssertifikaat in die Regte.



Die fakulteitsreëls wat hierop volg moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die Statuut, die regulasies en die algemene reëls gelees word.

Vrystelling

L3. 'n Student kan op grond van voorafgaande studie vrystel word van nie meer as helfte van die kursusse vir enige bepaalde grade of sertifikaat voorgeskryf: Met dien verstande, egter, dat kandidate wat in besit is van 'n B.Jur. of B.Proc.-graadsertifikaat vir toelating tot die LL.B.-graad, geregtig sal wees vir vrystelling van al die kursusse wat vir die LL.B.-graad voorgeskryf is wat alreeds geslaag is ten opsigte van enige van die B.Jur. of B.Proc.-grade.

Nie-grad en nie-sertifikaat doeleindes

L4. Behalwe met vergunning van die Senaat, mag slegs een kursus vir nie-grad en nie-sertifikaat doeleindes in enige studiejaar geneem word: Met dien verstande dat nie meer as twee bykomende kursusse (ingeslote kursusse wat herhaal word) tot die voorgeskrewe kursusse in enige studie-jaar geneem mag word nie.

Volgorde van kursusse

L5. Op aanbeveling van die Fakulteit, en met die goedkeuring van die Senaat, mag 'n student 'n ander as die in L11, L15, L20, L21, L22, en L30 voorgeskrewe volgorde van kursusse kies.

Toelating tot eksamens

L6. 'n Student word nie tot die eksamen in enige kursus toegelaat nie tensy hy 'n jaarsyfer van minstens 40% behaal het.

Slaagsyfer

L7. Ten einde in enige kursus te slaag, moet 'n kandidaat minstens 40% in die eksamen behaal, en, bykomend daartoe, 'n gemiddeld vir die jaarsyfer en die eksamen van minstens 50%, en vir hierdie doeleindes dra die jaarsyfer en die eksamensyfer gelyke gewig.

Onderskeiding

L8. 'n Kursus word met onderskeiding geslaag indien 'n kandidaat 'n slaagsyfer van minstens 75% behaal.

Aanvullende eksamens

L9. (1) 'n Student sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus wat hy gedruip het indien hy die volgende behaal het:

- (a) 'n gemiddelde van minstens 45% vir sy jaarpunt en eksamenpunt, minstens 50% vir of sy jaarpunt of eksamenpunt en minstens 40% vir sy eksamenpunt; en
- (b) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse tydens dieselfde eksamen.


(2) Die bogenoemde vereistes mag ter syde gestel word mits die betrokke kursus die laaste uitstaande vereiste vir sy graad is en die student 'n eksamen in die betrokke vak afgelê het.

Baccalaureus Juris*Toelating tot studie*

L.10. Om tot die studie toegelaat te word, moet 'n student 'n Matrikulasië- of 'n Matrikulasiëvrystellingsertifikaat besit, of 'n sertifikaat van voorwaardelike vrystelling van matrikulasië uitgereik aan studente van die buiteland.

Leergang

L11. Die Kursusse is soos volg:



University of Fort Hare
Together in Excellence

Eerste jaar

- (i) Privaatreg I.
- (ii) Bantoereg.
- (iii) Juridiese Uitleg.
- (iv) Staatsleer I of Ontwikkelingsbeleid en -Administrasie I of Latyn (Spesiale kursus) of Latyn I.

Tweede jaar

- (i) Privaatreg II.
- (ii) Staats- en Administratiefreg.
- (iii) Handelsreg I.
- (iv) Straffreg.
- (v) Romeinse Reg.

Derde jaar

- (i) Privaatreg III.
- (ii) Handelsreg II.
- (iii) Bewysreg.
- (iv) Strafprosesreg.
- (v) Siviele Prosesreg.

Aflê van leergang

L12. (1) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie kursusse van die eerste jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien nie meer as twee kursusse van die eerste jaar onvoltooid is nie, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaarskursusse geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste jaar en minstens drie kursusse van die tweede jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien

nie meer as drie kursusse van die tweede jaar onvoltooid is nie, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooide kursusse geneem mag word.

(2) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die derde jaar slegs indien hy minstens twee kursusse van die betrokke jaar gelyktydig geslaag het.

Slaag met lof

L13. Om die graad met lof te behaal moet 'n kandidaat in al die kursusse van die finale jaar gelyktydig slaag, drie waarvan met onderskeiding, en 'n gemiddelde van 70% behaal.

Baccalaureus Procurationis

Studente se aandag word daarop gevestig dat hulle nie as prokureurs toegelaat sal word tensy hulle die vereiste Matrikulasiëksamen in Engels geslaag het nie.

Dit is 'n vereiste van die Raad vir die Erkenning van Regseksamens dat 'n goed-gekeurde leergang minstens een tweede kursus in 'n nie-regsvak moet insluit.

Toelating tot studie

L14. Om tot die studie toegelaat te word, moet 'n student 'n Matrikulasië- of 'n Matrikulasiëvrystellingsertifikaat besit, of 'n sertifikaat van voorwaardelike vrystelling van matrikulasië uitgereik aan studente van die buiteland.

Leergang

L15. Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar

- (i) Privaatreg I.
- (ii) Bantoereg.
- (iii) Juridiese Uitleg.
- (iv) Staatsleer I of Ontwikkelingsbeleid en -Administrasie I.

Tweede jaar

- (i) Privaatreg II
- (ii) Staats- en Administratiefreg.
- (iii) Afrikaans-Nederlands I of Afrikaans (Spesiale Kursus)
- (iv) Ontwikkelingsbeleid en -Administrasie II, of Staatsleer II.

Derde jaar

- (i) Latyn (spesiale kursus), of Latyn I
- (ii) Rekeningkunde vir Prokureurs
- (iii) Handelsreg I.
- (iv) Strafreg.
- (v) Romeinse Reg.

Vierde jaar

- (i) Privaatreg III.
- (ii) Handelsreg II.
- (iii) Bewysreg.
- (iv) Strafprosesreg.
- (v) Siviele Proëse reg.



University of Fort Hare

Together in Excellence

Aflê van leergang.

L16. (1) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie kursusse van die eerste jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien nie meer as twee kursusse van die eerste jaar onvoltooid is nie, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooide eerstejaarskursusse geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste jaar en minstens drie kursusse van die tweede jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien nie meer as twee kursusse van die tweede jaar onvoltooid is nie, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooide kursusse geneem mag word. Om tot die vierde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste en tweede jaar en minstens drie kursusse van die derde jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien nie meer as drie kursusse van die derde jaar onvoltooid is nie, een kursus van die vierde jaar tesame met die onvoltooide kursusse geneem mag word.

(2) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die vierde jaar slegs indien hy minstens twee kursusse van die betrokke jaar gelyktydig geslaag het.

(3) 'n Student sal nie krediet vir Romeinse Reg ontvang nie, alvorens hy die Matrikulasië-eksamen in Latyn of 'n kursus wat deur die Gemeenskaplike Matrikulasië-raad as gelykstaande aan die matrikulasië-eksamen in Latyn beskou word, geslaag het nie. (nl. Latyn Spesiaal)

(4) 'n Student mag, onderhewing aan goedkeuring van die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad, erkenning verkry vir nie-regskursusse wat nie vir die graad voorgeskryf is nie.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Slaag met lof

L17. Om die graad met lof te behaal moet 'n kandidaat al die kursusse van die finale jaar gelyktydig slaag, drie waarvan met onderskeiding, en 'n gemiddelde van 70% behaal.

Baccalaureus Legum*Toelating tot studie*

L18. Om tot die studie toegelaat te kan word moet 'n student 'n Baccalaureus-grad besit.

Algemene Leergang

- L19. (i) Privaatreg I.
 (ii) Privaatreg II.
 (iii) Privaatreg III.
 (iv) Romeinse Reg.
 (v) Staats- en Administratiefreg.
 (vi) Handelsreg I.
 (vii) Juridiese Uitleg.
 (viii) Strafrege.
 (ix) Bantoereg.
 (x) Handelsreg II.
 (xi) Bewysreg.
 (xii) Strafprosesreg.
 (xiii) Siviele Prosesreg.

- (xiv) Internasionale Privaatreg.
- (xv) Gevorderde Privaatreg A.
- (xvi) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (xvii) Volkereg.
- (xviii) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
- (xix) Gevorderde Straf-en Prosesreg.
- (xx) Gevorderde Privaatreg B (een semester*)
- (xxi) Vergelykende Bantoereg.
- (xxii) Regsfilosofie.
- (xxiii) Engels I of Praktiese Engels.
- (xxiv) Afrikaans-Nederlands I of Afrikaans (Spesiale kursus)
- (xxv) Skripsie van beperkte omvang. Latyn I.

Skripsie

'n Student moet voor die einde van die eerste semester in sy voorlaaste studiejaar 'n onderwerp in oorleg met die Dekaan kies. Hy moet 'n konsep van die skripsie by sy promotor indien teen die begin van die eerste semester van sy finale studiejaar. Die voltooide skripsie moet ingedien word teen die begin van die volgende semester.

Leergang volgende op Baccalaureus Juris

L20. (1) Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar (vierde studiejaar)

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (iii) Volkereg.
- (iv) en (v) Twee van Engels I (of Praktiese Engels), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale kursus), of Latyn I.
- (vi) Vergelykende Bantoereg.
- (vii) Internasionale Privaatreg.

Tweede jaar (vyfde studiejaar)

- (i) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
- (ii) Gevorderde Straf- en Prosesreg.
- (iii) Gevorderde Privaatreg B (een semester*)
- (iv) Regsfilosofie.
- (v) Welke van Engels I (of Praktiese Engels), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale kursus), of Latyn I nog nie geslaag is nie.
- (vi) Skripsie van beperkte omvang.

(2) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie volle kursusse van die eerste jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie volle kursusse van die eerste jaar onvoltooid is, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooide eerstejaarskursusse geneem mag word.

*Die eksamen in hierdie kursus sal aan die einde van die eerste semester afgeneem word

(3) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die tweede jaar slegs indien hy gelyktydig in minstens vier kursusse van die betrokke jaar geslaag het (waarvan die skripsie een mag wees).

Leergang volgende op Baccalaureus Procurationis

L21. (1) Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar (vyfde studiejaar)

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (iii) Volkereg.
- (iv) Engels I (of Praktiese Engels).
- (v) Latyn I.
- (vi) Internasionale Privaatreg.

Tweede jaar (sesde studiejaar)

- (i) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
- (ii) Gevorderde Straf- en Prosesreg.
- (iii) Gevorderde Privaatreg (een semester*)
- (iv) Regsfilosofie.
- (v) Vergelykende Bantoereg.
- (vi) Skripsie van beperkte omvang.

(2) Soos in L20. (2).

(3) Soos in L20. (3).

Leergang volgende op Baccalaureus Artium (met agt krediete)

L22. (1) Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar (vierde studiejaar)

- (i) Juridiese Uitleg.
- (ii) Internasionale Privaatreg
- (iii) Straffreg.
- (iv) Bewysreg.
- (v) Handelsreg I.
- (vi) Welke van Engels I (of Praktiese Engels), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale Kursus), Latyn I, of Staats- en Administratiefreg nog nie geslaag is nie.

Tweede jaar (vyfde studiejaar)

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Handelsreg II.
- (iii) Straffprosesreg.
- (iv) Siviele Prosesreg.
- (v) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (vi) Volkereg.

*Die eksamen in hierdie kursus sal aan die einde van die eerste semester afgeneem word.

Derde jaar (sesde studiejaar)

- (i) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
- (ii) Gevorderde Straf- en Prosesreg.
- (iii) Gevorderde Privaatreg B (een semester*).
- (iv) Regsfilosofie.
- (v) Vergelykende Bantoereg.
- (vi) Skripsie van beperkte omvang.

(2) Soos in L12. (1).

(3) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het maar in die derde jaar slegs indien hy in minstens vier kursusse van die betrokke jaar gelyktydig geslaag het (waarvan die skripsie een mag wees).

Slaag met lof

L23. Om die graad met lof te verwerf moet 'n kandidaat 'n gemiddelde van 70% vir al die regs kursusse behaal het en ~~daarbenewens~~ 'n onderskeidingspunt in vyf van die finale jaarkursusse behaal (waarvan die skripsie een mag wees).



Toelating tot studie

L24. Die graad word nie toegeken nie voordat ten minste een jaar verloop het sedert verwerwing van die Baccalaureus Legum of gelykwaardige graad.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Vereistes

L25. (1) 'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp.

(2) 'n Mondelinge eksamen oor die bepaalde gebied van die verhandeling voordat die verhandeling vir beoordeling ingedien word.

(3) Die Algemene Reglemente betreffende Magistersgrade is *mutatis mutandis* van toepassing.

Slaag met lof

L26. Die graad mag met lof verwerf word.

Doctor Legum

Toelating tot studie

L27. Die graad word nie toegeken nie voordat ten minste drie jaar verloop het sedert verwerwing van die Baccalaureus Legum of gelykwaardige graad.

Vereistes :

L28. (1) (i) 'n Proefskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp.

(ii) 'n Mondelinge eksamen oor die bepaalde vakgebied van die proefskrif voordat die proefskrif vir beoordeling ingedien word.

(iii) Die Algemene Reglemente betreffende Doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing.

(2) Die graad Doctor Legum mag ook op grond van verdienstelike gepubliseerde werk toegeken word.

*Die eksamen in hierdie kursus sal aan die einde van die eerste semester afgeneem word.

Staatsdienssertifikaat in die Regte

Toelating tot studie

L29. Om te kwalifiseer vir toelating tot die Staatsdienssertifikaat in die Regte moet 'n kandidaat in besit wees van 'n matrikulasië sertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of 'n sertifikaat van volle of voorwaardelike vrystelling van genoemde Raad, of 'n skoolverlatingsertifikaat.

Leergang

L30. Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar

- (i) Privaatreg I.
- (ii) Bantoreg.
- (iii) Juridiese Uitleg.
- (iv) Ontwikkelingsbeleid en -Administrasie I.

Tweede jaar

- (i) Privaatreg II.
- (ii) Staats-en Administratiewetreg.
- (iii) Handelsreg I.
- (iv) Romeinse Reg.
- (v) Strafwet.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Derde jaar

- (i) Privaatreg III.
- (ii) Bewyswet.
- (iii) Strafwet.
- (iv) Siviele Proseswet.

Afsluiting van leergang

L31. (1) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie kursusse van die eerste jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien nie meer as twee kursusse van die eerste jaar onvoltooid is nie, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaarskursusse geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste jaar en minstens drie kursusse van die tweede jaar voltooi het: Met dien verstande dat indien nie meer as drie kursusse van die tweede jaar onvoltooid is nie, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooid kursusse geneem mag word.

(2) Soos in L12. (2).

Slaag met lof

L32. Soos in L13.

L33. Die reëls, wat die voltooiing van leergange rakende grade en sertifikate beheer, mag in sekere omstandighede waar oorgangsprobleme opduik, deur die Senaat op aanbeveling van die Fakulteit verslap word.

LEERPLANNE

DEPARTEMENT PRIVAATREG

A. *Privaatreg (Suid-Afrikaanse Romeins-Hollandse reg.)*

Kursus I (Persone- en Familiereg)

(Twee vraestelle)

1. (a) Inleiding tot die filosofie en studie van die reg.
(b) Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Romeins-Hollandse reg en sy toepassing.
(c) Inleiding tot die Suid-Afrikaanse positiewe reg.
(d) Personereg.
2. Familiereg.

Kursus II (Sake- en Erfreg)

(Twee vraestelle)

- (1) Sakereg, insluitende 'n oorsig van Grondregistrasie en Waterreg. (Een vraestel)
- (2) Erfreg en Boedeladministrasie. (Een vraestel)

Kursus III (Verbintenisreg)

(Twee vraestelle)

- (1) Kontraktereg en quasi-kontrak.

Algemene beginsels en besondere kontrakte (vernaamlik koop, huurkoop, huur, en die dienskontrak). (Een vraestel)

- (2) Deliktereg en quasi-delikte.

Algemene beginsels en besondere delikte. (Een vraestel)

B. *Gevorderde Privaatreg*

Kursus A

(Twee vraestelle)

Capita selecta uit die Privaatreg byvoorbeeld:

1. (a) Fideicommissum
(b) Stipulatio Alteri
(c) Trust
(d) Stigting
(e) Waterreg
(f) Regspersone en ander soisale instellings
(g) Persoonlike regte
(h) Minerale regte
(i) en/of enige ander relevante onderafdelings van Privaatreg.
2. (a) Verteenwoordiging en Lasgewing
(b) Borg
(c) Deposito
(d) Vervoer van Goedere
(e) Sessie
(f) Estoppel
(g) Boedeladministrasie
(h) en/of enige ander relevante onderafdelings van Privaatreg.

Kursus B

(Twee vraestelle)

1. (a) *Capita selecta* van deliktuele en quasi-deliktuele aanspreeklikheid.
(b) Verrykingsaanspreeklikheid. (Een vraestel van 3 uur).
2. Die jongste gewysdes op die hele gebied van die Privaatreg. (Een vraestel van 1½ uur)

C. Regsfilosofie

(Twee vraestelle)

1. Teorieë van Regsfilosofie

(Een drie-uur vraestel)

Die aard en definisie van die Regsfilosofie.

Die "Skole" van Regsfilosofie:

- (a) Natuurreg, oud en modern
 - (b) Middeleeuse teorieë
 - (c) Rasionalisme
 - (d) Idealisme
 - (e) Historiese benadering
 - (f) Positivisme
 - (g) Realisme (Anglo-Amerikaans en Skandinawies)
 - (h) Sosiologiese benadering
 - (i) Sosialistiese en Kommunistiese teorie.
2. Hedendaagse Vraagstukke in Regsfilosofie

(Een 1½-uur vraestel)

- (a) Regs- en verwante begrippe: die reg, billikheid, moraliteit en etiek; regte en verpligtinge.
- (b) Die reg, soewereiniteit en die staat.
- (c) Eiendom: eiendomsreg en besit.
- (d) Delik, versekering en maatskaplike verantwoordelikheid.
- (e) Misdad en vergelding.
- (f) Institusionele gesag, die individu en die staat.
- (g) Regshervorming insluitende kodifikasie.

D. Romeinse Reg

(Twee vraestelle)

1. (a) Oorsig van die Romeinse regsgeiedenis.
(b) Oorsig van Prosesreg.
2. Privaatreg.

E. Vergelykende Bantoreg

(Een vraestel)

1. 'n Vergelykende studie van Bantoe regstelsels, met besondere verwysing na die regstelsels in Suider-Afrika.
2. *Capita selecta* uit die Gewoontereg van die Transkei en Ciskei.

F. Internasionale Privaatreg

(Een vraestel)

1. 'n Inleiding tot regstelsels.
2. Suid-Afrikaanse Internasionale Privaatreg.



University of Port Harcourt
Together in Excellence

G. *Bantoreg*

(Een vraestel)

1. 'n Inleiding tot die vernaamste stelsels van Bantoreg in Suider-Afrika—hul geskiedenis, erkenning en toepassing.

2. (a) Bantoe Privaatreg: Personereg, Familiereg, Erfreg, Sakereg, Kontrakte en Quasi-kontrakte, Delikte en Quasi-delikte.

(b) Bantoe Prosesreg en Bewysleer.

DEPARTEMENT STRAF- EN PROSESREG

A. *Strafreg*

(Een vraestel)

(1) Inleiding tot die Strafregstudie:

die afbakening van die Strafreg en ander gebiede van die reg; die evolusie van die Strafreg; Strafregteorieë; geskiedenis en bronne van die Suid-Afrikaanse Strafreg; die begrip misdadig; die onderskeiding van gemeenregtelike en statutêre misdade.

(2) Die algemene leerstukke van die Strafreg:

die misdaadelemente; poging; **daderskap** en medepligtigheid; begunstiging; uitlokking en sameswering.

(3) Die belangrikste gemeenregtelike en statutêre misdade onder die volgende hoofde: misdade teen die Staat; misdade teen die lewe; misdade teen die liggaamlike integriteit, eer, waardigheid, goeie naam en vryheid; misdade teen die vermoë; misdade teen die geslagslewe; misdade teen die huwelik, godsdiens en sedelikheid; misdade teen die regspleging, oortredings onder die volgende wette: Kinderwet Nr. 33 van 1960; Wet op Voorkoming van Korrupsie, Nr. 6 van 1958; Veediefstalwet Nr. 57 van 1959; Ontgawet, Nr. 23 van 1957.

B. *Strafprosesreg*

(Een vraestel)

(1) Inleiding tot die studie van die Strafprosesreg; die funksie van die Strafprosesreg die plek van die Strafprosesreg in die sistematiek van die reg; die afbakening van die Strafprosesreg van ander gebiede van die reg.

(2) Die beginsels van die Suid-Afrikaanse Strafprosesreg in sowel die Hoër- as die Laerhowe (insluitende Bantohowe) onder die volgende hoofde:

die verskillende strafhowe; die jurisdiksie van die strafhowe, uitlewering van misdadigers; die vervolging van misdade; metodes van verkryging van die beskuldigde se teenwoordigheid by strafverhore; visentering; huissoeking; inbeslagneming van goedere; bevryding van vroue aangehou vir onsedelike doeleindes; borg; voorlopige ondersoek; aktes van beskuldiging; voorbrengring van die beskuldigde; die verloop van die verhoor na oorbrengring tot en met vonnis; spesiale inskrywings en voorbehoud van regs vrae; hersiening en appèlle.

C. *Siviele Prosesreg*

(Een vraestel)

Prosedure van siviele sake in laer en hoër howe. (Bantohowe ingeslote).

D. *Gevorderde Straf- en Prosesreg*

(Een vraestel)

(1) *Capita selecta* uit die Straf- en Prosesreg.

(2) *Medicina Forensis*.

E. *Bewysreg*

(Een vraestel)

Die bewysreg in straf-en siviele gedinge.

DEPARTEMENT HANDELSREG

A. *Handelsreg*

Kursus I

(Twee vraestelle)

1. Maatskappyereg.
2. (a) Vennootskapsreg.
(b) Insolvensiereg.

Kursus II

(Twee vraestelle)

1. (a) Oorsig van die elementêre beginsels van Verhandelbare dokumente.
(b) Versekeringsreg.
2. Immateriële goederereg

Soos vir Kommersiële Reg III.

B. *Kommersiële reg (vir B.Comm.-studente)*

Kursus I

(Twee vraestelle)

1. (a) Inleiding tot die reg.
(b) Algemene beginsels van die Kontraktereg.
2. Besondere kontrakte, insluitende:
Koop, huurkoop, huur, dienskontrak, verteenwoordiging en vervoerkontrakte en agentskappe.
3. Saaklike en persoonlike sekerheidstelling, insluitende: verband, pand, borgtog en retensieregte.

Kursus II

(Twee vraestelle)

1. (a) Versekeringsreg.
(b) Verhandelbare dokumente.
(c) 'n Breë oorsig van Insolvensie en Erfopvolging.
2. (a) Vennootskapsreg.
(b) Maatskappyereg.

Kursus III

(Twee vraestelle)

1. Gevorderde studie van sekere *capita selecta* uit die Maatskappyereg.
2. 'n Breë oorsig van:
 - (a) Regulerende wetgewing rakende sekere finansiële instellings soos banke, bouverenigings, ko-operatiewe verenigings ens.
 - (b) Nywerheidswetgewing.

DEPARTEMENT STAATS- EN VOLKEREK

A. *Juridiese Uitleg*

(Een vraestel)

Die aard, verskynsels en beginsels van die uitleg van wette en van sakereg.

B *Staats- en Administratiefreg*

(Twee vraestelle)

1. (a) Oorsprong en aard van grondwetlike regering.

(b) Die individu en die staat.

(c) Inleiding tot die Administratiefreg, met insluiting van die siviele aanspreeklikheid van die staat.

2. Grondwet en regering van die Republiek van Suid-Afrika, met insluiting van die deelname van die Bantoe aan grondwetlike regering.

C. *Gevorderde Staats- en Administratiefreg*

(Twee vraestelle)

(1) (a) *Capita selecta* uit die Staatsreg.

(b) Vergelykende Staatsreg.

(2) 'n Gedetailleerde studie van die Administratiefreg.

D. *Volkereg*

(Een vraestel)

Algemene beginsels van die Volkereg.

Die vredesreg en die elementêre beginsels van die oorlogsreg.

Die reg betreffende die belangrikste volkeregtelike organisasies.

Die internasionale status van Suidwes-Afrika.

E. *Sosiale en Ekonomiese Wetgewing*

(Twee vraestelle)

Die kursus sal bestaan uit die beginsels van Sosiale en Ekonomiese Wetgewing met verwysing na die meer belangrike aspekte van die wetgewing wat hieronder volg:

1. Die Kinderwet.

Die Ontugwet.

Openbare Gesondheidswet.

Wet op Publikasies.

Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne.

Elektrisiteit Wet

Nywerheidsontwikkelingswet.

Wet op die Beheer van Monopolistiese Toestande.

Bemerkingswet.

Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande.

2. Wet op Vakleerlinge.

Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk.

Die Ongevallewet.

Die Nywerheidsversoeningwet.

Die Loonwet.

Wet op Bantoe-arbeid.

Wet op die reëling van Bantoe-arbeidsverhoudinge.

BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR STUDENTE IN DIE VERSKEIE STUDIERIGTINGS

1. Die Staatsdienssertifikaat in die Regte stel houters daarvan in staat om as Publieke Aanklaers of Landdroste aangestel te word.

2. Voornemende prokureurs, kan vir die B. Proc.-graad inskryf. Die LL.B.-graad kan na verloop van 'n verdere twee jaar studie verwerf word.

3. Die B.Jur.-graad bevat die kursusse wat vir die Staatsdienssertifikaat in die Regte voorgeskryf is. Die LL.B.-graad kan na verloop van 'n verdere twee jaar studie verwerf word.


4. Studente wat nie in suiwer regstudie belangstel nie, of 'n handelsagtergrond verlang, word aanbeveel om vir die B.A. of B.Comm. in te skryf, in welke geval die LL.B.-graad na verloop van drie verdere studiejaar verwerf mag word.

5. Om toegelaat te word tot die LL.B. studie, moet 'n student 'n baccalaureus-grad besit. Die LL.B.-graadkwalifikasie is voldoende akademiese kwalifikasie vir toelating as Advokaat. ('n Sekere tydperk van praktiese opleiding word vereis voordat 'n advokaat mag praktiseer.)

6. Die vereiste tydskuur van ingeskrewe klerkskap vir toelating as prokureur word bepaal deur die voornemende Kandidaat se akademiese kwalifikasies, wat normaalweg soos volg is:

(a) B.Proc.-graad—twee jaar.

(b) LL.B.-graad—twee jaar.



Together in Excellence

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Inleiding

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is een van die twee oudste fakulteite aan Fort Hare. Dit bied opleiding in die geesteswetenskappe en verskaf elementêre en gevorderde onderrig in 'n verskeidenheid van studierigtings en spesialiteite. Studente word in die Fakulteit voorberei vir loopbane as maatskaplike werkers, onderwysers, bibliotekaris, sielkundiges, personeel bestuurders en ander rigtings. Daar is ook beperkte maar toenemende geleenthede in navorsing en akademiese rigtings vir studente wat hulle studies op nagraadse vlak voortsit. 'n Graad in Lettere en Wysbegeerte is ook die sleutel tot werk in die administrasie en bestuur van die ontluikende Staatsdienste van die Transkei en Ciskei, sowel as in plaaslike en ander bestuursliggame en ook in sommige vertakkinge van die handel en die nywerheid.

Alhoewel die Fakulteit beslis geen professionele opleidingskool is nie, is die vakke wat aangebied word grondliggend vir 'n begrip van die lewe en kultuur van die mens, en verskaf derhalwe die fondament vir beroepsmense en ander persone wat op 'n groot verskeidenheid van gebiede leiding gee en 'n toonaangewende rol speel.

Grade en Diplomas

Die fakulteitsreëls wat hierop volg moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die Statuut, die regulasies en die algemene reëls gelees word.

A.1. (1) Die volgende grade word in die Fakulteit toegeken:

I. *In die Lettere en Wysbegeerte :*

Baccalaureus Artium.....	B.A.
Honneurs-Baccalaureus Artium.....	Hons.-B.A.
Magister Artium.....	M.A.
Doctor Litterarum et Philosophiae.....	D.Litt. et Phil.

II. *In Biblioteekwetenskap :*

Baccalaureus Bibliothecologiae.....	B.Bibl.
Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae.....	Hons.-B.Bibl.

III. *In Maatskaplike Werk :*

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk.....	B.A. (M.W.)
Honneurs Baccalaureus in Maatskaplike Werk.....	Hons.-B.A. (M.W.)
Magister Artium in Maatskaplike Werk.....	M.A. (M.W.)
Doctor Philosophiae.....	D.Phil

IV. *In Skone Kunste :*

Baccalaureus Artium in Skone Kunste.....	B.A. (S.K.)
--	-------------

V. *In Personeelleiding :*

Baccalaureus Artium in Personeelleiding.....	B.A. (Personeelleiding)
--	-------------------------

VI. *In Kommunikasiekunde :*

Baccalaureus Artium in Kommunikasiekunde.....	B.A. (Kommunikasiekunde)
---	--------------------------

(2) Die volgende voorgraadse diplomas word in die Fakulteit toegeken:

- Laer Diploma in Biblioteekwetenskap.
- Universiteitsdiploma in Maatskaplike Werk.
- Diploma in Skone Kunste (Dip. S.K.)

- (3) Die volgende nagraadse diplomas word in die Fakulteit toegeken:
 Diploma in Toegepaste Linguistiek.
 Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap.

Die Graad Baccalaureus Artium

Duur van leergang

- A.2. Die leergang strek oor 'n tydperk van drie jaar voltydse studie.

Samestelling van leergang

- A.3. 'n Leergang bestaan uit minstens tien en hoogstens twaalf kursusse wat uit die volgende gekies kan word:

Groep A. (*Geesteswetenskappe*)

- (1) Afrikaans Spesiaal, Afrikaans-Nederlands I, II, III.
 Bantoetaal Spesiaal, Bantoetaal I, II, III.
 Duits Spesiaal, Duits I, II.
 Praktiese Engels, Engels I, II, III.
 Grieks I, II, III.
 Hebreeus I, II, III.
 Latyn Spesiaal, Latyn I, II, III.



- (2) Antropologie I, II, III.
 Argeologie I, II.
 Bybellkunde I, II, III.
 Ekonomie I, II, III.
 Geografie I, II, III.
 Geskiedenis I, II, III.
 Kriminologie I, II.
 Ontwikkelingsbeleid en -administrasie I, II, III.
 Publieke Administrasie I, II, III.
 Staatsleer I, II, III.
 Sielkunde I, II, III.
 Sosiologie I, II, III.
 Statistiese Metodes.
 Wiskunde I, II, III.
 Wysbegeerte I, II, III.

- (3) Beginsels van die Griekse Kultuur }
 Biblioteekwetenskap }
 Kunsgeskiedenis } slegs een kursus
 Statistiek }
 Opvoedkunde }

Groep B. (*Regsvalke*) (Slegs een kursus behalwe waar anders aangedui word.)

- Bantoereg
 Inleiding tot die Regswetenskap.
 Konstitusionele en Administratiefreg.
 Privaatreg I, II, III.
 Romeinse Reg.

eksamensyfer van minstens 75% en 'n gelykstellingstoets met Afr./Ned. I.

Hulpkursusse

A.11. 'n Student word nie tot die derde kursus in enige van die onderstaande hoofvakke toegelaat nie, tensy hy die gespesifiseerde hulpkursusse voltooi het, of hulle gelyktydig met die betrokke hoofvak neem: Met dien verstande dat indien die finale kursusse in die hoofvakke en die hulpkursusse gelyktydig geneem word en die student in een of albei hoofvakke slaag, maar in een of meer byvakke druij, dit geag sal wees dat hy aan die voorwaardes van hierdie paragraaf voldoen het as hy daarna die hulpkursus waarin hy gedruip het, voltooi.

<i>Hoofvak</i>	<i>Byvak</i>
Nguni-taal	'n Kursus in Suid-Sotho of Antropologie I.
Sotho-taal	'n kursus in Xhosa of Antropologie I.
Antropologie	Argeologie I.
Argeologie	Antropologie I.
Sielkunde	Statistiese Metodes en een van die volgende: Antropologie I
Publieke Administrasie	Sosiologie I
Sosiologie	Wysbegeerte I
	Staarsleer I
	Minstens een van die volgende: Antropologie I
	Sielkunde I
Latyn	Beginnsls van die Griekse Kultuur, maar dit moet saam met Latyn II of Latyn III geneem word.
Ontwikkelingsbeleid en -administrasie	Minstens een kursus in Antropologie.

Eksamen

A.12. (1) Om 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die vereistes neergelê in die algemene reëls vir baccalaureusgrade en 'n subminimum van minstens 35% in elke vraestel behaal.

(2) Die jaarpunt en eksamenpunt word in 'n gelykwaardige verhouding gekombineer.

A.13. 1. 'n Student wat in sy eerste jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(a) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%

(b) minstens 40% van die punte in die eksamen.

(c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse tydens dieselfde eksamen.

2. 'n Student wat in sy tweede jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(a) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%;

(b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en die eksamen gesamentlik.

(c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen.

3. 'n Student wat in sy derde jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie:

- (a) in die finale kursus van 'n hoofvak: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:
- (i) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%;
 - (ii) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en eksamen gesamentlik en die finale kursus van sy ander hoofvak voltooi het.
- (b) in een ander kursus: Met dien verstande dat dit die laaste oorblywende vereiste vir sy graad is.

4. Geen eerste-, tweede-, derde- of vierdejaarstudent sal 'n aanvullende eksamen toegestaan word indien hy nie 'n subminimum behaal in enige van sy vraestelle in 'n spesifieke kursus nie.

Onderskeiding

A.14. 'n Student slaag met onderskeiding in 'n hoofvak indien hy 'n slaagpunt van 75% in die finale kursus van die betrokke vak behaal.

Die Graad Honneurs-Baccalaureus Artium

Vakke

A.21. Die graad kan in een van die volgende vakke behaal word:

Afrikaans-Nederlands	Grieks
Antropologie	Latyn
Argeologie	Ontwikkelingsbeleid en -administrasie
Bantoetale	Publieke Administrasie
Bybelkunde	Sielkunde
Ekonomie	Staatsleer
Engels	Sosiologie
Geografie	Wiskunde
Geskiedenis	Wysbegeerte

Toelating

A.22. (1) Waar besondere toelatingsvereistes bestaan, word hulle in die betrokke leerplan aangedui.

(2) Onderhewig aan die algemene reëls vir Honneurs-baccalaureusgrade kan 'n student in besit van 'n B.A.-graad in Maatskaplike Werk toegelaat word tot die graad Honneurs-Baccalaureus Artium.

Sub-minimum

A.23. 'n Subminimum van 40% word in elke vraestel vereis.

Onderskeiding

A.24. Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n gemiddeld van 75% behaal in die honneurskursus.

Duur van leergang

A.25. Die honneurskursus strek oor minstens een jaar voltydse studie, maar 'n kandidaat kan, met verlof van die hoof van die betrokke departement, die kursus in twee dele, elk waarvan oor een akademiese jaar strek, bywoon en voltooi.

Die Graad Magister Artium

Vakke

- A.31. Die graad kan toegeken word in een van die volgende vakke
- | | |
|----------------------|---------------------------------------|
| Afrikaans-Nederlands | Grieks |
| Antropologie | Latyn |
| Argeologie | Ontwikkelingsbeleid en -administrasie |
| Bantoetale | Publieke Administrasie |
| Ekonomie | Sielkunde |
| Engels | Staatsleer |
| Filosofie | Sosiologie |
| Geografie | Wiskunde |
| Geskiedenis | |

Niemand word as kandidaat vir 'n magistergraad toegelaat nie, tensy:

- (a) hy tot 'n graad toegelaat is wat ingevolge die algemene reëls vir die magistergraad of ekwivalente status vereis word
- (b) 'n nagraadse diploma in **toegepaste** linguistiek aan hom toegeken is: Met dien verstande dat die **houer van so 'n diploma** nie as kandidaat in enige departement behalwe Afrikaans-Nederlands, Bantoetale of Engels toegelaat word nie: Met dien verdere verstande dat:
- (i) so 'n vak een van die hoofvakke van sy leergang tot die baccalaureusgraad was en
- (ii) sy gevorderde studie of navorsing in 'n rigting is wat deur die hoof van die relevante departement en deur die Hoof van die Taallaboratorium goedgekeur is.

Eksamen

A.32. Die eksamen in enige vak sal die vorm van 'n verhandeling aanneem, tensy die betrokke leerplan anders aandui.

Die Graad Doctor Litterarum et Philosophiae

(Raadpleeg asseblief die Statuut en algemene reëls vir die doktorsgraad).

Diploma in Toegepaste Linguistiek

Toelating

A.L.1 Niemand word as kandidaat toegelaat nie tensy hy tot die baccalaureusgraad van die Universiteit of 'n ander Universiteit wat vir hierdie doel deur die Senaat erken word en

- (a) die kursusse in minstens een van die volgende vakke vir die baccalaureusgraad voltooi het:
Afrikaans-Nederlands
Bantoetale
Engels
- of*
- (b) twee kursusse voltooi het in minstens twee vakke soos in (a) uiteengesit;
- of*
- (c) minstens twee kursusse in algemene linguistiek voltooi het
- of*
- (d) minstens drie jaar bevredigende ondervinding van die onderrig van een van die

tale het soos in (a) uiteengesit en minstens twee kursusse van bogenoemde tale tot die baccalareusgraad voltooi het.

Leergang

A.L.2 Die leergang strek oor een akademiese jaar.

A.L.3 (i) 'n Studente sal die kursus in Toegepaste Linguistiek bywoon en deur middel van 'n eksamen voltooi.

(ii) 'n Student sal 'n taal aanleer waarvan hy geen vorige kennis gehad het nie wat bepaal sal word deur die Direkteur van die Taallaboratorium. Hy sal 'n toets in die taal moet slaag voordat hy tot die eksamen aan die einde van die kursus toegelaat sal word.

Eksamen

A.L.4 Die eksamen bestaan uit 'n skriftelike en 'n praktiese toets asook 'n verslag van 'n projek wat amptelik goedgekeur is.

Onderskeiding

A.L.5 Die diploma word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n gemiddelde eksamensyfer van 75% behaal het.

Die Graad Baccalareus Bibliothecologiae

Duur van leergang

L.S.1. Die leergang strek oor vier jaar voltydse studie.

Samestelling van leergang

L.S.2. (1) 'n Leergang bestaan uit vierde kursusse,

(a) tien kursusse wat ingevolge die reëls vir die graad Baccalareus Artium gekies word;

(b) Biblioteekwetenskap I, II, III.

(2) Ondanks andersluidende bepalings, moet 'n student in sy vierde studiejaar Biblioteekwetenskap IV en die derde kursus in een ander vak neem.

L.S.3. 'n Student mag hoogstens vyf kursusse in sy eerste studiejaar, hoogstens vier kursusse in sy tweede studiejaar, en hoogstens drie kursusse in of sy derde of vierde studiejaar neem: Met dien verstande dat hy in die tweede of meer gevorderde jaar een kursus meer as die maksimum mag neem indien hy voorheen in sodanige kursus gedruip het.

Vrystellings

L.S.4. (1) 'n Student wat die Elementêre of Sekondêre eksamen van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging afgelê het, kan vrystelling kry van Biblioteekwetenskap I of Biblioteekwetenskap I en II respektiewelik.

(2) 'n Student wat die Laer Diploma in Biblioteekwetenskap besit, kan van hoogstens vyf kursusse vrygestel word.

Bepaling van Studiejaar

L.S.5. 'n Student word gegag in sy eerste studiejaar te wees tot dat hy erkenning vir Biblioteekkunde I en minstens een ander kursus ontvang het; in sy tweede studiejaar te wees wanneer hy erkenning vir Biblioteekwetenskap I en II en minstens vyf ander kursusse ontvang het; in sy vierde studiejaar te wees as hy die kursusse volg wat hom in staat stel om aan die vereistes vir 'n graad daardie jaar te voldoen; andersins word hy gegag in sy derde studiejaar te wees.



University of Fort Hare

Eksamen

L.S.6. (1) Om 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die vereistes wat neergelê word in die algemene reëls vir die baccalaureusgraad en 'n subminimum van minstens 35% in elke vraestel behaal.

(2) Die jaarpunt en eksamenpunt word in 'n gelykwaardige verhouding gekombineer.

L.S.7. 1. 'n Student wat in sy eerste jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(a) 'n jaarpunt van minstens 50%

(b) minstens 40% van die punte in die eksamen.

(c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse tydens dieselfde eksamen.

2. 'n Student wat in sy tweede en derde jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(a) 'n jaarpunt van minstens 50%;

(b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en die eksamen gesamentlik.

(c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen.

3. 'n Student wat in sy vierde jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie:

(a) in die finale kursus van 'n hoofvak: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(i) 'n jaarpunt van minstens 50% Fort Hare

(ii) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en eksamen gesamentlik en die finale kursus van sy ander hoofvak voltooi het.

(b) in een ander kursus: Met dien verstande dat dit die laaste oorblywende vereiste vir sy graad is.

(4) Geen eerste-, tweede-, derde- of vierdejaarstudent sal 'n aanvullende eksamen toegestaan word indien hy nie 'n subminimum behaal in enige van sy vraestelle in 'n spesifieke kursus nie.

Die Graad Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae**Toelating**

L.S.11. 'n Persoon word nie as kandidaat vir die graad toegelaat nie tensy hy—

(a) toegelaat is tot die graad Baccalaureus Bibliothecologia van die Universiteit; of

(b) in besit is van 'n vierjarige baccalaureusgraad in Biblioteekwetenskap van 'n ander universiteitsinrigting of van 'n universiteit buite die Republiek en tot die status van Baccalaureus Bibliothecologiae aan die Universiteit; of

(c) toegelaat is tot enige ander baccalaureusgraad of sodanige status aan die Universiteit en in besit is van 'n Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap; of

(d) kragtens paragraaf G.17(c) van die algemene reëls vir die honneurs-baccalaureusgraad kwalifiseer.

Eksamen

L.S.12. (1) Die eksamen bestaan uit vyf drie-uur vraestelle.

(2) 'n Subminimum van 40% word in elke vraestel vereis.

Onderskeiding.

L.S.13. Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n gemiddelde van 75% in die kursus behaal het.

Laer Diploma in Biblioteekwetenskap

Toelating

L.S.21. Niemand word as student ingeskryf nie tensy hy die matrikulasiesertifikaat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad uitgereik of 'n sertifikaat ter vrystelling daarvan verkry het.

Duur van leergang

L.S.22. Die leergang strek oor twee jaar voltydse studie.

Samestelling van leergang

L.S.23. Die leergang bestaan uit 7 kursusse, naamlik:

(a) Biblioteekwetenskap I en II; en

(b) Vyf kursusse gekies in ooreenstemming met die reëls vir die graad Baccalaureus Artium.

L.S.24. Biblioteekwetenskap I mag in òf die eerste òf die tweede studiejaar geneem word, en indien dit die tweede jaar geneem word, mag dit gelyktydig met Biblioteekwetenskap II geneem word.

Eksamen

L.S.25. (1) Om 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die vereistes soos bepaal in die algemene reëls vir 'n baccalaureusgraad en 'n subminimum van minstens 35% in elke vraestel behaal.

(2) Die jaarpunt en eksamenpunt word in 'n gelykwaardige verhouding gekombineer.

L.S.26. 1. 'n Student wat in sy eerste jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(a) 'n jaarpunt van minstens 50%

(b) minstens 40% van die punte in die eksamen.

(c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse tydens dieselfde eksamen.

2. 'n Student wat in sy tweede jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

(a) (i) 'n jaarpunt van minstens 50%

(ii) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en die eksamen gesamentlik.

(b) in een ander kursus: Met dien verstande dat dit die laaste oorblywende vereiste vir sy diploma is.

(3) Geen eerste-, tweede-, derde- of vierdejaarstudent sal 'n aanvullende eksamen toegestaan word indien hy nie 'n subminimum behaal in enige van sy vraestelle in 'n spesifieke kursus nie.

Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap

L.S.31. Niemand word as student toegelaat nie tensy hy in besit is van 'n goedgekeurde baccalaureusgraad van die Universiteit, of tot 'n sodanige status toegelaat is nie.

L.S.32. Die leergang bestaan uit Biblioteekwetenskap I, II, III en IV en strek oor minstens een jaar voltydse studie.

L.S.33. Die diploma word toegeken aan 'n student wat die vier kursusse waaruit die leerplan bestaan, tydens dieselfde eksamen slaag: Met dien verstande dat die November eksamen van enige jaar en die daaropvolgende Februarie eksamen vir hierdie doel geag word dieselfde eksamen te wees.

L.S.34. (1) Om 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die vereistes soos bepaal in die algemene reëls vir 'n baccalaureusgraad en 'n subminimum van minstens 40% in elke vraestel behaal.

(2) Die jaarpunt en eksamenpunt word in 'n gelykwaardige verhouding gekombineer.

Die Graad Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk

Duur van leergang

S.W.1. Die leergang strek oor drie jaar voltydse studie.

B.A.-reëls

S.W.2. Onderhewig aan enige andersluidende bepalings in hierdie reëls, is die reëls vir die gewone graad Baccalaureus Artium van toepassing.

Samestelling van leergang

S.W.3. Die leergang bestaan uit minstens tien en hoogstens twaalf kursusse.

S.W.4. By 'n student se leergang moet ingesluit wees—

(a) Maatskaplike Werk I, II en III;

(b) of Sosiologie I, II en III en minstens Sielkunde I en II,

of

Sielkunde I, II en III en minstens Sosiologie I en II.

'n Student sal nie toegelaat word om vir Maatskaplike Werk III te registreer nie, tensy hy reeds Sielkunde I en Sosiologie I geslaag het.

'n Student sal nie toegelaat word om vir Maatskaplike Werk III te registreer nie, tensy hy die kursus in Statistiese Metodes geslaag het of dit saam met Maatskaplike Werk III aanbied.

(c) kursusse uit die volgende gekies:

Ekonomie I, II, III

Kriminologie I, II

Antropologie I, II

Antropologie IA

Geskiedenis I

Wysbegeerte I

Staatsleer I

Ontwikkelingsbeleid en -administrasie I

Statistiese Metodes

Afrikaans-Nederlands I

of Spesiale Afrikaans

'n Bantoetaal I

Duits spesiaal

Engels I of Praktiese Engels

} Slegs een taalkursus.

(d) 'n Student wat Antropologie IA kies, sal nie toegelaat word tot die tweede kursus in Antropologie nie.

S.W.5. 'n Student moet sodanige praktiese maatskaplike werk by 'n geregistreerde welsynsorganisasie doen as wat die Departementshoof mag voorskryf. 'n Student mag sy eie reëlings tref, onderhewig aan die goedkeuring van die Departementshoof wat hom die reg voorbehou om enige reëlings namens die student te tref.

S.W.6. 'n Student word nie tot die tweede en derde kursus in Maatskaplike Werk toegelaat nie tensy hy die praktiese maatskaplike werk vir die voorafgaande jaar bevredigend geslaag het.

Die Graad Honneurs-Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk

Vak.

S.W.8. Die graad kan alleen in die vak Maatskaplike Werk behaal word.

Toelating.

S.W.9. Alleen persone wat in besit is van 'n Baccalaureusgraad met hoofvakke soos onder die reëls vir die B.A.-graad in Maatskaplike Werk neergelê kan toegelaat word tot hierdie graad.

Reëls

S.W.10. Behoudens andersluitende bepalings in hierdie reëls, is die algemene reëls vir die honneurs-baccalaureusgraad van toepassing.

Die Graad Magister Artium in Maatskaplike Werk

(Raadpleeg die Statuut en die algemene reëls vir die magistergraad, asseblief).

Die Graad Doctor Philosophiae in Maatskaplike Werk

(Raadpleeg die Statuut en die algemene reëls vir die doktorsgraad, asseblief).

Universiteitsdiploma in Maatskaplike werk

Toelating

S.W.11. Niemand word as student ingeskryf nie tensy—

- (a) hy die Skooleindsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of 'n ander sertifikaat wat die Senaat as gelykwaardig ag, verkry het, of
- (b) hy minstens 25 jaar oud is en die Senaat tevrede stel dat hy 'n standaard van opleiding bereik het wat aan die Skooleindsertifikaat gelykgestel kan word.

Reëls vir B.A. (M.W.)

S.W.12. Behoudens andersluitende bepalings in hierdie reëls, is die reëls vir die graad Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk van toepassing.

Aantekening van vakke op diploma

S.W.13. Die uitslae van alle eksamens sal op die diploma van 'n suksesvolle kandidaat aangeteken word.

S.W.14. 'n Besitter van die diploma mag hom aanmeld vir 'n eksamen in enige keusevak waarin hy nog nie 'n eksamen afgelê het nie en, indien hy slaag, mag hy sodanige vak op sy diploma laat aanteken.

Die Graad Baccalaureus Artium in Skone Kunste

Duur van leergang

F.A.1. Die leergang strek oor 'n tydperk van drie jaar voltydse studie.

F.A.2. Die volgende kursusse word voorgeskryf vir die eerste studiejaar:

- Kunsgeskiedenis I.
- Skilderkuns I of Beeldhoukuns I.
- Tekene I.
- Grafiese Kuns I.

Een van die volgende :

- Engels I.
- Praktiese Engels.
- Afrikaans-Nederlands I.
- Spesiale Afrikaans.
- Duits I.
- Spesiale Duits.

Een van die volgende :

- Antropologie I.
- Argeologie I.



F.A.3. 'n Student sal nie tot die tweede studiejaar toegelaat word nie, tensy hy al die kursusse in Skone Kunste van die eerste studiejaar geslaag het.

F.A.4. Die volgende kursusse word voorgeskryf vir die tweede studiejaar:

University of Fort Hare
Together in Excellence

- Kunsgeskiedenis II.
 - Skilderkuns II of Beeldhoukuns II
 - Tekene II.
 - Grafiese Kuns II
- } Kursusse in Skone Kunste

Een van die volgende :

- Engels II.
- Afrikaans-Nederlands II.
- Duits II.
- Sielkunde I.
- Visuele Kommunikasie.
- Wysbegeerte I.
- Kultuurgeskiedenis.

F.A.5. 'n Student word nie tot die derde studiejaar toegelaat nie tensy hy al die kursusse van die eerste studiejaar en al die kursusse in Skone Kunste van die tweede studiejaar geslaag het.

F.A.6. Die volgende kursusse word voorgeskryf vir die derde studiejaar:

- Kunsgeskiedenis III.
- Skilderkuns III of Beeldhoukuns III.
- Grafiese Kuns III.
- Estetika.

Bepaling van studiejaar.

F.A.7. 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning ontvang het vir minstens twee kursusse; in sy derde studiejaar wanneer hy kursusse volg wat hom in staat stel om aan die vereistes vir 'n graad daardie jaar te voldoen; andersins word hy geag in sy tweede studiejaar te wees.

Aanvullende eksamens.

F.A.8. 1. 'n Student wat in sy eerste studiejaar is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus wat hy gedruip het: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

- (a) 'n jaarpunt of eksamenpunt van 50%.
- (b) minstens 40% van die punte in die eksamen en
- (c) 'n slaagsyfer in minstens twee kursusse in Skone Kunste tydens dieselfde eksamen.

2. 'n Student wat in sy tweede studiejaar is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus wat hy gedruip het: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:

- (a) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%.
- (b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en die eksamen gesamentlik; en
- (c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in Skone Kunste tydens dieselfde eksamen.

3. 'n Student wat in sy derde studiejaar is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy gedruip het:

- (a) in die derde kursus van 'n kunsvak: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:
 - (i) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%.
 - (ii) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en eksamen gesamentlik en die finale kursus van die ander twee kunsvakke voltooi het.
- (b) in een ander kursus: Met dien verstande dat dit die laaste oorblywende vereiste vir sy graad is.

4. Geen student sal 'n aanvullende eksamen toegestaan word indien hy nie 'n subminimum behaal in enige van sy vraestelle in 'n spesifieke kursus nie.

Onderskeiding.

F.A.9. Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n student wat 'n gemiddelde van 75% in al die kunsvakke in die finale studiejaar behaal het.

Diploma in Skone Kunste

- (i) *Naam van kursus* : Diploma in Skone Kunste.
- (ii) *Duur van kursus* : Twee jaar.
- (iii) *Inhoud en struktuur van kursus* : Die kursus sal met uitsluiting van die Opvoedkundevakke basies ooreenstem met die huidige H.S.O.D. (Skone Kunste)-kursus, en sal soos volg wees:

Eerste Jaar :

- (a) Kunsgeskiedenis I (Soos vir die H.S.O.D. (Skone Kunste) I).
- (b) Tekenkuns I
- (c) Skilderkuns I
- (d) Grafiese Kuns I
- (e) Tekstielontwerp I
- (f) Beeldhoukuns en Pottebakkerij I.

Alhoewel studente onderrig in al die genoemde kursusse sal ontvang, sal die praktiese eksamens slegs in Tekenkuns I en in een van die volgende kombinasies afgelê word:

Skilderkuns I en óf Grafiese Kuns I óf Tekstielontwerp I


of

Beeldhoukuns I en óf Grafiese Kuns I óf Tekstielontwerp I.

Tweede Jaar :

- (a) Kunsgeskiedenis II (Soos vir H.S.O.D. (Skone Kunste) II)
- (b) Tekenkuns II
- (c) Twee van die volgende: Skilderkuns II; Grafiese kuns II; Tekstielontwerp II; Beeldhoukuns II.

(Volledige besonderhede kan verkry word van die Hoof van die Departement van Skone Kunste.)



Die Graad Baccalaureus Artium in Personeelleiding

Duur van leergang.

P.M.1. Die leergang strek oor 'n tydperk van drie jaar voltydse studie.

Samestelling van leergang.

P.M.2. Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar: Bedryfsielkunde I
Sosiologie I
Antropologie I
Ontwikkelingsbeleid en -Administrasie I
Praktiese Engels

Tweede jaar : Bedryfsielkunde II
Sosiologie (Industriële) II
Antropologie II
Ontwikkelingsbeleid en -Administrasie II

Derde jaar : Bedryfsielkunde III
Sosiologie (Industriële) III
Sosiale en Ekonomiese Wetgewing

Bepaling van Studiejaar.

P.M.3. (1) 'n Student word nie tot die tweede jaar toegelaat nie tensy hy Bedryfsielkunde I asook Sosiologie I en minstens twee andere kursusse geslaag het.

(2) 'n Student word nie tot die derde jaar toegelaat nie tensy hy Bedryfsielkunde I en II asook Sosiologie (Industriële) I en II en minstens vier andere kursusse geslaag het.

Eksamen.

- P.M.4. (1) Om 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die vereistes neergelê in die algemene reëls vir baccalaureusgrade en 'n subminimum van minstens 35% in elke vraestel behaal.
- (2) Die jaarpunt en eksamenpunt word in 'n gelykwaardige verhouding gekombineer.
- P.M.5. (1) 'n Student wat in sy eerste jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:—
- (a) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%.
- (b) minstens 40% van die punte in die eksamen.
- (c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse tydens dieselfde eksamen.
- (2) 'n Student wat in sy tweede jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:—
- (a) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%;
- (b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en die eksamen gesamentlik.
- (c) 'n slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen.
- (3) 'n Student wat in sy derde jaar van studie is, sal toegelaat word tot 'n aanvullende eksamen in die kursus wat hy nie geslaag het nie:
- (a) in die finale kursus van 'n hoofvak: Met dien verstande dat hy die volgende behaal:
- (i) 'n jaarpunt of eksamenpunt van minstens 50%;
List of prescribed works obtainable on application from the Head of the Department.

DEPARTEMENT GESKIEDENIS**Algemene Opmerkings :**

Studente wat voornemens is om Geskiedenis as 'n hoofvak te kies, word ten sterkste aangeraai om

- (a) minstens een kwalifiserende kursus in of Staatsleer of Antropologie of Aardrykskunde of Ekonomie of Wysbegeerte of Sosiologie te neem en
 (b) 'n leeskenis van Afrikaans te bekom.

Kursus I

Vraestel 1. 'n Oorsig van die geskiedenis van die Westerse beskawing vanaf sy ontstaan tot en met die Hervorming.

Vraestel 2. Die Ontdekkingsreise, (met verwysing na Arabiese en Europese beriggewing oor die volkere van Afrika) en die Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1795.

Kursus II

Vraestel 1. Europese Geskiedenis, 1556-1815.

Vraestel 2. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1795-1881, met insluiting van

- (a) die Britse koloniale beleid in die tydperk en
 (b) die vestiging van die Zoeloe en Suid-Sotho en Oos-Kaapse Nguni.

Kursus III

Vraestel 1. Europese Geskiedenis na 1815.

Vraestel 2. (a) Die Nuwe Imperialisme na 1870 en die opkoms van die anti-kolonialisme, met spesiale verwysing na die geskiedenis van Afrika (Suid-Afrika ingesluit).

- (b) Inleiding tot die Wysbegeerte en Metodeleer van die Geskiedenis en Historiografie.

Vraestel 3. Aspekte uit die geskiedenis van Suid-Afrika na 1881.

Honneurs**Algemene Opmerking :**

'n Leeskenis van die twee amptelike tale word veronderstel, en 'n leeskenis van Duits en/of Frans word sterk aanbeveel.

Die eksamen bestaan uit die volgende vyf vraestelle:—

Vraestel 1. Metode, Tegniek en Teorie van die Geskiedenis.

Vraestel 2. Historiografie en Wysbegeerte van die Geskiedenis.

Vraestel 3. 'n Dokumentêre studie oor een van die volgende:

- (a) Die rewolusionêre tydperk in Europa en Amerika, 1760-1800, met besondere verwysing na temas uit die Amerikaanse Rewolusie.
- (b) Die ontdekkings tydperk tot by die stigting van die Kaapse Volksplanting met besondere nadruk op die Van Riebeeck-tydperk.
- (c) Aspekte van die Kaapse Oosgrens-geskiedenis gedurende die eerste helfte van die 19e eeu.
- (d) Die verenigings- en federasiestrewe in Suid-Afrika, 1854-1910, met dokumente-studie oor die totstandkoming van Unie in 1910.
- (e) Europese belangstelling in die Suid-ooskus van Afrika, 1600-1800.

Vraestel 4. Twee van die volgende:

- (a) Bevolkingsverskuiwings van die suidelike Bantoe.
- (b) Die geskiedenis van òf die suidelike Nguni òf noordelike Nguni òf Suid-Sotho.
- (c) Die geskiedenis van die Monomotapa-Zimbabwe kompleks.
- (d) Die historiese verhouding en kontak tussen die Bantoe en Khoizan.
- (e) Aspekte van die geskiedenis van die Transkei of/en Ciskei.

Vraestel 5. Een van die volgende:

- (a) Die V.S.A. in die 19de en 20ste eeu.
- (b) Kommunistiese Rusland en China in die moderne wêreld.
- (c) Die opkoms van moderne Japan.
- (d) Internasionale betrekkinge 1890-1945.

Ministerie van Onderwys
M.A.
Together in Excellence

Daar word van 'n M.A.-student verwag om 'n verhandeling te voltooi oor 'n onderwerp wat na oorlegpleging met die hoof van die Departement, deur die Senaat goedgekeur is.

Algemene Opmerkings:

1. As 'n student van voornemens is om onmiddellik na voltooiing van die B.A. Honneurs-kursus met die M.A. voort te gaan, moet hy 'n mondelinge eksamen aflê oor die tydvak waarin sy verhandeling val en oor bibliografie en geskiedkundige apparaat.

2. As 'n student na die verloop van 'n aansienlike tyd na die voltooiing van die Honneurs-kursus met die M.A. wil voortgaan, moet hy, bo en behalwe die vereistes hierbo genoem, sy promotor tevrede stel aangaande die historiese metode en tegniek en Suid-Afrikaanse historiografie.

3. Daar word van 'n voornemende M.A.-student verwag om ten minste vir een jaar voltyds navorsing te doen.

D.Phil.

'n Proefskrif, asook 'n mondelinge eksamen oor die tydvak waarin die onderwerp val, word vereis.

Algemene Opmerkings:

- (i) Die D.Phil.-verhandeling moet 'n oorspronklike bydrae wees tot die kennis van die Geskiedenis. Dit moet bewys lewer van insig, 'n kritiese vermoë en sintetiese benadering.
- (ii) Na finale voorlegging van die proefskrif word van die kandidaat vereis om hom mondeling voor sy eksaminatore oor sy proefskrif te verantwoord.

KLASSIEKE HEBREEUS**Kursus I**

(Twee vraestelle)

Vraestel 1: Taal.

- (a) Beginsels van die Hebreuse grammatika (skrif, klankleer, aksente, naamvalle van die voornaamwoord, sterk selfstandige naamwoord, onreëlmatige selfstandige naamwoord, lidwoorde, telwoorde tot 100 en sterk werkwoorde met werkwoordelike byvoegsels).
- (b) Eenvoudige vertalings uit en in Hebreus.

Vraestel 2: Agtergrond.

(Studente, wat Bybelkunde I geslaag het, is vrygestel van vraestel 2).

- (a) 'n Oorsig van Bybelse Oudheidkunde.
- (b) Israelitiese geskiedenis en die antieke Nabye Oosterse agtergrond daarvan vanaf die begin tot op die verwoesting van die Eerste Tempel.
- (c) Oorsig van Bybelse Aardrykskunde.

Kursus II

(Twee vraestelle)

Vraestel 1: Taal en teks.

- (a) Beginsels van die Hebreuse grammatika (swak werkwoorde en selfstandige naamwoorde daarvan afgelei, vergelykings, lidwoorde) met vertalings uit en in Hebreus.
- (b) Beginsels van Hebreuse sinsleer, met toepaslike oefeninge.
- (c) Taalkundige studie van ses hoofstukke uit die historiese, ses hoofstukke uit die profetiese en ses hoofstukke uit die wysheidsliteratuur van die Ou Testament met oefeninge in teks kritiek.

Vraestel 2: Agtergrond.

(Studente, wat Bybelkunde II geslaag het, is vrygestel van vraestel 2)

- (a) Die aard van die Hebreuse taal en denke.
- (b) Die geskiedenis van die Jode vanaf die verwoesting van die Eerste Tempel tot die verwoesting van die Tweede Tempel.

Kursus III

(Twee vraestelle)

Vraestel 1: Taal.

- (a) Kenmerke van die Hebreuse taalkunde en 'n inleiding tot die Semitiese taalwetenskap.
- (b) 'n Studie van Qumran dokumente.

Vraestel 2: Aramees I of Ugarities I of Kopties I of Akkadies I of Moderne Hebreus.

- (a) Inleidende grammatika en oorsig van die Letterkunde van een van bogenoemde tale.
- (b) Vertaling van voorbereide en onvoorbereide tekste in Engels of Afrikaans.
- (Kandidate wat een van bogenoemde bykomstige tale op 'n eenjarige basis neem, skryf slegs vraestel twee).

DEPARTEMENT KLASSIEKE TALE
GRIEKSE

(Met insluiting Beginsels van Griekse Kultuur).

Kursus IA

(Een vraestel.)

1. 'n Studie van die grammatika (vormleer en sintaksis) van Grieks.
2. Vertaling van sinne en/of passasies uit Grieks en in Grieks.
3. 'n Oorsig van Christelike Griekse letterkunde.

Kursus IB

(Twee vraestelle)

1. Formele grammatika van Grieks.
2. Onvoorbereide vertalings en eenvoudige vertalings in Grieks.
3. 'n Studie van hoofstukke geneem uit die volgende voorgeskrewe boeke:
 - (a) Die Griekse Nuwe Testament: *Johannes*.
 - (b) Xenophon : *Anabasis*.

of

Clemens Romanus: *Eerste brief aan die Korinthiërs*.

(c) *Didache*.

(Vertaling, taalkundige kommentaar, verband en agtergrond).

4. 'n Oorsig van die Griekse geskiedenis gedurende die Hellenistiese tydperk (336-31 v.C.), met besondere verwysing na die aard van die Hellenistiese staatsvorm en na kulturele strominge van die tydperk.

Kursus II

(Drie vraestelle)

1. 'n Studie van die Griekse grammatika, sistematies en in verband met die geskiedenis van die Griekse taal.
2. Onvoorbereide vertaling en stelwerk.
3. 'n Studie van die volgende voorgeskrewe boeke:
 - (a) Plato : Een Dialoog.
 - (b) Euripides : Een tragedie.
 - (c) Herodorus : Een boek.

of

Clemens Romanus : *Eerste brief aan die Korinthiërs*.

en

Anon. : *Brief aan Diogenetus*.

(d) *Die Handeling van die Apostels*.

of

Homeros : Een boek van die *Odyssee*.

(Vertalings, taalkundige kommentaar, verduideliking van verband en inhoud en vae van 'n literêre aard.)

4. 'n Oorsig van die Griekse geskiedenis, vanaf ongeveer 1200 tot 336 v.C., met besondere verwysing na die *polis*, die godsdiens en die denke.

5. 'n Oorsig van die Griekse letterkunde met besondere verwysing na die bogenoemde voorgeskrewe boeke.

Kursus III

(Vier vraestelle)


1. 'n Intensiewe studie van die Griekse grammatika, beide diachronies en sinchronies.

2. Gevorderde stelwerk en onvoorbereide vertalings.
3. 'n Intensiewe studie van die volgende voorgeskrewe boeke:
 - (a) Sophokles : een tragedie.
 - (b) Thukydides : een boek.
 - (c) Aristophanes : een komedie
 - of*
 - Paulus : twee sendbriewe.
 - (d) Plato : Een dialoog.
 - of*
 - Griekse Papyri : uittreksels.
 - (e) Homeros : een boek van die *Ilias*.
 - of*
 - Clemens Alexandrinus: *Protrepikos*.

(Vertalings, kommentaar op die grammatika en versmaat, verklaring van die verband en inhoud en vae van 'n literêre aard).

4. 'n Studie van 'n spesiale periode uit die Griekse geskiedenis insluitende die bestudering van primêre bronne.

5. 'n Intensiewe studie van bepaalde genre of tydperke van die Griekse letterkunde, met spesiale verwysing na bogenoemde voorgeskrewe boeke.



BEGINSELS VAN DIE GRIEKSE KULTUUR

University of Fort Hare

(Twee vraestelle)

Togeter in Excellence

'n Oorsig van die volgende aspekte van die Griekse Kultuur (soos blyk uit Griekse skrywers wie se werke in vertaling gelees moet word):

- (a) Mitologie en godsdiens.
- (b) Letterkunde met spesiale studie van 'n gespesifiseerde vertakking van die letterkunde.
- (c) Die politieke, sosiale en konstitusionele geskiedenis gedurende die Klassieke Tydvak.
- (d) Die beeldhoukuns en argitektuur van die tydperk van Perikles.

LATYN

Spesiale Latyn

(Een vraestel)

- (a) Vrae oor die vormleer en sintaksis van Latyn.
- (b) Engelse sinne vir vertaling in Latyn.
- (c) Eenvoudige sinne (Latyn) vir vertaling in Engels, waarvan tenminste een passasie geneem sal word uit 'n voorgeskrewe aantal Latynse passasies.

Kursus I

(Twee vraestelle)

- A. Twee voorgeskrewe werke albei vir intensiewe studie. (Die vrae sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, verduideliking van die inhoud en verband; vrae van 'n literêre aard oor die betrokke outeurs, in die algemeen sowel as met besondere verwysing na die voorgeskrewe werke. Wat die versmaat betref, hoef studente slegs die elegiese koeplet te bestudeer).

- B. Stelwerk en onvoorbereide vertaling.
 C. Oorsig van die Romeinse geskiedenis tot 14 n.C.
 Voorgeskrewe werke:

Cicero: Oratio Philippicae. IV-VI.

Vergilius: Aeneis II.

Kursus II

(Drie vraestelle)

- A. Vier voorgeskrewe werke waarvan twee vir intensiewe studie is. (Die vroe sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, verduideliking van verband en inhoud, en vroe van 'n literêre aard oor die outeurs in die algemeen sowel as met besonder ewerwysing na die voorgeskrewe werke. Wat die versmaat betref, moet studente slegs die Sapphiese en Alcaiese stansas van Horatius bestudeer.)
 B. Meer gevorderde stelwerk en onvoorbereide vertaling.
 C. 'n Studie van die Romeinse geskiedenis van 14 n.C.—337 n.C.

Voorgeskrewe werke:

Horatius

Livius

Terentius

Plinius



Odes (ed. Page)

Lib. XXX

Heauton timorumenos.

Selected Letters (Prichard).

Kursus III

(Vier vraestelle)

- A. Sewe voorgeskrewe werke, vier vir intensiewe studie. (Die vroe sluit in passasies vir vertaling, taalkundige kommentaar, verduideliking van verband en inhoud, en vroe van 'n literêre aard oor die betrokke outeurs, in die algemeen sowel as met besondere verwysing na die voorgeskrewe werke.)
 B. Gevorderde stelwerk en onvoorbereide vertaling.
 C. Die studie van 'n bepaalde genre van die Latynse letterkunde.
 D. Die studie van 'n spesiale periode uit die Romeinse geskiedenis.

Voorgeskrewe werke:

Tacitus	:	Annales I.
Cicero	:	De Finibus I
Horatius	:	Satires (Palmer)
Juvenalis	:	Satires (Duff)
Lucretius	:	De Rerum Natura III.
Vergilius	:	Aeneis VI.
Propertius	:	Elgiae I

Spesiale genre van die Romeinse letterkunde: Romeinse satire.

Spesiale periode uit die Romeinse geskiedenis:

70 v.C. tot 14 n.C.

('n Studie van epigrafiese bronne word hierby ingesluit).

DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE WERK**MAATSKAPLIKE WERK****Kursus I**

(Een vraestel)

Afdeling A.

Algemene inleiding tot die maatskaplike sorg.

Afdeling B.

'n Oorsig oor die geskiedenis van maatskaplike werk en van welsynsaktiwiteite in Suid-Afrika.

Kursus II
(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

Die maatskaplike gevallewerkm metode.

Vraestel 2.

1. Maatskaplike groepwerkm metode.
2. Maatskaplike Werk op sekere gespesialiseerde gebiede.

Kursus III
(Drie vraestelle)

Vraestel 1.

1. Maatskaplike gevallewerk met spesiale verwysing na die psigo-sosiale bevordering.
2. Gesinsorg, kindersorg en jeugsorg met 'n intensiewe bestudering van die Kinderwet (Wet Nr. 33 van 1960, soos gewysig).
3. Maatskaplike Werk met betrekking tot besondere probleme.

Vraestel 2.

1. Maatskaplike gemeenskapswerk.
2. Die ontwikkeling van Maatskaplike beleid.

Vraestel 3.

1. Maatskaplike Werkadministrasie.
2. Die profesie en filosofie van Maatskaplike Werk.

Honneurs

Die eksamen bestaan uit:

Vraestel 1.

Maatskaplike Groepwerk.

Vraestel 2.

Gemeenskapswerk en Maatskaplike Werk beleid.

Vraestel 3.

Maatskaplike Werkadministrasie.

Vraestel 4.

Maatskaplike gevallewerk.

Vraestel 5.

Maatskaplike Werknavorsing en supervisie.

Vraestel 6.

Maatskaplike Werk en spesiale rigtings.

Magisterseksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp uit die gebied van die maatskaplike werk, en 'n mondelinge eksamen oor die algemene beginsels van die vak.

Universiteitsdiploma in Maatskaplike Werk

Die kursusse vir die Diploma is dieselfde as die vir die graadkursus

PRAKTIKA

Studente word ten sterkste aangeraai om 'n bestuurderslisensie te bekom voor voltooiing van hul finale jaar.

Kursus I

(a) Studente moet minstens 8 besoeke by verskillende welsynsorganisasies en inrigtings aflê en volledig verslag doen van sulke besoeke.

(b) Studente moet minstens een drie uur periode per week van praktiese instruksie gedurende die akademiese jaar bywoon.

Kursus II

(a) Studente moet by 'n goedgekeurde welsynsorganisasie registreer.

(b) Studente moet minstens drie uur per week van instruksie in die praktyk gedurende die akademiese jaar ondergaan.

(c) Een helfte van die akademiese jaar word gewy aan praktiese gevallewerk-ondervinding en die ander helfte van die akademiese jaar aan praktiese groepwerk-ondervinding.

(d) Die student moet vier aaneenlopende weke van praktiese opleiding onder toesig van 'n geregistreerde Maatskaplike Werker gedurende die vakansie ondergaan.

(a) Studente moet by 'n goedgekeurde Welsynsorganisasie registreer.

(b) Studente moet minstens drie uur per week van instruksie in die praktyk gedurende die akademiese jaar ondergaan.

(c) Studente moet vir die grootste gedeelte van die akademiese jaar deel neem aan maatskaplike ontwikkelingswerk in die omringende gemeenskappe.

(d) Die student moet vier aaneenlopende weke van praktiese opleiding onder toesig van 'n geregistreerde Maatskaplike Werker gedurende die vakansie ondergaan.

Honneurs

Die Student moet agt aaneenlopende weke van praktiese ondervinding opdoen by 'n geregistreerde welsynsorganisasie wat deur die hoof van die departement goedgekeur is. Die ondervinding moet geskied onder leiding van 'n geregistreerde Maatskaplike Werker. 'n Volledige verslag moet na afloop van die ondervinding by die hoof van die departement ingehandig word.

DEPARTEMENT SELKUNDE

SELKUNDE

Kursus I

(Een vraestel)

1. Inleiding: Histories, Belangrike skole, Toepassingsvelde
2. Die Leerproses.
3. Emosie.
4. Intelligensie
5. Denke.
6. Aandrifte en motivering.
7. Grondslae van die Sosiale Sielkunde.
8. Persoonlikheid.

9. Inleiding tot navorsings- en evalueringsmetodieke in die Sielkunde.
10. Psigofisiologie.
11. Waarneming en aandag.
12. Inleidende Psigopatologie.
13. Inleiding tot die Ontwikkelingssielkunde.

L.W. Studente wat Sielkunde as hoofvak neem, sal 'n voorgeskrewe eenjarige kursus in Statistiese Metodes suksesvol moet voltooi.
(Hierdie reëling sal nie van toepassing wees op studente wat Sielkunde III in 1976 voltooi nie).

Kursus II

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

Afdeling A:

1. Ontwikkelingstudie van die kinderjare en adolessensie.

Afdeling B:

1. Psigopatologie van die kinderjare en die adolessensie.

Vraestel 2.

1. Groepe en groepprosesse met nadruk op die gesin en die familie insluitende sulke aspekte soos rol, leierskap ens.
2. Sosiale prosesse, insluitende vooroordeel, houdings ens.
3. Differensiële Sielkunde.

University of Fort Hare
Together in Excellence
Kursus III

(Drie vraestelle)

Vraestel 1.

1. Ontwikkelingstudie van volwassenheid en bejaardheid.
2. Psigopatologie van volwassenheid en bejaardheid.
3. Interkulturele benadering tot die psigopatologie met spesifieke verwysing na gemeenskappe in Afrika.
4. Inleiding tot psigodiagnostiek en psigoterapie.

Vraestel 2. Persoonlikheid:

1. Die aard van persoonlikheid.
2. Die determinante van persoonlikheid.
3. Die evaluering van persoonlikheid.
4. 'n Diepte-onderzoek van een van die huidige persoonlikheidsteorieë.

Vraestel 3.

Afdeling A.

Voorligtingsielkunde (60%)

1. Beroepsraadgewing
2. Opvoedkundige raadgewing
3. Rehabilitasie
4. Huweliksvoorligting
5. Kinderleiding—vanaf kleuterjare tot adolessensie.

Afdeling B.

Inleiding tot die Bedryfsielkunde (Departement van Bedryfsielkunde) (40%)

Honneurs

L.W. Kandidate moet op dieselfde dag as die doserende personeel aan die begin van die jaar by die Universiteit aanmeld.

Kandidate moet 10 (tien) semesterkursusse voltooi.

Alle kurrikula vir die honneurskursus moet aan die begin van die jaar deur die departementshoof goedgekeur word. Sommige kursusse het sekere voorvereistes, soos aangedui.

- ±1. Psigoterapeutiese tegnieke
- ±2. Psigodiagnose
- ±3. Psigopatologie (minder ernstige afwykings)
- ±4. Psigopatologie (meer ernstige afwykings)

*5. Gevorderde navorsingsmetodiek

6. Persoonlikheidsielkunde

7. Groepe en groepmetodes

x8. Voorligting I (gevorderd)

x9. Voorligting II (gespesialiseerd)


10. Ontwikkelingsielkunde

11. Gerigte studie (keuse van studie-onderwerp word met die departementshoof gereël)

12. Omgewingsielkunde

13. Dieptesielkunde

14. Bedryfsielkunde (2 semesterkursusse in die departement Bedryfsielkunde)



University of Fort Hare
Magister-Eksamen
Togelukkig in Eksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n onderwerp wat uit een van die gebiede van die sielkunde gekies word, soos goedgekeur deur die departementshoof. Voorsiening word gemaak vir óf 'n kliniese sielkundige óf 'n voorligtingsielkundige gerigte studie.

DEPARTEMENT SKONE KUNSTE

KUNSGESKIEDENIS

Kursus I

(Twee vraestelle)

'n Breë oorsig oor die belangrikste kunsbewegings vanaf die voorgeskiedenis tot die hede. Beide skilderkuns en beeldhou, sowel as argitektuur sal bestudeer word.

- A. (1) Prehistoriese kuns in Europa en Afrika.
 (2) Egipties.
 (3) Grieks.
 (4) Romeins.
 (5) Middelees.

* Verpligtend vir alle studente.

± Moet altyd saam geneem word. Is ook verpligtend vir alle studente wat beoog om in kliniese sielkunde te spesialiseer.

x Verpligtend vir alle studente wat in voorligtingsielkunde wil spesialiseer.


- B. (6) Renaissance.
 (7) Barok.
 (8) 19de Eeuse kuns
 (9) 20ste Eeuse kuns.
 (10) Suid-Afrikaanse kuns (insluitende tradisionele Afrika- en Neo-Afrika-kuns).

Kursus II

(Twee vraestelle)

'n Gedetailleerde studie van Prehistoriese en Primitiewe Kuns

- A. Prehistoriese Kuns: (i) Europa
 (ii) Middle-Ooste
 (iii) Afrika
- B. Primitiewe Kuns : (i) Afrika
 (ii) Oseanië
 (iii) Pre-Columbies



Kursus III

Universiteit van Pretoria

Together in Excellence

'n Gedetailleerde verkenning van die volgende Moderne Kunsrigtings:

- A. 1. Fauvisme.
 2. Ekspresionisme.
 3. Kubisme.
 4. Purisme.
 5. Orfisme.
 6. Futurisme.
 7. Vortisisme.
 8. Dada en Surrealisme.
- B. 9. Suprematisme.
 10. De Stijl.
 11. Konstruktivisme.
 12. Abstrakte Ekspresionisme.
 13. Kinetiese Kuns.
 14. Pop-kuns.
 15. Op-kuns.
 16. Minimale Kuns.

DEPARTEMENT SOSIOLOGIE EN KRIMINOLOGIE

SOSIOLOGIE

Kursus I


(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

- (a) Wetenskap en samelewing. Sosiologie: sy gebied, sy metodes, sy verhouding tot ander denkstelsels. Die vroeë geskiedenis van maatskaplike denke en die opkoms van die sosiologie.
- (b) Maatskappy, kultuur en persoonlikheid.
- (c) Basiese sosiologiese begrippe.

Vraestel 2.

- (a) Maatskaplike struktuur en proses.
- (b) Elemente van die sosiologie van bevolkings en omgewings.
- (c) Maatskaplike probleme en aangeleenthede, maatskaplike beleid.



(Vir B.A. Studente) (Algemene Leerplan)

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

Die ontwikkeling van sosiologiese denke in die negentiende en vroeë twintigste eeu. Analitiese en sistematiese bestudering van maatskaplike sisteme. Die interpretasie van maatskaplike, persoonlikheids- en kulturele sisteme en hul verhouding met die omgewing. Die elemente en institusionalisering van maatskaplike handeling en konflik.

Vraestel 2.

Of (a) Historiese, kontemporêre en geproekteerde beskrywings van Wêreldbevolking. Demografiese begrippe en metodes. Bevolkingsdinamika. Demografiese sosiologie. Demografiese navorsing en statistiek.

Of (b) Die belang van die sosiologie in industriële lewe. Industriële sosiologie as studiegebied. Die sosiologiese struktuur van werkorganisasies. Industrie en die individu, die gemeenskap en die samelewing.

Kursus II

(Vir B.A. Studente) (Leerplan in Demografie)

(Twee vraestelle)

Die kursus sal slegs aangebied word indien daar aanvraag bestaan en indien fasiliteite dit toelaat.

Vraestel 1.

Die leerplan soos uiteengesit vir Kursus 2(a) vir B.A. (Algemene Leerplan).

Vraestel 2.

Meer gevorderde demografie, met spesiale verwysing na die demografie van Suid-Afrika met inbegrip van spesiale studie aangaande die demografie van die Ciskei en Transkei.

Praktika :

Deelname aan die Demografie Projek (Xhosa).

Kursus II

(Vir B.A. studente) (Leerplan in Industriële Sosiologie)

(Twee vraestelle)

Die kursus sal slegs aangebied word indien die aanvraag bestaan en indien fasiliteite dit toelaat.

Vraestel 1.


Die leerplan soos uiteengesit vir Vraestel 2(b) vir B.A. (Algemene Leerplan)

Vraestel 2.

Beginsels van Industriële Sosiologie en Organisasie-sosiologie. Die belangrikste probleme met betrekking tot die individu in die werkorganisasie. Sosiologiese ontleding van die verhoudings van die politie, die gemeenskap, patroonhandhawing en die ekonomie. Sosiologiese aspekte van industriële ontwikkeling—industrialisasie, verstedeliking, werk-verhoudings, demografiese implikasies.

Praktika.

Deelname aan veldwerk.



(Vir B.A. (M.W.) Studente)

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

Die leerplan soos uiteengesit vir Kursus II, Vraestel 1 (vir B.A. Algemene Leerplan)

Vraestel 2.

Die leerplan soos uiteengesit vir Kursus II, Vraestel 2(a) (vir B.A. Algemene Leerplan).

Kursus III

(Vir alle B.A. Leerplanne)

(Drie vraestelle)

'n Student mag nie Vraestel 2(b) neem indien hy nie Vraestel 2(a) in Kursus II (Algemene Leerplan) of Vraestel I in Kursus II (Demografie Leerplan) geneem het nie en 'n student mag nie Vraestel 3(b) neem indien hy nie Vraestel 2(b) in Kursus II (Algemene Leerplan) of Vraestel I in Kursus II (Industriële Sosiologie Leerplan) geneem het nie.

'n Student wat Kursus II vir die B.A. (Algemene of Demografie of Industriële Sosiologie Leerplan) geslaag het, mag Kursus III vir die B.A.-graad neem, onderhewig aan die voorwaarde dat hy nie enige Afdeling van die Kursus II leerplanne herhaal waarmee hy reeds gekrediteer is nie.

Vraestel 1.

Die beginsels van kontemporêre Sosiologie, met spesiale verwysing na die twintigste eeuse skole en denksisteme en huidige kritiek en ontwikkelinge.

Vraestel 2.

Of (a) Afwyking, konformiteit, en verandering in die samelewing. Die paradoks van maatskaplike orde, tipologieë en paradigmes van afwyking, veroorsaking van afwyking, maatskaplike reaksies op afwyking modi van maatskaplike verandering.

Of (b) Meer gevorderde demografie, met besondere verwysing na die demografie van Suid-Afrika met inbegrip van spesiale studie aangaande die demografie van die Ciskei en Transkei.

Vraestel 3.

Of (a) Teorieë, tegnieke en vertakkings van mikro- en makro-sosiologiese navorsing met veld- en laboratoriumpraktika. Elemente van statistiese en grafiese metodes vir die sosiologie.

Of (b) [Presies soos II. 2 Indus. Sos. Leerplan.]

Kursus III

(Vir B.A. (M.W.) studente)

(Drie vraestelle)

Vraestel 1.

Die leerplan soos uiteengesit vir Kursus III, Vraestel 1 (vir B.A.)

Vraestel 2.

Die leerplan soos uiteengesit vir Kursus II, Vraestel 2(a) (vir B.A.)

Vraestel 3.

Die leerplan soos uiteengesit vir Kursus III, Vraestel 3(a) (vir B.A.)

Die eksamen beslaan drie vraestelle in Deel I en twee vraestelle in Deel II. Dele I en II mag gesamentlik of afsonderlik geskryf word.

Deel I: Vraestel 1:

Oorsig van kontemporêre sosiologiese denke.

Vraestel 2:

'n Gespesialiseerde gebied van maatskaplike navorsingsmetodes geselekteer in oorleg met die Departementshoof.

Vraestel 3:

Eksaminering van 'n navorsingsprojek (deur die student voltooi) binne die geselekteerde gebied van maatskaplike navorsingsmetodes.

Deel II: Vraestel 4 en Vraestel 5 onderskeidelik:

Twee van die volgende geselekteer in oorleg met die Departementshoof:—

- (a) 'n Geselekteerde periode van sosiologiese denke.
- (b) Opvoedkundige sosiologie.
- (c) Politieke sosiologie.
- (d) Godsdienssosiologie.
- (e) Misdaadsosiologie.
- (f) Demografie.
- (g) Industriële sosiologie.
- (h) Sosiale Sielkunde.
- (i) Rasseverhoudinge.
- (j) Landelike en Stedelike sosiologie.
- (k) Groepsdinamika.

Magisterseksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling oor 'n selfgekoose onderwerp, goedkeuring waarvan verkry moet word ten minste ses maande voor inlewering en 'n mondelinge eksamen oor die algemene beginsels van die Sosiologie.

KRIMINOLOGIE**Kursus I**

1. Inleiding tot die Kriminologie as Vakwetenskap: Die gebied, taak en metodes; die verband tussen Kriminologie en die aanverwante wetenskappe.
2. Ontleding van die Misdaderverskynsel: Die begrip misdaad; persoonlike en omstandighedsaspekte van die misdaderverskynsel.
3. Inleiding tot die Penologie.
4. Jeugmisdad: Definisie, omvang; die verband tussen kinderverwaarlosing en jeugwangedrag; die jeugmisdadiger—fisiese en geestelike aspekte van jeugmisdadigers; huislike omstandighede en jeugmisdad; buitehuislike faktore en jeugmisdadigheid; misdadige jeuggroepe; ontleding van die jeugaanhoudingsentrum.
5. Die verband tussen misdaad en sommige sosiaal-patologiese verskynsels.

Kursus II*Vraestel 1 (3 uur)*

1. Inleiding tot die Kriminele Sielkunde.
Die liggaamlike en geesteshoedanighede van die misdadiger; omgewingsfaktore en persoonlikeheidsfaktore; die verband tussen geestesgebreke en misdadigheid.
2. (a) Inleiding tot die Forensiese Sielkunde.
(b) Sosiologie van misdaad.
3. Oorerflikheid en Misdaad.
4. Spesiale Kursus: Menslike Genetika (9 lesings p.j.)
(Departement Genetika).

Vraestel 2

1. Penologie: Die oogmerke van straf; Strafteorieë; Strafmodes en die ontwikkeling daarvan; Moderne strafmetodes.
2. Die Suid-Afrikaanse Strafstelsel en Gevangenisorganisasie
3. Strafregpleging: Met verwysing na die Wet op Kriminele Prosedure en Bewyslewering.
4. Inleiding tot die Gesk. van die Forensiese Medisyne, met verwysing na die Forensiese Medisyne vir Regspleging en Strafbehandeling.

DEPARTEMENT STAATSLEER EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE**STAATSLEER****Kursus I**

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

Eerste capita selecta uit die grondbeginsels, strominge, tydperke en denkers op die gebied van die Staatsleer.

1. Algemene inleiding tot die studie van die vak Staatsleer.
2. Eerste seleksie van basiese begrippe in die Staatsleer.
3. Eerste seleksie van bepaalde tydperke en strominge in die Staatsleer met besondere verwysing na die betrokke denkers.

Vraestel 2.

Staatsinstellings en Staatspraktyke

1. Eerste seleksie van bepaalde staatsinstellings en -opvattinge asook die betrokke denkers.
2. 'n Volledige ontleding en evaluering van moderne Westerse staatsinstellings en -praktyke met besondere verwysing na hedendaagse Suid-Afrika.

Kursus II

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

Tweede capita selecta uit die grondbeginsels, strominge, tydperke en denkers op die gebied van die Staatsleer.

1. Tweede seleksie van basiese begrippe in die Staatsleer.
2. Tweede seleksie van bepaalde tydperke en strominge in die Staatsleer met besondere verwysing na die betrokke denkers.
3. Prinsipiële aspekte in die studie van die Staatsleer.

Vraestel 2.

Derde capita selecta uit die grondbeginsels, strominge, tydperke en denkers op die gebied van die Staatsleer.

1. Tweede seleksie van bepaalde staatsinstellings en -opvattinge asook die betrokke denkers.
2. Moderne totalitiese staatsopvattinge.
3. Die Westerse demokrasie en sy filosofiese grondslag.

Kursus III

(Drie vraestelle)

Vraestel 1.

Eerste capita selecta uit die internasionale verhoudings en instellings.

1. Die staat in die internasionale samelewing (nie gemeenskap nie).
2. Die statestelsel en die 'Gemeenskap' van Nasies.
3. Die oorsprong en ontwikkeling van die volkereg.
4. Nasionalisme, internasionalisme en imperialisme.
5. Kolonialisme.
6. Die bestaan en probleme van nasionale minderhede.

Vraestel 2.

Tweede capita selecta uit die internasionale verhoudings, verskynsels en instellings.

1. Reëlings vir internasionale samewerking: die begin van internasionale instellings.
2. Mag en magspolitiese.
3. Diplomatie as werktuig in diens van nasionale beleid.
4. 'n Vergelykende studie van die samestelling, oogmerke en optredes van die Volkebond en die Verenigde Volke.

Vraestel 3.

Derde capita selecta uit die internasionale verhoudings, verskynsels en instellings.

1. Oorlog en vrede.
2. Die mandaat- en trusteeskapstelsel as vorme van internasionale beheer oor afhanklike gebiede.
3. Internasionale vraagstukke van oorbevolking, voedseltekorte en grondstowwe.
4. Die rol van Afrika in die wereldpolitiek.

Honneurs

Die eksamen bestaan uit vyf vraestelle. In oorleg met die Hoof van die Department kies 'n kandidaat uit die volgende onderwerpe:

1. 'n Besondere periode of aspek van politieke teorie (filosofie).
2. 'n Vergelykende studie van enige DRIE konstitusies.
3. Politieke Partye.
4. 'n Vergelykende studie van moderne benaderings in staatsleer of internasionale verhoudinge.
5. 'n Gevorderde studie van die samestelling en funksionering van supranasionale organisasies (V.V.O., O.A.E., N.A.V.O., ens.).
6. 'n Gevorderde studie van Behaviouralistiese teorieë in Staatsleer.
7. Teorieë in Internasionale Verhoudinge, soos van tyd tot tyd voorgeskryf.
8. Die ontwikkeling van politieke denke in Afrika, Asië, Latyns-Amerika of die Midde-Ooste.

Genoemde vyf vraestelle kan gelyktydig of in twee dele afgelê word.

Magistereksamen

Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling, wat oor 'n onderwerp uit die Staatsleer of 'n aanverwante vak moet gaan en blyk moet wees van oorspronklike ondersoek. So 'n onderwerp moet goedgekeur word deur die Senaat minstens ses maande voor die indiening van die verhandeling.

University of Fort Hare PUBLIEKE ADMINISTRASIE

Kursus I

Vraestel 1.

Algemene inleiding tot die studie van Publieke Administrasie.

Vraestel 2.

Beskrywende en historiese aspekte van die institusionele raamwerk (owerheidsadministrasie) van publieke administrasie.

Kursus II

Vraestel 1.

Die openbare dienste met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika.

- (a) Beleidbepaling in die openbare sektor.
- (b) Organisasie
- (c) Administratiewe prosedure.

Vraestel 2

1. Openbare finansiële administrasie (sentrale, regionale en plaaslike).
2. Openbare personeeladministrasie met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika (sentrale, regionale en plaaslike)
3. Die ontleding van die werksamhede en administratiewe instellings van een munisipaliteit.
4. 'n Ontleding van die owerheidsinstellings in die Transkei en die besondere reelings wat daar getref is

Kursus III

Vraestel 1.

1. Staatshandelondernemings.
2. Beheer oor regionale en munisipale owerhede
3. 'n Vergelykende studie van die stelsels van twee of meer lande

Vraestel 2.

1. Beheer oor die uitvoerende instellings; parlementêre beheer
2. Georganiseerde belangegroepes en publiek administrasie. Inskakeling van belangegroepes deur middel van rade en Kommissies.

Vraestel 3.

- (1) Publieke administrasie in nuwe state.
- (2) Internasionale publieke administrasie
- (3) Nuwe ontwikkelings op die gebied van publieke administrasie.



Die hele eksamen bestaan uit vier vraestelle, naamlik twee vraestelle in Deel I en twee vraestelle in Deel II *plus* 'n goedgekeurde artikel vir Deel III. Deel I en II kan gesamentlik of afsonderlik afgelê word. In oorleg met die Departementshoof kies 'n kandidaat sy vraestelle uit die volgende:

Deel I: Vraestelle 1 en 2 is respektiewelik (a) hieronder; *plus* enigeen van (b) tot (e).

- (a) Gevorderde teorie en wat gegrondslae van Publieke Administrasie: *capita selecta* van benaderings, skryf en slote.
- (b) Die teorie en administratiewe praktyk van owerheidsbeplanning.
- (c) Gevorderde finansiële administrasie in die openbare sektor (*slegs indien die kandidaat in Ekonomie III geslaag het*).
- (d) Gevorderde internasionale publieke administrasie (*slegs indien die kandidaat in Staatsleer III geslaag het*).
- (e) Spesiale besluitvormingsprobleme binne die ekologie van publieke administrasie.

Deel II: Vraestelle 4 en 5 is respektiewelik (f) *plus* enigeen van (g) tot (i).

- (f) Gevorderde studie van besondere sentrale en plaaslike bestuursvraagstukke van die moderne tyd: *capita selecta*.
- (g) Gevorderde vergelykende plaaslike bestuur.
- (h) 'n Gevorderde studie van moderne interowerheidsverhoudings met spesiale verwysing na Suid-Afrika.
- (i) 'n Honneursvraestel uit 'n verwante vak waarvan die kandidaat in die derdejaarskursus vir sy baccalaureus geslaag het, *met die goedkeuring van die betrokke Departementshoofde*.

Deel III:

'n Opstel van 20-30 getikte folio bladsye (10,000-15,000 woorde) oor 'n onderwerp op die terrein van die Publieke Administrasie wat goedgekeur is deur die Departementshoof. Die opstel moet bewys lewer van die kandidaat se vermoë om selfstandig te werk en sal een vyfde van die kandidaat se totale eksamenpunt beslaan. Die opstel sal, soos die geval met die ander vraestelle, deur die eksterne eksaminator goedgekeur moet word.

Die Departementshoof sal beslis wanneer die artikel ingehandig moet word.

DEPARTEMENT WYSBEGEERTE

Kursus I

(Een Vraestel)

- A. Inleiding tot:
1. Die aard van die wysbegeerte.
 2. Die vertakkinge van die wysbegeerte.
 3. Die vernaamste wysgerige probleme.
 4. Toegepaste wysbegeerte.
- B. Griekse wysbegeerte (met spesiale verwysing na Plato en Aristoteles).

Kursus II

(Twee vraestelle)

Vraestel 1

- A. Middeleeuse wysbegeerte (met spesiale verwysing na Augustinus en Aquino).
 B. Moderne wysbegeerte tot Hume (bv., Descartes, Leibniz, Locke, Hume).
 C. Kant (met spesiale verwysing na die *Kritiek der reinen Vernunft*).

Vraestel 2

- A. Metodologie:
1. Tradisionele logika: Die kategoriese sillogisme.
 2. Simboliese logika: Propositionele en predikaatlogika.
 3. Wetenskapsmetodes: Induksie, waarskynlikheid, Hipotese, teorie, wet.
- B. Kennisleer: Die oorsprong en omvang van kennis met spesiale verwysing na die teorie van verskynsels en die fenomenologie.

Kursus III

(Drie vraestelle)

Vraestel 1

- A. 19de eeuse wysbegeerte (bv., Hegel, Comte, Nietzsche).
 B. 20ste eeuse wysbegeerte (bv., Husserl, Ryle, Sartre).
 C. Inleiding tot:
1. Oosterse wysbegeerte.
 2. Wysbegeerte van Afrika.
 3. Bydraes van Suid-Afrikaanse wysgere.

Vraestel 2

- A. Wysbegeerte van die geskiedenis (bv., Dilthey, Toynbee, Collingwood).
 B. Wetenskapsfilosofie (bv., Eddington, Planck, Heisenberg).
 C. Godsdienstilosofie (bv., Barth, Bultmann, Tillich).

Vraestel 3

- A. Metafisika: 'n kritiese bespreking van tradisionele spekulatiewe metafisika in vergelyking met hedendaagse immanente of beskrywende metafisika.
 B. Waardefilosofie:
1. Etiek: Die vernaamste benaderings, vraagstukke en begrippe.
 2. Estetika: Die vernaamste benaderings, vraagstukke en begrippe.
- C. Staatsfilosofie: Die vernaamste benaderings, vraagstukke en begrippe.

Honneurs
(Vier vraestelle)

Vraestel 1

'n Uitgebreide studie van 'n hedendaagse wysgeer of groep hedendaagse wysgere.

Vraestel 2

'n Uitgebreide studie van 'n wysgerige vraagstuk.

Vraestel 3


'n Uitgebreide studie van 'n periode in die geskiedenis van die wysbegeerte.

Vraestel 4

'n Kritiese ontleding van 'n erkende wysgerige werk.

Magisterkursus

'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde wysgerige onderwerp wat bewys lewer van onafhanklike en kritiese oordeelsvermoë.



TAALLABORATORIUM

Bywoning van die taallaboratoriumwerk vir Engels I en Afrikaans I studente is verpligtend vir mondelinge werk. Kursusse vir Beginners-Afrikaans is ook beskikbaar. Studente mag die taallaboratorium vir hul eie studiewerk in moderne tale gebruik.

Diploma in Toegepaste Linguistiek

Die leergang vir die kursus bestaan uit:

- (i) Die aard van taal
- (ii) Die aard van taalaanleer
- (iii) Gebiede van moedertaalsteuring
- (iv) Metodologie van taalonderrig
- (v) Teorie van grammatika
- (vi) Die rol van tegnologie in taalonderrig
- (vii) Die geskiedenis van taalonderrig
- (viii) Taaltoetsing
- (ix) Evaluering van taalonderrigmateriaal

Algemeen

Behalwe die vakke wat in hierdie prospektus genoem word, kan sekere ander vakke wat deur ander fakulteite aangebied word, ook onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte as hoofvakke of aanvullende vakke geneem word. Hierdie vakke word in die lys van vakke in paragraaf A.3 van die reglement van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangegee. Studente word aangeraai om die prospektusse van die betrokke fakulteite te raadpleeg vir die inhoud van hierdie vakke.

Fakulteit Natuurwetenskappe

VELDEKSKURSIES

Vir sommige kursusse word veldekskursies van wisselende duurte voorgeskryf as deel van die praktiese werk. Bywoning van ekskursies wat voorgeskryf word, is verpligtend. Hoofde van departemente wat ekskursies voorskryf gedurende die akademiese semesters, moet die nodige verlof van die Dekaan verkry, asook van al die Hoofde van Departemente waar die studente betrokke is.

REGLEMENT

Die fakulteitsreëls wat hierop volg moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die Statuut, die regulasies en die algemene reëls gelees word.

Grade en Diploma in die Fakulteit van Natuurwetenskappe

Sc.1. In die Fakulteit Natuurwetenskappe word die volgende vyf grade toegeken:

Baccalaureus Scientiae.....	B.Sc.
Baccalaureus Scientiae (Landmeetkunde).....	B.Sc. (Landmeetkunde)
Honneurs Baccalaureus Scientiae.....	B.Sc.Hons.
Magister Scientiae.....	M.Sc.
Doctor Scientiae.....	D.Sc.

Die volgende nagraadse diploma word in die Fakulteit Natuurwetenskappe toegeken:

Diploma in Toegepaste Chemie	D.A.C.
------------------------------------	--------

Die Graad Baccalaureus Scientiae

Duur van Leergang en Vakke :

Sc.2. Die leergang duur minstens drie jaar en word uit kursusse in die volgende vakke saamgestel:

GROEP I

Aardrykskunde	Plantkunde
Biochemie	Sielkunde
Biologie I of IM	Statistiek
Chemie	Toegepaste Informatika
Dierkunde	Toegepaste Wiskunde
Fisika	Wiskunde
Geologie	Wiskundige Statistiek
Landmeetkunde I	

GROEP II

Afrikaans-Nederlands	Wysbegeerte I
Engels	Xhosa of 'n ander Bantoetaal
Rekeningkunde I	

Samestelling van Leergang

Sc.3. 'n Leergang bestaan uit minstens nege graadkurse soos volg verdeel word:

Eerste jaar	hoogstens vyf
Tweede jaar	hoogstens vier
Derde jaar	hoogstens drie

Met dien verstande dat:

(1) Wiskunde IA en Wiskunde IB word vir die doel van bostaande maksima as volle kurse beskou, behalwe as hulle saam geneem word;

(2) 'n Student wat in sy eerste of tweede jaar in een of meer kurse drui, een sodanige kursus in 'n daar-opvolgende jaar kan herhaal en erkenning daarvoor kan verkry bo en behalwe bostaande maksimum;

(3) 'n Student hoogstens twee kurse bo en behalwe die minimum van nege kurse voorgeskryf vir die graad, vir nie-graaddoeleindes mag neem;

(4) aan 'n student nie erkenning vir meer as elf kurse vir die graad verleen word nie;

(5) die leergang bestaan uit ten minste vier eerstejaarskurse.

Herhaling van Kurse

Sc.4. Kurse wat herhaal kan word sluit in:

(a) 'n kursus waarin voorheen vir 'n graad van die Universiteit, of vir 'n graad van 'n ander Universiteit, gedruip is;

(b) 'n kursus waarin voorheen geslaag is sonder erkenning vir die graad.

Bepaling van die Studiejaar

Sc.5. (1) 'n Student ontvang erkenning vir elke kursus waarin hy slaag, maar word nie toegelaat tot die kurse van die tweede jaar alvorens hy nie in minstens drie eerstejaar kurse geslaag het nie.

(2) 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning verkry het in drie kurse; hy word geag in sy finale studiejaar te wees wanneer hy vir die einkurse in sy hoofvakke ingeskryf het, of wanneer hy erkenning verkry het vir die einkurse van sy hoofvakke, maar moet nog in ander kurse slaag om aan die vereistes van die graad te voldoen; andersins sal hy geag word in sy tweede studiejaar te wees.

Beperkinge op Keuse van Kurse

Sc.6. (1) (a) Toegepaste Wiskunde kursus I word nie meer aangebied nie. 'n Student neem Toegepaste Wiskunde II slegs na Wiskunde I en Fisika I of IA, en Toegepaste Wiskunde III slegs na Wiskunde II.

(b) Om tot Chemie II toegelaat te word, moet 'n student Wiskunde IA afgelê het of minstens tot die eksamen in Wiskunde I of Statistiek I toegelaat gewees het: Met dien verstande dat geen erkenning vir Chemie II gegee word voordat hy in Wiskunde I of Statistiek I geslaag het nie.

(c) Fisika IA lei nie normaalweg na Fisika II nie, maar word erken as 'n eerstejaarskursus vir alle ander doeleindes.

'n Student wat in Fisika IA geslaag het, kan, mits hy minstens 70% in die eksamen behaal het, met vergunning van die Senaat op aanbeveling van die Hoof van die Departement Fisika, toegelaat word tot Fisika II.

Vir toelating tot Fisika II word vereis dat 'n student Wiskunde I geslaag het.

Vir toelating tot Fisika III word vereis dat 'n student of Wiskunde II of Toegepaste Wiskunde II geslaag het.

(d) 'n Student neem Plantkunde III slegs na hy Chemie I geslaag het.

(e) 'n Student neem Dierkunde III slegs na hy Chemie I geslaag het en sal slegs erkenning vir Dierkunde III verkry na hy Statistiek I of Wiskunde I geslaag het.

(f) Wiskundige Statistiek I word nie meer aangebied nie. 'n Student neem Wiskundige Statistiek II slegs na Wiskunde I; en Wiskundige Statistiek III slegs na Wiskunde II.

(g) Wiskunde I bestaan uit twee halwe kursusse, IA en IB. Graaderkenning word nie vir IA verleen nie, en om erkenning vir kursus I te verkry, moet 'n student in beide IA en IB slaag. Kursus IB kan slegs na IA geneem word. 'n Student kan of vir die volle kursus I inskryf of slegs vir IA: Met dien verstande dat die Hoof van die Departement sal bepaal of 'n student met die volle kursus mag voortgaan of slegs met IA: Verder met dien verstande dat 'n student wat in kursus I gedruip het verplig kan word om by 'n volgende registrasie slegs vir IA in te skrywe. Vir 'n kandidaat wat die volle kursus skryf is die twee vraestelle die vir IA en IB, maar die eksamen word in die geheel geslaag of gedruip.

(h) 'n Student mag Statistiek I alleenlik neem indien Wiskunde I nie in die kursusse vir die graad ingesluit is nie.

(i) 'n Student neem Biochemie I(s) slegs na hy Chemie I geslaag het en Biochemie II(s) slegs na hy Chemie II geslaag het.

(j) Plantkunde mag nie in enige kombinasie met Biochemie Is of IIs geneem word nie.

(2) 'n Student ontvang nie vir meer as een kursus uit Groep II erkenning vir die graad nie.

(3) 'n Student ontvang nie vir Biologie I en of Plantkunde I of Dierkunde I erkenning vir die graad nie.

(4) (a) 'n Student ontvang nie vir beide Biologie IM en Dierkunde I erkenning nie.

(b) Toelating mag verkry word vir Dierkunde II na Biologie IM. 'n Student wat Plantkunde I en Biologie IM slaag, sal erkenning kry vir Plantkunde I en Dierkunde I indien hy voortgaan met sy studies in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

(5) 'n Student neem Toegepaste Informatika II (Toegepaste Informatika I bestaan nie) slegs na hy een van die volgende kursusse geslaag het:

Wiskunde I

Statistiek I

Rekeningkunde I

(6) 'n Student neem Toegepaste Informatika III in enige van die volgende twee studierigtings:

(i) Toegepaste Informatika IIIA met die klem op dataverwerking;

of

(ii) Toegepaste Informatika IIIB met die klem op wetenskaplike betrekking.

(7) Studente word nie toegelaat tot Toegepaste Informatika III A of B nie voordat hulle goedgekeurde praktiese werk van minstens agt weke voltooi het. 'n Sertifikaat, onderteken deur die werkgewer, moet ter staving ingedien word.

Hoofvakke

Sc.7. Elke leergang moet minstens twee hoofvakke bevat.

Sc.8. Die eindeksamen in 'n hoofvak word nie voor die derde studiejaar afgelê nie.

Sc.9. (a) Die hoofvakke word uit die volgende gekies:

Aardrykskunde	Fisika
Chemie	Geologie
Dierkunde	Plantkunde
Sielkunde	Statistiek
Wiskunde	

(b) Hoofvakke met twee kursusse: Biochemie, Toegepaste Informatika, Toegepaste Wiskunde en Wiskundige Statistiek.

Sc.10. 'n Student wat een van die onderstaande hoofvakke neem, moet die kursusse daarteenoor vermeld, neem:

Hoofvakke

Biochemie

Chemie

Dierkunde

Fisika

Geologie

Plantkunde

Toegepaste Informatika IIIA

Toegepaste Informatika IIIB

Toegepaste Wiskunde

Wiskundige Statistiek

Byvakke

Minstens drie kursusse in Chemie of 'n ander vak onderhewig aan goedkeuring van die Senaat.

Minstens Fisika I en Wiskunde I of Stat. I

Minstens een kursus in Chemie en Wiskunde of Statistiek

Minstens twee kursusse in Wiskunde of Toegepaste Wiskunde

Minstens een kursus in Chemie

Minstens een kursus in Chemie

Rekeningkunde I

Praktiese Engels

Rekeningkunde I

Praktiese Engels

Minstens een kursus in Toegepaste Wiskunde

Minstens twee kursusse in Wiskunde

Minstens twee kursusse in Wiskunde.

Sc.11. 'n Student moet voor of gelyktydig met die eksamen in 'n hoofvak slaag in die byvak of byvakke in Sc.10. vermeld: Met dien verstande dat indien hy gelyktydig in twee hoofvakke, of ooreenkomstig G.21. in een hoofvak, geslaag het maar in een of meer van die verpligte byvakke gedruip het, hy in daardie hoofvak(ke) nie weer eksamen hoef te doen nie dog vir die graad erkenning vir die hoofvak(ke) ontvang wanneer hy in die byvak(ke) slaag.

Jaarpunt

Sc.12. In alle vakke is die persentasie toegeken aan die jaarpunt 50%.

Hereksamen

Sc.13. 1. 'n Aanvullende eksamen word aan 'n eerstejaarstudent toegestaan in enige kursus, indien hy 'n jaarpunt van minstens 50% en ook minstens 40% in die eksamen behaal het, met dien verstande dat hy minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen voltooi het.

2. 'n Aanvullende eksamen word aan 'n tweedejaarstudent toegestaan in enige kursus, indien hy 'n jaarpunt van minstens 50% en 'n gemiddelde van 45% in die eksamen

en jaarpunt gesamentlik behaal het en hy ook minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen voltooi het.

3. 'n Aanvullende eksamen word aan 'n derdejaarstudent toegestaan—

- (a) in die finale kursus van 'n hoofvak waarin hy 'n jaarpunt van minstens 50% en 'n gemiddelde van 45% in die eksamen en jaarpunt gesamentlik behaal het mits hy die finale kursus van sy ander hoofvak voltooi het;
- (b) in een ander kursus, mits dit die laaste uitstaande vereiste vir sy graad is.

Slaag met Onderskeiding

Sc.14. 'n Student slaag 'n hoofvak met onderskeiding as hy 'n slaagpunt van 75% in die finale eksamen behaal het.

Die Graad Honneurs Baccalaureus Scientiae

Sc.15. Elke kandidaat vir die graad Honneurs Baccalaureus Scientiae moet die graad van Baccalaureus Scientiae van die Universiteit behaal het of moet tot die status van daardie graad toegelaat gewees het. As die graad Baccalaureus verwerf is (a) aan die Universiteit sonder dat die betrokke vak een van sy hoofvakke was, of (b) aan 'n ander Universiteit, moet hy die Senaat aangaande sy kwalifikasies in daardie vak bevredig voordat hy tot die eksamen vir die graad Honneurs Baccalaureus toegelaat kan word.

Sc.16. (1) Die Hons. B.Sc.-graad word in die volgende vakke verleen:

Aardrykskunde	Plantkunde
Biochemie	Sielkunde
Chemie	Teoretiese Fisika
Dierkunde	Toegepaste Wiskunde
Fisika	Wiskunde
Geolog'e	Wiskundige Statistiek

(2) 'n Student sal nie tot die honneurs kursus in Fisika toegelaat word nie tensy hy Wiskunde III of Toegepaste Wiskunde III voltooi het.

(3) 'n Student sal nie tot die honneurs kursus in Teoretiese Fisika toegelaat word nie tensy hy Fisika III en Toegepaste Wiskunde III voltooi het.

Sc.17. Die honneurskursus strek oor minstens een akademiese jaar voltydse studie, maar 'n kandidaat kan, met verlof van die hoof van die betrokke departement, die kursus in twee dele, elk waarvan oor een akademiese jaar strek, bywoon en voltooi.

Sc.18. (1) Die Hons.B.Sc.-eksamen word afgeneem deur middel van eksamenvraestelle en/of praktika, plus sodanige mondeling of vertaaltoets as wat in 'n afsonderlike departement voorgeskryf word, wat gewoonlik almal in die tydperk November—Desember van elke jaar afgeneem word.

(2) Kandidate vir die Hons.B.Sc.-eksamens in Fisika, Chemie, Biochemie en Plantkunde moet 'n aantekeningboek van praktiese werk bevattende 'n rekord van die praktiese werk uitgevoer, by die praktiese eksamen inlewer. Die rekord moet deur die persoon onder wie se toesig hulle gewerk het, onderteken word.

Slaag met Onderskeiding

Sc.19. 'n Student slaag met onderskeiding as hy 'n gemiddelde slaagpunt van 70% in al die vraestelle behaal het.

Die Graad Magister Scientiae

Sc.20. Die departemente waarin die graad M.Sc. toegeken kan word, is dieselfde as dié soos in reglement Sc.16 uiteengesit.

Sc.21. Elke kandidaat vir die graad Magister Scientiae moet eers die graad Honneurs Baccalaureus Scientiae van die Universiteit in die betrokke departement behaal het of moet tot die status van die graad Hons.B.Sc. aan die Universiteit toegelaat gewees het en die Senaat tevrede gestel het aangaande sy kwalifikasies in die betrokke vak voordat hy tot die eksamen vir die Magistergraad toegelaat word.

Sc.22. Die eksamen vir die graad bestaan uit eksamenvraestelle of 'n verhandeling; of 'n samestelling van eksamenvraestelle en 'n verhandeling, na gelang afsonderlike departemente voorskryf.

Sc.23. Elke verhandeling moet vergesel wees van 'n verklaring oor die mate waarin dit, sowel in opvatting as in uitvoering, die student se eie werk verteenwoordig.

Sc.24. Die verhandeling mag nie ingedien word voordat die kandidaat die eksamen vir die Honneurs Baccalaureusgraad suksesvol afgelê het nie, en ook nie in 'n korter tydperk as twee jaar nadat die Baccalaureusgraad suksesvol afgelê is nie.

Nagraadse Diploma vir Toegepaste Chemie

Sc.25. 'n Kandidaat vir die Diploma in Toegepaste Chemie moet die graad van Baccalaureus Scientiae van die Universiteit, of van 'n ander Universiteit wat deur die Senaat erken word vir hierdie doel, behaal het met Chemie as een van sy hoofvakke.

Indien hy die Baccalaureus graad aan 'n ander universiteit verwerf het, moet hy die Senaat aangaande sy kwalifikasies in Chemie bevredig voordat hy tot die eksamen vir die Diploma toegelaat kan word.

Sc.26. Die leergang strek oor 'n tydperk van een akademiese jaar voltydse studie.

Sc.27. Die eksamen bestaan uit drie geskrewe vraestelle en die indiening van 'n verslag van praktiese werk in die vorm en volgens die metode soos voorgeskryf deur die Hoof van die Departemente Chemie.

Sc.28. 'n Student slaag met onderskeiding as hy 'n gemiddelde slaagpunt van 70% in die eksamen behaal het.

Die Graad Doctor Scientiae

Sien reëls G.42-G56.

Vir verdere inligting raadpleeg die Dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe.

Leergang vir die Graad B.Sc. (Landmeetkunde)

Die kursusse is soos volg :

Eerste Jaar :

- Wiskunde I
- Fisika I of IA
- Aardrykskunde I
- Landmeetkunde I
- Meetkundige Tekene.

Tweede Jaar

- Wiskunde II
- Elektromagnetiese Metings
- Boldriehoeksmeting
- Landmeetkunde II
- Opmeet-berekeninge I
- Toegepaste Wiskunde II

Derde Jaar

- Landmeetkunde III
- Opmeet-berekeninge II
- Praktiese Sterrekunde
- Fotogrammetrie
- Kartografie

Vierde Jaar

- Landmeetkunde IV
- Geodesie
- Professionele Praktijk
- Die uitvoering van 'n voorgeskrywe praktiese projek
- Stad-en Streeksbeplanning.



Afsl van Leergang :

University of Fort Hare

Together in Excellence

1. Om tot die kursusse van die tweede studiejaar toegelaat te word, moet 'n kandidaat Wiskunde I, Fisika I of IA en Landmeetkunde I geslaag het.
2. Om tot die derde studiejaar toegelaat te word, moet 'n kandidaat al die kursusse van die eerstejaar voltooi het, sowel as minstens Wiskunde II, Boldriehoeksmeting, Landmeetkunde II en Opmeet-berekeninge I.
3. Om tot die kursusse van die vierde studiejaar toegelaat te word, moet 'n kandidaat geslaag het in al die kursusse van die eerste en tweede jaar en minstens drie kursusse van die derde jaar waarby Landmeetkunde III en Opmeet-berekeninge II ingesluit moet wees.
4. Voor toekenning van die graad moet kandidate bewys lewer van minstens 26 weke praktiese veldwerk onder toesig van 'n goedgekeurde geregistreerde landmeter of ander bevoegde werkgewer.

KURSUSSE DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE MEDIESE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD ERKEN

Die Mediese en Tandheelkundige Raad het die volgende eerstejaarskursusse goedgekeur ten opsigte van die regulasievereistes vir registrasie van mediese en tandheelkundige studente:

- Biologie
- Chemie
- Fisika

LEERPLANNE

AARDRYKSKUNDE

Die berekening van die jaarpunt vir praktiese werk word gebaseer op 'n waarde-bepaling van elke kandidaat se laboratorium- en veldwerk (tot 'n maksimum van 50% van die totale jaarpunt); die orige deel word bepaal deur werkopdragte, studiekele, seminare en toetse.

Die Department beskik oor die mees moderne optiese en kartografiese toerusting wat tot die beskikking van studente in die voorbereiding van hulle praktiese en akademiese werk gestel word.

Kursus I

Hersieningslesings oor die vorm van die aarde, sy planetêre verwantskappe en die voorstelling daarvan op bolle en kaarte. Inleidende lesings oor sommige gekose basiese begrippe in die aardrykskunde. Die elemente van fisiese en kulturele aardrykskunde. Praktiese werk behels, o.a., tegnieke van tekening en meting; van vergroting en verkleining; van die diagrammatiese en kartografiese voorstelling van statistiese gegewens. Bekendstelling van vertikale lugfotos en herkenning van aardrykskundige verskynsels; eenvoudige kaartvertolking. Weerkundige waarnemings by die Departement se weerstasie.

Kursus II

Drie teorievraestelle van twee uur elk. Kursus II is 'n uitbreiding, beide in diepte en omvang van die inleidende eerstejaarkursus. B.A. en B.Sc. gedifferensieer. 'n Sistematiese benadering word gevolg.

Teorie :

B.A.-groepe: 1, 2, 3; B.Sc.-groepe: 1, 3, 4.

1. Ekonomiese Aardrykskunde; 2. Sosiale Aardrykskunde; 3. Geomorfologie; 4. Klimatologie en Weerkunde. Seminare oor die streekkundige, funksionele en onderwerp-benaderings met voorbeelde uit verskeie kontinente en onderwerpe.

Praktiese Werk :

Twee praktiese periodes per week. B.A. en B.Sc. gedifferensieer.

Die praktiese werk behels, o.a., tegnieke met betrekking tot kaartsamestelling, kaartontleding, metodes van navorsing in Sosiale Aardrykskunde; tegnieke met betrekking tot Geomorfologie- terreinevaluering en blokdiagramme; aardrykskundige interpretasie van lugfotos; statistiese tegnieke; kaartprojeksies.

Kursus III

Twee teorievraestelle van drie uur elk. Die derde studiejaar is 'n streekkundige en sistematiese toepassing van al die werk van die vorige jare met die klem op Suid-Afrika. B.A. en B.Sc. gedifferensieer.

Teorie :

B.A.-groepe: 1, 3a, 3c, 3d; B.Sc.-groepe: 2, 3a, 3b, 3d.

1. Politieke Aardrykskunde; 2. Hulpbrongeografie; 3. Streekstudies met verwysing na 3a. Geomorfologie, 3b. Klimatologie, 3c. Sosiale Aardrykskunde, 3d. Ekonomiese Aardrykskunde van Suidelike Afrika. Seminare oor Streek- en Onderwerpstudies met betrekking tot Afrika.

Praktiese Werk :

Twee praktiese periodes per week. B.A. en B.Sc. gedifferensieer.

Praktiese werk sluit o.a. in gevorderde lugfoto-ontleding, konstruksie van modelle van fisiese sisteme, sosio-ekonomiese sisteme, demografiese modelle, ekonomiese modelle, stedelike modelle en vestigings lokalisasie.

Honneurskursus

Die honneurskursus bestaan uit die volgende vyf vraestelle van 3 uur elk:

Vraestel 1: Die ontwikkeling van aardrykskunde as wetenskap en moderne rigtings in die vak.

Vraestel 2: Metodes en tegnieke van aardrykskundige navorsing.

Vraestel 3, 4 en 5 word uit die volgende gekies:

A. Vir B.Sc. (Hons.): Geomorfologie (Vraestel 3—algemeen;
Vraestel 4—gespesialiseerd)

Klimatologie (Vraestel 5—nie-gespesialiseerd)

B. Vir B.A. (Hons.): Twee spesialisierigtings is moontlik, naamlik in Sosiale en Ekonomiese Aardrykskunde. Twee vraestelle per spesialisierigting en een uit die origine word gekies:

Sosiale Aardrykskunde: Vraestel 3 (algemeen) en 4 (gespesialiseerd) of Vraestel 5 (nie-gespesialiseerd)

Ekonomiese Aardrykskunde: Vraestel 3 (algemeen) en 4 (gespesialiseerd) of Vraestel 5 (nie-gespesialiseerd)

Politiese Aardrykskunde: Vraestel 5 (nie-gespesialiseerd)

Vir Geomorfologie (Vraestel 3 en 4) is Geologie I verpligtend en vir Klimatologie (Vraestel 5) is een kursus in óf Fisika, óf Wiskunde, óf Wiskundige Statistiek verpligtend.

Vir Sosiale en Ekonomiese Aardrykskunde (Vraestelle 3 en 4) word een kursus in Statistiek sterk aanbeveel.

Vraestelle 1 en 2, en Vraestelle 3, 4 en 5 mag as aparte kombinasies geskryf word, of die vyf vraestelle mag as een kombinasie aan die einde van die kursus geskryf word.

Meesters- en Doktorsgrade

'n Dissertasie of verhandeling word, o.a. vereis.

CHEMIE

Kursus I

Teorie.

A. *Fisiese Chemie :*

Inleidende studie van fisies-chemiese onderwerpe.

B. *Anorganiese Chemie :*

Die periodieke tabel, en die chemie van bekende elemente in die hoofgroepe.

C. *Organiese Chemie :*

Chemie van eenvoudige alifatiese verbindings; inleiding tot die studie van aromatiese verbindings.

D. *Analitiese Chemie :*

Elementêre beginsels van kwalitatiewe en kwantitatiewe analise.

Prakties:

Eenvoudige bereidings; kwalitatiewe toetse; titrimetriese en gravimetriese analise.

Kursus IA

(Vir B.Agric. kandidate)

Teorie:**A. Fisiese, Anorganiese en Analitiese Chemie :**

'n Studie van grondbeginsels van fisiese, anorganiese en analitiese chemie met klem op die wat van besondere belang in die landbou is.

B. Organiese Chemie :

Inleidende studie van alifatiese, aromtiese en heterosikliese verbindings; vette, koolhidrate en stikstof-bevattende verbindings.

Prakties:

Elementêre kwalitatiewe en kwantitatiewe analise; eenvoudige bereidings en fisies-chemiese bepalings.

Kursus II**Vraestel 1: Analitiese en Anorganiese Chemie :****A. Analitiese Chemie :**

Teorie en toepassings van titrimetrie; foute in kwantitatiewe analise.

B. Anorganiese Chemie :

Inleiding tot die studie van chemiese strukture; periodieke indeling van die elemente; die chemie van die tipiese elemente.

Vraestel 2: Fisiese Chemie :

Termodinamika; kinetiese teorie van gasse; elementêre kwantum meganika.

Vraestel 3: Organiese Chemie :

Studie van alifatiese verbindings en heterosikliese aromtiese verbindings; reaksies meganismes.

Prakties :

'n Laboratoriumstudie van verteenwoordigende elemente en sommige van hulle verbindings; gevorderde titrimetriese bepalings; fisies-chemiese eksperimente; die bereiding en reaksies van uitgesoekte alifatiese en aromtiese verbindings.

Kursus III**Teorie:****Vraestel 1: Analitiese en Anorganiese Chemie :****A. Analitiese Chemie :** Gravimetriese en instrumentele metodes van analise.**B. Anorganiese Chemie :** Atoomstruktuur; kernchemie; komplekse verbindings; oorgangselemente en inneroorgangselemente.**Vraestel 2: Fisiese Chemie :**


Reaksie kineties; termodinamika van nie-ideale sisteme; elektrochemie; die vaste toestand; oppervlakte-chemie.

Vraestel 3: Organiese Chemie :

Aromtiese, heterosikliese en alisikliese verbindings; fisiese tegnieke in die struktuurbeplanning van organiese verbindings.

Prakties:

'n Laboratoriumstudie van die oorgangselemente en sommige van hulle verbindings; fisies-chemiese eksperimente in fase-ewewig, oppervlakte-chemie, reaksie kineties, elektriese metinge, termodinamika; gevorderde analitiese en preparatiewe metodes van organiese chemie.



University of Fort Hare

Teaching in Excellence

Honneurs

(Voornemende kandidate moet die Hoof van die Departement raadpleeg)

Teorie:**Vraestel 1: Analitiese Chemie:**

Die teorie en toepassings van skeidingsmetodes en van instrumentele metodes van analise; die statistiese behandeling van analitiese resultate.

Vraestel 2: Anorganiese Chemie:

Nuwe ontwikkelinge in gevorderde anorganiese chemie; bereiding, eienskappe en strukture van uitgesoekte elemente en verbindinge.

Vraestel 3: Fisiese Chemie:

Kwantum meganika; molekulêre spektroskopie; statistiese meganika; teorie van absolute reaksiesnelhede.

Vraestel 4: Organiese Chemie:

Reaksie meganismes; károsikliese en heterosikliese verbindinge; aromatisiteit; natuurprodukte; sintetiese harse.

Prakties:

Analise van minder bekende elemente en komplekse materiale; fisieschemiese eksperimente in onderwerpe soos elektriese en magnetiese eienskappe, spektroskopie, kalorimetrie, reaksie-kinetiek, oppervlakte verskynsels; bepaling van funksionele groepe in organiese verbindinge; skeiding en identifikasie van die komponente van mengsels van organiese verbindinge; bereiding van uitgesoekte organiese verbindinge, gevorderde fisiese tegnieke in die bepaling van organiese strukture.

Diploma in Toegepaste Chemie

Aangesien hierdie 'n na-gradse diploma is, word aanvaar dat die basiese beginsels van organiese, anorganiese, fisiese en sekere aspekte van analitiese Chemie op voor-gradse vlak behandel is. Die kursus strek oor een akademiese jaar en lesings begin op 1 Februarie.

Teorie**Vraestel: Analitiese Chemie**

Chromatografie, spektrofotometrie, potensiometrie, radio-chemiese en ander gewone metodes van Chemiese analise.

Vraestel 2: Instrumentasie

Instrumente in die Chemiese aanleg en laboratorium, basiese elektronika. Analitiese instrumente. Verwering, water kondisionering, afvalwater, besoedeling.

Vraestel 3: Chemiese Industrie

Chemiese tegnologie van 'n wye verskeidenheid industriële materiale. Aanlegontwerp, werking van eenhede, kwaliteitskontrolle en sommige aspekte van industriële sielkunde.

Prakties:

Toepassing van die verskillende metodes van analise wat in die teorie behandel word op industriële materiale, bv. metale en allooie, afvalwater, fabriekuitskeidings, farmaseutiese chemikalieë, verwe, plantaardige en dieremateriaal, voedsel ens. Basiese elektronika, die bou van eenvoudige instrumente.

BIOCHEMIE

Biochemie I(s) :

Inleidende studie van die biochemies belangrike chemiese verbindings en begrippe onder die hoofde van voorkoms, chemiese eienskappe, funksies in die lewende organisme en kwantitatiewe bepaling metodes, nl. van koolhidrate, lipiede, aminosure, proteïene, stikstofbasiess, nukleïensure, vitamien, minerale, ko-faktore en ensieme.

'n Bespreking van die teoretiese benadering tot die verkryging van buffersisteme.

Algemene inleidende kursus oor die morfologiese en chemiese komponente van die insluitende chemiese sel, en fisiese eienskappe van selkomponente en elementêre intermediêre metaboliese sisteme nl. glikoliese, sitroensuursiklus, Knoop C-2 oksidasie van vetsure, heksose monofosfaat kortsluiting ("shunt"), oksidatiewe fosforilasie en fotosintese. (vyf lesings plus een praktika per week vir een jaar.)

Biochemie II(s) :

'n Gevorderde studie van intermediêre metabolisme van koolhidrate, lipiede, proteïene, peptiede, aminosure, nukleïensure en minerale in diere en plante.

Inleidende studie van ensie, insluitende beginsels van katalise, internasionale reëls, termodinamiese en kinetiese beginsels en beginsels van metodes van isolasie.

'n Bespreking van die biochemie van hormone met spesifieke verwysing na struktuur, funksie, meganisme van werking en die geïntegreerde wisselwerkingspatroon.

Behandeling van die elementêre beginsels van proteïen biosintese en die biochemie van gespesialiseerde weefsels insluitende die verteringskanaal, bloed en limf serebros-pierde vloeistof, urine spierweefsel, beenweefsel, sentuweefsel sintuie, smaakorgane, vel, hare en stembande.

(vyf lesings plus twee praktika per week vir een jaar.)

B.Sc. Honneurs Kursusse

Biochemie 10 :

'n Studie van normale laboratorium apparaat sowel as spesifieke navorsingsmetodes bv. kromatografie elektroforese, spektroskopie, distillasie, ultra- en sentrifugasie, teenstroomdistribusie, polarimetrie, gaskromatografie, manometrie, elektronmikroskopie, ultrasoniese vibrasie en isotooptechniek.

een lesing plus drie praktika (twee semesters).

Biochemie 11 :

Spesiale aspekte van die biochemie van plante en mikro-organismes insluitende selwandstruktuur, mineraalmetabolisme, alkaloïde en planthormone.

een lesing vir (een semester).

Biochemie 12 :

'n Studie van die gevorderde beginsels van voeding, insluitende energiemetabolisme, vitamien en spoorelemente mineraalvoeding, voedingsteurnisse en metaboliese siekte-toestande.

twee lesings plus een praktikum (een semester).

Biochemie 13 :

'n Studie van die meganisme van metaboliese-kontrole in lewende organismes. een lesing (een semester).

Biochemie 14 :

Die biochemie van verdoewingsmiddels, antibiotika en gifstowwe.
een lesing (een semester).

Biochemie 15 :

Fisies chemiese eienskappe van aminosure tot proteïene, insluitende isolasie en suiwering, struktuurbeplasing en peptied sintese.
twee lesings plus een praktikum (een semester).

Biochemie 16 :

Fisies chemiese eienskappe, chemiese sintese, biosintese en identifikasie van koolhidrate.
een lesing plus een praktikum (een semester).

Biochemie 17 :

Fisies chemiese eienskappe van nukleotiede tot nukleïensure insluitende proteïenbiosintese en die genetiese kode, struktuur beplasing en polinukleotied sintese.
een lesing plus een praktikum (een semester).

Biochemie 18 :

'n Studie van membrane, sub-sellulêre partikels en die metodes van fraksionering sowel as hersamestelling.
een lesing plus een praktikum (een semester).

Biochemie 19 :

Seminare oor die nuutste ontwikkelinge in die biochemie.
Gelykstaande een lesing vir twee semesters.



University of Fort Hare
Together in Excellence

DIERKUNDE**Kursus I**

Die finale eksamen van die kursus sal bestaan uit een teorie vraestel van drie uur.

Die jaarpunt word gebaseer op praktiese werk en teoretiese werk wat die student gedurende die jaar doen.

Die algemene bou, fisiologie, voortplanting, lewensloop en verspreiding van diere-voorbeelde word behandel as 'n inleidende studie tot Dierkunde.

Kursus II

Die eindeksamen bestaan uit twee vraestelle van 3 uur elk.

Die jaarsyfer word gebaseer op die teoretiese en praktiese werk wat die student deur die jaar doen.

A. Die grondbeginsels van Klassifikasie.

B. *Oorsig van die Invertebrata.*

Die klassifikasie, verspreiding, anatomie, fisiologie, voortplanting, embriologie, en lewensgeskiedenis van tiperende voorbeelde van die Invertebrata.

C. Spesiale verhoudings in Diere-gemeenskappe.

Kursus III

Die eindeksamen bestaan uit twee teoretiese vraestelle van 3 uur elk.

Die jaarsyfer word gebaseer op die praktiese en teoretiese werk wat gedurende die jaar gedoen word.

A. 'n Oorsig van die Chordata.

1. 'n Studie van die filogenie, klassifikasie, anatomie, voortplanting, lewensgeskiedenis en verspreiding van die verskillende groepe.

2. Teorie en veralgemenings.


B. Sêlleer en Molekulêre Biologie.

C. Vertebrata Fisiologie.

D. Ekologie.

E. Gedragsleer van diere.

F. Embriologie van Chordata.



Die eksamen gedeelte van die kursus sal bestaan uit die volgende:

(i) Drie drie-uur-vraestelle in die finale eksamen;

(ii) 'n mondelinge vraestel, nie langer as een uur nie, en

(iii) 'n rapport oor 'n projek wat gedurende die tydperk van studie afgehandel word en wat ingehandig moet word voor die finale skriftelike eksamen geskryf word.

Hierdie is 'n eenjarige kursus maar dit sal verag word van deelydse studente om dit in 'n minimum van twee jaar te voltooi.

Hierdie kursus moet beskou word as 'n basiese opleiding in navorsing in 'n dierkundige rigting en die feitlike inhoud sal meestal in verband staan met parasitologie, ekologie en natuurbewaring. Dit sal verag word van die studente om seminare uit te werk oor die onderwerpe wat hulle gegee sal word.

BIOLOGIE IM

(Mediese Biologie)

(Een vraestel)

Afdeling A*Sitologie.*

Die eienskappe van lewendige dinge.

Selbou en die funksies van die dele.

Selverdeling. Kromosoomstruktuur.

Selmetabolisme. Ensiemwerking. Metaboliese siklusse.

Die beweging van stowwe oor selvliese.

Histologie.

Diere-histologie

Plant-histologie

Embriologie.

- Diere-embriologie
- Plant-embriologie

Genetika.

- Die materiële basis vir oorerwing. Mendel se eksperimente.
- Die gene teorie. Gene groepering. Interaksie tussen gene.
- Geslagsoorerwing. Mutasies. Genetika se verband met evolusie. Kernsure.

Afdeling B

1. Die raamwerk van 'n klassifikasie van plante.
2. Die verspreiding, bou en lewensloop van die volgende soorte:

- Dinoflagiate
- Volvox
- Penicillium
- Basidiomycete
- Varings
- Keëlplante
- Blomplante



3. *Plant-Fisiologie.*

- Waterverhoudings in plante
- Fotosintese, respirasie en fermentasie.
- Groei en groei-hormone.

University of Fort Hare

Together in Excellence

Afdeling C

1. *Die bou en fisiologie van 'n Soogdier.*

- (a) Die algemene bou van die volgende sisteme:

- | | |
|----------------------------|--------------------------|
| Die bloedvatstelsel, | Die verteringstelsel, |
| Die urogenitale-stelsel, | Die vel, |
| Die asemhalingstelsel, | Neurosensoriese-stelsel, |
| Die buisloseklier-stelsel, | Skelet. |

- (b) Die fisiologie van die volgende prosesse:

- Beweging (insluitend spierwerking)
- Die vertering, absorpsie en gebruik van voedsel
- Sensoriese aksie en die oorsprong en geleiding van senuwee-prikkels.
- Bloedsirkulasie, Uitskeiding,
- Asemhaling, Temperatuurbeheer,
- Buisloseklier-beheer, Immune-reaksies.

2. *Taksonomie, verspreiding en lewensiklusse van diere tipes.*

- Die klassifikasie van diere. Die kenmerkende eienskappe van die hoofgroepe.
- Die eienskappe en ekonomiese belangrikheid van virusse en bakterië.

Die algemene klassifikasie, anatomie, verspreiding en lewenslope van voorbeelde van die volgende groepe:

Protozoa	Porifera
Coelenterata	Platyhelminthes
Nematoda	Annelida
Arthropoda	Molluska
Teleostei	Anura
Reptilia	Aves

Afdeling D

Ekologie

Ekosisteme. Trofiese-vlakke. Die energievloei in ekosisteme. Gemeenskappe. Faktore wat organismes beïnvloed, biotiese en abiotiese faktore, digtheidafhanklike en nie-afhanklike faktore.

Varswater-ekologie.

Kommensalisme, mutualisme en parasitisme.

Die leefwyse en ekonomiese belangrikheid van die volgende:

Schistosoma, Ascaris, Pulex, Musca, Apis mellifera.

Afdeling E

Natuurbeewaring

Die algemene beginsels van natuurbeewaring.

Praktiese Werk.

Relevante praktika sal in die Departement Dierkunde gegee word.



FISIKA
University of Fort Hare
Together in Excellence

Die kern van die Fisika syllabus word gedek deur vier fundamentele onderwerpe, t.w. Meganika, Elektromagnetisme, Hitte en Moderne Fisika. Die eerste drie onderwerpe gee die ontwikkeling van die Fisika tot aan die einde van die vorige eeu. Moderne Fisika wys op die gebreke van die klassieke Fisika en toon aan hoe hierdie gebreke opgeklar is gedurende die eerste dertig jaar van die huidige eeu.

Gedurende die eerste jaar van studie word studente op 'n elementêre vlak met die eerste drie onderwerpe vertrouwd gemaak. In die daaropvolgende jaar word Meganika, Elektromagnetisme tesame met Optika aangebied, terwyl in die derde jaar Hitte, Moderne Fisika en Elektronika behandel word.

'n Algemene eerstejaarskursus met 'n wyer dekkingsveld word aangebied vir studente wat nie met Fisika wil voortgaan na 'n opvolgende studiejaar nie.

Praktika vorm 'n integrale deel van die Fisika opleiding en word vir elke jaar voorgeskryf.

Kursus IA (Byvak)

(Een Vraestel)

Meganika van vaste liggame

Meting van lengte en tyd. Skalaar- en vektorgroottes. Kinematika onder konstante versnelling. Reëlmatige sirkelbeweging. Kragte in ewewig. Elastisiteit. Bewegingswette van Newton. Dinamika onder konstante versnelling, reëlmatige sirkelbeweging en harmoniese beweging. Grawitasie. Behoud van energie en momentum. Arbeid en eenvoudige masjiene.

Meganika van Vloestowwe

Pascal se Wet. Barometer. Archimedes se Beginsel. Digtheid en soortlike gewig. Manometer. Konstante vloei. Bernoulli se Beginsel. Viskositeit. Vergelyking van Poiseuille. Werwelvloei. Oppervlakte-spanning en kapilariteit.

Temperatuur en Warmte

Temperatuurskale. Termometrie. Kalorimetrie. Uitsetting. Toestands-verandering. Elementêre kinetiese teorie en die gaswette. Damp en higrimetrie. Warmtegeleiding. Wette van die termodinamika. Masjiene en verkoelers.

Elektrisiteit en Magnetisme

Wet van Coulomb. Ladings. Velde. Elektrostatische induksie. Potensiaal. Kapasiteit. Ohm se Wet en Joule verwarming. Geleiding in vloeistowwe. Elektrolise en Faraday se Wet. Elektriese selle. Gelykstroombane. Magnetiese kragte. Volt- en ampèremeters. Wheatstone se brug. Magnetiese induksie. Ferromagnetisme. Termo-elektrisiteit. Motore en generatore. Wisselstroombane. Diodes en triodes. Versterking. Fotoselle. Osilloskoop.

Klankleer


Aard van klank. Golf lengte, fasesnelheid en frekwens. Doppler effek. Trillende snaar. Oop, en toe pype. Intensiteit. Swewinge.

Optika

Aard van lig. Weerkaatsing, breking, dispersie. Spieël- en lens optiese instrumente. Sferiese en kromatiese aberrasie. Interferensieverskynsels. Fotometrie. Polarisasie.

Straling

X-strale en kristal diffraksie. Atoomgetal en isotoopgetal. Kunsmatige en natuurlike radio-aktiwiteit. Soorte strale en metingsmetodes.



Universiteit van Fort Hare
Kursus I (Hoorvak)
(Een Vraestel)
Togelike Excellence

Meganika

Vektore en skalare. Parallelogram samestelling van kragte. Newton se eerste en derde wette. Ewewig. Reglynige beweging. Newton se tweede wet. Grawitasie. Projektiese Sirkelbeweging. Arbeid en energie. Konserwatiewe en nie-konserwatiewe kragte. Behoud van energie, lineêre- en hoekmomentum. Elastisiteit. Harmoniese beweging. Klank. Hidrostatika.

Warmteleer

Termometrie. Kalorimetrie. Arbeid en hitte. Faseverandering. Wette van Termodinamika. Carnot siklus. Hitte en atoomteorie.

Elektromagnetisme

Coulomb se Wet. Elektriese veld. Millikan se bepaling van die elektronlading e . Ohm se Wet. Permittiwiteit en kapasiteit. Stroombane. Biot-Savart Wet. Magnetiese veld. Geen magneetlading. Elektronmassa m . Thomson se bepaling van e/m . Avogadro se getal. Atoommassas. Siklotron. Krag op 'n bewegende lading. Meters. Motors. Ferromagnetisme. Faraday induksie. Verplasingstroom. Elektromagnetiese aard van lig.

Kursus II
(Drie vraestelle)

*(Eerste Vraestel)**Meganika*

Vektoranalise. Samestelling van kragte. Newton se wette. Inersie en nie-inersie verwysingssysteme. Statika: deeltjie, liggaam, kabel. Konserwatiewe en nie-konserwatiewe kragte. Arbeid en potensiële energie. Grawitasie. Beginsel van virtuele arbeid. Stabiliteit. Reglynige beweging: konstante krag, posisie-afhanklike-, snelheidsafhanklike-, en tyds-

afhanklike kragte. Osillatore: kritiese demping, gedwonge ossillasies, resonansies, drywing. Beweging van 'n sisteem van deeltjies. Impulskragte.

Veranderlike massa. Beweging van 'n starre liggaam. Hoekmomentum. Traagheidsmomentum. Parallele asse teorema. Oombliklike asse. Sentrale veld beweging. Behoud van hoekmomentum. Kepler se Wette. Verstoorte kringbeweging. Versnelde verwysings-sisteme. Beweging van 'n starre liggaam in drie dimensies. Hoof-traagheidsasse. Tolbeweging.

(Tweede Vraestel)

Elektromagnetisme

Coulomb se Wet en elektriese lading. Elektriese veld en potensiaal. Gauss se Wet. Beeldmetode. Kapasiteit. Strome. Weerstand. Kirchoff se Wet. Magnetiese krag op 'n bewegende lading. Magnetiese veld en vloed-digtheid. Ampère se Wet. Biot-Savart Wet. Faraday induksie. Self- en wedersydse induksie. LCR bane. Brûe. Resonansie. Di-elektrikums en magnetiese stowwe. Maxwell se vergelykings. Elektromagnetiese golwe. Poynting se Teorema. Versnelde ladings.

(Derde Vraestel)

Optika

Snelheid van lig. Brekingsindeks. Snell se Wet. Weerkaatsing en breking by vlak en sferiese oppervlaktes. Dun en dik lense. Hoofpunte. Aberrasies. Polarisasie. Young se eksperiment. Dun lagies. Newton ringe. Michelson se interferometer. Fresnel en Fraunhofer diffraksie.

University of Fort Hare

Together in Excellence

Kursus III

(Drie vraestelle)

(Eerste Vraestel)

Warmteleer

Temperatuur. Arbeid. Eerste wet van Termodinamika. Ideale gas. Kinetiese teorie. Tweede wet van Termodinamika. Masjiene. Verkoelers. Omkeerbaarheid. Absolute temperatuur. Entropie. Carnot siklus. Statistiese teorie van hitte. Entropie as wanorde. Verdelfingsfunksie. Gelykverdeling van energie. Termodinamiese funksies. Warmtekapasiteit. Verkryging en meting van baie lae temperature. Derde wet van Termodinamika. Toepassings in klassieke- en kwantum-fisika.

(Tweede Vraestel)

Moderne Fisika

Brown beweging en Avogadro se getal. Ontdekking van elektron. Michelson-Morley eksperiment. Inersiele verwysingssisteme. Galileo en Lorentz transformasies. Postulate van Relatiwiteit. Samestelling van snelhede. Transformasie van energie-momentum. Rutherford eksperiment. Kernmassas. Isotope. Swartliggaamstraling. Plank se Wet en kwantumhipotese. Foto-elektriese effek. X-strale en die Compton effek. Deeltjie diffraksie en de Broglie se hipotese. Heisenberg se onsekerheidsprinsiep. Schrödinger se vergelyking en eenvoudige oplossings. Tunnel effek. Vry elektron en bande-teorie van geleiding. Josephson effek. Waterstofatoom volgens die modelle van Bohr en Schrödinger. Spektra. Seleksiereëls. Spin. Pauli beginsel. Deeltjieverseellers. Radioaktiwiteit. Kernreaksies en modelle. Fundamentele deeltjies.

(Derde Vraestel)

Elektronika

Halfgeleiertoestelle en hulle karakteristieke. Versterking: spanning, puls, krag. Geraas. Negatiewe terugkoppeling: spanning, stroom. Stabiliteit. Operasionele versterkers. Gestabiliseerde spanningsbronne. Positiewe terugkoppeling: osillatore, multivibrators. Golfvorm generators. Koincidens- en anti-koincidensbane. Binêre getalle. Logiese hekke. Digitale geïntegreerde stroombane.

Honneurs

Aan die einde van die eerste jaar word eksamen afgelê in drie goedgekeurde onderwerpe. Aan die einde van die tweede jaar word eksamen afgelê in drie goedgekeurde onderwerpe, waarvan een vervang mag word deur 'n goedgekeurde projek. Praktika word individueel aan studente voorgeskryf.

Honneurs in Teoretiese Fisika

Praktika : 'n Minimum van ses voorgeskryfde eksperimente word van studente vereis.

Teorie : Sewe vraestelle wat die volgende onderwerpe dek, word vereis:

- (a) Gevorderde klassieke meganika,
- (b) Statistiese meganika,
- (c) Kwantum meganika,
- (d) Relativiteitsleer,
- (e) Groepe teorie,
- (f) Veld teorie,
- (g) Wiskundige tegnieke.

Die eksperimentele werk en die eerste drie onderwerpe sal saam met die gewone honneurskursus in die Departement Fisika aangebied word, terwyl die laaste vier onderwerpe deur die Departement Toegepaste Wiskunde aangebied sal word.

Magister

Die graad word toegeken na indiening van 'n goedgekeurde verhandeling. Bykomende eksaminering mag vereis word.

Doktoraal

Die graad word toegeken op grond van 'n verhandeling wat geskik is vir publikasie in 'n vaktydskrif.

GEOLOGIE

Geologie word by Fort Hare aangebied met die aanvraag van die Ciskei en Transkei in gedagte. Aandag word verleen aan kursusse soos Sedimentologie en Sedimentêre Petrologie, terwyl Geofisika en Ingenieurs-geologie ook as belangrike beskou word tesame met mineralogie en petrologie. 'n Opsomming van die kursusse word hieronder gegee.

Kursus I

'n Inleiding tot geologie verskaf die agtergrond tot verdere studie in geologie. Dit sluit in die hooftrekke van geologie, die omvang en die posisie daarvan in die moderne samelewing. Dit handel oor die heelal, die aarde, die rotse en algemene geologiese beginsels en prosesse.

'n Inleidende kursus van stratigrafiese beginsels word aangebied en die stratigrafie van Suidelike Afrika word vlugtig behandel. Hierdie gedeelte verskaf die verhouding van Suid-Afrikaanse rotse met mekaar en met tyd.

'n Kursus in die studie van landvorme word aangebied sowel as beginsels van fotogeologie en die interpretasie van lugfotos.

Die eerstejaarskursus word afgesluit met 'n kursus in geofisika. Die magnetiese-, elektriese-, gravimetriese- en seismiese metodes word behandel, sowel as boorgatbeskrywing, hidrologie en petroleumgeologie.

Die praktiese werk sluit kartografie, en oefeninge in geologiese kaarte, fotogeologie en geofisika in.

**Kursus II**

Hierdie jaar se studie word hoofsaaklik bestee aan kristallografie (die studie van kristalle), mineralogie (die studie van minerale) en petrologie (die studie van rotse).

'n Kursus in geochemie word ingesluit, met spesiale verwysing na spoorelemente. Geochemiese opnames word kortliks behandel.

Die praktiese kursus behels kristallografie, mineralogie en petrologie—baie tyd word afgestaan aan die studie van minerale en rotse en hul optiese eienskappe. Geofisiese en fotogeologiese studies is meer gevorderd.

Kursus III

Ekonomiese Geologie met spesiale verwysing na mineraalafsettings in Suid-Afrika word bestudeer. Die kursus sluit die ontstaan-prosesse, die klassifikasie van mineraalafsettings en mineraalokalisering in.

Verdere kursusse in Geofisika, Geochemie en Petrologie word aangebied.

Die kursus in Ingenieursgeologie behels die geologiese benadering van padkonstruksie, damterreine en -fondamente, terwyl kleimineralogie ook kortliks behandel word.

Die praktiese werk sluit petrologie, geofisika en geochemie in, terwyl spesiale aandag gegee word aan sedimentêre analise en tegniese.

LANDMEETKUNDE**Eerste Jaar***Landmeetkunde I*

Gravitasie-nivellering; toets en verstelling van nivelleer-instrumente, veldmetodes, langs- en dwarsprofiel, kontoere.

Lineêre meting; instrumente en metodes, aanpassing van gemete lengtes, kettingopmeting.

Die teodoliet; algemene beskrywing, tydelike verstellings, vertikale en horisontale hoekmeting.

Handinstrumente. Kompasopmeting.

Eenvoudige trekmeting; veldmetodes en berekeninge.

Tagimetrie; veldmetodes en veldboek-herleiding.

Meettafelopmeting. Barometriese hoogtemeting.

Tekenkantoor-metodes; planimeter, tekenaa, stip van koördinate, voorbereiding van eenvoudige topografiese planne, gebruiklike simbole.

Oppervlakte-berekening.

Meetskundige Tekene

Gebruik van tekeninstrumente en -materiaal.

Rangskikking van planne, drukskrif en lettermate.

Beskrywende Meetkunde; ruimtelyste en vlakke, hul spore en ware inklinasie met projeksievlakke.

Prentprojeksie en vryhandsketse. Keëlsnedes. Deurdringing en ontwikkeling van vlakke.

Tweede Jaar

Landmeetkunde II

Instrumente-teorie; teodoliet, outomatiese nivelleer-instrumente, instrument-foute en permanente verstellings.

Koördinaatstelsels; plaaslike stelsels, beskrywing van Gauss se Konforme Projeksie.

Kleintriangulasie; metodes vir basisverlenging, triangulasie vanaf sekondêre en tersiêre kontrole, eksentriese herleiding.

Ingenieursopmeting; volumes en grondwerke, massa-vervoerdiagram, sirkelboë, oorgangsboë, vertikale boë. Uitleg van werke.

Trigonometriese nivellering; veldmetodes, afleiding van kromming- en straalbrekingkorreksies, benaderde aanpassing van trigonometriese nivelleer-netwerke.

Nota: Die eksamen sluit 'n praktiese opmetingsprojek in wat bevredigend uitgevoer moet word gedurende die eerste twee weke na die eksamens in Oktober/November.

Opmeet-Berekening I

Direkte en indirekte meting.

Liniërisasie en oplossing van liniêre vergelykings.

Beginsels van wiskundige statistiek; waarskynlikheidsteorie, sentrale- en verspreidingswaardes, statistiese verdelings, afleiding van kleinste kwadrate beginsel.

Oor-volledige stelsels; kleinste kwadrate beramers, Lagrange minimalisering en metode van korrelate, eenvoudige praktiese toepassings.

Inleiding tot elektroniese rekenaars.

Programmering vir tafel-rekenaars.

Elektormagnetiese Metings:

Optika: Aard van lig. Weerkaatsing, breking, dispersie. Spieëls en lense, aberasies, afsluitskerms. Optiese instrumente, oogstukke en objektiewe. Oplosvermoë van teleskope. Fotometrie. Snelheid van lig. Interferensie. Newton se ringe. Diffraksie. Polarisasie van lig. Foto-elektriese effek. Foto-elektriese toestelle. Kerr-sel. Lasers.

Wisselstroom teorie: Stroombane wat weerstande, kapasitore en induktansies bevat. Series en parallel resonansie stroombane. Arbeidstempo.

Elektronika: Radiobuise, transistore, ossilatore, meng-stroombane, modulاسie en deteksie. Katodestraalbuis.

Boldriehoeksmeting :

Boldriehoeke, formules van die boldriehoek. Die pooldriehoek.

Oplossing van boldriehoeke. Klein veranderings. Die stelling van Legendre. Definisie van astronomiese terme. Middelbare- en sterretyd. Bepaling van breedtegraad, lengtegraad en asimut met behulp van 'n klein teodoliet.

Derde Jaar*Landmeetkunde III*

Presiese nivellering; verkenning en waarnemings, nivelleerteorie, ortometriese en dinamiese hoogtes, presisie.

Primêre, sekondêre en tersiêre triangulasie; instrumente, verkenning en waarnemings.

Presiese trekmeting; instrumente, verkenning en waarnemings, trekmeting-presisie, rigting-beheer, ontganklike punte, benaderde metodes vir aanpassing van trekmeetnetwerke, subtenstrekmeting, astronomiese beheer van rigtings.

Kadastrale opmeting; fundamentele konsep van grondbesit, -registrasie en grensafbakening, plaas- en stedelike-opmetings, kadastrale kompilasies en opmeetgewens, superposisie, kromlynige grense, toepassing van lugopmeet-metodes, opmeetrekords, diagramme en algemene planne.

Topografiese kartering; organisasie en beplanning, toepassing van verskillende tegnieke.

Nota : Die eksamen sluit 'n praktiese opmetingsprojek in wat bevredigend uitgevoer moet word gedurende die eerste twee weke na die eksamens in Oktober/November.

Opmeet-Berekening II

Fortran programmering.

Teorie van liniêre vergelykings, lineêre afhanklikheid en voorwaardelikheid.

Kleinste kwadrate, aanpassing deur variasie van koördinate, aansuiwering van presiese trekmetings, fout-analise, standaard-toetse, die standaard-ellips en die relatiewe standaard-ellips.

Eenveranderlike en tweeveranderlike interpolasie.

Transformasies; ortogonale, konforme affiniteite.

*Kartografie**Eerste Vraestel : Kaartprojeksies*

Die algemene teorie van kaartprojeksies beskouend die aarde as 'n sfeer.

Klassifikasie van kaartprojeksies. Keuse van projeksie.

Distorsie van kaartprojeksies.

Afleiding en eienskappe van die belangrikste koniese, silindriese en senitprojeksies.

Diverse projeksies; transversale Mercator, polikoniese projeksie, die Internasionale Kaart, projeksie van Bonne.

Tweede Vraestel : Kartografiese Prosesse

Definisies, kaartklassifikasie, akkuraatheid van kartering.

Kaart-uitleg, ontwerp, een- en meerkleurige kaarte, letterwerk en simbole, reliëf-aanduiding, veralgemening, kaart-spesifikasies.

Kaart-produksietegnieke, materiale en media, skoon-tekening-metodes, bykomende letterwerk, kaarthersiening.

Kaart-reproduksie, drukprosesse en -uitrusting.
 Outomatisasie in Kartografie, ortofoto-kartering.
 Algemene bespreking van internasionale en Suid-Afrikaanse kartografie.
 Verwysingstelsels; Universele Transversale Mercator, GEOFREF.

Praktiese Sterrekunde :

Bepaling van breedtegraad, lengtegraad en asimut deur metodes van gelyke hoogtes, die prisma-astrolabium; posisielyne. Presiese bepaling; die meridiaanteleskoop, die metode van Talcott; asimut van nabye sirkumpolêre sterre. Die berekening van skynbare plekke van sterre.

Fotogrammetrie :

Vlak-perspektief. Die fototeodoliet. Kartering vanaf landfoto's. Fotogrammetriese Optika. Lugopmeetkameras. Geometriese eienskappe van lugfoto's. Ontkanteling van lugfoto's. Radiaaltriangulasie. Mosaïeke. Stereoskopie. Kartering vanaf lugfoto's. Fotogrammetriese karteermasjiene.



Landmeetkunde IV

Geodetiese opmeting; historiese agtergrond, maateenhede, optimisering, aansuiwering, presisie-bepaling.

Elektroniese afstandmeting; teorie, instrumente en tegnieke, toepassing op geodetiese en ander opmetings.

Loodlyn-afwykings en die Laplace asimut-vergelyking.

Bepaling van sirkel-graduasiefoute.

Kalibrasie van nivelleerstawe.

Giroskoop-bepaling van asimut.

Magnetiese en hidrografiese opmetings.

Geodesie

Historiese agtergrond. Referensie-sferoïede.

Drie-dimensionele koördinate en differensiaalmeetkunde van die sferoïed, insluitende geodesiek. Sferoïdale koördinate.

Algemene teorie van die Gauss Konforme Projeksie.

Geometriese en dinamiese satelliet-geodesie.

Die basiese beginsels van fisiese geodesie. Bepaling van „g” met slinger en gravimeter. Gebruik van Stoke se integraal vir berekening van die aarde se gravitasie-veld. Stelling van Clairaut en die Internasionale Swaartekragformule. Vry lug, Bouguer en Isostatiese Anomalieë.

Professionele Praktyk

Eerste Vraestel : Wetgewing en Administrasie

Wetgewing en administratiewe prosedures omtrent die opmeting, registrasie en besit van grond in Suid-Afrika in die algemeen, en die Bantoegebiede in besonder.

Pligte en verantwoordelikhede van die professionele landmeter, professionele gedrag, registrasie en dissiplinêre kontrole.

Tweede vraestel: Ekonomie van Grond

Faktore wat grondgebruik en -ontwikkeling beïnvloed.

Elementêre ekonomiese teorie. Ekonomiese faktore ten opsigte van ontwikkeling en herontwikkeling. Bepaling van ekonomiese middele.

Finansiële bronne van plaaslike besture en die uitwerking daarvan op beplanningsvoorstelle.

Die funksie van die waardeerder en elementêre beginsels van waardasie.

Die uitwerking van eiendomsreg en beplanningsvoorstelle op gevestigde en potensieël waardes. Vergoeding en verbetering.

Oorweging van alternatiewe ontwikkelingsmoontlikhede inagnemend beide private en maatskaplike kostes en voordele.

Stads- en Streekbeplanning

Eerste Vraestel: Stadsbeplanning Teorie

Historiese raamwerk. Opname en analise van grondgebruik, terrein-analise.

Praktiese toepassing van stadsbeplanning-teorie, ontwikkelingstandaarde.

Munisipale dienste insluitend gesondheids- en institusionele dienste.

Aanleg van dorpe en landbou-nedersettings.

Statutêre regulasies en prosedures.

Tweede Vraestel: Praktiese Ontwerp

Kandidate word 'n probleem gestel en word verwag om binne drie uur beginselvoorstelle te formuleer in die vorm van 'n sketsplan.

Finale voorstelle word ingedien op skoontekening nie later nie as 12 h 00 van die vierde dag na aanvang van die praktiese toets.

Die skoontekening moet in beginsel ooreenstem met die sketsplan.

Voorgeskrewe Praktiese Projek

Kandidate sal voor die einde van die derde studiejaar ingelig word omtrent die onderwerp van hul projek. Dit word van kandidate verwag om die beskikbare literatuur omtrent die onderwerp te lees, en hulle moet bewys lewer dat hulle in staat is om die projek te voltooi met minimum toesig.

Die verslag moet in keurige vorm aangebied word met geskikte illustrasies, grafieke en diagramme—waar van toepassing, asook verwysings na die literatuur wat geraadpleeg is.

Die finale datum vir indiening van die verslag val saam met die dag waarop lesings amptelik afsluit gedurende die kandidaat se vierde studiejaar. Versuim om die verslag op die vervaldatum in te handig mag meebring dat die kandidaat nie die daaropvolgende jaar kan promoveer nie.

PLANTKUNDE

Alle studente wat inskryf vir Plantkunde word aangeraai om hulle op hoogte te bring met die korrekte taalgebruik deur middel van 'n formele kursus of deur middel van studie in die taallaboratorium.

Kursus I


(Een teorie vraestel en een praktiese eksamen.)

1. Inleiding tot plantkundige studie
2. Plantmorfologie
3. Plantsitologie
4. Ontwikkellende plantanatonomie
5. Inleiding tot erfkheidsleer
6. Die grondbeginsels van sistematiek en 'n oorsigtelike studie van die planteryk
7. Die grondbeginsels van plantfisiologie
8. Plante en die ekosisteem

Kursus II

(Twee teorie vraestelle en een praktiese eksamen.)

1. BC 101. Die algemene biochemie van die plant
2. Morfologie en evolusie in die planteryk



(Twee teorie vraestelle en een praktiese eksamen.)

1. Plantsistematiek
2. Plantekologie
3. MB 102. Inleiding tot mikrobiologie
4. Plantfisiologie

University of Fort Hare
Together in Excellence
Honneurskursus

(Moontlike kandidate moet met die Departementshoof onderhandel. Die minimum vereiste vir toelating is 'n 60 persent slaagsyfer in Plantkunde III).

Die eksamenpunt word bereken op 'n puntetotaal van:

- (i) ten minste drie teorie vraestelle
- (ii) ten minste een praktiese eksamen en/of 'n praktiese projek wat afgehandel moet word gedurende die tydperk van studie
- (iii) 'n mondelinge eksamen wat vereis kan word.

Bepaalde afdelings in Plantkunde sal gedek word terwyl aanvullende kursusse in ander departemente voorgeskryf kan word.

BIOLOGIE I

Biologie I is 'n inleiding tot die wetenskap van lewe, hoofsaaklik bedoel vir studente wat in die Fakulteite Landbou en Opvoedkunde ingeskrif is. Dit mag ook as 'n eerstejaarskursus deur studente in ander Fakulteite geneem word, maar dit lei nie tot Plantkunde II of Dierkunde II nie.

Die kursus handel hoofsaaklik oor probleme met betrekking tot instandhouding en bestendiging van lewe met spesiale verwysing na blomplante en soogdiere. Daar word onder andere verwys na probleme betreffende energie, voedsel, waterbalans, ondersteuning, groei en voortplanting.

Aandag word ook gegee aan genetika, evolusie en taksonomie. Die morfologie en lewensiklusse van uitgekose plant- en diersoorte word bespreek. Ekologiese beginsels met betrekking tot natuurbewaring en ekonomiese belangrikheid van plante en diere word behandel.

TOEGEPASTE INFORMATIKA

Kursus II

Die kursus stel ten doel om die begrippe van inligtingsverwerking by die studente kennis te laat maak met die vernaamste toepassingsgebiede van die rekenaar. Besondere aandag word gegee aan die gebruik van rekenars in die nywerheid en administrasie.


Rekenaarstruktuur: Historiese oorsig; basiese logikakringe; die interne program; invoer en uitvoer; primêre en sekondêre geheue; bedryfstelsels en tyddeling; telekommunikasies.

Toepassings: Vloei van inligting in 'n onderneming en die behou van lêers; rekenaardataverwerking; inleiding tot die vernaamste wiskundige tegnieke wat in sake gebruik word (optimalisering, netwerkontleding, vooruitskatting, simulering); data verwerkingsorganisasie; inleiding tot wetenskaplike berekenings en berekenings in die ingenieurswese (algoritmes, basiese konsepte van numeriese analise en die oplossing van nie-lineêre vergelykings).

Programmeringstegnieke: Basiese beginsels van masjiengerigte kodering vir 'n eenvoudige rekenaar; vloeiagramme, inleiding tot COBOL en FORTRAN.

Stelselontleding en ontwerp: Die oorsprong, bewaring, sortering, byhou, kontrole- ring en samevatting van inligting; stelsel vloeiagramme; gevallestudie.

Inligtingstrukture: Syferstelsels en kodifisering, leerstrukture en herwinning van inligting.



University of Fort Hare

Together in Alliance
Kursus IIIA

- Rekenaarapparatuur* : Datastrukture, lyste, skikkings; bome;
Soeking en sortering;
Vertalers en vertolkers.
- Stelselontleding en ontwerp*: Ondersoek en ontleding;
Ontwerp van opnametegnieke
- Bedryfsisteme* : Ontwerp van bedryfsisteme en die virtuelerekenaar;
Rekenaarapparatuur;
Multiprogrammering;
Databewaring;
Takbeheertaal;
Stelselprogramatuur.
- Stelselontleding en ontwerp*: Gevallestudies (twee handelsstels);
Gekoppelde en intydse stelsels;
Stelselbewaring.
- Programmering* : Bevorderd COBOL fasiliteite;
gestruktuurdeprogramme.


Kursus IIIB

- Rekenaarapparatuur* : Datastrukture, lyste, skikkings; bome;
Soeking en sortering;
Vertalers en vertolkers.
- Stelselontleding en ontwerp*: Ondersoek en ontleding;
Ontwerp van opnametegnieke

Bedryfsisteme : Ontwerp van bedryfsisteme en die virtuelerekenaar;
 Rekenaarapparaatuur;
 Multiprogrammering;
 Databewaring;
 Taakbeheertaal;
 Stelselprogrammatuur.

Inleiding tot tegnieke in Operasionele Navorsing : Liniere en nie-
 liniere programmering;
 Netwerkontleding;
 Simulasie;
 Voorraadbeheer.

Programmering : Gevorderde FORTRAN tegnieke;
 Algoritmes vir numeriese prosesse;
 Doeltreffende programmering;
 Programmatuur.



TOEGEPASTE WISKUNDE

Kursus II

University of Fort Hare
 (1 wee Vragsstelle)
 Together in Excellence

1. *Analitiese Metodes*

Oorsig van basiese begrippe: Reekse, differensiasie- en integrasieformules, liniere vergelykings en determinante, komplekse getalle.

Eerste orde differensiaalvergelykings: Toepassings in meganika, stroombane, buiging van balke, differensiaalmeetkunde.

Liniere differensiaalvergelykings: Metodes van oplossing, toepassings in fisika, chemie en ingenieurswese.

Laplace transformasies: Teorie en toepassings.

Vektoranalise: Vektoralgebra, die del operator, jakobiane, kromlynige koördinate.

Veelvuldige integrale en teoremas: Lyn en vlakintegrale, Green en Stokes se teoremas.

Fourierreekse.

Fourierintegrale.

Gamma en Beta funksies.

2. *Numeriese Metodes*

Oplossing van nie-liniere vergelykings.

Interpolasie polinome.

Numeriese integrasie en differensiasie.

Oplossing van gelyktydige vergelykings.

3. *Waarskynlikheid en Stogastiese Prosesse*

Waarskynlikheid. Die aksiomas van waarskynlikheid. Onafhanklikheid. Stelling van Bayes. Waarskynlikheidsverdelings vir een- en meerveranderlikes. Diskrete en kontinue gevalle. Liniere funksies van kansveranderlikes. Limietteoremas.

Stogastiese prosesse. Poissonproses. Ewekansige lopies. Toustaanprosesse. Markovkettings.

Kursus III

(Twee vraestelle)

1. *Analitiese Metodes*

Besselfunksies: Bessel en verwante funksies.

Legendrefunksies.

Sturm-Liouville sisteme: Formele studie van ortogonale funksies.

Parsieële differensiaalvergelykings.

Komplekse veranderlikes en konformale afbeelding.

Matrikse: Oorsig van basiese begrippe, ortogonaliteit, eiewaardes en -vektore, diagonalisasie.

Variasierekening.

Een opsioneel van die volgende:

Groepeteorie

Statistiese meganika

Tensoranalise en relatiwiteit

2. *Numeriese Metodes*

Formules volgens die metode van onbepaalde koëffisiënte.

Numeriese oplossing van gewone differensiaalvergelykings.

Grenswaardeprobleme.

Oplossing van parsieële differensiaalvergelykings (ellipties, paraboolies en hiperbolies).

Krommeassing en benadering van funksies.



University of Fort Hare

Together in Excellence

Nagraadse Kursusse

'n Goeie slaagsyfer in Wiskunde III is 'n noodsaaklike voorvereiste vir toelating tot die honneurs-studie. Bespreek met die hoof van die Departement.

WISKUNDIGE STATISTIEK*N.B.—Hierdie vak mag alleen deur B.Sc. Studente geneem word.***Kursus II**

(Twee vraestelle) (Tweede jaar B.Sc.)

Versamelingsleer. Waarskynlikheid. Steekproefruimtes. Voorwaardelike waarskynlikheid. Bayes se stelling.

Diskrete en kontinue toevalsveranderlikes. Verdelingsfunksies en waarskynlikheidsdigtheid-funksies. Momente en momentvoortbringende funksies. Sekere standaard verdelings. Bernoulli, binomiaal, geometriese, hipergeometriese en Poisson veranderlikes. Reghoekige, eksponensiale en normaal veranderlikes.

Gesamentlike verdelings van toevalsveranderlikes. Momente en voorwaardelike verdelings. Chebychev se ongelykheid en die wet van groot getalle. Sentrale limietstelling.

Steekproefneming en steekproefparameters. Punt- en intervalberaming. Eienskappe van beramers. Metodes van momente en maksimum aanneemlikheid. Metodes van Bayes. Spel- en beslissingsteorie.

Enkel- en meervoudige hipotese. Hipotese-toetsing. Betroubaarheidsintervalle. Regressie en korrelasie. Die tweeveranderlike normaal verdeling.

Eksperimentele ontwerp. Variansieanalise.

Kursus III

(Twee vraestelle) (Derde jaar B.Sc.)

Kort hersiening van verdelingsfunksies insluitend die Gamma-, Beta-, en Chi-kwadraatverdeling. Transformasie van veranderlikes. Die F- en t-verdelings. Uitbreiding van transformasies. Rangstatistiek. Tegnieke met moment-voortbringende funksies. Verdelings van steek-proefwaardes.

Limietstelling en verdelings. Stogastiese konvergensie. Puntberaming en voldoende steekproefparameters. Rao-Blackwell stelling en ongelykheid van Rao-Cramer. Intervalberaming. Beslissingsfunksies.

Statistiese hipotese. Gelykmatig mees onderskeidende toetse. Sekwensiële Waarskynlikheidsverhoudingstoets. Minimaks en Bayes toetsing.

Aanneemlikheidsverhoudings-toetse. Chi-kwadraat toetse. Nie-sentrale chi-kwadraat en F. Toets vir stogastiese onafhanklikheid. Nie-parametriese metodes. Verdelingsvrye toetse gebaseer op steekproef-verdelingsfunksies. Limietverdelings. Onderskeidingsvermoë van verdelingsvrye toetse. Probleem van gelyke waarnemings.

Meerveranderlike analise: multinomiaal en meerveranderlike normaal. Variansieanalise.



Voorvereiste: Normaalweg 'n slaagsyfer van 60% in Wiskunde III en Wiskundige Statistiek III.

Die eksamen bestaan uit vyf vraestelle gekies in ooreleg met die Hoof van die Departement as volg:

1. Stogastiese Prosesse. *Together in Excellence*
2. Meerveranderlike Statistiese Analise.
- 3-5. Onderwerpe uit Wiskundige Statistiek, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Toegepaste Informatika.

Meesters-Graad

'n Verhandeling en sodanige addisionele werk soos vereis deur die Hoof van die Departement.

of

'n Skripsie en drie vraestelle gekies in ooreleg met die Hoof van die Departement.

STATISTIEK**Kursus I**

(Een vraestel)

Wiskunde

Getalsbegrip. Inleiding tot versamelingsleer. Funksiebegrip. Lineêre en kwadratiese funksies met eienskappe. Trigonometriese funksies van enige hoek; radiale; optellings-teoremas; inverse trigonometriese funksies; identiteite; oplossing van trigonometriese vergelykings. Limiete. Differensiasie van funksies. Afgeleides van hoër orde. Ekstreme waardes. Stelling van Rolle. Middelwaardestelling. Limietsbepaling. Integrasie van elementêre funksies. Bepaalde integraal: oppervlakte en volume.

Statistiek

Versameling van statistiese data. Verwerking van statistiese gegewens, waaronder: Groepering, frekwensietabelle, grafiese voorstelling, berekening van posisionele en spreidingsmate.

Kombinasies en permutasies. Waarskynlikheid en bewerkings met betrekking tot waarskynlikheid. Onderling onafhanklike en onderling uitsluitende gebeurtenisse. Waarskynlikheidsverdelings. Binomiaalverdeling: Eienskappe, toepassing. Poissonverdeling, Normaalverdeling en toepassing.

Elementêre steekproefteorie. Intervalskatting. Hipotesetoetsing: z , t en χ^2 -toetse.

Pare waarnemings, spreidiagram, korrelasie en regressie. Kleinste kwadrate en passing van reguit lyn. Beduidendheid van koëffisiente.

Kursus II

(Twee vraestelle)

Wiskunde

Reekse. Konvergensie en divergensie. Taylor en Maclaurin uitbreiding van funksies. Bernarde integrasie van funksies.

Parsiële integrasie. Standaard integrale.

Determinante. Oplossing van gelyktydige vergelykings. Krommepassing.

Numeriese wiskunde: Differensie en interpolasie met gelyke intervale.

Statistiek

Oorsig van versamelingsleer en waarskynlikheid. Voorwaardelike waarskynlikheid. Stelling van Bayes.

Waarskynlikheidsfunksies en waarskynlikheidsdigtheidsfunksies. Meerveranderlike verdelings, randverdelings en voorwaardelike verdelings. Verwagte waardes en momente. Momentvoortbringende funksies, limietverdelings. Produkmente. Stelling van Chebyshev.

Verdeling van die som van variante. Momente van lineêre kombinasies van variante. Steekproefteorie vir eindige populasies.

Sentrale limietstelling en toepassing.

Kursus III

(Twee vraestelle)

Wiskunde

Differensiaalvergelykings. Transformasies: algemeen, ortogonaal, poolkoördinate.

Gamma- en Betafunksies.

Matriksteorie.

Numeriese wiskunde: Interpolasie met ongelyke intervale. Formules van Newton, Lagrange, Gauss en Stirling.

Statistiek

Steekproefverdelings. Rangstatistieke.

Spel- en beslissingsteorie.

Teorie en toepassing van hipotesetoetsing: parametries en verdelingsvry.

Twee- en meerveranderlike normaalverdeling. Normaal korrelasie- en regressie-teorie.

Variansie analise: eenrigting-, tweerigtingklassifikasie en Latynse vierkant.

WISKUNDE**Kursus I**

'n Algemene inleiding tot Analise, Algebra en Meetkunde.

Die eksamen bestaan uit:

Vraestel 1. (Wiskunde IA) en

Vraestel 2. (Wiskunde IB)—elke vraestel duur drie uur.

Kursus II

Vraestel 1.

Liniere vergelykings en matrikse. Matriks Algebra. Reële vektorruimtes. Liniere transformasies en matrikse Determinante.

Vraestel 2.

Topologie vir reële getalle. Differensieerbare funksies. Veelvoudige integrasie.

Gewone differensiaal vergelykings: Eksistensiële stellings. Oplos van vergelykings van die eerste orde en eerste graad. Teorie van lineêre vergelykings en oplos van lineêre vergelykingsmet konstante koëffisiënte en homogene vergelykings.

Vektoranalise: Vektor algebra, Differentiaal Meetkunde, Differentiaal vektorrekening en integrasie.

Kursus III

Vraestel 1.

Eie waardes en eievektore van lineêre afbeeldings Biliniere en kwadratiese vorms. Groepe, ringe en liggame.

Vraestel 2.

Analise—'n Streng behandeling van die stelsel van reële getalle as 'n volledige Archimediese ten volle geordende liggaam. Metriese ruimtes. Kontinuitet in metriese ruimtes. Uniforme kontinuïteit. Uniforme konvergensie. Differentieërbaarheid in gnormeerde ruimtes. Die Riemann-Stieltjes integraal. Elementêre teorie van Numeriese Wiskunde.

Vraestel 3.

Gelykmatige konvergensie en voldoende voorwaardes vir die termgewyse integrasie en differensiasie van 'n reeks van funksies van 'n reële of komplekse veranderlike. Eienskappe van magreëke. Die logaritmiëse, eksponensiële en trigonometriëse funksies van reële en komplekse veranderlikes. Lynintegrale in die reële en komplekse vlak. Differentieërbaarheid van funksies van 'n komplekse veranderlike, analitiese funksies en die Cauchy-Riemann-vergelykinge. Die stelling van Cauchy. Taylor en Laurent se ontwikkelinge, residue, kontoer-integrasie. Konforme afbeelding en Analitiese voortsetting.

Honneurseksamen

Vier vraestelle oor goedgekeurde onderwerpe.

Magisterseksamen

Die eksamen bestaan uit ðf twee vraestelle oor goedgekeurde onderwerpe en 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp, ðf slegs 'n verhandeling.

Fakulteit Opvoedkunde

1. Die Fakulteit Opvoedkunde is hoofsaaklik verantwoordelik vir die professionele opleiding van onderwysers.
 - 1.1. Die Hoër Sekondêre Onderwysdiploma is hoofsaaklik bedoel vir studente wat nie matrikulasie-vrystelling verkry het nie en kan gevolg word in een van die volgende rigtings:
 - 1.1.1. Lettere.
 - 1.1.2. Natuurwetenskappe.
 - 1.1.3. Ekonomiese Wetenskappe.
 - 1.1.4. Skone Kunste.
 - 1.1.5. Musiek.
 - 1.1.6. Liggaamsopvoeding.
 - 1.2. Die Universiteits-onderwysdiploma is 'n nagraadse diploma. Studente moet egter hulle graadkursusse in ooreenstemming met Regulasie E.21 gekies het om toegelaat te word tot die U.O.D. Dit is dus van besondere belang dat voornemende onderwysstudente hulle graadleergang met sorg moet kies. Praktiese en proefonderwys vorm 'n integrale deel van onderwysersopleiding. Voornemende studente moet hul aan die einde van die studiejaar wat hul professionele jaar voorafgaan, by die Fakulteit Opvoedkunde aanmeld om die nodige reëlings vir hul skoolbesoek aan die begin van die volgende skooljaar te tref.
 - 1.3. Baccalaureus Pedagogiae is 'n 4-jarige geïntegreerde professionele graad en kan in een van die volgende vier rigtings geneem word:
 - 1.3.1. Lettere.
 - 1.3.2. Natuurwetenskappe.
 - 1.3.3. Ekonomiese Wetenskappe.
 - 1.3.4. Landbou.
 - 1.3.5. Musiek.

Persone wat in besit is van hierdie graad het direkte toelating tot die B.Ed. en kan met sekere voorbehoude registreer vir die honneurs-graad.



University of Fort Hare
Together in Excellence

2. Die Fakulteit Opvoedkunde bied ook gespesialiseerde opleiding in die Opvoedkunde op nagraadse vlak aan. Om diensdoende onderwysers te help, word die B.Ed.-klasse op Saterdag gehou en word die kursus oor twee jaar versprei.
3. Spesiale toekennings, beurse en lenings is beskikbaar vir onderwysstudente. Aansoeke moet aan die Universiteit en/of die Sekretaris van die onderskeie Departemente van Onderwys gerig word.

REGLEMENT VIR DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Die Fakulteitsreëls wat hierop volg moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die Statuut, die regulasies en die algemene reëls geles word.

GRADE EN DIPLOMAS

- E.1 (1) Die volgende grade word in die Fakulteit toegeken:
- | | |
|-------------------------------|--------|
| Baccalaureus Pedagogiae..... | B.Ped. |
| Baccalaureus Educationis..... | B.Ed. |
| Magister Educationis..... | M.Ed. |
| Doctor Educationis..... | D.Ed. |
- (2) Die volgende nagraadse diploma word in die Fakulteit uitgereik:
- | | |
|------------------------------------|--------|
| Universiteitsonderwysdiploma | U.O.D. |
|------------------------------------|--------|
- (3) Die volgende voorgraadse diploma word in die Fakulteit uitgereik:
- | | |
|--------------------------------------|----------|
| Hoër Sekondêre Onderwysdiploma | H.S.O.D. |
|--------------------------------------|----------|

DIE GRAAD BACCALAUREUS PEDAGOGIAE

Duur van Leergang.

- E.2 Die leergang strek oor vier studiejare.

Studierigtings.

- E.3 Die graad kan in enigen van die volgende studierigtings behaal word:—
- Lettere en Wysbegeerte (hoofvakke: Aardrykskunde, Afrikaans, Bantoetaal, Biblioteekkunde, Bybelkunde, Duits, Engels, Geskiedenis, Latyn, Sielkunde.)
 - Natuurwetenskappe (hoofvakke: Chemie of Fisika, Plantkunde of Dierkunde, Wiskunde of Aardrykskunde.)
 - Ekonomiese Wetenskappe.
 - Musiek
 - Landbou

Leergange.

- E.4 Die leergang vir elkeen van die verskillende studierigtings is, met afwykings vir verskillende hoofvakke indien van toepassing, soos in die skedule* uiteengesit.

E.5 (1) Behalwe met vergunning van die Senaat, word 'n student nie toegelaat om in te skryf vir enigen van die kursusse van die tweede studiejaar nie, alvorens hy minstens twee kursusse van die eerste studiejaar voltooi het.

(2) Behalwe met vergunning van die Senaat, word 'n student nie toegelaat om in te skryf vir enige van die kursusse van die derde studiejaar nie, alvorens hy al die kursusse van die eerste studiejaar en minstens drie kursusse van die tweede studiejaar voltooi het.

(3) Behalwe met vergunning van die Senaat, word 'n student nie toegelaat om in te skryf vir enige van die kursusse van die vierde studiejaar nie, alvorens hy al die kursusse van die eerste en tweede studiejaar en minstens drie kursusse van die derde studiejaar voltooi het.

(4) Behalwe met vergunning van die Senaat, mag 'n student in enige studiejaar nie inskryf vir meer kursusse as die aantal wat in die betrokke leergang van die skedule aangedui word nie: Met dien verstande dat hy in die tweede of meer gevorderde studiejaar

*Sien skedule na Reël E10.

een kursus meer as die maksimum mag neem as dit 'n kursus is waarin hy voorheen gedruip het mits daar geen spesiale voorsiening op die rooster gemaak moet word om die kursus te akkommodeer nie.

Skoolbesoek en praktiese onderwys.

E.6 (1) Twee weke voor die aanvang van die derde akademiese jaar (verkieklik die eerste twee weke van Februarie) word bestee aan skoolbesoek.

(2) Twee weke gedurende die eerste semester en twee weke gedurende die tweede semester van die vierde akademiese jaar, word bestee aan praktiese onderwys.

Eksamen.

E.7 (1) Ten einde 'n kursus te voltooi in 'n vak wat in 'n ander Fakulteit as Opvoedkunde aangebied word, moet 'n student aan die vereistes van die betrokke Fakulteit voldoen.

(2) Ten einde 'n kursus in 'n vak te voltooi wat in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied word, moet 'n student voldoen aan die vereistes van die algemene reëls vir baccalaureusgrade, behalwe waar anders bepaal word.

(3) Die eksamen in albei die metodiekkursusse sluit 'n praktiese onderwystoets in wat uit twee toetslesse bestaan vir elke Metodiekvak. 'n Subminimum van 40% word vir elke vak voorgeskryf.

(4) Die eksamen in Professionele Opleiding sal 'n evaluering insluit in Oudiovisuele Hulpmiddels, Mikro-onderwys, Skoolhigiëne, Skooladministrasie en een van die volgende praktiese vakke:—

(i) Liggaamlike Opvoeding.

(ii) Musiek en Koorsang.

(iii) Skone Kunste.

(5) Mediumkursusse word aangebied in Xhosa, Suid-Sotho, Afrikaans en Engels. Die eksamen in hierdie kursusse is skriftelik sowel as mondeling. 'n Student slaag (in die laer graad) as hy 'n totaal van 50% behaal met 'n subminimum van 40% in elk van die twee dele. 'n Kandidaat wat 'n totaal van 60% met 'n subminimum van 50% behaal, slaag in die hoër graad. Die eksamen in minstens een mediumkursus moet in die hoër graad geslaag word.

(6) 'n Student wat 'n Mediumkursus volg, mag aan die begin van die jaar vir 'n toets aanmeld en indien hy in die Höergraad slaag, vrystelling van verdere bywoning verleen word.

E.8. (1) 'n Student wat in 'n eerste- of tweedejaarskursus gedruip het, kan toegelaat word tot 'n aanvullingseksamen in daardie kursus, mits hy voldoen aan die vereistes van die Fakulteit wat die kursus aanbied.

(2) 'n Student wat in 'n derde- of vierdejaarskursus gedruip het, kan toegelaat word tot 'n aanvullingseksamen in daardie kursus, mits hy die volgende behaal het:—

(a) 'n jaarpunt van minstens 50%;

(b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en eksamenpunt gesamentlik; en

(c) die slaagpunt in minstens twee ander kursusse by dieselfde eksamen: Met dien verstande dat hierdie vereistes ter syde gestel mag word in die geval van 'n enkele kursus wat die finale vereiste vir die graad is, mits die kandidaat hom vir die gewone eksamen aangemeld het.

(3) 'n Student wat nie die slaagsyfer in 'n metodiekkursus behaal het nie, mag hom nie voor die einde van die volgende akademiese jaar vir hereksamen aanmeld nie: Met dien verstande dat 'n kandidaat wat die slaagsyfer behaal het, maar nie die voorgeskrewe subminimum in een of albei die praktiese onderwystoetse behaal het nie, hom later in die eerste semester van die daaropvolgende akademiese jaar vir hereksamen in sodanige toets of toetse mag aanmeld, en tot dan erkenning behou vir die teoretiese deel van die eksamen.

(4) 'n Aanvullingseksamen in die taalmediumtoetse word nie voor Mei van die daaropvolgende jaar gehou nie.

Vrystellings.

E.9 (1) 'n Student kan vrygestel word van die praktiese vereistes in Skoolhigiëne mits hy 'n erkende sertifikaat van die Rooikruis of die St. John's Ambulans kan voorlê.

(2) 'n Student wat op Matrikulasievlak nie 'n Bantoetaal geneem het waarin 'n mediumkursus aan hierdie Universiteit aangebied word nie, mag vrygestel word van die Moedertaal medium toets mits hy Engels en Afrikaans as media neem en in minstens een daarvan in die hoër graad slaag.

Onderskeiding.

E.10 'n Student wat in die finale kursus van 'n hoofvak die standaard behaal wat deur die Senaat neergelê word, slaag daardie vak met onderskeiding.



University of Fort Hare
SKEDULE TOT PARAGRAAF E.4
Together in Excellence

DIE GRAAD BACCALAUREUS PEDAGOGIAE LETTERE

1. Hoofvakke waarin drie kursusse gevolg kan word:
 - Afrikaans
 - Bantoetaal
 - Engels
 - Latyn
 - Sielkunde
 - Aardrykskunde
 - Geskiedenis
 - Duits
 - Biblioteekwetenskap
 - Bybelkunde

2. Byvakke waarvan nie meer as een kursus gevolg mag word nie:
 - Filosofie
 - Staatsleer
 - Sosiologie
 - Spesiale Taal Kursusse
 - Antropologie
 - Sistematiese Teologie/Kerkgeskiedenis (slegs met Bybelkunde)
 - Griekse Kultuur

I. Hoofvak: Bantoetaal

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is :

1. Bantoetaal I
2. Engels I
3. Afrikaans/Duits/Latyn/'n ander Bantoetaal I
4. Geskiedenis/Sielkunde/Aardrykskunde I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

Tweedejaar :

1. Bantoetaal II
2. Geskiedenis/Engels/Afrikaans/Duits/Latyn II
3. Opvoedkunde I
4. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

Derdejaar :

1. Bantoetaal III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A.
4. Alle Mediums.



Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Geskiedenis/Engels/Afrikaans ens. (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

University of Fort Hare
Together in Excellence

II. Hoofvak: Engels

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is :

1. Engels I
2. Bantoetaal I
3. Afrikaans/Duits/Latyn/'n ander Bantoetaal I
4. Geskiedenis/Sielkunde/Aardrykskunde I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

Tweedejaar :

1. Engels II
2. Bantoetaal/Geskiedenis/Afrikaans/Latyn/Duits II
3. Opvoedkunde I
4. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

Derdejaar :

1. Engels III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Geskiedenis/Engels/Afrikaans ens. (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

III. Hoofvak: Afrikaans

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is:

1. Afrikaans I
2. Bantoetaal (Engels) I
3. Engels/Duits/Latyn I
4. Geskiedenis/Sielkunde/Aardryskkunde I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie/Bybelkunde I.

Tweedejaar :

1. Afrikaans II
2. Bantoetaal/Engels/Geskiedenis II
3. Opvoedkunde I
4. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie/Bybelkunde I.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Derdejaar :

1. Afrikaans III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Bantoetaal/Engels/Geskiedenis (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

IV. Hoofvak: Sielkunde

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is:

1. Sielkunde I
2. Bantoetaal/Afrikaans I
3. Engels I
4. Geskiedenis/Aardryskkunde I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

Tweedejaar :

1. Sielkunde II
2. Bantoetaal/Afrikaans/Engels/Geskiedenis/Aardryskkunde II
3. Opvoedkunde I
4. Sosiologie/Antropologie.

Derdejaar :

1. Sielkunde III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Bantoetaal/Afrikaans/Engels/Geskiedenis/Aardrykskunde (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

V. Hoofvak: Aardrykskunde

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is:

1. Aardrykskunde I
2. Bantoetaal/Afrikaans I
3. Geskiedenis/Biblioteekwetenskap I
4. Engels/Latyn I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.



Tweedejaar :

1. Aardrykskunde II
2. Bantoetaal/Afrikaans/Geskiedenis/Bybelkunde II
3. Engels II
4. Opvoedkunde I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Derdejaar :

1. Aardrykskunde III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Bantoetaal/Afrikaans/Geskiedenis/Bybelkunde/Engels (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

VI. Hoofvak: Geskiedenis

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is:

1. Geskiedenis I
2. Bantoetaal/Afrikaans I
3. Aardrykskunde/Biblioteekwetenskap/Bybelkunde I
4. Engels/Latyn I
5. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I

Tweedejaar :

1. Geskiedenis II
2. Bantoetaal/Afrikaans/Aardrykskunde/Bybelkunde/Engels II
3. Opvoedkunde I
4. Filosofie/Staatsleer/Sosiologie/Antropologie I.

Derdejaar :

1. Geskiedenis III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Bantoetaal/Afrikaans/Aardrykskunde/Bybelkunde/Engels (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.



University of Fort Hare
Together in Excellence

VII. Hoofvak: Biblioteekwetenskap

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is:

1. Biblioteekwetenskap I
2. Afrikaans/Latyn I
3. Engels/Duits I
4. Bantoetaal/Geskiedenis I
5. Filosofie/Antropologie I.

Tweedejaar :

1. Biblioteekwetenskap II
2. Afrikaans/Latyn/Engels/Duits/Bantoetaal II
3. Opvoedkunde I
4. Filosofie/Antropologie/'n Taal I.

Derdejaar :

1. Biblioteekwetenskap III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Afrikaans/Latyn/Engels/Bantoetaal (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

VIII. Hoofvak: Bybelkunde

Eerstejaar :

Minstens vier, of die volgende vyf kursusse waarvan die eerste verpligtend is:

1. Bybelkunde I
2. Afrikaans/Bantoetaal I
3. Engels/Geskiedenis I
4. Sismatiese Teologie/Kerkgeskiedenis/Filosofie I
5. Filosofie/Sosiologie/Antropologie/Beginsels van Griekse Kultureur.

Tweedejaar :

1. Bybelkunde II
2. Afrikaans/Bantoetaal/Engels/Geskiedenis II
3. Opvoedkunde I
4. Filosofie/Sosiologie/Antropologie I/Beginsels van Griekse Kultureur.

Derdejaar :

1. Bybelkunde III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Afrikaans/Bantoetaal/Engels/Geskiedenis (Metodiek) (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

DIE GRAAD BACCALAUREUS PEDAGOGIAE NATUURWETENSKAPPE

Hoofvakke waarin drie kursusse gevolg kan word:
Chemie, Fisika, Plantkunde, Dierkunde, Wiskunde of Aardrykskunde.

I. Hoofvak: Chemie of Fisika

Eerstejaar :

1. Chemie I
2. Fisika I
3. Wiskunde I
4. Plantkunde I/Dierkunde I.

Tweedejaar :

1. Chemie II
2. Fisika II
3. Plantkunde I/Dierkunde I/Toegepaste Wiskunde II (Indien Wiskunde I geslaag is)
4. Opvoedkunde I.

Derdejaar :

1. Chemie III/Fisika III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Metodiek van Wiskunde of Biologie (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

II. Hoofvak: Plantkunde of Dierkunde**Eerstejaar :**

1. Plantkunde I
2. Dierkunde I
3. Chemie I
4. Fisika I/Wiskunde I/Aardrykskunde I



University of Fort Hare

Excellence

Tweedejaar :

1. Plantkunde II
2. Dierkunde II
3. Fisika I/Wiskunde I/Aardrykskunde I nie geneem onder 4 hierbo nie.
4. Opvoedkunde I.

Derdejaar :

1. Plantkunde III/Dierkunde III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Metodiek van Natuur- en Skeikunde/Wiskunde/Aardrykskunde (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

III. Hoofvak: Wiskunde**Eerstejaar :**

1. Wiskunde I
2. Fisika/Aardrykskunde I
3. Fisika/Dierkunde I
4. Chemie I/Plantkunde I

Tweedejaar :

1. Wiskunde II
2. Fisika II/Chemie II/Aardrykskunde II/Plantkunde II/Dierkunde II/Wiskundige Statistiek II/Toegepaste Wiskunde II
3. Fisika I/Chemie I/Aardrykskunde I/Plantkunde I/Dierkunde I nie geneem onder 3 of 4 hierbo
4. Opvoedkunde I.

Derdejaar :

1. Wiskunde III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding A
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Metodiek van Natuur- en Skeikunde/Biologie/Aardrykskunde (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.



IV. Hoofvak: Aardrykskunde University of Fort Hare
Together in Excellence

Eerstejaar :

1. Aardrykskunde I
2. Geologie I
3. Chemie I/Plantkunde I/Wiskunde I
4. Fisika I/Dierkunde I.

Tweedejaar :

1. Aardrykskunde II
2. Chemie II/Fisika II/Plantkunde II/Dierkunde II/Wiskunde II
3. Chemie I/Plantkunde I/Wiskunde I/Fisika I/Dierkunde I nie geneem onder 3 of 4 hierbo nie
4. Opvoedkunde I.

Derdejaar :

1. Aardrykskunde III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding
4. Alle mediums.

Vierdejaar :

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Metodiek van Natuur- en Skeikunde/Biologie/Wiskunde (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Professionele Opleiding B.

**DIE GRAAD BACCALAUREUS PEDAGOGIAE
EKONOMIESE WETENSKAPPE**

Eerstejaar :


1. Ekonomie I
2. Bedryfsekonomie I
3. Rekeningkunde I
4. Kommerisiële Reg I
5. Statistiek I of Statistiese Metodes.

Tweedejaar :

1. Ekonomie II
2. Bedryfsekonomie II
3. Rekeningkunde II
4. Opvoedkunde I

Derdejaar :

1. Ekonomie III/Bedryfsekonomie III
2. Opvoedkunde II
3. Professionele Opleiding
4. Alle mediums.

**Vierdejaar :**

1. Metodiek van die Hoofvak
2. Opvoedkunde III
3. Een van die volgende metodieke: Rekeningkunde/Ekonomie/Tik (insluitende Praktiese Onderwys)
4. Metodiek van Engels, Afrikaans, Bantoetaal (insluitende Praktiese Onderwys)

University of Fort Hare
Together in Excellence

**DIE GRAAD BACCALAUREUS PEDAGOGIAE
LANDBOU**

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medeveeristes	Eenhede per week	Totaal
I	1	—	Chemie I	—	5+1	
		—	Biologie I	—	5+1	
		—	Fisika I/Wiskunde I	—	5+1	
		CS 101	Landbouweerkunde en waterhuis-houding	—	3+1	
		AE 101	Landbou in die Ekonomie	—	1+0	23
.....						
	2	—	Chemie I	—	5+1	
		—	Biologie I	—	5+1	
		—	Fisika I/Wiskunde I	—	5+1	
		AH 112	Elementêre Dieregesondheid	—	5+1	24

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal
II	3	—	Opvoedkunde I	—	5+0	23
		SS 101	Inleiding tot Grondkunde	Chem. I	5+1	
		AS 101	Inleiding tot die Veekunde	—	5+1	
		BC —	Geselekteerde kursusse in Biochemie.	Chem. I	6	
	4	—	Opvoedkunde I	—	5+0	25½
		CS 112	Inleiding tot Plantwetenskap	CS 101	5+1	
		SS 222	Plantvoeding en Grondvrugbaarheid	SS 101	4+½	
		AS 202	Dierevoeding	AS 101	5+1	
		PS 102	Weidingekologie	CS 112	3+1	
				(Medevereistes)		
III	5	—	Opvoedkunde II	—	5+0	27
		—	Medium	—	2+0	
		—	Professionele Opleiding A	—	8+1	
		CS 201	Beginnelye van Gewasproduksie	CS 101	5+1	
		PS 201	Weidingsbestuur	CS 112	4+1	
			(Medevereiste)			
	6	—	Opvoedkunde II	—	5+0	24½
		—	Medium	—	2+0	
		—	Professionele Opleiding A	—	8+1	
		MB 102	Inleiding tot Mikrobiologie	—	5+1	
PS 222		Veldhenuwing	PS 102	2+½		
		(Medevereiste)				
IV	7	—	Opvoedkunde III	—	5+0	26-28
		—	Landbou Metodiek	—	4+0	
		—	Metodiek van Biologie/Natuur- en Skeikunde	—	4+0	
		HC 101	Grondbeginsels van Vrugte- en Groenteproduksie	CS 112	5+1	
		MB 221	Plantplaaigbeheer	MB 102	4+1	
			<i>Een van die volgende:</i>			
		AS 241	Suiwelkunde	—	3+1	
		CS 121	Elementêre Besproeiing	CS 101	2+1	
AE 131	Bemaking van Landbouprodukte	—	2+0			

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medeveeristes	Eenhede	Totaal
	8	—	Opvoedkunde III	—	5+0	
		—	Landbou Metodiek	—	4+0	
		—	Metodiek van Biologie/Natuur- en Skeikunde		4+0	
			<i>Een van die volgende :</i>			
		AE 142	Boerderybestuur	—	3+1	
		PS 212	Voerproduksie en- bewaring	PS 201 (Medeveeriste)	4+1	
		EX 102	Inleiding tot Landbouvoor- ligting.	—	3+0	
						16-18

189-193



DIE GRAAD BACCALAUREUS PEDAGOGIAE

MUSIEK

University of Fort Hare
*Together in Excellence***Hoofvak: Musiek en Musiekopleiding****Eerstejaar :**

1. Musiek I
2. Musiekopleiding I/Engels I/Geskiedenis I
3. Bantoetaal/Afrikaans/Duits I
4. Afrikaans of Bantoetaal.

Tweedejaar :

1. Musiek II
2. Musiekopleiding II
3. Opvoedkunde I
4. Engels II of Afrikaans II of Bantoetaal II.

Derdejaar :

1. Musiek III
2. Musiekopleiding III/Opvoedkunde II
3. Opvoedkunde II
4. Mediums.

Vierdejaar :

1. Musiek gevorderde of Musiekopleiding (gevorderd)
2. Opvoedkunde III
3. Professionele Opleiding B
4. Metodiek van Engels, Afrikaans, Bantoetaal, (insluitende Praktiese Onderwys)

DIE GRAAD BACCALAUREUS EDUCATIONIS

Toelating.

E.11 Niemand word toegelaat as kandidaat vir die graad nie, tensy hy reeds toegelaat is tot—

- (a) die graad Baccalaureus Pedagogiae van die Universiteit of tot die status daarvan; of
- (b) 'n baccalaureusgraad in Liggaamlike Opvoeding aan 'n goedgekeurde Universiteit; of
- (c) enige ander baccalaureusgraad van die Universiteit of tot baccalaureusstatus aan die Universiteit *en* die Universiteitsonderwysdiploma behaal het: Met dien verstande dat 'n gegradueerde in besit van 'n onderwysertifikaat maar nie die Universiteitsonderwysdiploma nie, op die volgende voorwaardes toegelaat kan word:

- (1) Indien hy na-matrikulasie opleiding gehad het, moet hy *of*
 - (i) bewys lewer van vyf jaar bevestigende onderwysondervinding; *of*
 - (ii) 'n toets in die vyf vakke: Filosofie van die Opvoeding, Empiriese Opvoedkunde, Historiese Opvoedkunde, Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde slaag, wat by die eerste poging gelyktydig afgeskryf moet word: Met dien verstande dat 'n student erkenning ontvang vir elke vak waarin hy slaag, maar hom nie vir hereksamen mag aanmeld in enige vak waarin hy gedruip het nie, behalwe by die volgende gewone jaareindeksamen.
- (2) Indien hy voor-matrikulasie opleiding gehad het, moet hy:
 - (i) ter bevestiging van die Senaat bewys lewer van minstens vyf jaar onderwysondervinding; en
 - (ii) 'n toets in die vyf vakke: Filosofie van die Opvoeding, Empiriese Opvoedkunde, Historiese Opvoedkunde, Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde slaag, wat by die eerste poging gelyktydig afgeskryf moet word: Met dien verstande dat 'n student erkenning ontvang vir elke vak waarin hy slaag, maar hom nie vir hereksamen mag aanmeld in enige vak waarin hy gedruip het nie, behalwe by die volgende gewone jaareindeksamen.
- (3) Die in (1) (ii) en (2) (ii) vermelde toets is dieselfde as die eksamen in die betrokke vakke soos afgeneem vir die Universiteitsonderwysdiploma.

E.12 'n Kandidaat moet ter bevestiging van die Senaat bewys dat hy oor 'n deeglike lees kennis van Afrikaans beskik.

Duur en leergang.

- E.13 (1) Die leergang strek oor minstens een akademiese jaar en bestaan uit die volgende kursusse:
- Filosofie van die Opvoeding
 - Algemene Empiriese Opvoedkunde
 - Spesiale Empiriese Opvoedkunde
 - Historiese Opvoedkunde
 - Didaktiek
 - Vergelykende Opvoedkunde

(2) Die deelydse leergang strek oor minstens twee akademiese jare en behels dieselfde kursusse as vir voltydse studente, drie vraestelle word aan die einde van die eerste akademiese jaar geskryf en die oorblywende drie aan die einde van die tweede akademiese jaar.

E.14 (1) Die graad word nie aan 'n kandidaat toegeken nie, tensy hy die slaagpunt in die eksamen in elke kursus behaal.

(2) Die jaarpunt en eksamenpunt word in gelyke verhoudings gekombineer.

(3) Die graad word met onderskeiding toegeken as 'n student 'n slaagpunt van minstens 75% in minstens vier kursusse behaal.

DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS

Toelating.

E.15 Niemand word as kandidaat vir die graad toegelaat nie, tensy hy:

- (a) (i) tot die graad Baccalaureus Educationis van die Universiteit toegelaat is; of
- (ii) tot die status van die graad Baccalaureus Educationis aan die Universiteit toegelaat is; of
- (iii) 'n ander kwalifikasie besit wat na die oordeel van die Senaat gelykwaardig is met, of hoër is as die graad Baccalaureus Educationis van die Universiteit; en
- (b) (i) ter bevrediging van die Senaat bewys lewer van minstens een jaar onderwysondervinding; en
- (ii) die Senaat daarvan oortuig dat hy oor voldoende kennis van die vak van die verhandeling beskik om die studiekursus te kan onderneem.

Eksamen.

E.16 'n Kandidaat moet 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp uit die opvoedkunde vir eksamen indien.

DIE GRAAD DOCTOR EDUCATIONIS

Toelating en inskrywing.

E.17 Die graad word nie aan iemand toegeken nie, tensy hy of:

- (a) minstens vier jaar voorheen tot die graad Magister Educationis van die Universiteit toegelaat is; of
- (b) minstens drie jaar voorheen tot die graad Magister Educationis van die Universiteit toegelaat is, waarvan minstens een jaar aan goedgekeurde voltydse navorsingswerk bestee was; of
- (c) toegelaat is tot die status van die graad Magister Educationis van die Universiteit en ook voldoen aan die verdere vereistes in klousule (a) of (b) hierbo vermeld.

Proefskrif.

E.18 'n Kandidaat moet 'n proefskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp uit die opvoedkunde vir eksamen indien.

DIE UNIVERSITEITSONDERWYSDIPLOMA

Toelating.

E.21 Om toegelaat te word tot die studiekursus vir die Universiteitsonderwysdiploma, moet 'n student bewys lewer dat hy 'n goedgekeurde Universiteitsgraad besit. 'n Goedgekeurde graad is een wat uit minstens ses graadkurse bestaan wat gekies is uit die lys* goedgekeurde skoolvakke in een van die volgende kombinasies:

- (a) Drie kurse in twee goedgekeurde vakke;
- (b) Drie kurse in een goedgekeurde vak, twee in 'n ander en een kursus in 'n derde vak;
- (c) Twee kurse in elk van drie goedgekeurde vakke;
- (d) Twee kurse in elk van twee goedgekeurde vakke en een kursus in elk van twee ander goedgekeurde vakke;
- (e) Drie kurse in een goedgekeurde vak en een kursus in elk van drie ander goedgekeurde vakke:

Met dien verstande dat die bostaande vereistes met betrekking tot vakke nie van toepassing sal wees nie op 'n student wat in besit is van 'n Baccalaureus in Landbou, Baccalaureus Scientiae in Landbou of 'n Baccalaureus Artium in Skone Kunste.

E.22 (1) 'n Student wat drie kurse in of Plantkunde of Dierkunde voltooi het, moet minstens een kursus in die ander vak voltooi ten einde Biologie as 'n hoofonderwysvak aan te bied. Dierkunde en Plantkunde word nie as aparte onderwysvakke erken nie.

(2) 'n Student wat drie kurse in of Fisika of Chemie voltooi het, moet minstens een kursus in die ander voltooi ten einde Natuur- en Skeikunde as hoofonderwysvakke aan te bied. Fisika en Chemie word nie as aparte onderwysvakke erken nie.

Leergang.

E.23 Die leergang strek oor een akademiese jaar.

E.24 Om die diploma te verwerf moet 'n student die kurse voltooi en aan die ander vereistes voldoen soos hieronder uiteengesit:

(a) Hoofvakke:

- (i) Filosofie van die Opvoeding
- (ii) Empiriese Opvoedkunde
- (iii) Historiese Opvoedkunde
- (iv) Didaktiek
- (v) Vergelykende Opvoedkunde
- (vi) en (vii) Metodiek van twee hoofonderwysvakke vir die sekondêre skool insluitende 'n praktiese onderwystoets vir elkeen daarvan, waarvoor 'n subminimum van 40% voorgeskryf word.

(b) Professionele Opleiding:

- (viii) Professionele studie insluitende Audiovisuele hulpmiddels, Mikro-onderswys, Skoolhigiëne, Skooladministrasie en een van die volgende praktiese onderwerpe:

*Sien lys na reël E30.

- (i) Liggaamsopvoeding
- (ii) Skoolmusiek en Koorsang
- (iii) Kuns

Let Wel: 'n Student kan vrygestel word van die praktiese vereistes vir Skoolhigiëne as hy 'n erkende sertifikaat van die Rooikruis of die St. John's Ambulans kan toon.

(ix), (x) en (xi) Mediumkursusse word aangebied in Xhosa, Suid-Sotho, Afrikaans en Engels.

'n Student slaag 'n taaltoets (in die laer graad) as hy 'n totaal van 50% behaal met 'n sub-minimum van 40% in elk van die twee dele. 'n Kandidaat wat 'n totaal van 60% met 'n subminimum van 50% behaal, slaag in die hoër graad.

Om die diploma te behaal, moet 'n student minstens twee van die taaltoetse slaag, waarvan een in die hoër graad moet wees.

(c) Skoolbesoek en praktiese onderwys:

- (i) Twee weke voor die aanvang van die akademiese jaar (verkieëlik die eerste twee weke van Februarie) word bestee aan skoolbesoek.
- (ii) Twee weke gedurende die eerste semester en twee weke gedurende die tweede semester word bestee aan praktiese onderwys.

E.25 (1) 'n Student wat op Matrikulasievlak nie 'n Bantoetaal geneem het waarin 'n mediumkursus aan hierdie Universiteit aangebied word nie, mag vrygestel word van die Moedertaal medium toets mits hy Engels en Afrikaans as media neem en in minstens een daarvan in die hoër graad slaag.

Eksamen.

E.26 'n Student mag hom nie aanmeld vir eksamen in enige vak vir die diploma alvorens hy al die kursusse kragtens paragraaf E.21 vereis, voltooi het nie: Met dien verstande dat 'n student wat slegs een graadkursus kort kom om aan die bedoelde vereistes te voldoen, hom vir eksamen mag aanmeld in daardie vak terselfdertyd as vir die diploma-vakke mits daar geen spesiale voorsiening of die rooster gemaak moet word om die eksamen te akkommodeer nie.

E.27 Behoudens die bepalings van paragraaf E.28 kan 'n student toegelaat word tot 'n aanvullingseksamen in 'n vak waarin hy gedruip het op voorwaarde dat hy die volgende behaal het:

- (a) 'n jaarpunt van minstens 50%;
- (b) minstens 40% van die punte in die eksamen; en
- (c) die slaagpunt in minstens vyf ander vakke tydens dieselfde eksamen: Met dien verstande dat hierdie vereistes ter syde gestel mag word in die geval van 'n enkele kursus wat die finale vereiste vir die diploma is, mits die kandidaat hom vir die gewone eksamen aangemeld het.

E.28 'n Student wat in een of albei die twee hoofonderwysvakke druij, mag hom nie voor die einde van die volgende akademiese jaar vir hereksamen aanmeld nie: Met dien verstande dat 'n kandidaat wat 'n slaagsyfer behaal het, maar nie die voorgeskrewe sub-minimum in een of albei van die hoofonderwysvakke behaal het nie, hom later in die eerste semester van die daaropvolgende akademiese jaar vir hereksamen in sodanige toets of toetse mag aanmeld en tot dan erkenning behou vir die teoretiese deel van die eksamen.

E.29 'n Aanvullingseksamen in die taalmediumtoetse word nie voor Mei van die daaropvolgende jaar gehou nie.

Onderskeiding.


E.30 Aan 'n kandidaat wat die deur die Senaat neergelegde standaard behaal, word onderskeiding toegeken in enigeen van die in sub-paragraaf E.24(a) vermelde hoofvakke en die diploma word met onderskeiding toegeken aan 'n student wat in enige drie van die bedoelde vakke met onderskeiding slaag.

SKEDULE TOT PARAGRAAF E.21

Groep A.

Vakke waarvan tot drie kursusse gevolg mag word:

Afrikaans-Nederlands (of Afrikaans)	Plantkunde	} of Biologie
Engels	Dierkunde	
'n Bantoetaal	Chemie	
Latyn	Fisika	
Bybelkunde	Wiskunde	
Geskiedenis	Rekeningkunde	
Sielkunde	Bedryfsekonomie	
Biblioteekwetenskap	Ekonomie	
Aardrykskunde		



University of Fort Hare
Together in Excellence

HOËR SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA

Toelating.

E.31 Niemand word as student toegelaat nie tensy hy minstens 'n skoleind-sertifikaat of 'n sertifikaat wat die Senaat as gelykstaande daaraan beskou, verwerf het: Met dien verstande dat, met die uitsondering van die hieronder vermelde leerplan in die Skone Kunste, die Senaat kan weier om sodanige sertifikaat te aanvaar as die applikant se uitslae nie van bevredigende gehalte is nie.

Duur van leergang.

E.32 Die leergang strek oor drie akademiese jare.

Keuse van leergang.

E.33 Die diploma kan in enigeen van die volgende leergange verwerf word:

- (a) Lettere en Wysbegeerte
- (b) Natuurwetenskappe
- (c) Ekonomiese Wetenskappe
- (d) Skone Kunste
- (e) Liggaamlike Opvoeding.

Leergange.

E.34 Die verskillende leergange is soos in die skedule* uiteengesit.

E.35 (1) Behalwe met vergunning van die Senaat, word 'n student nie toegelaat om in te skryf vir enige van die kursusse van die tweede studiejaar nie, alvorens hy minstens twee kursusse van die eerste studiejaar voltooi het.

(2) Behalwe met vergunning van die Senaat, word 'n student nie toegelaat om in te skryf vir enige van die kursusse van die derde studiejaar nie, alvorens hy al die kursusse van die eerste studiejaar en minstens drie kursusse van die tweede studiejaar voltooi het.

(3) Behalwe met vergunning van die Senaat, mag 'n student in enige studiejaar nie inskryf vir meer kursusse as die aantal wat in die betrokke leergang van die skedule aangedui word nie: Met dien verstande dat hy in die tweede of derde studiejaar een kursus meer as die maksimum mag neem as dit 'n kursus is waarin hy voorheen gedruip het mits daar geen spesiale voorsiening op die rooster gemaak moet word om die kursus te akkommodeer nie.

*Skoolbesoek en praktiese onderwys.*

E.36 (1) Twee weke voor die aanvang van die tweede akademiese jaar (verkieslik die eerste twee weke van Februarie) word bestee aan skoolbesoek.

(2) Twee weke gedurende die eerste semester en twee weke gedurende die tweede semester van die derde studiejaar word bestee aan praktiese onderwys.

Eksamen.

E.37 (1) Ten einde 'n kursus te voltooi in 'n vak wat in 'n ander Fakulteit as Opvoedkunde aangebied word, moet 'n student aan die vereistes van die betrokke Fakulteit voldoen.

(2) Ten einde 'n kursus in 'n vak te voltooi wat in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied word, moet 'n student voldoen aan die vereistes van die algemene reëls vir baccalaureusgrade, behalwe waar anders bepaal word.

(3) Die eksamen in albei die metodiekkursusse sluit 'n praktiese onderwystoets in wat uit twee toetslesse bestaan vir elke Metodiekvak. 'n Subminimum van 40% word vir elke vak voorgeskryf.

(4) Die eksamen in Professionele studie sal 'n evaluering insluit in Oudiovisuele Hulpmiddels, Mikro-onderwys, Skoolhigiëne, Skooladministrasie en een van die volgende praktiese vakke:

- (i) Liggaamlike Opleiding
- (ii) Musiek en Koorsang
- (iii) Skone Kunste

*Sien skedule na reël E40.

(5) Medium kursusse word aangebied in Xhosa, Suid-Sotho, Afr'kaans en Engels. Die eksamens in hierdie kursusse sal beide mondeling en geskrewe wees. 'n Student slaag (in die laer graad) as hy 'n totaal van 50% behaal met 'n subminimum van 40% in elk van die twee dele. 'n Kandidaat wat 'n totaal van 60% met 'n subminimum van 50% behaal, slaag in die hoër graad.

Die eksamen in minstens een mediumkursus moet in die hoër graad geslaag word.

E.38 (1) 'n Student wat in 'n eerstejaars- of tweedejaars kursus gedruip het, kan toegelaat word tot 'n aanvullingseksamen in daardie kursus, mits hy voldoen aan die vereistes van die Fakulteit wat die kursus aanbied.

(2) 'n Student wat in 'n derdejaarskursus gedruip het, kan toegelaat word tot 'n aanvullingseksamen in daardie kursus, mits hy die volgende behaal het:

- (a) 'n jaarpunt van minstens 50%;
- (b) 'n gemiddelde van minstens 45% vir die jaarpunt en eksamenpunt gesamentlik; en
- (c) die slaagpunt in minstens twee ander kursusse by dieselfde eksamen:

Met dien verstande dat hierdie vereistes tersyde gestel mag word in die geval van 'n enkele kursus wat die finale vereiste vir die diploma is mits die student hom vir die gewone eksamen aangemeld het.

(3) 'n Student wat nie die slaagsyfer in 'n metodiekkursus behaal het nie, mag hom nie voor die einde van die volgende akademiese jaar vir hierdie eksamen aanmeld nie: Met dien verstande dat 'n kandidaat wat 'n slaagsyfer behaal het maar nie die voorgeskrewe subminimum in een of albei die praktiese onderwystoetse behaal het nie, hom later in die eerste semester van die daaropvolgende akademiese jaar vir hereksamen in sodanige toets of toetse mag aanmeld en tot dan erkenning behou vir die teoretiese deel van die eksamen.

(4) 'n Aanvullingseksamen in die taalmediumtoetse word nie voor Mei van die daaropvolgende jaar gehou nie.

Vrystellings.

E.39 (1) 'n Student kan vrygestel word van die praktiese vereistes in Skool-igiëne mits hy 'n erkende sertifikaat van die Rooikruis of die St. John's Ambulans kan voorlê.

(2) 'n Student wat op Matrikulasievlak nie 'n Bantoetaal geneem het waarin 'n 'n mediumkursus aan hierdie Universiteit aangebied word nie, mag vrygestel word van die Moedertaal medium toets mits hy Engels en Afrikaans as media neem en in minstens een daarvan in die hoër graad slaag.

Onderskeiding.

E.40 'n Student wat in die tweede kursus van enige vak of in 'n metodiekvak die standaard behaal wat deur die Senaat neergelê word, slaag daardie vak met onderskeiding.

SKEDULE TOT PARAGRAAF E.34

1. Eerstejaar:

'n Minimum van VIER en 'n maksimum van VYF vakke:

1.1 *Lettere :*

Afrikaans I	Latyn I
Engels I	Bybelkunde I
'n Bantoetaal I	Biblioteekwetenskap I
Geskiedenis I	(L.W.: Ten minste EEN kursus in 'n taal
Aardrykskunde I	is verpligtend maar nie meer as DRIE taal-
Musiekstudie (Prel.)	kursusse mag gevolg word nie.)

1.2 *Natuurwetenskappe :*

Wiskunde IA of Wiskunde I
Fisika I
Chemie I
Plantkunde I of Dierkunde I

1.3 *Ekonomiese Wetenskappe :*

Ekonomie I
Bedryfsekonomie I
Rekeningkunde I
Bedryfsielkunde I/Kommersiële Reg I
'n Taal



University of Fort Hare

Together in Excellence

1.4 *Skone Kunste :*

1. Engels I/Afrikaans I/'n Bantoetaal I
2. Kunstgeskiedenis I
3. Skilderkuns I
4. Antropologie I
5. Ontwerp I.

1.5 *Liggaamlike Opvoeding*

1. Enige skoolvak van Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe of Ekonomiese Wetenskappe
2. Elementêre beginsels van Anatomie, Fisiologie en Gesondheid
3. Geskiedenis en Filosofie van Liggaamlike Opleiding
4. Hulpmiddels.

2. Tweedejaar:

2.1 *Lettere :*

1. Opvoedkunde I
- 2 en 3. 'n Tweede kursus in twee van die vakke geneem in die eerste jaar of Musiekstudie I.

2.2 *Natuurwetenskappe :*

1. Opvoedkunde I
2. Plantkunde I of Dierkunde I
3. Wiskunde II of Wiskunde IB
4. Chemie II/Fisika II/Plantkunde II/Dierkunde II

2.3 *Ekonomiese Wetenskappe*

1. Opvoedkunde I
- 2 en 3. 'n Tweede kursus in twee van die volgende: Bedryfsekonomie, Ekonomie en Rekeningkunde.

2.4 *Skone Kunste :*

1. Opvoedkunde I
2. Kunsgeiedenis IIA
3. Ontwerp I/Beeldhouwerk I (Albei mag geneem word)
4. Professionele Opleiding.

2.5. *Liggaamlike Opvoeding*

1. Opvoedkunde I
2. Skoolvak: Tweede kursus
3. Organisasie en Administrasie van Sport en Liggaamlike Opvoeding.

3. **Derdejaar:**

3.1 *Lettere :*

1. Opvoedkunde I
- 2 en 3. Metodiek van Onderwysvakke (Gesiedenis en Aardrykskunde vorm saam Sosiale Studies)
4. Een van die volgende: Liggaamlike Opvoeding, Skoolmusiek en Koorsang, Kuns
5. Mediums
6. Professionele Opleiding.

3.2 *Natuurwetenskappe :*

1. Opvoedkunde II
- 2 en 3. Metodiek van Onderwysvakke: Biologie/Natuur- en Skeikunde of Wiskunde
4. Professionele Opleiding
5. Een van die volgende: Liggaamlike Opvoeding, Skoolmusiek en Koorsang, Kuns
6. Mediums.

3.3 *Ekonomiese Wetenskappe :*

1. Opvoedkunde II
- 2 en 3. Metodiek in Onderwysvakke Ekonomie/Rekeningkunde/Tikskrif. (Indien die Metodiek in Tikskrif gevolg word moet 'n vaardigheid van minstens 20 w.p.m. gehandhaaf word, deur die kandidaat).
4. Een van die volgende: Liggaamlike Opvoeding, Skoolmusiek en Koorsang, Kuns



University of Fort Hare

Tago Onderwysvakke

- 5. Mediums
- 6. Professionele Opleiding.

3.4 *Skone Kunste :*

- 1. Opvoedkunde II (Spesiale kursus Skone Kunste)
- 2 en 3. Spesiale Metodiek in die taal en in Kuns
- 4. Kungskiedenis IIB
- 5. Skilderkuns II/Ontwerp II/Beeldhouwerk II
- 6. Mediums.

3.5. *Liggaamlike Opvoeding*

- 1. Opvoedkunde II (Spesiale kursus: Liggaamlike Opleiding)
- 2 en 3. Metodiek van Skoolvak en van Liggaamlike Opleiding
- 4. Mediums
- 5. Professionele Opleiding.



University of Fort Hare
Together in Excellence

LEERPLANNE

DEPARTEMENT VAN FILOSOFIE EN GESKIEDENIS VAN DIE OPVOEDING

FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDKUNDE

Baccalaureuseksamen (B.Ed.)

(Een vraestel)

1. Kennis van die inhoud van die U.O.D. leerplan is 'n voorvereiste met spesiale verwysing na die pedagogiek as wetenskap:
 - 1.1. Definisie van 'n wetenskap.
 - 1.2. Die wetenskaplikheid van die pedagogiek.
 - 1.3. Deeldisiplines.
 - 1.4. Navorsingsmetodes.
 - 1.5. Verhouding tot ander wetenskappe.
2. Pedagogiese kategorieë en pedagogiese kriteria.
3. Wysgerige antropologie en opvoeding:
 - 3.1. Die oorsprong, wese en bestemming van die mens.
 - 3.2. Kind-wees as modus van menswees.
 - 3.3. Opvoedkundige implikasies met spesiale verwysing na:
 - 3.3.1. Die wese en doelstellings van opvoeding
 - 3.3.2. Die opvoedeling.
 - 3.3.3. Die opvoeder.
 - 3.4. Volwassenheid as opvoedingsdoel.
4. Opvoedkundige etiek:
 - 4.1. Die verskil tussen etiek en sedes.
 - 4.2. Die oorsprong en gesag van sedelike waardes.
 - 4.3. Sedelike opvoeding en die gewete.
 - 4.4. Karakter as opvoedingsdoel.
5. Kultuur en opvoeding:
 - 5.1. Kultuurteorieë.
 - 5.2. Kultuur in primitiewe en moderne gemeenskappe.
 - 5.3. Opvoeding en kulturele verandering.
 - 5.4. Opvoeding en diskontinuiteit.
 - 5.5. Die leerplan en die opvoeder in kulturele perspektief.
6. Opvoeding, waarheid en die probleem van die verskeidenheid van beskouinge:
 - 6.1. Die wese van waarheid.
 - 6.2. Die verskeidenheid in opvoedingsteorieë.
 - 6.3. Regverdiging van 'n besondere beskouing.
 - 6.4. Opvoedkunde en die verskeidenheid.
7. Sisteme in die filosofie van die opvoeding met tipiese verteenwoordigers van elk:
 - 7.1. Theïsme: Rooms katolisisme, Protestantisme, Nie-Christelik.
 - 7.2. Idealisme.
 - 7.3. Sentisisme: Realisme, naturalisme, pragmatisme, kommunisme.
 - 7.4. Eksistensialisme en Fenomenologie.
8. 'n Kritiese waardering van die opvoedkundige idees van 'n twintig-eeuse opvoedkundige.

Universiteitsonderwysdiploma

(Een vraestel)

1. Inleiding: Die veld en metode van ondersoek in opvoedkunde:
 - 1.1. Verskil tussen natuur- en menswetenskappe.
 - 1.2. Die wetenskaplikheid van die opvoedkunde.
 - 1.3. Deel- dissiplines van die opvoedkunde en hul verhouding tot mekaar.
 - 1.4. Metodologiese benadering in opvoedkundige navorsing.
 - 1.5. Verhouding tot grenswetenskappe wysbegeerte, sielkunde, sosiologie, etiek en teologie.
- 1.6. Die selfstandigheid van die opvoedkunde as mens-wetensk.
 2. Die opvoedingsverskynsel:
 - 2.1. Dressuur, onderwys, opvoeding en opvoedkunde.
 - 2.2. Voorwaardes vir opvoeding.
 - 2.3. Eienskappe van opvoeding.
 3. Aksiologiese aspekte: Doelstelling in die opvoeding.
 - 3.1. Kriteria vir opvoedingsdoeleindes.
 - 3.2. Klassifikasie van doelstellings.
 - 3.3. Middellike doeleindes:
 - 3.3.1. Fisies.
 - 3.3.2. Gevoel.
 - 3.3.3. Intellektueel.
 - 3.3.4. Sosiaal (insluitende taal)
 - 3.3.5. Histories (met besondere verwysing na kultuur)
 - 3.3.6. Ekonomies
 - 3.3.7. Esteties.
 - 3.3.8. Eties.
 - 3.3.9. Religieus.
- 3.4. Uiteindelike doel: Volwassenheid as normatiewe aspek.
- 3.5. Die verband tussen lewensbeskouing en opvoedingsdoel.
 4. Die opvoedeling:
 - 4.1. 'n Pedagogiese kindbeeld.
 - 4.2. Opvoeding as hulpverlening en as leiding.
 5. Die opvoeder en opvoedingsinstelling:
 - 5.1. Die ouer (Huis)
 - 5.2. Die onderwyser (Skool).
 - 5.3. Die predikant (Kerk).
 - 5.4. Die koshuisouers (Die Koshuis).
 - 5.5. Sport en verenigings.
 6. Die noodsaaklikheid, moontlikheid en grense van opvoeding:
 - 6.1. Die noodsaaklikheid van fisiese opvoeding.
 - 6.2. Die noodsaaklikheid van sosiale opvoeding.
 - 6.3. Die noodsaaklikheid van religieuse opvoeding.
 - 6.4. Die opvoedbaarheid van die mens.
 - 6.5. Grense in tyd, aanleg, omgewing en menslike natuur.
 7. Opvoedingsmiddele:
 - 7.1. Middele en hul toepassing.
 - 7.2. Gesaghandelinge.
 - 7.3. Straf.
 - 7.4. Kultuurnorme.



University of Fort Hare

Together in Excellence

- 7.5. Die verband tussen middele en doelstellinge in opvoeding.
8. Vryheid en gesag in opvoeding:
- 8.1. 'n Inleiding in die probleem van menslike vryheid, met besondere verwysing na die kind.
- 8.2. Die wese en oorsprong van gesag en die verband met dissipline.
- 8.3. Opvoedkundige straf.
9. 'n Algemene oorsig oor die rigtings in die opvoedkunde:
- 9.1. Scientisme (Realisme, naturalisme, pragmatisme)
- 9.2. Idealisme.
- 9.3. Theïsme (Rooms-Katoliek, Protestant en nie-christelik).
- 9.4. Eksistensie-filosofie en fenomenologie.

Opvoedkunde I: Filosofie van die Opvoeding

(Vraestel 1. Afdeling A)


1. 'n Kort inleiding tot pedagogiek as 'n wetenskap.
2. Die opvoedingsverskynsel:
 - 2.1. Dressuur, onderwys, opvoeding en opvoedkunde.
 - 2.2. Voorwaardes vir opvoeding
- 2.3. Eienskappe van opvoeding
3. Opvoedingsdoelstellinge:
 - 3.1. Kriteria vir opvoedingsdoeleindes.
 - 3.2. Klassifikasie van doelstellings
 - 3.3. Middellike doeleindes:
 - 3.3.1. Fisies.
 - 3.3.2. Gevoel.
 - 3.3.3. Intellektueel.
 - 3.3.4. Sosiaal (insluitende taal)
 - 3.3.5. Histories (met besondere verwysing na kultuur)
 - 3.3.6. Ekonomies.
 - 3.3.7. Esteties.
 - 3.3.8. Eties.
 - 3.3.9. Religieus.
 - 3.4. Uiteindelike doel: Volwassenheid as normatiewe aspek.
 - 3.5. Die verband tussen lewensbeskouing en opvoedingsdoel
4. Die opvoedeling:
 - 4.1. 'n Pedagogiese kindbeeld.
 - 4.2. Opvoeding as hulpverlening en as leiding.

Opvoedkunde II: Filosofie van die Opvoeding

(Vraestel 1. Afdeling A)

1. Die noodsaaklikheid, moontlikheid en grense van opvoeding:
 - 1.1. Die noodsaaklikheid van fisiese opvoeding.
 - 1.2. Die noodsaaklikheid van sosiale opvoeding.
 - 1.3. Die noodsaaklikheid van religieuse opvoeding.
 - 1.4. Die opvoedbaarheid van die mens.
 - 1.5. Grense in tyd, aanleg, omgewing en menslike natuur.

2. Opvoeders, opvoedingsinstellings en hul verantwoordelikhede:
 - 2.1. Die ouer (Huis)
 - 2.2. Die onderwyser (Skool)
 - 2.3. Die predikant (Kerk).
 - 2.4. Koshuispersoneel (Koshuis)
 - 2.5. Sport en verenigings.
3. Opvoedingsmiddele:
 - 3.1. Middele en hul toepasing.
 - 3.2. Gesaghandelinge.
 - 3.3. Straf.
 - 3.4. Kultuurnorme.
- 3.5. Die verband tussen middele en doelstellinge in opvoeding.
4. Die verband tussen lewensbeskouing en opvoeding:
 - 4.1. Die fundering van 'n lewensbeskouing.
 - 4.2. Kosmologie, antropologie, aksiologie en etiek.
 - 4.3. Die teorie van opvoeding.
 - 4.4. Opvoedingspraktyk.



Opvoedkunde III
(Vraestel 1. Afdeling A)

1. Inleiding: Die veld en metode van ondersoek in opvoedkunde:
 - 1.1. Die verskil tussen natuur- en menswetenskappe.
 - 1.2. Die wetenskaplikheid van die opvoedkunde.
 - 1.3. Deel- dissiplines van die opvoedkunde en hul verhouding tot mekaar.
 - 1.4. Metodologiese benadering in opvoedkundige navorsing.
 - 1.5. Verhouding tot grenswetenskappe: wysbegeerte, sielkunde, sosiologie, etiek en teologie.
 - 1.6. Die selfstandigheid van die opvoedkunde as mens-wetenskap.
2. Gesag en vryheid in opvoeding:
 - 2.1. 'n Inleiding in die probleem van menslike vryheid met besondere verwysing na die kind.
 - 2.2. Die wese en oorsprong van gesag en die verband met dissipline.
 - 2.3. Opvoeding en vryheid.
 3. Dissipline en straf:
 - 3.1. Kriteria vir opvoedkundige straf.
 - 3.2. Voorwaardes vir toepassing.
 - 3.3. Verskillende vorme van straf.
 4. 'n Algemene oorsig oor die rigtings in die opvoedkunde:
 - 4.1. Scientisme (Realisme, naturalisme, pragmatisme)
 - 4.2. Idealisme.
 - 4.3. Theïsme (Rooms-Katoliek, Protestant en nie-christelik).
 - 4.4. Eksistensie-filosofie en fenomenologie.

HISTORIESE OPVOEDKUNDE**Baccalaureuseksamen (B.Ed.)**

(Een Vraestel)

1. Die teoretiese en metodologiese grondslae van die Geskiedenis van die Opvoeding as 'n deel-dissipline van die pedagogiek.
2. 'n Kort oorsig van die Geskiedenis van die Opvoeding in Europa gedurende die agtiende en negentiende eeue, met spesiale verwysing na die invloed daarvan op Suid-Afrika.
3. Onderliggende rigtings in die ontwikkeling van onderwys in die Kaapprovinsi (met spesiale verwysing na die Ciskei en die Transkei).

Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.)

(Een Vraestel)

Deel I: Europese geskiedenis.

1. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Opvoeding as Wetenskap.
2. Die belangrikste kenmerk van die antieke onderwys met spesiale verwysing na òf die Griekse òf Romeinse onderwys.
3. Christelike onderwys gedurende die Middeleeue.
4. Renaissance en Hervorming.
5. Die vernaamste rigtings in Europese onderwys gedurende die agtiende en negentiende eeue met spesiale verwysing na die invloed wat dit op onderwys in Suid-Afrika uitgeoefen het.

Deel II: Suid-Afrikaanse Geskiedenis

6. Bantoe tradisionele opvoeding.
7. Onderwys soos beïnvloed deur die Nederlanders, met spesiale verwysing na die periode 1803-1806.
8. Sendingonderwys.
9. Onderwys, die Staat en die beleid van verengelsing (1806-1910)
10. Kort oorsig van onderwys in die Kaapprovinsie, 1910-1960 ('n Vergelykende studie met spesiale verwysing na die onderliggende rigtings.)

Opvoedkunde I: Historiese Opvoedkunde**Deel I: Europees**

1. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Opvoeding as Wetenskap.
2. Die belangrikste kenmerke van antieke onderwys met spesiale verwysing na òf Griekse òf Romeinse onderwys.
3. Christelike onderwys tydens die middeleeue.

Deel II: Suid-Afrikaans

4. Bantoe tradisionele opvoeding.
5. Onderwys soos beïnvloed deur die Nederlanders, met spesiale verwysing na die periode 1803-1806.
6. Sendingonderwys.

Opvoedkunde II: Historiese Opvoedkunde**Deel I: Europees.**

1. Renaissance en Hervorming.
2. Agtiende eeuse Europese onderwys en vernaamste rigtings soos dit Suid-Afrika beïnvloed het.

Deel II: Suid-Afrikaans.

3. Onderwys, die Staat en die beleid van verengelsing (1806-1910)

Opvoedkunde III: Historiese Opvoedkunde**Deel I:**

1. 'n Deeglike studie van die Historiese Pedagogiek as deel-dissipline van die pedagogiek: sy studieveld en navorsingmetodes.

Deel II: Europees.

2. Die vernaamste rigtings in Europese onderwys in die negentiende eeu soos die Suid-Afrikaanse onderwys beïnvloed het.

Deel III: Suid-Afrikaans.

3. Onderwys in die Kaapprovinsie, 1910-1960. ('n Vergelykende studie met klem op die onderliggende rigtings.)

**DEPARTEMENT EMPIRIESE OPVOEDKUNDE EN ORTOPEDAGOGIEK****Baccalaureusksamen (B.Ed.)****Algemene Empiriese Opvoedkunde**

(Een vraestel)

1. 'n Algemene vraestel van gevorderde aard omvattende:
 - 1.1. Die terrein en metodes van ondersoek van die Empiriese Opvoedkunde.
 - 1.2. Kritiese bespreking van die doel, grondbeginsels, metodes en bevindinge van verskillende psigologiese rigtinge en hul waarde vir die Empiriese Opvoedkunde
 - 1.3. Indiwiduele en rasseverskille.
 - 1.4. Oorerwing en omgewing
 - 1.5. Studies oor die emosies en die toepassing van bevindinge in die praktyk.
 - 1.6. Die leerwette en die verskillende leersoorte.
 - 1.7. Die sentimente, temperament en karakter.
 - 1.8. Psigologie van die kind en van die adolessent.
 - 1.9. Sielkundige vraagstukke en verskynsels en hul toepassing in die opvoeding en onderwys.

Spesiale Empiriese Opvoedkunde

(Een vraestel)

1. Verskynsels wat eksperimenteel ondersoek is: Leer, vermoeidheid, intelligensie kennis en ontwikkeling van geestesvermoens.
2. Besondere vraagstukke soos: swaksinnigheid, agterlikheid, begaafdheid, genialiteit, delinkwensie en skolastiese vertraging.

3. Meting van persoonlikheidsontwikkeling: die verskillende aspekte daarvan, bv. houdinge, belanstelling, aanleg, e.s.m.
- 4.1. Onderskeid tussen neuroses en psigosies.
- 4.2. 'n Studie van slegs daardie neuroses wat dikwels by kinders aangetref word.
5. Statistiese ontleding en die beginsels van eksperimentele werk in verband met die navorsing van skoolprobleme.
6. Beginsels van beroepsvoorligting.

Van die kandidaat word verwag dat hy bewys sal lewer van praktiese kennis van die metodes van die eksperimentele sielkunde en hul toepassing op opvoedkundige probleme soos:

- Verstandsmeting,
- Meting van leerresultate,
- Vermoeidheid, ans.

Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.)

(Een vraestel)


1. Die terrein en metodes van die empiriese opvoedkunde.
2. Moderne denkrigtings en die invloed daarvan op die Opvoedkunde.
3. Die kenfunksies soos aandag, geheue, denke.
4. Emosie, Sentiment, temperament, karakter.
5. Drange en motivering van gedrag.
6. Inleiding tot die kinderpsigologie insluitende die adolescent.
7. Aanpassing, gedragsafwykings, die jong delinkwent.
8. Die verstand, verstandsmeting, individuele verskille, die agterlike en die begaafde.
9. Die leerproseses. *Together in Excellence*
10. Opvoedkundige evaluering.
11. Vergeet, vermoeidheid, oordrag.
12. Abnormale verskynsels (slegs die wat algemeen op skool aangetref word.)
13. Voorligting.
 - 13.1 Onderrigtleiding.
 - 13.2 Persoonlikheidsleiding.
 - 13.3 Beroepsleiding.

Opvoedkunde I

1. Die aard en die terrein van die Empiriese Opvoedkunde en die verband van hierdie deeldissipline met die psigologie.
2. Empiriese Opvoedkunde as 'n deeldissipline van die Pedagogiek.
3. Die leerder.
 - 3.1. Die groeiproses van die mens.
 - 3.2. Ontwikkeling van fisiese en sensoriese vermoëns.
 - 3.3. Ontwikkeling van taal.
 - 3.4. Ontwikkeling van emosies en sosiale verhoudinge.
 - 3.5. Ontwikkeling van persepsie en denke.
4. Die Leerproseses.
 - 4.1. Skoolgereedheid.
 - 4.2. Die aard van die leerproses en die verskillende leersoorte.
 - 4.3. Faktore wat leer bevorder of strem soos aandag, onthou, vergeet, vermoeidheid en motivering.

Opvoedkunde II

1. Die leerder.
 - 1.1. Aanleg en belangstelling.
 2. Individuele vermoëns.
 - 2.1. Die rol van oorerwing en omgewing.
 - 2.2. Intelligensie.
 - 2.3. Teorieë in verband met die intelligensie.
 - 2.4. Faktore wat intelligensie bepaal.
 - 2.5. Meting van intelligensie.
 3. Persoonlikheid.
 - 3.1. Die begrip persoonlikheid.
 - 3.2. Teorieë in verband met die persoonlikheid.
 - 3.2.1. Psigoanalitiese benadering.
 - 3.2.2. Kind-gesentreerde benadering.
 - 3.3. Meting van persoonlikheid.
 - 3.4. Individuele verskille.
 4. Die Leerproses.
 - 4.1. Leerteorieë
 - 4.1.1. S-R-teorie: Thorndike, Pavlov, Skinner.
 - 4.1.2. Kognitiewe veldteorie: Lewin, van Liereren.
5. Rigtings in die Empiriese Opvoedkunde
 - 5.1. Fenomenologie.
 - 5.2. Gestalt psigologie.
 - 5.3. Denk psigologie.
 - 5.4. Neo-Freudiaanse benaderings.
6. Voorligting.
 - 6.1. Onderrigtleiding.
 - 6.2. Persoonlikheidsleiding.
 - 6.3. Beroepsleiding.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Opvoedkunde III

1. Studies in verband met intelligensie.
 - 1.1. Oplossing van probleme en vorming van begrippe: Piaget, Brunner, ens.
 - 1.2. Kreatiwiteit en intelligensie.
 - 1.3. Kultuur en intelligensie.
2. Studies in verband met die Leerproses.
 - 2.1. Aard en oorsake van leerprobleme.
 - 2.2. Oordrag in die leerproses.
 - 2.3. Leiding en voorligting.
3. Die kind/Adolesent in die gemeenskap.
 - 3.1. Aanpassingsprobleme as gevolg van gesinsfaktore en ook ander faktore.
 - 3.2. Onveiligheid.
 - 3.3. Skoolfobia en onderprestasies.
4. Uitsonderlike kinders.
 - 4.1. Swaksinnige kinders.
 - 4.2. Begaafde kinders.
 - 4.3. Wan-aanpassing en jeugmisdaad.
 - 4.4. Skolastiese vertraging.
5. Pedodiagnostiek en Pedoterapie.

**DEPARTEMENT ALGEMENE DIDAKTIEK EN VERGELYKENDE
OPVOEDKUNDE**

Baccalaureuseksamen (B.Ed.)

Algemene Didaktiek

(Een vraestel)

Algemene didaktiek as wetenskaplike studieveld

Die volgende temas, gekies uit die pedagogies-didaktiese problematiek: die onderwyser; die skoolkind; die kurrikulum; didaktiese beginsels; evaluering; navorsing; ortodidaktiek

Taal as onderwys- en leermedium

Die didaktiese implikasies van die denksigologie en van sekere leerteorieë

Moderne onderwystegnologie en die didaktiese implikasies daarvan

Didaktiese aspekte van die ontmoeting tussen die inheemse en die Europese onderwysstelsels in Suid-Afrika.



Vergelykende Opvoedkunde

(Een vraestel)

Vakfilosofie: fundering en plek

Vergelykende Opvoedkunde as 'n wetenskap: doel, waarde, metodes, omvang

Die wese en gestaltende faktore van die onderwysstelsel

Die skool en sy samelewingsverbande

Die onderwysstelsel en sy historiese wording

Die invloed van die volgende op die onderwysstelsel: godsdiens, kultuur, gemeenskap, bevolkingsgroei en -verspreiding, ekonomie.

Onderwysstelselbeplanning

Vergelyking van enkele aspekte van sekere Europese stelsels met die van die Trans- en Ciskei.

Universiteitsonderwys Diploma (U.O.D.)

Algemene Didaktiek

(Een vraestel)

Die belangrikheid van die didaktiekstudie vir die onderwyser

Die komponente van die didaktiese situasie

Algemene didaktiese beginsels

Onderrigmetodes

Lesse en lesbeplanning

Onderrigs- en leermedia

Evaluering

Basiese oriëntasie in ortodidaktiek

Nuwe benaderings in verband met die algemene didaktiek

Vergelykende Opvoedkunde

(Een Vraestel)

Die onderwysstelsel: wese en vergestaltende faktore: die Suid-Afrikaanse stelsel: rasse-klassifikasie

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: 'n algemene vergelyking met minstens twee ander stelsels

'n Vergelyking van enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse stelsel met die van minstens twee buurstate; 'n verklaring van verskille

Die onderwysstelsel van die Trans- en Ciskei.

Opvoedkunde I: Algemene Didaktiek

Die pedagogiese basis van die didaktiek

Komponente van die didaktiese situasie

Die skool as formele onderwysinstelling: pre-primêre, primêre en sekondêre skole

Onderrigsmetodes

Onderrigspanne: span-onderwys, mikro-onderwys, O.T.V., ens.

Opvoedkunde II: Deel Een: Algemene Didaktiek

Algemene didaktiese beginsels

Lesse en lesbeplanning

Meting en evaluering in onderwys



University of Fort Hare
Together in Excellence

Deel Twee: Vergelykende Opvoedkunde

Die onderwysstelsel: wese en vergestaltende faktore; die Suid-Afrikaanse stelsel: Blankes, Swartes, Kleurlinge en Indiërs.

Opvoedkunde III: Deel Een: Algemene Didaktiek

Die didaktiese implikasies van denksigologie en van sekere leerteorieë

Oriëntasie in ortodidaktiek

Didaktiese navorsing

Resente navorsing en benaderingswyses in die didaktiek.

Deel Twee: Vergelykende Opvoedkunde

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: 'n algemene vergelyking met minstens twee ander stelsels

'n Vergelyking van enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse Stelsel met die van minstens twee buurstate; 'n verklaring van verskille

Die onderwysstelsel van die Trans- en Ciskei

DEPARTEMENT ONDERWYSKUNDE

U.O.D., H.S.O.D., B.PED.

Metodiek van Skoolvakke:

Doelstellings vir die onderwys van die vak.

Hedendaagse tendense in die onderwys van die vak met verwysing na ontwikkelings in ander lande.

'n Kritiese beoordeling van bestaande sillabusse.

Onderrigmetodes met inagneming van die aard van die vak en die vereiste, van die sillabus.

Beplanning van enkele lesse en reaksie van lesse.

Spesifieke metodes vir die onderrig van sekere afdelings van die vak.

Die ontwerp en gebruik van hulpmiddels.

Evaluering.

Die gebruik van laboratoria/ateljee/werkswinkel (waar toepaslik).

Insigte gedurende die kursus verwerf word prakties getoets tydens mikro-onderrig en praktiese onderwys.

B.PED. Metodiek van die Hoofvak

1. Die doelstellings, aard en filosofiese agtergrond van die vak.
2. Hedendaagse navorsing en tendense in die onderrig van die vak met verwysing na ontwikkeling in ander lande.
3. 'n Kritiese bestudering en evaluering van die sillabusse met verwysing na huidige navorsing en curriculum-ontwikkeling. Diepgaande studie van die inhoud van die bestaande sillabusse.
4. Metodes van onderrig met inagneming van die aard van die werk, die vereistes van die sillabusse en gedifferensieerde onderwys.
 - 4.1 Beplanning van lesse en reaksie van lesse.
 - 4.2 Spesifieke metodes vir die onderrig van sekere afdelings van sekere afdelings van die vak.
 - 4.3 Die ontwerp en gebruik van hulpmiddels.
 - 4.4 Evaluering.
5. Die gebruik van laboratoria/ateljee/werkswinkel (waar toepaslik.)

Van kandidate word verwag om 'n werkstuk oor die ontwerp en ontwikkeling van die curriculum van die hoofskoolvak in te dien.

Insigte gedurende die kursus verwerf word prakties getoets tydens mikro-onderrig en praktiese onderwys.

Professionele Opleiding**1. Oudio-visuele hulpmiddels**

Inleiding tot die gebruik van oudio-visuele hulpmiddels. Die funksies en gebruike van oudio-visuele hulpmiddels veral met betrekking tot die hoërskool.

2. Higiëne**Funksies van die menslike liggaam**

Spier-skeletstelsel; sirkulasiestelsel; asemhalingstelsel; spysverteringstelsel; uit-skeidingstelsel; endokrinestelsel; senuweestelsel—met betrekking tot die gesonde liggaam.

Dieëtkunde

Voedselbestanddele, proteïne, koolhidrate, vette, kalsium, yster, vitamïnes, aard van die bestanddele, voedselbronne, uitwerking van tekorte in dieët.

Higiëne

Persoonlike higiëne, higiëne van die gemeenskap, aansteeklike siektes, kindersiektes, afsondering, watervoorsiening, organisasie van skoolgesondheidsdienste.

Noodhulp

Wonde en wondbehandeling, beenbreuke en ontwrigting, brandwonde, kunsmatige asemhaling, departementele regulasies aangaande aansteeklike siektes.

3. Organisasie en administrasie van die onderwys

Breë beginsels van onderwysadministrasie; die aard en veld van onderwysadministrasie; die skool as 'n opvoedkundige inrigting; primêre, sekondêre en tersiêre onderwys; die ontwerp van curricula.

Die struktuur van en beheer oor onderwys in Suid-Afrika, met spesiale verwysing na Bantoe-Onderwys: Sentrale en provinsiale onderwysbeheer voor 1954.

Die struktuur van en beheer oor Bantoe-onderwys.

Plaaslike bestuur van onderwys in die Tuislande.

Onderwysadministrasie: Administratiewe prosedures met besondere verwysing na:

Die status en diensvoorwaardes van onderwysers.

Die pligte van skoolhoofde en assistente.

Toelating en uitsetting van leerlinge.

Toelating, bevordering en terughouding van leerlinge.

Sertifisering.

Skoolverslae en administratiewe roetine.

4. Mikro-onderwys**Hoër Sekondêre Onderwysdiploma (Skone Kunste)****Opvoedkunde II (Spesiaal) (Twee Vraestelle)**

1. Geskiedenis van kunsonderrig.
2. Kunsmedia in kunsonderrig.
3. Inleiding tot estetika.

Kunsgeskiedenis I (Een vraestel)

- Prehistoriese Kuns.
- Egiptiese Kuns.
- Grieks en Romeïns.
- Afrika.

Kunsgeskiedenis IIA (Een vraestel)

- Middeleeus.
- Renaissance.
- Kuns van die Sewentiende en agtiende eeue.

Kunsgeskiedenis IIB (Een vraestel)

- Kuns van die negentiende en twintigste eeue.
- Kontemporêre kuns in Suid-Afrika.
- Primitiewe Kuns (buite Afrika).

LIGGAAMLIKE OPVOEDING

(Driejarige kursus vir H.S.O.D.-studente)

Eerste Jaar

Elementêre Beginsels van Anatomie, Fisiologie en Gesondheid.

1. *Elementere beginsels van Anatomie, Fisiologie en Gesondheid.*
 - (a) Inleiding—rol van Anatomie en Fisiologie in liggaamlike opvoeding.
 - (b) Selle, weefsels, organe en stelsels.
 - (c) Struktuur van weefsel.
 - (d) Bene van die geraamte.
 - (e) Gewigte en gewrigsvorming—soorte, ligging, beweging in gewrigte.
 - (f) Spiere—Fisiologie van sametrekking, ligging, funksies en hefboome.
 - (g) Liggaamshouding.
 - (h) Senustelsel.
 - (i) Asemhalingstelsel.
 - (j) Spysvertering.
 - (k) Endokriene kliere.
 - (l) Hart en bloedsomloop.
 - (m) Die rol van mededingende sport in liggaamlike opvoeding.

2. *Gesondheid.*

- (a) Inleiding—omskrywing van gesondheid, wenslikheid van gesondheid, opvoeding in gesondheid, aanleer van gewoontes.
- (b) Persoonlike gesondheid.
- (c) Geestelike gesondheid.
- (d) Oefening en rus.
- (e) Sterk drank, rook en dwelmstowwe.
- (f) Voeding.
- (g) Water.
- (h) Lig, verwarming, ventilasie en lug.
- (i) Siektes
- (j) Hoe gesondheidsonderrig en liggaamlike opvoeding saamwerk.


Geskiedenis en Filosofie van Liggaamlike Opvoeding

1. Betekenis en waarde van Filosofie van Liggaamlike Opvoeding.
2. Faktore wat Filosofie van Liggaamlike Opvoeding beïnvloed.
3. Geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding.
 - (a) Liggaamlike Opvoeding in 'n primitiewe gemeenskap.
 - (b) Antieke Wêreld, Midde Ooste en Oosterse lande.
 - (c) Die Hebreërs.
 - (d) Die Grieke.
 - (e) Homeriese mense.
 - (f) Spartane.
 - (g) Atheniërs.
 - (h) Romeine.

- (i) Middel Eeue.
 - (j) Die Renaissance en Reformasie.
 - (k) Die Vroeë moderne en Moderne tydperk.
4. Werkstuk- navorsing in persoonlike filosofie van Liggaamlike Opvoeding en sluit die volgende in:
- (i) Oorspronklike doel van Liggaamlike Opvoeding vir die leerling.
 - (ii) Metodes, aktiwiteite en mikpunte.
 - (iii) Eindelike uitslag en resultate.

Sportbeserings en hul Behandeling: Versorging en voorkoming

- (a) Voete, enkels en blare.
- (b) Oop wonde.
- (c) Gespanne spiere, kneusplekke en verswikings.
- (d) Die knie.
- (e) Skouer, rug en arm.
- (f) Rehabilitasie en voorbereiding.
- (g) Besluite in noodtoestande.
- (h) Voeding.
- (i) Velprobleme.
- (j) Algemene gesondheid en veiligheid.



Biologie van liggaamlike aktiwiteite.
 Oriëntering ten opsigte van oefening.
 Spiere en energie.
 Neurologiese aspek van beweging.
 Stelsels van energie onderhoud.
 Toegepaste biologie van liggaamlike aktiwiteite.
 Praktiese werk word ingesluit.

Tweede Jaar

Organisasie en Administrasie van Sport en Liggaamlike Opvoeding

- (a) Die aard van administrasie.
 - (b) Mikpunte in 'n liggaamlike opvoedingsprogram.
 - (c) Die ontwikkeling in administrasie.
 - (d) Belangrikheid van personeel en faktore wat onderwyser se selfvertroue beïnvloed.
 - (e) Beskikbare geriewe in liggaamlike opvoeding.
 - (f) Inter-skool sport programme.
 - (g) Binnemuurse sport.
 - (h) Studente leiers in liggaamlike opvoeding.
 - (i) Begroting en finansies.
 - (j) Aankoop en versorging van uitrusting.
 - (k) Skakeldiens in liggaamlike opvoeding.
 - (l) Kantoor administrasie.
 - (m) Evaluasie in administrasie.
- Praktiese werk word ingesluit.

Derde Jaar

Meting en beoordeling in liggaamlike opvoeding:

- (a) Die plek van meting en beoordeling.
- (b) Statistiese tegnieke in beoordeling.
- (c) Betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit.
- (d) Algemene bewegingsbekwaamheid en prestasie.
- (e) Beoordeling van liggaamlike fiksheid.
- (f) Beoordeling van vaardigheid.
- (g) Gebruik van kennistoetse.
- (h) Beoordeling van studenteprestasie.

Onderwys van liggaamlike opvoeding:

- (a) Die plek van liggaamlike opvoeding in die opvoeding.
 - (b) Onderwyspraktyke en teorieë.
 - (c) Oorsig van die stelselbenadering.
 - (d) Die gedragsgebied.
 - (e) Ontleding van onderrig- en prestasieoogmerke.
 - (f) Leertoestande en toepassing daarvan.
 - (g) Gebruik van hulpmiddels.
 - (h) Gebruik van onderrigmateriaal en metodes.
 - (i) Die hersieningsproses.
- Praktiese werk word ingesluit.

Praktiese Werk

Die volgende aktiwiteite word oor die drie jaar in teorie en praktyk toegepas:

1. Groepfiksheid.
2. Sport vir individue en pare.
 - (a) Gimnastiek.
 - (b) Ritmiese gimnastiek (dames).
 - (c) Atletiek.
 - (d) Tennis.
 - (e) Pluimbal.
 - (f) Boks (mans).
 - (g) Swem.
 - (h) Gewigoptel (mans).
3. Spansport
 - (a) Rugby (mans).
 - (b) Sokker (mans).
 - (c) Krieket (mans).
 - (d) Basketbal.
 - (e) Vlugbal.
 - (f) Hokkie.
 - (g) Netbal (dames).
4. Spele en Aktiwiteite vir groot groepe.
5. Ontspanning en Vryetyd.

DEPARTEMENT VAN MUSIEK

Baccalaureus Pedagogiae (B.Ped.)

Musiek en Musiekopleiding

Kursus I

(a) Die Taal van Musiek I

(Twee vraestelle).

Inleiding tot die 3 elemente van die taal van Musiek:

Ritme, Melodie en Harmonie.

Ritme.

'n Kort oorsig oor ritme en ritmiese notasie en toniese Solfa geaksentueerde en nie-geaksentueerde polsslae. Tweepols, driepols en vierpolsslagnote. Een-, twee-, drie- en vierpolsslagnote. Halfpols en Kwartpolsslagnote. Stiltepolsslae (rustekens). Inleiding tot ritmiese Balknotasie Balksimbole van note en rustekens. Engels- en Duits-Amerikaanse name van note en rustekens, gepunteerde en verbindingsnote. Tydsoortekens: $\frac{2}{4}$; $\frac{3}{4}$ en $\frac{4}{4}$. Gebruik van ritmiese Balknotasie saam met melodiese en ritmiese sol-fa notasie. Transkripsie van ritmiese sol-fa tot balknotasie en omgekeerd.

Melodie

Die "Doh-ladder" (Majeur Toonleer) en sy trappe. Die oudste bekende toonleer, die Pentatoniese (5 toon) toonleer, die tradisionele toonleer soos gebruik in oorspronklike Bantoemusiek. Die Diatoniese (Sewetoon) toonleer, sy intervalle en toonleertrappe. Inleiding tot melodiese balknotasie. Die balk, lyne, spasies en hulplyne. Relatiewe en absolute toonhoogte. Die G-sleutel. Die C-majeur toonleer en sy lettername. Kromatiese note in C-majeur; F kruis en B mol (fe en ta in sol-fa). Modulasies na die toonsoorte van die Dominant (G-majeur) en die Subdominant (F-Majeur). Toonsoortekens. Die toonlere van G-majeur en F-majeur. Die Lah-mode of oorspronklike mineurtoonleer. Harmoniese en melodiese mineurtoonlere in sol-fa notasie. Die A-mineur toonlere in balknotasie. Karakteristieke intervalle van die mineur toonlere. Toonleertrappe. Verwante toonaarde, die toonlere van E-mineur en D-mineur. Die Bassleutel of F-sleutel.

Harmonie

Die primêre akkoorde van die majeure toonleer. Die primêre akkoorde van die mineur toonleer. Latente harmonie.

Vorm

Die elemente van die vorm in musiek: Tweemaat en viermaat frases; agtmaat sinne. Kadense. Komposisie van kort pentatoniese, majeure en mineur melodieë.

(b) Inleiding tot Geskiedenis en Waardering van Musiek

(Een vraestel, een mondeling).

Die oorsprong van musiek. Kultuurmusiek en volksmusiek, liedere en danse. Die begin van Westerse (Europese) kunsmusiek. Musiek van die Middeleeuse Christelike Kerk. Die invloed van Kerkmusiek en Volksmusiek op Kunsmusiek. "Ligte musiek" van die Klassieke en Romantiese periode. Die instrumente van die orkes. Haydn en Mozart: Hulle lewe en werke.

Kursus II

(a) Die Taal van Musiek II
(Twee vraestelle)*Ritme*

Sol-fa: Sespolsslagmate in stadige en vinnige tempo. Negepolse en Twaalfpolslagmate. Balknotasie: Saamgestelde twee-, drie-, en vierslagmate. Triole in enkelvoudige tyd. Sinkopasje.

Melodie

Die majeure toonlere van D, A, E, B, B \flat , E \flat , A \flat , D \flat en hulle verwante mineur toonaarde. Die sesde kruis en die sesde mol toonaarde ontmoet d.w.s. F kruis het dieselfde toonhoogte as G mol. Die siklus van vyfdes. Enharmoniese veranderinge. Kromatiese Tekens: Dubbel Kruis en dubbel mol. Die Kromatiese toonleer.

Harmonie

Harmonisering van die majoor toonleer. Majeur, mineur en verminderde drieklanke. Harmoniese funksie, grondposisie en omkerings van primêre en sekondêre akkoorde. Skrywe in 4 parte. Kadense. Nie-essentiële note: deurgangsnote, suspensies, hulpnote en binote. Die akkoord van die dominant sewende: grondposisie en omkerings. Modulasie na naverwante toonaarde. Harmonisering van die mineure toonlere. Die vergrote drieklanke. Die akkoord van die verminderde sewende. Modulasie van mineur toonaarde na die verwante majeure en omgekeerd.

Vorm

Tweeleding en drieleding. Minuet en Trio; Rondo. Komposisie van kort stukke vir koor of klavier.

(b) Musiekgeskiedenis en Waardering II
(Een vraestel, een mondeling).

Die tydperke van Westerse musiek: Renaissance—Barok—Klassiek—Romanties—Modern.

Die hoofvorme van die klassieke tydperk: Sonatevorm, soos aangewend in simfoniese, concerto en kamerstukke. Opera, Oratorium en Kerkmusiek. L. van Beethoven: Lewensbeskrywing en werke. Die "klassieke romantikus": Franz Schubert. Minatuurvorme van die romantiese tydperk: Lieder (Duitse lieder) en kort klavierstukke. Chopin, Schumann en Brahms. Die klimaks van die 19de eeuse opera: Verdi en Wagner. Operette: Offenbach, Sullivan en die Straussgesin.

Kursus III

(a) Die Taal van Musiek III
(Twee vraestelle, een prakties)*Harmonie*

Sekondêre akkoorde van die sewende. Die Napolitaanse akkoord van die sesde. Vergrote akkoorde van die sesde: Italiaanse, Franse en Duitse. Kromatiese modulasie.

Kontrapunt. Die vyf "spesies"

Komposisie. Gewyde en sekulêre koorstukke. Verwerking van volkssang vir skoolkore.

(b) Musiekgeskiedenis en Waardering III

Die barokperiode. Die ontstaan en ontwikkeling van opera en oratorium. Kerk en instrumentale musiek. Monteverdi—Purcell—Bach—Handel: Lewensbeskrywing en werke.

Praktiese Studies**Kursus I**

- | | | |
|-------------------|---|--|
| Eksamen 30 minute | { | Hoof praktiese vak: <i>Klavier I</i> (individuele onderrig).
Minimum voorwaardes vir toelating: 'n standaard gelykstaande aan graad III van Unisa, Associated Board of Trinity College.
<i>Sang I</i> (individuele onderrig). Toelating word bepaal volgens stemkwaliteit. <i>Een blaasinstrument van eie keuse</i> (groeponderrig). |
| Eksamen 15 minute | { | Tweede praktiese onderwerp: <i>Klavier I</i> (groeponderrig).
Alleenlik vir studente, wat <i>Klavier</i> as hoof praktiese vak neem:
<i>Sang I</i> of <i>Blaasinstrument I</i> (groeponderrig). |
| Geen eksamen | { | Ensemble werksaamhede: <i>Koor I</i> . Punte word bepaal volgens klasrekords. |

Kursus II

- | | | |
|-------------------|---|---|
| Eksamen 30 minute | { | Hoof praktiese vakke: <i>Klavier II</i> , <i>Sang II</i> , <i>Blaasinstrument II</i> (Studente, wat 'n eerste klas slaagsyfer in <i>Blaasinstrument I</i> behaal het, ontvang individuele onderrig). |
| Eksamen 15 minute | { | Tweede praktiese vak: <i>Klavier II</i> (Studente, wat 'n eerste klas slaagsyfer in <i>Klavier I</i> behaal het, ontvang individuele onderrig).
Alleenlik vir studente, wat <i>Klavier II</i> as h.p.v. neem: <i>Sang II</i> of <i>Blaasinstrument II</i> (Studente, wat 'n eerste klas slaagsyfer in <i>Sang I</i> of <i>Blaasinstrument I</i> behaal het, ontvang individuele onderrig.) |
| Geen eksamen | { | Ensemble werksaamhede: <i>Koor II</i> .
Punte word bepaal volgens klasrekords. |

Kursus III

- | | | |
|-------------------|---|--|
| Eksamen 30 minute | { | Hoof praktiese vakke: <i>Klavier III</i> .
<i>Sang III</i> , <i>Blaasinstrument III</i> . |
| Eksamen 15 minute | { | Tweede praktiese vak: <i>Klavier III</i> .
Alleenlik vir studente wat <i>Klavier III</i> as h.p.v. neem:
<i>Sang III</i> of <i>Blaasinstrument III</i> , of die eerste kursus in <i>blaasinstrument</i> of <i>sang</i> . |
| Eksamen 15 minute | { | Derde praktiese vak: <i>Dirigering</i>
en
<i>Kooropleiding I</i> . |
| Geen eksamen | { | Ensemble werksaamhede: <i>Koor III</i> .
Punte word bepaal volgens klasrekords. |

Hoër Sekondêre Onderwys Diploma

Kursus I

(Drie lesings per week)

(a) Die Taal van Musiek I

(Twee lesings per week) (Een vraestel. Drie Uur)

Inleiding tot die 3 elemente van die taal van Musiek: Melodie, Ritme en Harmonie in Sol-fa notasie.

Melodie. Die "Doh-ladder" (Majeur Toonleer) en sy trappe. Die oudste bekende toonleer, die Pentatoniese (5 toon) toonleer, die tradisionele toonleer soos gebruik in oorspronklike Bantoe musiek.

Ritme. Geaksentueerde en nie geaksentueerde polsslac. Tweepols en driepolsslagmate en hulle gelykwaardige note. Primêre en Sekondêre Vorm. Franse tydname.

Melodie. Twee- en viermaat frases; agtmaat sinne. Komposisie van Pentatoniese melodieë. Die Diatoniese (Sewetoon) toonleer, sy intervalle en toonleertrappe.

Ritme. Vierpolsslagmaat. Die *halfslag note*. Stilteposslac (rustekens). Inleiding tot ritmiese Balknotasie. Balksimbole van note en rustekens. Tydsoortekens: $\frac{2}{4}$; $\frac{3}{4}$ en $\frac{4}{4}$. Gebruik van ritmiese Balknotasie saam met melodiese en ritmiese sol-fa notasie.

Melodie. Italiaanse terme en betekenis met betrekking tot dinamiese benaminge en spoed. Oorgang tot die eerste Kruistoonsoort en eerste moltoonsoort en die terugkeer tot die oorspronklike toonsoort.

Harmonie. Die Primêre akkoorde van die Majeur toonleer: Doh-akkoord (Tonika akkoord), soh-akkoord (Dominant-akkoord) en Fah-akkoord (Subdominant akkoord). Latente harmonie.

Melodie. Inleiding tot melodiese balknotasie. Die balk, lyne, spasies en hulplyne. Relatiewe en absolute toonhoogte. Die G-sleutel. Die C-majeur toonleer en sy lettername. Modulasies na die toonsoorte van die Dominant (G-majeur) en die Subdominant (F-majeur). Transposisie. Kromatiese note in C-majeur: F kruis en B mol (fe en ta in sol-fa.) Toonsoortekens. Die toonlere van G-majeur en F-majeur. Kadense.

Ritme. Kwartpolsslagnote. Engels en Amerikaanse name van note en rustekens. Gepunteerde en verbindingsnote. Enkelvoudige Tweeslagmaat, Drieslagmaat en Vierlagmaat. Sespolsslagmate in stadige en vinnige tempo. Negepolse en Twaalfpolsslagmate. Saamgestelde twee-, drie-, en vierslagmate.

Melodie. Die Bas-sleutel of F sleutel. Mineurtoonlere. Die Lah-mode of oorspronklike mineurtoonleer; Harmoniese en melodiese mineurtoonlere in sol-fa notasies. Die A-mineur toonlere in balknotasie. Karakteristieke intervalle van die mineur toonlere. Verwante toonaarde. Toonleertrappe.

Harmonie. Die primêre akkoorde van die mineur toonleer.

Ritme. Triole in enkelvoudige tyd. Sinkopasie.

Komposisie van kort majeure en mineur melodieë.

(b) Inleiding tot Geskiedenis en Waardering van Musiek.

(Een lesing per week) (Een Vraestel Twee Uur)

Die oorsprong van musiek. Kultusmusiek en volksmusiek, liedere en danse. Die begin van Europese (Westerse) kunsmusiek: Musiek van die Middeleeuse Christelike Kerk. Die invloed van Kerkmusiek en Volksmusiek op Kunsmusiek. 'n Oorsig van Europese Musiek, van die 18de en 19de eeu. "Ligte musiek" van die Klassieke en Romantiese periode. Die instrumente van die orkes. Handel, Haydn, Mozart: Hulle lewe en werke.

Kursus II

(Vyf lesings per week)

(a) Die Taal van Musiek II

(Drie lesings per week) (Twee Vraestelle. Twee uur elk)

Die majeure toonlere van D, A, E, B, B \flat , E \flat , A \flat , D \flat en hulle verwante mineur toonaarde. Kromatiese Tekens: Dubbel Kruis, en dubbel mol. Enharmoniese veranderinge: die sesde kruis en die sesde mol toonaarde ontmoet, d.w.s. F kruis het dieselfde toonhoogte as G mol. Die siklus van vyfdes. Die elemente van die vorm in musiek. Komposisie van majeure en mineur melodieë. Transkripsie van sol-fa tot balknotasie en omgekeerd. Die Kromatiese toonleer. Harmonisering van die majeure toonleer. Majeur, mineur en verminderde drieklanke. Stryke in 4 parte. Grondposisie en omkerings van primêre en sekondêre akkoorde. Harmoniese funksie. Kadense. Nie-essensiële note: deurgangsnote, suspensies, hulpnote en binote. Verwerking van volksliedjies vir skoolkore. Die akkoord van die dominant sewende. Modulasie na naverwante toonaarde. Harmonisering van die mineur toonlere. Die vergrote drie klank. Die akkoord van die mindere sewende. Modulasie van mineur toonaarde na die verwante majeure en omgekeerd. Sekondêre akkoorde van die sewende. Die Napolitaanse akkoord van die sesde. Die akkoord van die dominant negende. Vergrote akkoorde van die sesde: Italiaanse, Franse en Duitse. Kromatiese modulasie.

(b) Geskiedenis en Waardering van Musiek

(Twee lesings per week) (Een Vraestel. Drie Uur)

Die periodes van Westerse Musiek: Renaissance—Barok—Klassieke—Romantiese—Moderne.

<i>Renaissance.</i>	Hoofvorms	: Motet en Madrigal.
	Palestrina	: Lewe en Werk.
<i>Barok.</i>	Hoofvorms	: Prelude en fuga, konsert.
		Kerkkantata, Oratorium, Opera.
	J. S. Bach	: Lewe en Werk.
	Oorsprong en ontwikkeling van Opera.	
<i>Klassieke.</i>	Hoofvorms	: Sonata, Simfonie, Strykkwartet, Konsert,
		Opera.
	Beethoven	: Lewe en Werk.

- Romantiese.* Hoofvorms : dieselfde as klassieke.
 Miniatuurvorms : Liedere en kort klavierstukke.
 Schubert, Chopin, Brahms, Verdi, Wagner.
 Hulle lewe en werk.
- Moderne.* Debussy, Stravinsky, Bartok, Carl Orff:
 Hulle lewe en werk.

Kursus III

(Vier lesings per week) (Twee Vraestelle. Twee uur elk)

Vraestel I:

- I. Metodiek van die Taal van Musiek.
- II. Metodiek van geskiedenis en waardering van musiek.

Vraestel II.

- I. Metodiek van klassang en koor afrigting.
- II. Metodiek van die hoof praktiese vak.



Praktiese Werk—Kursus I, II, III

- Eksamen 15 min.* Hoof praktiese vak : 1 blaasinstrument van eie keuse.
 (Groeponderrig).
- Eksamen 10 min.* Tweede praktiese vak: Klavier (groeponderrig).
- Geen eksamen.* Ensemble werk : Koor en Blaasorkes. Punte hang af van klasrekord.

Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe

INLEIDING

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe bied die B.Comm. en B.Admin. graad-kursusse aan, sowel as na-graadse kursusse in verskeie kommersiële en administratiewe vakke.

Die Fakulteit bestaan uit die volgende departemente:

- Ekonomie,
- Bedryfsekonomie,
- Bedryfsielkunde,
- Rekeningwetenskappe.

Sekere vakke vir die B.Comm. en B.Admin.-grade word deur departemente en sub-departemente van ander Fakulteite aangebied: Staatsleer, Publieke Administrasie, Statistiek en Statistiese Metodes, **Kommersiële Reg**, Sosiale en Ekonomiese Wettereg en Staats- en Administratiefreg.

'n Graad in die bogenoemde rigtings **bekwaam 'n persoon** vir 'n wye verskeidenheid van betrekings in die handel en nywerheid, sowel as in die publieke diens. Talle vakatures bestaan op die oomblik in stedelike gebiede, grensgebiede sowel as in die tuislande.



 University of Fort Hare
FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE
Together in Excellence

REGLEMENT

GRADE EN DIPLOMAS IN EKONOMIESE WETENSKAPPE

N.B.—Voornemende studente vir die B.Comm.-en B.Admin.-graadkursus word aangeraai om Handelsmatriek as studierigting te kies.

Reëls vir Grade en Diplomas in die Ekonomiese Wetenskappe.

Die fakulteitsreëls wat hierop volg moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die Statuut, die regulasies en die algemene reëls gelees word.

C.1. Die volgende Grade word in die Fakulteit uitgereik:

In die Handel:

Baccalaureus Commercii.....	B.Comm.
Honneurs-Baccalaureus Commercii.....	B.Comm. (Hons.)
Magister Commercii.....	M.Comm.
Doctor Commercii.....	D.Comm.

In die Administrasie:

Baccalaureus Administrationis.....	B.Admin.
Honneurs-Baccalaureus Administrationis.....	B.Admin. (Hons.)
Magister Administrationis.....	M.Admin.
Doctor Administrationis.....	D.Admin.

Die volgende voorgraadse Diploma word in die Fakulteit uitgereik:

Diploma in HandelDip. Comm.

DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII

Studierigtings

C.2. Die graad kan in enigeen van die volgende studierigtings behaal word:

- Bestuur
- Ekonomie/Bedryfsekonomie
- Ekonomie
- Rekeningkunde

Leergange

C.3. Die leergang vir elkeen van die onderskeie studierigtings is soos hieronder uiteengesit:

Personeelbestuur

- Eerste jaar :*
1. Bedryfsielkunde I
 2. Bedryfsekonomie I
 3. Ekonomie I
 4. Rekeningkunde I
 5. Statistiek I of Statistiese Metodes
- Tweede jaar :*
6. Bedryfsielkunde II
 7. Ekonomie II
 8. Bedryfsekonomie II
 9. Rekeningkunde II
 10. Kommersiële Reg I
- Derde jaar :*
11. Bedryfsielkunde III
 12. Bedryfsekonomie III
 13. Kleinhandelsbestuur of Koöperasiewese of Toegepaste Informatika II

Ekonomie/Bedryfsekonomie

- Eerste jaar :*
1. Ekonomie I
 2. Bedryfsekonomie I
 3. Rekeningkunde I
 4. Kommersiële Reg I
 5. Statistiek I of Statistiese Metodes
- Tweede jaar :*
6. Ekonomie II
 7. Bedryfsekonomie II
 8. Rekeningkunde II
 9. Kommersiële Reg II
- Derde jaar :*
10. Ekonomie III
 11. Bedryfsekonomie III
 12. Rekeningkunde III

Ekonomie

- Eerste jaar :*
1. Ekonomie I
 2. Bedryfsekonomie I
 3. Rekeningkunde I
 4. Kommersiële Reg I
 5. Statistiek I of Statistiese Metodes
- Tweede jaar :*
6. Ekonomie II
 7. Bedryfsekonomie II
 8. Rekeningkunde II of Statistiek II
 9. Ontwikkelingsekonomie I
- Derde jaar :*
10. Ekonomie III
 11. Ontwikkelingsekonomie II
 12. Bedryfsekonomie III of Statistiek III

Rekeningkunde

- Eerste jaar :*
1. Rekeningkunde I
 2. Kommersiële Reg I
 3. Bedryfsekonomie I
 4. Ekonomie I
 5. Statistiek I of Statistiese Metodes
- Tweede jaar :*
6. Rekeningkunde II
 7. Kommersiële Reg II
 8. Bedryfsekonomie II
 9. Ekonomie II
 10. Boedelbereddering
- Derde jaar :*
11. Rekeningkunde III
 12. Kommersiële Reg III
 13. Bedryfsekonomie III
 14. Ouditkunde

Taalvereistes

C.4. 'n Student wy een lesing per week in die taallaboratorium aan 'n handels-taalkursus, of in die eerste of in die tweede studiejaar vir drie kwartale (ongeveer 20 uur). Indien hy egter voor die tyd in 'n vaardigheidstoets in die handelstaalkursus slaag, kan hy van verdere bywoning in die taallaboratorium vrygestel word.

Beperkings op inskrywing vir kursusse

- C.5. (1) 'n Student in enige studiejaar kan een kursus meer neem as die aantal kursusse wat vir daardie studiejaar voorgeskryf is.
- (2) 'n Student word nie toegelaat om 'n tweedejaars- of derdejaarskursus te neem nie tensy hy minstens twee van die kursusse voltooi het wat vir die eerste of tweede studiejaar respektiewelik voorgeskryf is nie: Met dien verstande dat minstens twee derdejaarskursusse gelyktydig in die derde studiejaar geneem moet word.

- (3) 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning vir minstens drie eerstejaarskursusse ontvang het, en in sy derde studiejaar te wees wanneer hy erkenning vir minstens drie tweedejaarskursusse ontvang het en in staat is om minstens twee derdejaarskursusse gelyktydig te neem soos in sub-paragraaf (2) hierbo bepaal; andersins word hy geag in sy tweede studiejaar te wees.
- (4) Vir die doel van hierdie paragraaf beteken 'n tweedejaarskursus die voorlaaste kursus, en 'n derdejaarskursus die laaste kursus in enige van die vakke in die lys in paragraaf C.7.

Eksamens

C.6. (1) 'n Subminimum van 40% word voorgeskryf vir elke eerstejaarsvraestel, en 35% vir elke tweede- en derdejaarsvraestel, na gelang van die betrokke leer-gang.

(2) 'n Student word toegelaat tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus waarin hy gedruip het, mits hy die volgende behaal het:

(a) 'n jaarpunt van minstens 50%;

(b) 'n eksamenpunt van minstens 40%; en

(c) die slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen:

Met dien verstande dat hierdie vereistes verval indien die betrokke kursus die laaste oorblywende vir sy graad is en dat hy inderdaad die eksamen geskryf het.

Onderskeiding

C.7. Die graad word met onderskeiding in enige van die volgende vakke toegeken aan 'n student wat in die finale kursus daarin slaag met 'n slaappunt van 75%.

Bedryfsekonomie	Ontwikkelingsekonomie
Bedryfsielkunde	Ouditkunde
Ekonomie	Rekeningkunde
Kommersiële Reg	Statistiek

DIE GRAAD BACCALAUREUS ADMINISTRATIONIS

Studierigtings

C.8. Kandidate kan vir die graad Baccalaureus Administrationis in die volgende twee rigtings kwalifiseer:

- Publieke Aangeleenthede
- Personeelbestuur.

Leergange

C.9. Die leergang vir die twee rigtings is soos hieronder uiteengesit:

Publieke Aangeleenthede

- Eerste jaar :
1. Publieke Administrasie I
 2. Staatsleer I
 3. Ekonomie I
 4. Bedryfsekonomie I
 5. Rekeningkunde I

- Tweede jaar :*
6. Publieke Administrasie II
 7. Staatsleer II
 8. Ekonomie II
 9. Bedryfsekonomie II
 10. Uitleg van Wette

- Derde jaar :*
11. Publieke Administrasie III
 12. Staatsleer III
 13. *Een van die volgende :*
Ekonomie III
Staats- en Administratiefreg I

Personeelbestuur

- Eerste jaar :*
1. Bedryfsielkunde I
 2. Publieke Administrasie I
 3. Ekonomie I
 4. Bedryfsekonomie I
 5. Statistiek I of Statistiese Metodes.

- Tweede jaar :*
6. Bedryfsielkunde II
 7. Publieke Administrasie II
 8. Ekonomie II
 9. Bedryfsekonomie II
 10. Staatsleer I

- Derde jaar :*
11. Bedryfsielkunde III
 12. Publieke Administrasie III
 13. Sosiale en Ekonomiese Wettereg



University of Fort Hare
Together in Excellence

Beperkings op kursusse

C.10. 'n Student word nie tot Publieke Administrasie III toegelaat nie tensy hy Staatsleer I voltooi het of tensy hierdie kursus gelyktydig daarmee geneem word.

Taalvereistes

C.11. 'n Student wy een lesing per week in die taallaboratorium aan 'n handeltaalkursus, of in die eerste of in die tweede studiejaar vir drie kwartale (ongeveer 20 uur). Indien hy egter voor die tyd in 'n vaardigheidstoets in die handelstaalkursus slaag, kan hy van verdere bywoning in die taallaboratorium vrygestel word.

Beperkings op inskrywing vir kursusse

- C.12. (1) 'n Student in enige studiejaar kan een kursus meer neem as die aantal kursusse wat vir daardie studiejaar voorgeskryf is.
- (2) 'n Student word nie toegelaat om 'n tweedejaars- of derdejaarskursus te neem nie tensy hy minstens twee van die kursusse voltooi het wat vir die eerste of tweede studiejaar respektiewelik voorgeskryf is nie: Met dien verstande dat minstens twee derdejaarskursusse gelyktydig in die derde studiejaar geneem moet word.
- (3) 'n Student word gegag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning vir minstens drie eerstejaarskursusse ontvang het, en in sy derde studiejaar te wees

wanneer hy ekenning v.r minstens drie tweedejaarskursusse ontvang het en in staat is om minstens twee derdejaarskursusse gelyktydig te neem soos in sub-paragraaf (2) hierbo bepaal; andersins word hy geag in sy tweede studiejaar te wees.

- (4) Vir die doel van hierdie paragraaf beteken 'n tweedejaarskursus die voorlaaste kursus, en 'n derdejaarskursus die laaste kursus in enige van die vakke in die lys in paragraaf C.14.

Eksamens

- C.13. (1) 'n Subminimum van 40% word voorgeskryf vir elke eerstejaarsvraestel, en 35% vir elke tweede- en derdejaarsvraestel, na gelang van die betrokke leergang.
- (2) 'n Student word toegelaat tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus waarin hy gedruip het, mits hy die volgende behaal het:
- (a) 'n jaarpunt van minstens 50%;
- (b) 'n eksamenpunt van minstens 40%; en
- (c) die slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen:
- Met dien verstande dat hierdie vereistes verval indien die betrokke kursus die laaste oorblywende vir sy graad is en dat hy inderdaad die eksamen geskryf het.

Onderskeiding

University of Fort Hare

Together in Excellence

- C.14. Die graad word met onderskeiding in enige van die volgende vakke toegeken aan 'n student wat in die finale kursus daarin slaag met 'n slaagpunt van 75%.

Bedryfsekonome

Publieke Administrasie

Bedryfsielkunde

Staatsleer

Ekonomie

DIE GRAAD HONNEURS-BACCALAUREUS COMMERCII

(Verwys ook asseblief na die Statuut en die algemene reëls vir honneurs-baccalaureusgrade)

- C.15. (1) Die graad kan in enigeen van die volgende vakke behaal word:

Bedryfsekonome

Rekeningkunde

Bedryfsielkunde

Statistiek

Ekonomie

Die Departementshoof kan van 'n kandidaat vereis dat hy oor 'n genoegsame kennis van Afrikaans en Engels beskik om gevorderde vakliteratuur te kan lees en begryp.

- (2) Die Honneurskursus strek oor minstens een jaar voltydse studie, maar behalwe in die geval van die honneurskursus in Rekeningkunde, kan 'n kandidaat met goedkeuring van die betrokke departementshoof die kursus in twee dele aflê wat elk oor een akademiese jaar strek.

- (3) 'n Kandidaat mag, met die goedkeuring van die betrokke departementshoof, die kursus op 'n deelydse grondslag volg wat oor twee jaar strek.*
- (4) 'n Kandidaat mag hom nie vir enige deel van die eksamen aanmeld nie tensy hy die Departementshoof bevredig het wat die gehalte van sy werk betref nie.
- (5) Om in die eksamen te slaag moet 'n kandidaat wat die hele eksamen in een eksamentyd aflê, 'n totale slaagsyfer van 50% en 'n subminimum van 40% in elke vraestel of kursus behaal.
- (6) Om in die eksamen te slaag moet 'n kandidaat wat die eksamen in twee dele aflê, nie alleen 'n totale slaagsyfer van 50% behaal nie, maar ook 50% in elke vraestel. Hierdie subparagraaf is nie van toepassing op die Rekeningkunde kursus nie na aanleiding van subparagraaf (2) hierbo.
- (7) Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n totale slaagsyfer van minstens 75% behaal.

Leergang.

C.16.

(1) *Bedryfseconomie*

Kandidate vir die graad **Honneurs-Baccalaureus** Commercii in Bedryfseconomie moet VYF skriftelike vraestelle aflê, wat uit groep A en groep B, hieronder saamgestel is.

Die samestelling van die kursusse moet in oorleg met die betrokke Departementshoof gedoen word. Minstens drie vraestelle uit groep A en minstens een uit groep B, sal voorgeskryf word.

Groep A

Vraestel 1: Gevorderde Algemene Bedryfsleiding.

Vraestel 1: Algemene Bedryfsleiding.

Vraestel 2: Gevorderde Bemerkingsbestuur.

Vraestel 3: Gevorderde Finansiëlebestuur.

Vraestel 4: Bemerkingsnavorsing.

Vraestel 5: Verkoopsbevordering.

Vraestel 6: Gevorderde Produksiebestuur.

Vraestel 7: Koöperasiewese.

Groep B

Vraestel 1: Ekonomiese Ontwikkeling en Groei.

Vraestel 2: Ergonomika.

Vraestel 3: 'n Spesiale onderwerp uit die Publieke Administrasie.

Vraestel 4: Gevorderde Bestuursrekeningkunde (Mits die kandidaat Rekeningkunde III voltooi het).

Vraestel 5: 'n Spesiale onderwerp uit die Statistiek.

(2) *Ekonomie*

Kandidate in die graad Honneurs Baccalaureus Commercii in Ekonomie moet VYF skriftelike vraestelle aflê, waarvan die twee vraestelle in groep I en minstens een vraestel in Groep II verpligtend is.

*Lesings sal aangebied word elke tweede Saterdagoggend gedurende die akademiese jaar. 'n Totaal van ongeveer 14 lesingsperiodes)

- Groep I :*
1. Waarde- en prysleer
 2. Inkomste- en groeiteorie
- Groep II :*
3. Geld- en Bankwese
 4. Ontwikkelingsbeleid en -beplannings
 5. Konjunktuurleer
 6. Internasionale ekonomiese betrekkinge
 7. Openbare finansies
- Groep III :*
8. Volksrekeninge
 9. Demografies en arbeidsvraagstukke
 10. 'n Onderwerp uit die voorgeskrewe vrastelle vir Honneurs-Bedryfsekonomie
 11. Ekonomiese geskiedenis
 12. Ekonomiese denke
 13. Enige ander goedgekeurde onderwerp.

Let Wel—Die keuse geskied in oorleg met die Departementshoof.

(3) *Bedryfsielkunde*

Kandidate vir die graad Honneurs-Baccalaureus Commercii in Bedryfsielkunde moet VYF skriftelike vraestelle aflê. Die skriftelike vraestelle kan in twee dele afgelê word. Deel I bestaan uit enige twee vraestelle en Deel II uit die oorblywende drie vraestelle.

Vraestel 1: Bedryfsielkundige Navorsingsmetodes.

Vraestel 2: Ergonomie.

Vraestel 3: Verbruikers- en bemarkingsielkunde.

Vraestel 4: Personeelsielkunde.

Vraestel 5: Sosiale Bedryfsielkunde.

Praktika :

Om te kwalifiseer vir die Honneurseksamen moet 'n verslag oor die voorgeskrewe praktiese werk wat die student gedoen het voorgelê word. Die verslag is in die vorm van 'n ondersoek, verkieslik in die nywerheid, wat in oorlegpleging met die Hoof van die Departement gekies word.

(4) *Rekeningkunde*

- (a) Kandidate vir die graad Honneurs Baccalaureus Commercii in Rekeningkunde moet die volgende VIER skriftelike vraestelle aflê:
1. Gevorderde Finansiële Rekeningkunde
 2. Gevorderde Ouditkunde
 3. Gevorderde Bestuursrekeningkunde
 4. Gevorderde Belasting.
- (b) Toegepaste Informatika II moet voltooi word voordat die Honneursgraad in Rekeningkunde toegeken sal word.
- (c) Die eksamen in al die vraestelle sal in Februarie geskryf word, met die uitsondering van Toegepaste Informatika wat in November geskryf sal word.

DIE GRAAD HONNEURS-BACCALAUREUS ADMINISTRATIONIS

(Verwys ook asseblief na die Statuut en die algemene reëls vir honneurs-baccalaureusgrade.)

C.17. (1) Die graad kan in enigeen van die volgende vakke behaal word:

Bedryfsekonomie	Publieke Administrasie
Bedryfsielkunde	Staatsleer
Ekonomie	

Die Departementshoof kan van 'n kandidaat vereis dat hy oor 'n genoegsame kennis van Afrikaans en Engels beskik om gevorderde vakliteratuur te kan lees en begryp.

- (2) Die honneurskursus strek oor minstens een jaar voltydse studie, maar 'n kandidaat kan, met goedkeuring van die Departementshoof, die kursus in twee dele aflê wat elk oor een akademiese jaar strek.
- (3) 'n Kandidaat mag, met die goedkeuring van die betrokke departementshoof, die kursus op 'n deelydse grondslag volg wat oor twee jaar strek.*
- (4) 'n Kandidaat mag hom nie vir enige deel van die eksamen aanmeld nie tensy hy die Departementshoof bevredig het wat die gehalte van sy werk betref nie.
- (5) Om in die eksamen te slaag moet 'n kandidaat wat die hele eksamen in een eksamentyd aflê, 'n totale slaagsyfer van 50% en 'n subminimum van 35% in elke vraestel behaal.
- (6) Om in die eksamen te slaag moet 'n kandidaat wat die eksamen in twee dele aflê, nie alleen 'n totale slaagsyfer van 50% behaal nie, maar ook 50% in elke vraestel.
- (7) Die graad word met onderskeiding toegeken aan 'n kandidaat wat 'n totale slaagsyfer van minstens 75% behaal.

DIE GRADE MAGISTER COMMERCII EN MAGISTER ADMINISTRATIONIS

C.18. Benewens die algemene reëls vir Magistergrade moet 'n student voldoen aan die spesiale reëls van die fakulteit.

(1) *Die Volgende is die Vakke waarin die Magistergraad toegeken kan word:*

- M.Comm.: Bedryfsielkunde, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Rekeningwetenskappe, Statistiek.
- M.Admin.: Bedryfsielkunde, Bedryfsekonomie, Ekonomie, Publieke Administrasie en Staatsleer.

(2) *Vereistes om te slaag:*

Indien die eksamen vir die grade M.Comm. en M.Admin. uit 'n vasgestelde aantal vraestelle bestaan, slaag die student wanneer hy minstens 40% in elke vraestel behaal en 'n gemiddelde van minstens 50% in al die vraestelle saam.

Indien die eksamen uit 'n verhandeling bestaan, slaag die student indien sy verhandeling die eksaminatore tevrede stel.

*Lesings sal aangebied word elke tweede Saterdagoggend gedurende die akademiese jaar. ('n Totaal van ongeveer 14 lesingsperiodes)

(3) *Die graad word met lof verwerf :*

Indien die eksamen uit vraestelle bestaan en die student 'n gemiddelde van minstens 75% vir die hele eksamen behaal het of;

Indien die eksamen uit 'n verhandeling bestaan en die student na die mening van die eksameninatore 'n eerste klas standaard behaal het.


DIE GRADE DOCTOR COMMERCII EN DOCTOR ADMINISTRATIONIS

C.19. Die algemene reëls G.42 tot G.56 is van toepassing.

DIPLOMA IN HANDEL

Leergang

C.20. Die leergang vir die **Diploma strek** oor 'n tydperk van drie jaar en lei tot die Diploma Commerci.



Die leergang bestaan uit die volgende kursusse:

- Eerste jaar :*
1. Ekonomie I
 2. Bedryfsekonomie I
 3. Rekeningkunde I
 4. Statistiese Metodes
 5. Bedryfsielkunde I of Kommersiële Reg I
- Tweede jaar :*
6. Ekonomie II
 7. Bedryfsekonomie II
 7. Bedryfsekonomie II
 8. Rekeningkunde II of Bedryfsielkunde II of Kommersiële Reg II
- Derde jaar :* 9 en 10. Twee van die volgende:
- Ekonomie III
 - Bedryfsekonomie III
 - Rekeningkunde III of Bedryfsielkunde III of Kommersiële Reg III of Ko-operasiewese.

Toelatingsvereistes

C.21. Die Senior Sertifikaat of 'n gelykstaande kwalifikasie is die minimum vereiste vir toelating tot die kursus vir Diploma in Handel.

Taalvereistes

C.22. 'n Student wy een lesing per week in die taallaboratorium aan 'n handeltaalkursus, of in die eerste of in die tweede studiejaar vir drie kwartale (ongeveer 20 uur). Indien hy egter voor die tyd in 'n vaardigheidstoets in die handelstaalkursus slaag, kan hy van verdere bywoning in die taallaboratorium vrygestel word.

Beperkings op inskrywing vir kursusse

- C.23. (1) 'n Student in enige studiejaar kan een kursus meer neem as die aantal kursusse wat vir daardie studiejaar voorgeskryf is.
- (2) 'n Student word nie tot die kursusse van die tweede of derde studiejaar toegelaat nie tensy hy minstens twee kursusse voltooi het wat vir die eerste of tweede jaar respektiewelik voorgeskryf is.
- (3) 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning ontvang het vir minstens drie eerstejaarskursusse, in sy derde studiejaar wanneer hy in staat is om albei voorgeskrewe derdejaarskursusse te volg soos bepaal in sub-paragraaf (2) hierbo; andersins word hy geag in sy tweede studiejaar te wees.
- (4) Vir die doel van hierdie paragraaf beteken 'n tweedejaarskursus die voorlaaste kursus, en 'n derdejaarskursus die laaste kursu in enige van die vakke in die lys in paragraaf C.25.

Eksamens

- C.24. (1) 'n Subminimum van 40% word voorgeskryf vir elke eerstejaarsvraestel, en 35% vir elke tweede- en derdejaarsvraestel, na gelang van die betrokke leergang.
- (2) 'n Student word toegelaat tot 'n aanvullende eksamen in 'n kursus waarin hy gedruip het, mits hy die volgende behaal het:
- (a) 'n jaarpunt van minstens 50%;
- (b) 'n eksamenpunt van minstens 40%; en
- (c) die slaagsyfer in minstens twee ander kursusse in dieselfde eksamen: Met dien verstande dat hierdie vereistes verval indien die betrokke kursus die laaste oorblywende vir sy graad is en dat hy inderdaad die eksamen geskryf het.

Onderskeiding

- C.25. Indien 'n student in die finale kursus 'n slaagpunt van 75% in een van die volgende vakke behaal, sal daardie vak met onderskeiding aan hom toegeken word:
- | | |
|-----------------|-----------------|
| Bedryfseconomie | Ekonomie |
| Bedryfsielkunde | Kommersiële Reg |
| Rekeningkunde | |

LEERPLANNE**DEPARTEMENT BEDRYFSEKONOMIE EN KOÖPERASIEWESE****BEDRYFSEKONOMIE****Kursus I**

(Een Vraestel)

1. *Inleiding tot die Bedryfseconomie.*
 - 1.1. Die taak, omvang en metode van die Bedryfseconomie.
 - 1.2. Die ontwikkeling van die bedryfstelsel.

- 1.3. Grondbegrippe: Onderneming, bedryf, ens.
- 1.4. Opkoms van die grootbedryf.
- 1.5. Die ondernemer en sy belangrikheid.
2. *Die Verskillende Ondernemings- en Bedryfsvoorme.*
3. *Oprigtingsvraagstukke.*
 - 3.1. Vestigingsfaktore en -teorieë.
 - 3.2. Bou, aanleg en inrigting van die fabriek.
 - 3.3. Bedryfs- en ondernemersgrootte.
4. *Inleiding tot die sewe Funksies wat in die Onderneming Uitgeoefen word met Spesiale Verwysing na die Personeel- en Administratiewe Funksies.*
 - 4.1 *Personeelfunksie:*
 - 4.1.1 Menslike verhoudings.
 - 4.1.2 Keuse.
 - 4.1.3 Opleiding.
 - 4.1.4 Bevordering.
 - 4.1.5 Ontslag.
 - 4.1.6 Vergoeding van personeel.
 - 4.2 *Administratiewe funksie:*
 - 4.2.1 Funksieverdeling,
 - 4.2.2 Kantoororganisasie,
 - 4.2.3 Voorraadhouding,
 - 4.2.4 Bedryfstatistiek,
 - 4.2.5 Tydkontrole, ens.
5. *Die Owerheid en die Handel en Nywerheid met Besondere Verwysing na die Beleid van Tuislandontwikkeling*
 - 5.1 Vestiging van grensnywerhede;
 - 5.2 Die werksaamhede van die Bantoe Beleggingskorporasie,
 - 5.3 Die X.O.K. ens.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Kursus II

(Twee Vraestelle)

Eerste vraestel. Inleiding tot Bemerkingsbestuur.

- 1 Organisasie van die aankoopafdeling
- 2 Prys- en aankoopbeleid.
- 3 Voorraadbeheer.
- 4 Aankoopbegroting.
- 5 Aankoopondersoek.
- 6 Bemerkingsvraagstuk en soorte benadering.
- 7 Bemerkingsfunksies.
- 8 Bemerkingsorganisasie.
- 9 Bemerkingskanale.

- 10 Bemarking van landbouprodukte.
- 11 Grondstowwe en fabrikate.
- 12 Produktebeurs.
- 13 Termynhandel.

Tweede vraestel.

Afdeling 1—Inleiding tot Finansiële Bestuur.

- 1.1. Die taak en terrein van bedryfsfinansiering.
- 1.2. Die promotor en sy funksies.
- 1.3. Die waardering van die nuwe onderneming en sy behoeftes om lang- en korttermynkapitaal.
- 1.4. Die vorme van lang- en korttermynkapitaal.
- 1.5. Die finansiële plan van die bedryf.
- 1.6. Die geld- en kapitaalmark.
- 1.7. Die verkoop van effekte. Die effektebeurs.

Afdeling 2—Produksiebestuur.

- 2.1. Doelstellings en taak van produksiebestuur.
- 2.2. Produksiebeplanning.
- 2.3. Inrigting van die fabriek en die hantering van materiaal.
- 2.4. Investeringsbeslissings.
- 2.5. Voorraadbeheer.
- 2.6. Produksiebeheer.
- 2.7. Kwaliteitsbeheer.
- 2.8. Metodestudie.
- 2.9. Werkstudies.
- 2.10. Loonstelsels.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Kursus III

(Drie vraestelle)

Eerste vraestel.

(Bemarkingsbestuur.)

- 1 Die doelstellings van bemarkingsbeheer.
- 2 Bemarkingsnavorsing en markvooruitskatting.
- 3 Produkbeleid.
- 4 Distribusiebeleid.
- 5 Verkoopsbevorderingsbeleid.
- 6 Prysbeleid.

Tweede vraestel.

Finansiële Bestuur.

1. Die taak en doelstellings van finansiële bestuur.
2. Koste, kosprys en waarde; metodes van kostetoedeling.
3. Beplanning en beheer van bates: Finansiële analise; kontantbeheer; krediet-beheer; voorraadbeheer; kapitaalbegrotings.

4. Bepanning van die finansiële struktuur: Bepanning van die metodes van finansiëring; die koste van kapitaal.
5. Beheer van kort- en mediumtermyn kapitaal.
6. Beheer van langtermyn kapitaal.
7. Waardering van besigheidsondernemings.

Derde vraestel.

Afdeling 1—Algemene Leiding.

- 1.1 Die grondbeginsels van bedryfsleiding.
- 1.2 Die taak van die bedryfsleiding.
- 1.3 Elemente van die taak van bedryfsleiding: Bepanning; organisasie; koördinasie; bevelvoering; kommunikasie; moreel; beheer.
- 1.4 Enkele bestuursteorieë.
- 1.5 Enkele moderne bestuurshulpmiddele.

Afdeling 2—Eksterne Verhoudings.

- 2.1 Openbare verhoudings.
- 2.2 Staatsbeheer en steun.
- 2.3 Bedryfsverenigings.
- 2.4 Streeks- en nasionale ontwikkelingsorganisasies.
- 2.5 Internasionale organisasies.
- 2.6 Internasionale tendense en betrekkinge.



University of Port Hare
Together in Excellence

KLEINHANDELBESTUUR

1. Kleinhandel—oriëntasie en ontwikkeling.
2. Vestiging van die kleinhandel.
3. Moderne handelsmetodes.
4. Prysbeleid, prysbepaling en mededingende strategie.
5. Verkoopbevordering in die kleinhandel.
6. Finansiële bepanning en beheer.
7. Personeelbestuur in die kleinhandel.
8. Navorsing en verbruikersgedrag.

KOÖPERASIEWESE

(Een vraestel)

- 1 Betekenis en geskiedenis van die koöperatiewe stelsel; die besondere aard van koöperasies.
- 2 Die historiese agtergrond van die koöperatiewe stelsel in die Republiek van Suid-Afrika en Bantoegebiede.
- 3 Koöperatiewe wetgewing.
- 4 Tipes koöperasies:
 - 4.1 Landboukoöperasies.
 - 4.2 Versekeringskoöperasies.

- 4.3 Sentrale Koöperasies.
- 4.4 Koöperatiewe banke.
- 4.5 Verbruikerskoöperasies^o ens.
- 5 Interne bestuur en organisasie van die koöperasie.
- 6 Finansiering en finansiële bestuur.
- 7 Belasting en belastingsprobleme van koöperasies.
- 8 Koöperasies in ontwikkelende lande en die besondere rol wat dit speel.
- 9 Internasionale vergelykings.

DEPARTEMENT BEDRYFSIELKUNDE

BEDRYFSIELKUNDE

Kursus I

(Een vraestel)

1. *Inleiding*: Die historiese ontwikkeling van Bedryfsielkunde. Die personeelfunksie.
2. *Basiese sielkundige konsepte*:
 - (a) Leer, geheue en retensie.
 - (b) Emosie, driewwe, frustrasie en konflik.
 - (c) Fisiologie van die senuweestelsel en die sintuie.
 - (d) Waarneming.
 - (e) Vermoëns—intelligensie en waardigheid.
 - (f) Inleiding tot navorsingsmetodes.
3. *Personeelbestuurstechnieke A*.
 - (a) Mannekragbeplanning.
 - (b) Taakanalise,—beskrywings en -spesifikasies.
 - (c) Werwing.
 - (d) Aansoekvorms, biografiese vraelyste, onderhoude en sielkundige toetse.
 - (e) Oriënteringsopleiding.
4. Inleiding tot werkmotivering.

Kursus II

(Twee Vraestelle)

Vraestel 1.

1. *Personeelbestuurstechnieke B*.
 - (a) Opleiding, opleiding van operateurs, bestuurs-ontwikkeling.
 - (b) Merietebepaling, taakanalise en finansiële vergoeding.
 - (c) Arbeidsomset, en afwesigheid.
 - (d) Toesighouding.
2. *Menslike faktore-ingenieurswese*
 - (a) Metodestudie en werksmeting
 - (b) Fisiese werksomgewing.
 - (c) Veiligheid, veiligheidsopleiding en "totale-verlies-beheer"

Vraestel 2.

1. *Motivering en werkstevedenheid.*

- (a) Teorië van werkmotivering.
- (b) Motivering van Bantoeerkerers—studies in Suid Afrika uitgevoer.
- (c) Meting van houdings en moraal.
- (d) Taakontwerp

2. *Navorsingsmetodes.*

Hersiening van die basiese beginsels van wetenskaplike navorsing, stappe in die wetenskaplike metode, beplanning van navorsing en navorsingsprobleme in Bedryfsielkunde. Statistiese metodes.

Kursus III

Vraestel 1. *Persoonlikheidsontwikkeling en abnormale gedrag.*1. *Persoonlikheid*

- (a) Persoonlikheidsontwikkeling. Persoonlikheids-teorieë.

2. *Abnormale gedrag.*

- (a) Normaliteit en abnormaliteit.
- (b) Manifestasies en oorsake van abnormale gedrag.
- (c) Die Personeel-administrateur se rol by die diagnoseerling en behandeling van abnormale gedrag.

Vraestel 2. *Bedryfsielkundige navorsing en bemerkingsielkunde*1. *Navorsingsmetodes*

- (a) Beginsels en metodes gebruik in Sielkundige meting di. statistiese metodes, betroubaarheid en geldigheid van metingsmetodes, toetskonstruksiemetodes, metodes om persoonlikheid en sentimente te meet ens.

2. *Bemarkingsielkunde.*

- (a) Sielkundige beginsels van advertensie.
- (b) Verbruikersgedrag—(sielkundige aspekte)

Vraestel 3 *Groepsdinamika*

- (a) Formele en informele groepe, leiers en verhoudings.
- (b) Kommunikasie.
- (c) Menseverhoudings—spesiale konsepte. Vakunies. Kollektiewe bedinging.

DEPARTEMENT EKONOMIE

EKONOMIE

Kursus I

(Twee vraestelle)

Vraestel 1 : Beskrywende Ekonomie

- 1.1. Die Suid-Afrikaanse ekonomiese struktuur en sy ontwikkeling tot die huidige toestand
- 1.1. Besondere ekonomiese verskynsels en vraagstukke in Suid-Afrika.

Vraestel 2 : Inleiding tot die Teorie

- 2.1. *Algemene teorie*
 - 2.1.1. Begripsomskrywing en metodeleer
 - 2.1.2. Eenvoudige mikroteorie
 - 2.1.3. Eenvoudige makroteorie
- 2.2. *Geld- en bankwese*
 - 2.2.1. Geld ontstaan, aard-, funksies
 - 2.2.2. Bankwese
 - 2.2.3. Enkele internasionale aspekte



Kursus II

University of Fort Hare

(Twee vraestelle)
Together in Excellence

Vraestel 1 : Mikroteorie

- 1.1. Onverskilligheidskrommeteorie
- 1.2. Markvorme en produksieteorie
- 1.3. Die mikro-produksiefunksie en die vergoeding van die produksiefaktore

Vraestel 2 : Makroteorie

- 2.1. Volksrekening
- 2.2. Inkomstetorie van die Klassieke skool oor Keynes tot die Neoklassieke skool
- 2.3. Die Ekonomie van Suid-Afrika.

Kursus III

(Drie vraestelle)

- Vraestel 1 :*
- 1.1. Geld- en Bankwese
 - 1.2. Konjunktuurleer

- Vraestel 2 :*
- 2.1. Internasionale ekonomiese betrekkinge
 - 2.2. Owerheidsfinansies

Vraestel 3 : Twee van die volgende, in oorleg met die Departementshoof te kies :

- *3.1. } Groei- en ontwikkelingsteorie
- *3.2. }
- 3.3. Ekonomiese beleid en beplanning
- 3.4. Demografiese en arbeidvraagstukke

- 3.5. Ekonomiese stelsels
 - 3.6. Ontwikkeling van die ekonomiese denke
 - 3.7. Europese ekonomiese geskiedenis
- *Slegs vir studente wat *nie* Ontwikkelingsekonomie II neem nie.

ONTWIKKELINGSEKONOMIE I

(Word saam met of ná Ekonomie II geneem)

1. Inleiding en grondaspekte
 - 1.1. Begripsomsyrywing
 - 1.2. Produksiestelsels
 - 1.3. Ontwikkelingsfaktore
 - 1.4. Produksiefaktore in die ontwikkelingsproses
 - 1.5. Struktuuraspekte.
2. Inleiding tot ekonomiese beplanning en programmering.
 - 2.1. Historiese oorsig.
 - 2.2. Beplannings- en programmeringsbeginsels.
 - 2.3. Tipologie van en beplanning vir onderontwikkelde gebiede
 - 2.4. Toepassing op Suider-Afrika, die E.O.P. in breë trekke, arbeidsmigrasie, desentralisasie en Tuislandontwikkeling.

ONTWIKKELINGSEKONOMIE II

(Volg op Ekonomie I en Ontwikkelingsekonomie I)

1. Ontwikkelings- en groeiteorie
 - 1.1. Metodologiese verband tussen teorie en empirie
 - 1.2. Historiese-analitiese oorsig oor die belangrikste teorieë.
 - 1.3. Neoklassieke groeiteorie—die rol van tegnologie
 - 1.4. Ontwikkelingsfasies.
2. Ekonomiese beleidsaspekte
 - 2.1. Sektorale balansering en grondgebruik
 - 2.2. Ruimtelike ordening en streeksontwikkeling
 - 2.3. Ontwikkelingshulpverlening
 - 2.4. Arbeidsbenutting.
3. Toepassing op Suider-Afrika
 - 3.1. Tipering van die huidige toestand
 - 3.2. Die algemene ekonomiese groei en ontwikkeling—die rol van die owerheid en sy agentskappe
 - 3.3. Die ekonomiese stelsels en ontwikkeling van die Tuislande
 - 3.4. Toekomsblik.

DEPARTEMENT REKENINGWETENSAPPE

Praktiese werk

Drie ure praktiese werk per week word vir elke kursus in hierdie Departement vereis

REKENINGKUNDE

Kursus I

(Een vraestel)

- Grondbegrippe van die Rekeningkunde
- Finansiële state: samestelling, begrippe en gebruike
- Ondernemingsrekeningkunde
- Kostebegrippe en kostebestanddele
- Elementêre Teorie van Finansies
- ¹Inkomstebelastingbegrippe en belasting van individue

Kursus II

(Twee Vraestelle)

- Hersiening van, en uitbreiding op die werk van die eerste jaar
- Rekeningkundige stelsels
- Vervaardigingsrekeninge en kostebegrippe
- Vennootskapsrekeningkunde
- Maatskappyrekeningkunde
- Rekeningkundige inligting vir bestuur
- ²Belasting van individue en boerderyondernemings
- Inleiding tot Dataverwerking en Rekenaars
- Inleiding tot COBOL programmering.

Kursus III

(Twee Vraestelle)

- Hersiening van en voortbouing op werk van die tweede jaar
- Vennootskaps- en maatskappyrekeningkunde
- Rekeningkundige inligting vir bestuur.
- Speziale rekeninge en rekeningkundige prosedures
- ³Belasting op maatskappye
- Rekenaar apparatuur en programmatuur. Rekenaarlêers.
- Data-insameling en beheer. Stelselontleding en ontwerp. Elementêre COBOL programmering.

¹Ingevolge die Transkeise Belastingwet, Nr. 8 van 1969, soos gewysig, en die Wet op Bantoebelasting, Nr. 92 van 1969, van die Republiek van Suid-Afrika.

²Ingevolge die Transkeise Belastingwet, Nr. 8 van 1969, soos gewysig, die Wet op Bantoebelasting, Nr. 92 van 1969, en die Inkomstebelastingwet Nr. 58 van 1962, soos gewysig, van die Republiek van Suid-Afrika.

³Ingevolge die Inkomstebelastingwet Nr. 58 van 1962, soos gewysig, van die Republiek van Suid-Afrika.

REKENINGKUNDE VIR PROKUREURS

(Een vraestel)

Grondbegrippe van die Rekeningkunde

Finansiële state: samestelling, begrippe en gebruikte

Ondernemingsrekeningkunde

Gewone en Fidusiële Prokureursrekeninge en Finansiële state

*Inkomstebelastingbegrippe en belasting van individue.

BOEDELBEREDDERING

(Een vraestel)

Bestorwe boedels

Insolvente boedels, insluitende maatskappye.

OUKITKUNDE

(Twee vraestelle)

Basiese beginsels en prosedures



GEVORDERDE FINANSIELE REKENINGKUNDE

(Een vier-uur vraestel)

Gevorderde toepassing van beginsels in voorafgaande kursusse.

Gevorderde ontleding en vertolking van finansiële state.

Gevorderde maatskappyrekeningkundige toepassings

Spesiale rekeningkundige toepassings

GEVORDERDE BELASTING

(Een vier-uur vraestel)

Spesiale soorte belastingpligtiges en gevorderde probleme in die belasting van individuele persone of verenigings van persone en maatskappye in die Republiek van Suid-Afrika ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet, Nr. 58 van 1962, soos gewysig, die Wet op Bantoebelasting, Nr. 92 van 1969, en die Transkeise Belastingwet, Nr. 8 van 1969, soos gewysig.

GEVORDERDE BESTUURSREKENINGKUNDE

(Een vier-uur vraestel)

Gevorderde toepassing van beginsels in voorafgaande kursusse

Gevorderde finansiële beplanning en beheer

Gevorderde ontleding vir bestuursbeslissings

Rekenaartoeppassings en bestuur van dataverwerking

*Ingevolge die Transkeise Belastingwet, Nr. 8 van 1969, soos gewysig, en die Wet op Bantoebelasting, Nr. 92 van 1969, van die Republiek van Suid-Afrika.

GEVORDERDE OUDITKUNDE

(Een vier-uur vraestel)


Praktiese vereistes, oorwegings en toepassings van beginsels en prosedures.

STATISTIESE METODEDES

(Hierdie kursus word aangebied deur die Departement Toegepaste Wiskunde en Statistiek, Fakulteit Natuurwetenskappe.)

(Een vraestel)

- Inleidende begrippe en definisies. Steekproeftegnieke. Metingskale. Veranderlikes.
- Beskrywende Statistiek: Klassifikasie en tabulering.
- Posisionele- en spreidingsmate.
- Lineêre regressie en korrelasie.
- Elementêre waarskynlikheidsleer en waarskynlikheidsverdelings: Die Binomiaal, Poisson en Normalverdeling: Gebruik van tabelle.
- Gemiddeldes, verhoudings, variansies en korrelasie koëffisiente: steekproefverdelings, betroubaarheidsintervalle en hipotesetoetsing.
- Verdelingsvrye hipotesetoetsing.
- Navorsingsbeplanning en toetskonstruksie.
- Indekssyfers en tydreeks.
- Kwaliteitsbeheer en steekproefinspeksie.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Fakulteit Landbou

REGLEMENT VIR DIE FAKULTEIT LANDBOU

Die volgende fakulteitsreëls moet tesame met die voorskrifte van die Wet, die Statuut, die regulasies en die algemene reëls gelees word.

L.W.: Enige verwysing na 'n „kursus” of „kursusse” in hierdie reëls verwys na gelang van die verband na semesterkursusse of na kursusse wat oor 'n akademiese jaar strek.

GRADE IN DIE FAKULTEIT LANDBOU

Ag.1 Die volgende grade word in die Fakulteit Landbou toegeken:

Baccalaureus in Landbou	B.Agric.
Honneurs-Baccalaureus in Landbouvoorligting.....	B.Agric. Ext. (Hons.)
Magister in Landbouvoorligting.....	M.Agric. Ext.
Baccalaureus Scientiae in Landbou	B.Sc. Agric.
Honneurs-Baccalaureus Scientiae in Landbou	B.Sc. Agric. (Hons.)
Magister Scientiae in Landbou	M.Sc. Agric.
Doctor Scientiae in Landbou	D.Sc. Agric.

FAKULTEITSREËLS VIR BACCALAUREUSGRADE

Ag.2 (i) Ten einde 'n baccalaureusgraad in die Fakulteit Landbou te verwerf moet 'n student gekrediteer word met die aantal eenhede wat vir die bepaalde leergang voorgeskryf word.

(ii) Die aantal eenhede wat aan 'n kursus toegeken word stem ooreen met die aantal lesings en praktika per week per semester.

(iii) Na voltooiing van 'n kursus word 'n student gekrediteer met die aantal eenhede wat daaraan toegeken word.

(iv) Wiskunde I (10 eenhede) bestaan uit twee halwe kursusse, IA en IB (5 eenhede elk). Ten einde erkenning vir Wiskunde I te verkry moet 'n student sowel IA as IB voltooi. *L.W.*: Geen eenhede word toegeken aan Wiskunde (spesiaal) nie aangesien dit nie 'n graadkursus is nie.

Ag.3 Een van die Studierade, soos hieronder uiteengesit, adviseer die Senaat ten opsigte van die leerplan vir elke studierigting.

Ag.4 (1) Onder spesiale omstandighede kan afwykings van 'n leerplan toegelaat word onderhewig aan die goedkeuring van die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad Landbou.

(2) Die Senaat kan, op aanbeveling van die Fakulteitsraad Landbou, erkenning vir die graad verleen ten opsigte van 'n kursus wat nie in 'n besondere leergang ingesluit is nie.

Ag.5 Keusekursusse is onderhewig aan goedkeuring van die Dekaan op aanbeveling van die betrokke Studieraad.

Ag.6 Die Senaat kan 'n student toelaat om een of meer kursusse wat vir 'n bepaalde semester voorgeskryf word te neem voordat hy tot daardie semester bevorder word, mits hy aan die voorskrifte van hierdie reëls ten opsigte van voorvereistes en medeveeristes voldoen.

Eksamens

Ag.7 Eksamens word aan die einde van elke semester vir semester-kursusse gehou en aan die einde van elke jaar vir volle kursusse.

Ag.8 Ten einde 'n kursus te voltooi moet 'n student voldoen aan die bepalings wat in die algemene reëls neergelê word; die jaarpunt of semesterpunt en die eksamenpunt word in 'n gelykwaardige verhouding gekombineer.

Aanvullingseksamens

Ag.9 (i) 'n Student word nie tot 'n aanvullingseksamen in enige kursus toegelaat nie tensy hy minstens 50% behaal het in of die jaarpunt of semesterpunt of in die eksamen: Met dien verstande dat 'n student wat minder as 40% van die punte in die eksamen behaal het nie tot 'n aanvullingseksamen toegelaat sal word nie: Met verdere dien verstande dat 'n student tot 'n aanvullende eksamen toegelaat sal word indien dit die laaste uitstaande vereiste vir sy graad is.

(ii) 'n Aanvullingseksamen kan afgeneem word as skriftelike eksamen gedurende die daaropvolgende eksamentyperk of as 'n mondelinge eksamen, soos en wanneer die Fakulteitsraad Landbou bepaal.



Voorvereistes en medevereistes

Ag.10 (1) Behalwe met spesiale vergunning van die betrokke Departementshoof, word 'n student nie tot 'n kursus toegelaat nie tensy hy die voorvereistes voltooi het of terselfdertyd inskryf vir die medevereistes vir daardie kursus soos uiteengesit in die betrokke leergang.

(2) As 'n student in enige kursus wat voorvereiste vir 'n tweedesemesterkursus is, drui, word geag dat hy aan sodanige voorvereiste voldoen het as hy toegelaat word tot 'n aanvullingseksamen daarin: Met dien verstande dat hierdie toegewing slegs van toepassing sal wees totdat die vermelde aanvullingseksamen plaasvind en dat geen erkenning vir die vermelde tweedesemesterkursus verkry word nie totdat die voorvereiste kursus inderdaad voltooi word.

Aantal eenhede per semester

Ag.11 Behalwe waar 'n student minder as 10 eenhede kortkom vir die voltooiing van die graad, word hy nie toegelaat om vir minder as 10 of meer as 33 eenhede in enige semester in te skryf nie.

Bepaling van studiejaar

Ag.12 (i) 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy gekrediteer is met minstens 65% van die eenhede wat vir die eerste studiejaar voorgeskryf word.

(ii) 'n Student word geag in sy tweede studiejaar te wees totdat hy gekrediteer is met minstens 70% van die eenhede wat vir die eerste vier semesters voorgeskryf word.

(iii) 'n Student word geag in sy derde studiejaar te wees totdat hy gekrediteer is met minstens 86% van die eenhede wat vir die graad vereis word.

Praktiese werk

Ag.13 Dit kan van 'n student vereis word om sodanige tydperke gedurende vakansies soos die Fakulteitsraad Landbou bepaal te bestee aan praktiese werk onder leiding van 'n goedgekeurde persoon of aan 'n goedgekeurde inrigting.

Onderskeiding

Ag.14 Die graad kan *cum laude* toegeken word aan 'n student wat 'n algehele gemiddelde van 75% gedurende die laaste twee studiejare behaal het.

Toepassing van reëls

Ag.15 Hierdie reëls is van toepassing op alle studente wat gedurende 1975 en daarna vir Baccalaureusgrade inskryf. Studente wat voor 1975 ingeskryf het moet ook hierdie reëls volg behalwe as hulle spesiale vrystelling deur die Senaat verleen word.

DIE GRAAD BACCALAUREUS IN LANDBOU**Duurte en leergang**

Ag.17 Die leergang vir die graad strek oor minstens vier akademiese jare.

Ag.18 Die leergang is soos volg:

**STUDIERAAD VIR DIE LANDBOUPRODUKSIEWETENSKAPPE**

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal
I	1	—	Biologie I	—	5+1	18½
		—	Chemie I	—	5+1	
		CS 101	Landbouweerkunde en waterhuishouding	—	3+1	
		AE 101	Landbou in die Ekonomie	—	1+0	
		AE 111	Elementêre Landbouprys-teorie	—	1+½	
I	2	—	Biologie I	—	5+1	17
		—	Chemie I	—	5+1	
		MB 102	Inleiding tot Mikrobiologie	—	4+1	
II	3	AS 101	Inleiding tot die Veekunde	—	5+1	19
		SS 101	Inleiding tot Grondkunde	Chem. I	5+1	
		BC 101	Algemene Biochemie	Chem. I	6+1	
	II	4	CS 112	Inleiding tot Plantwetenskap	CS 101	5+1
AS 202			Dierevoeding	AS 101	5+1	
SS 222			Plantvoeding en Grondvrugbaarheid	SS 101	4+½	
PS 102			Weidingekologie	CS 112	3+1	

(Medevereiste)

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal
III	5	CS 201	Beginsels van Gewasproduksie	CS 112	5+1	21
		SF 201	Kleinveekunde	—	5+1	
		SS 211	Pedologie	—	3+1	
		PS 201	Weldingsbestuur	CS 112	4+1	
				(Medevereiste)		
.....						
	6	EN 102	Inleiding tot Landbou- Ingenieurswese	—	5+1	17½
		AH 112	Elementêre Diergesondheid	—	5+1	
		PS 222	Veldhernuwing	PS 102	2+½	
		EX 102	Inleiding tot Landbouvoor- ligting	(Medevereiste)	3+0	
					—	
.....						
IV	7	SS 311	Die beplanning van Land- gebruik	SS 211	4+1	18/21
		MB 221	Plantplaghebestuur	MB 102	4+1	
		HC 211	Grondbeginsels van Vrug- en Groenteproduksie	CS 112	5+1	
			<i>Een van die volgende :</i>			
		AS 221	Pluimveeproduksie	—	3+1	
		AE 131	Bemaking van Landbou- produkte	—	2+0	
		AS 241	Suiwelkunde	—	3+1	
		CS 121	Elementêre Besproeiing	CS 101	2+½	
		AS 301	Toegepaste Voeding	AS 202	4+1	
.....						
	8	AE 142	Boerderybestuur	—	3+1	13½
		PS 212	Voerproduksie en -bewing	PS 201	3+½	
				(Medevereiste)		
		PS 312	Projek in Bodembenutting Beplanning	—	0+2	
		EX 202	Evaluasie en Navorsing in Voorligting	EX 102	3+1	

Minimum eenhede wat vereis word : 145

DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE IN LANDBOU

Duurte en leergang

Ag.19 Die leergang vir die graad strek oor minstens vier akademiese jare.

Ag.20 Die leergange vir die verskillende studierigtings word hieronder aangedui.

STUDIERAAD VIR LANDBOU-EKONOMIE

Landbou-Ekonomie Leerplan

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal
I	1 & 2	—	Rekeningkunde I	—	12+2	
		—	Chemie I	—	10+2	
		—	Ekonomie I	—	10+0	
		—	<i>Een van die volgende</i>			
		—	Biologie I	—	10+2	
		—	Plantkunde I	—	10+2	
		—	Wiskunde I	—	10+0	
		—	Dierkunde I	—	10+2	46/48
II	3	—	Ekonomie II	Ekon. I	5+0	
		—	Statistiek I/Wiskundige Statistiek I*	—	5+1	
		AE 121	Produksie-Ekonomiese Teorie	—	3+ $\frac{1}{2}$	
		AE 131	Bemaking van Landbou- produkte	—	2+0	
		CS 101	Landbouweerkunde en waterhuishouding	—	3+1	20 $\frac{1}{2}$
					
4		—	Ekonomie II	Ekon. I	5+0	
		—	Statistiek I/Wiskundige Statistiek*	—	5+1	
		AE 142	Boerderybestuur	—	3+1	
		CS 112	Inleiding tot Plantwetenskap	CS 101	5+1	21

*'n Student wat Wiskunde I in sy eerste jaar gevolg het, neem Wiskundige Statistiek I in sy tweede jaar. Alle ander studente neem Statistiek I.

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal	
III	5	—	Ekonomie III	Ekon. II	6+0		
		BM 201	Meer gevorderde Biometrie I	Stat. I	5+1		
		AE 151	Natuurlike Hulpbronekonomie	—	4+0		
			<i>Een van die volgende :</i>				
		AS 101	Inleiding tot die Veekunde	—	5+1		
		CS 201	Beginsels van Gewasproduksie	CS 112	5+1		
		HC 201	Grondbeginsels van Tuinboukunde	CS 112	5+1	22	
.....							
	6	—	Ekonomie III	Ekon. II	6+0		
		BM 212	Meer gevorderde Biometrie II	Stat. I	5+1		
		AE 202	Landbou-Ontwikkeling en -beleid	AE 121	3+0		
				AE 131			
		AE 212	Landbouprysontleding	AE 131	3+ $\frac{1}{2}$		
		AG 202	Inleidende Seminaar	—	1+0	19 $\frac{1}{2}$	
.....							
IV	7	—	Koöperasie	—	2+1		
		—	Geselekteerde Kursusse in Rekenaarwetenskap	—	5		
		AE 221	Produksie-Ekonomie	AE 121	4+ $\frac{1}{2}$		
		AE 301	Inleiding tot Liniêre Programmering	Wisk. I of AE 121	1+ $\frac{1}{2}$		
			<i>Een van die volgende :</i>				
		SF 201	Kleinveekunde	—	5+1		
		CS 211	Gevorderde Gewasproduksie	CS 201	4+1		
		HC 301	Bladwisselende vrugte of Sitrusvrugte	HC 201	4+1		
		HC 311	Sitrusvrugte	HC 201	4+1	19/20	
						
	8	—	Koöperasie	—	2+1		
		—	Geselekteerde kursusse in Rekenaarwetenskap	—	5		
		AE 232	Landbouberaming in Suid-Afrika	AE 131	2+0		
		AE 312	Projek	AE 212 AE 221 AE 301	0+2		
		AE 392	Seminaar	AE 221 AE 212	1+0	13	

Minimum eenhede wat vereis word: 161

STUDIERAAD VIR LANDBOUPRODUKSIEWETENSKAPPE

Diere Produksie Leerplan

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medeveeristes	Eenhede	Totaal	
I	1	—	Chemie I	—	5+1		
		—	Fisika I	—	5+1		
		—	Biologie I of Dierkunde I	—	5+1		
		CS 101	Landbouweerkunde en water-huishouding	—	3+1		
		AE 101	Landbou in die Ekonomie	—	1+0	23	
.....							
	2	—	Chemie I	—	5+1		
		—	Fisika I	—	5+1		
		—	Biologie I of Dierkunde I	—	5+1		
		MB 102	Inleiding tot Mikrobiologie	—	4+1	23	
.....							
II	3	BC 101	Algemene Biochemie	Chem. I	6+1		
		GE 101	Inleiding tot Genetika	—	4+1		
		AS 101	Inleiding tot die Veekunde	—	5+1		
		AE 111	Elementêre Landbouprys-teorie	—	1+½		
		SS 101	Inleiding tot Grondkunde	Chem. I	5+1	25½	
						
	4	BM 102	Inleiding tot Biometrie	—	5+1		
		CS 112	Inleiding tot Plantwetenskap	CS 101	5+1		
		AH 102	Anatomie en Fisiologie	—	5+1		
		PS 102	Weidingekologie	CS 112	3+1	21	
						(Medeveeriste)	
.....							
III	5	AH 201	Dieregesondheid: Nie-besmetlike siektes	AH 102	5+1		
		CS 201	Beginsels van Gewasproduksie	CS 112	5+1		
		GE 311	Biometriese Genetika	—	2+0		
		PS 201	Weidingsbestuur	CS 112	4+1		
		AE 131	Bemaking van Landbou-produkte	—	2+0	21	
						
	6	AS 202	Beginsels van Diervoeding	AS 101	5+1		
		AH 212	Dieregesondheid: Besmetlike siektes	AH 102	5+1		
		PS 212	Voerproduksie en -bewing	PS 201	3+½		
						(Medeveeriste)	
		AS 232	Diereteelt	GE 311	2+½		
AG 202	Inleidende Seminaar	—	1+0	19			

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal
IV	7	AS 301	Diereproduksiesisteme	AS 202	5+1	
		SF 201	Kleinveekunde	—	5+1	
		AS 221	Pluimveeproduksie	—	3+1	
		AS 391/2	Seminare	AG 202	1+0	
		AS 241	Suiwelkunde en Tegnologie	MB 102	3+1	21
.....						
8		AS 212	Vleiskunde	AS 101	4+ $\frac{1}{2}$	
		EX 102	Inleiding tot Landbouvoorligting	—	3+0	
		AS 322	Projek in Veekunde	AS 202	0+2	
		AS 332	Spesiale Onderwerpe in Veekunde	AS 202	2+0	
		SF 212	Kleinveebestuur	SF 201	3+ $\frac{1}{2}$	
		SF 222	Veselkunde	SF 201	2+ $\frac{1}{2}$	
		EN 102	Inleiding tot Landbou- Ingenieurswese	—	5+1	
		AE 142	Boerderybestuur	—	3+1	15 $\frac{1}{2}$ /17 $\frac{1}{2}$

Minimum eenhede wat vereis word: 170


Landbouproduksiewetenskappe Leerplan

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal
I	1	—	Chemie I	—	5+1	
		—	Fisika I	—	5+1	
		—	Biologie I	—	5+1	
		CS 101	Landbouweerkunde en waterhuishouding	—	3+1	
		AE 101	Landbou in die Ekonomie	—	1+0	23
.....						
2		—	Chemie I	—	5+1	
		—	Fisika I	—	5+1	
		—	Biologie I	—	5+1	
		MB 102	Inleiding tot Mikrobiologie	—	4+1	23

Jaar	Sem.	No.	Kursus	Voor- en Medevereistes	Eenhede	Totaal	
II	3	BC 101	Algemene Biochemie	Chem. I	6+1		
		GE 101	Inleiding tot Genetika	—	4+1		
		AS 101	Inleiding tot die Veekunde	—	5+1		
		AE 111	Elementêre Landbouprys- teorie	—	1+ $\frac{1}{2}$		
		SS 101	Inleiding tot Grondkunde	Chem. I	5+1		25 $\frac{1}{2}$
	4	BM 102	Inleiding tot Biometrie	—	5+1	22	
		CS 112	Inleiding tot Plantwetenskap	CS 101	5+1		
		AH 102	Anatomie en Fisiologie	—	5+1		
		PS 102	Weidingekologie	CS 112	3+1		
					(Medevereiste)		
III	5	CS 201	Beginsels van Gewasproduksie	CS 112	5+1		
		PS 201	Weidingsbestuur	CS 112	4+1		
		SS 211	Pedologie	—	3+1		
		HC 201	Grondbeginsels van Tuin- boukunde	CS 112	5+1		
		AE 131	Bemaking van Landbou- produkte	—	2+0		23
	6	AS 202	Dierevoeding	AS 101	5+1		
		AH 212	Dieregesondheid	AH 102	5+1		
		EN 102	Inleiding tot Landbou- Ingenieurswese	—	5+1		
		SS 222	Plantvoeding en Grond- vrugbaarheid	SS 101	4+ $\frac{1}{2}$		
		AG 202	Inleidende Seminaar	—	1+0		23 $\frac{1}{2}$
IV	7	SS 311	Die beplanning van Land- gebruik	SS 211	4+1		
		SF 201	Kleinveekunde	—	5+1		
		MB 221	Plantplaagbeheer	MB 102	4+1		
		AS 391	of CS 391 of SS 391 Seminaarwerk	—	1+0		
				<i>Minstens vyf eenhede van die volgende :</i>			
